

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 58 | Volume 58 | MAART 2018  
Nommer 1 | Number 1 | MARCH 2018





# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

## LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van  
die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan  
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the  
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of  
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



1

Uitgwer/Publisher

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Zervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Maart / March 2018



**Tydskrif vir Geesteswetenskappe**  
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

**Hoofredakteur/Editor in Chief:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

**REDAKSIE / EDITORIAL BOARD**

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomiese/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyen/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/  
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psiigologie/Psychology

**REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD**

**Nasionaal/National**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoeft – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese  
Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic  
Citizenship Education

**Internasional/International**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious  
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit  
Leuven, België)

**Ex officio:** D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2018 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2018 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R350,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 58 Nommer 1, Maart 2018 / Volume 58 Number 1, March 2018*

## Inhoudsopgawe

### **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1)**

#### **KOBUS DU PISANI**

- Vader van holisme: Was Jan Smuts 'n intellektueel? / *Father of holism: Was Jan Smuts an intellectual?* .....

1

#### **BERTUS DE VILLIERS**

- Selfbestuur in diep verdeelde samelewings – die kaleidoskoop van Afrikaanse pogings tot 'n model vir selfbestuur / *Self-government in deeply divided societies – the kaleidoscope of efforts by the Afrikaans community to develop a comprehensive model for self-management* .....

17

#### **RINIE SCHENCK EN DERICK BLAAUW**

- Dagloners: 'n Gevallestudie van die kwesbaarheid van die maatskaplike bestel en samehorigheid in Suid-Afrika se informele ekonomie / *Day labourers: A case study of the vulnerability of the social fabric and cohesion in South Africa's informal economy* .....

36

#### **CHAR WOLHUTER EN HANNES VAN DER WALT**

- Huidige demografiese, politieke en religieuse tendense in die wêreld en onderwys ter bevordering van interreligieuze toleransie / *Current demographic, political and religious global and educational tendencies for the promotion of interreligious tolerance* .....

56

#### **DEON VOS EN LOUW DE BEER**

- 'n Vergelykende ondersoek na die aard en rol van onderwysbeheer in die onderwysstelsels van die BRICS-lande / *A comparative study of the nature and role of education governance in the education systems of the BRICS countries* .....

77

#### **PIETER VERSTER**

- Postkoloniale teologie en die sending: Uitdagings en bedreigings / *Post-colonial theology and mission: challenges and threats* .....

96

#### **THYS HUMAN**

- “'n Tyd van oorvloed; 'n tyd van skaarste”: Utopiese en distopiese impulse in Lien Botha se Wonderboom / “*A time of plenty; a time of want*”: *Utopian and dystopian elements in Lien Botha's Wonderboom* .....

109

#### **ALIDA NAUDÉ**

- Statistiese evaluering en voorspelling van woordherkenning-toetstellings van die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA) / *Statistical evaluation and prediction of word recognition test scores of the Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA)* .....

124

## **AKTUEEL: DEBAT**

## **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)**

### **INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota ..... 137

### **DANIE STRAUSS**

Gemeenskappe in 'n gedifferensieerde samelewing / *Communities within a differentiated society* ..... 138

### **ANDRIES RAATH**

Kan Althusius die politokrate red? / *Can Althusius save the politocrats?* ..... 161

---

## **MENING**

---

### **DENIS VENTER**

Girardin se Eiese Heksagoon: Demokratiese regering en die rol van etiek en integriteit in die politiek en openbare lewe / *Girardin's Ethical Hexagon: Democratic government and the role of ethics and integrity in politics and public life* ..... 179

---

## **VARIA**

---

### **EEP FRANCKEN**

Op de radio flonkerde het Afrikaans. De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2017 ..... 189

---

## **BOEKBESPREKING / BOOK REVIEW**

---

### **JOHANN TEMPELHOFF**

Die Dorslandtrek 1874–1881 deur Nicol Stassen ..... 195

---

## **TAALRUBRIEK**

---

### **TOM McLACHLAN**

Die afbreek van woorde aan reëlleindes ..... 199

---

## **UITNODIGING**

---

Boekeprojek: Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge ..... 201

## **Vader van holisme: Was Jan Smuts 'n intellektueel?**

*Father of holism: Was Jan Smuts an intellectual?*

**KOBUS DU PISANI**

Vakgroep Geskiedenis

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: kobus.dupisani@nwu.ac.za



Kobus du Pisani

**KOBUS DU PISANI** is Professor in Geskiedenis by die Skool vir Sosiale en Owerheidstudie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU). Hy het meestersgrade in Geskiedenis (Universiteit van die Vrystaat, UV) en Omgewingswetenskappe (NWU) en 'n D. Phil-graad in Geskiedenis (UV) verwerf. Hy het betrekkings as navorser en dosent by drie Suid-Afrikaanse universiteite en een Suid-Koreaanse universiteit beklee en was betrokke by akademiese samewerkings- en uitruilprogramme met instansies in verskillende lande in Europa en Asië. Hy is 'n NRF-gegradeerde navorser en het verskeie boeke, hoofstukke, artikels en referate gelewer. Sy navorsingsuitsette handel oor twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis (tydperke van Smuts en Vorster), geslagsgeskiedenis (aspekte van Afrikanermanlikheidsgeskiedenis), omgewingsgeskiedenis (evolusie van volhoubare ontwikkeling) en kultuurerfenisbestuur. Hy dien op die redaksies van historiese en omgewingsvaktydskrifte, dien op universitêre en regeringskomitees en is lid van 'n aantal vakverenigings.

**KOBUS DU PISANI** is Professor of History in the School of Social and Government Studies at the North-West University's (NWU) Potchefstroom campus. He obtained masters degrees in History at the University of the Free State (UFS); Environmental Sciences (NWU) and a D.Phil in History (UFS). He has held positions as researcher and lecturer at three South African and one South Korean university and has been involved in academic exchange activities at institutions in European and Asian countries. He is an NRF rated researcher and has produced a number of books, chapters, articles and papers. His research outputs have dealt with 20th-century South African political history (Smuts and Vorster periods), gender history (Afrikaner masculinities), environmental history (evolution of the concept of sustainable development) and cultural heritage management. He has served on the editorial boards of historical and environmental journals, and has been a member of university and government committees as well as academic associations.

### **ABSTRACT**

*Father of holism: Was Jan Smuts an intellectual?*

*Jan Smuts (1870–1950), the famous South African statesman, politician and military commander, made significant intellectual contributions to society. There is difference of opinion as to whether these contributions are of such a nature that they entitle him to be called an intellectual. The aim of the article is to try and establish whether Smuts was indeed an intellectual and, if so, on which grounds he deserves to be classified as such.*

*Smuts's extraordinary record as student at Stellenbosch and Cambridge confirms that he was highly intelligent. Even Einstein had a high regard for his intelligence. He was a scientist in his own right, a botanist with expert knowledge on grasses. He was a patron of the sciences and contributed to scientific literature and discourses.*

*In this article an attempt is made to determine whether Smuts's intellectual achievements and contributions were of such a high order that they elevated him to the status of an intellectual. The starting point was to try and measure Smuts's career against a generally accepted definition of what it means to be an intellectual and the accompanying criteria set for a person to be classified as an intellectual. However, from the extensive literature on the concept of the intellectual it is evident that it is such a fluid and changing concept that no single definition or single set of criteria for a person to qualify as an intellectual is possible. In the light of the evasiveness of the concept of the intellectual the following two questions were formulated to measure Smuts's intellectual contributions against some of the widely accepted characteristics of the intellectual:*

- *Did Smuts make an original contribution to public discourse in his lifetime?*
- *Was his contribution recognised and did it have a significant impact on society during and after his lifespan?*

*The claim that Smuts deserves to be classified as an intellectual revolves around his concept of holism and its impact. He explained his concept, which he had been developing since his youth, in his book Holism and evolution, first published in 1926. Smuts is regarded as the "father of holism", although he was not the first person to reflect on the relationship between parts and wholes. Smuts introduced the concept of holism at a time when a paradigm shift was occurring in scientific thinking, which led people to view the universe as a dynamic ever-changing whole. Smuts was aware of the latest developments in scientific thinking. By incorporating the ideas of Kant, Freud, Einstein, Spinoza, Hegel, Leibniz and Darwin into his own holistic thinking, he tried to synthesise the existing knowledge available in his time.*

*In Holism and evolution Smuts attempted to explain the relationship between matter, life and mind by arguing that holism was the creative and coordinating principle that joined these elements and kept the parts of complex organisms together. Although Smuts failed to explain the origin of life, his book was acclaimed. Holism became a prominent topic of discussion in scientific circles. Through the work of Smuts's contemporaries it became an influential concept in some disciplines, e.g. through Alfred Adler's and Adolf Meyer's work in psychology and psychiatry. Prominent scholars supported Smuts's holistic ideas. Smuts rose in esteem, he received invitations to address scientific associations and he was even elected as president of the British Association for the Advancement of Science.*

*Smuts's ideas about holism had the effect of involving him in an intense dispute between the idealistic and materialistic approaches to the ecological sciences. Smuts resisted the materialistic approach that was becoming dominant at the time and preferred the teleologic view of purposiveness in creation, arguing that through evolution a hierarchy of wholes was being created that represented progression towards perfection in nature. Smuts was supported by other idealists, including Fredric Clements, the American plant ecologist whose theory of botanic succession towards a climax was influential. South African ecologists and botanists, including John Phillips and John Williams Bews, were also in Smuts's camp. Materialists, including Lancelot Hogben, Hyman Levy, H.G. Wells, Julian Huxley and G.P. Wells, opposed the teleologic-idealistic concept of ecological holism. Arthur Tansley, a leading British ecologist, was the main adversary of Smuts and his supporters. He strongly criticised the ideas*

that ecological succession was inherently progressive and that holism was the cause and effect of everything in nature. As counter he developed his materialistic-holistic ecosystem concept, that would supersede Clements's climax theory as the dominant paradigm in ecology. Tansley and others one-sidedly linked Smuts's ideas about race to his holism and alleged that he used holism to try and justify racial discrimination and oppression in South Africa. Some critics speciously argued that Smuts's racism compromised the value of his holistic insights.

In the 1980s the concept of holism was revived as a central issue in scientific thinking. The explosion of knowledge made it obvious to scientists that reductionism, the study of constituent parts in isolation, was inadequate for the understanding of complex systems and that a holistic approach was indispensable. Holism became a basic concept in complexity studies, systems science and general systems theory and an important element in academic discourses in a variety of natural, applied, human and social sciences. Many prominent scientists in various fields of research associated themselves with holistic thinking. Holism found practical application in different disciplines.

Several scholars, including J.C. Poynton, Daniel Christian Wahl, Claudio van Wyk and Dalene Heyns, have argued that Smuts, who had meagre scientific resources at his disposal, intuitively and imaginatively pointed the way towards future investigation. He was ahead of his time and holism has only recently come into its own as a key concept in scientific thinking as a counter to reductionism and mechanistic materialism. Smuts's concept of holism was part of the twentieth-century paradigm shift in scientific thinking and today remains a valid epistemological approach.

My conclusion is that both questions posed above can be answered in the affirmative and that Smuts can indeed be regarded as an intellectual who has made significant contributions to public discourses in the twentieth and even the twenty-first centuries. Einstein's forecast that relativity and holism would be the key scientific concepts in the new millennium was not far off the mark.

**KEY WORDS:** J.C. Smuts, intellectual, holism, *Holism and evolution*, scientific discourse, idealism, materialism, reductionism, scientific paradigms, matter and life, Arthur Tansley, Fredric Clements, teleology, ecology, racial views, systems sciences, systems theory

**TREFWOOorde:** J.C. Smuts, intellektueel, holisme, evolusie, *Holism and evolution*, wetenskaplike diskourse, idealisme, materialisme, reduksionisme, wetenskapsparadigmas, materie en lewe, Arthur Tansley, Fredric Clements, teleologie, ekologie, rasseebeskouings, sisteemwetenskappe, sisteemteorie

## OPSOMMING

Jan Smuts was uiters intelligent, 'n wetenskaplike in eie reg, 'n beskermheer van die wetenskappe en 'n bydraer tot wetenskaplike literatuur en diskourse. Kwalifiseer hy deur sy intellektuele bydraes om as 'n intellektueel geklassifiseer te word? Sy aanspraak op die status van intellektueel sentreer om die konsep van holisme, wat hy oor dekades ontwikkel het en wat in *Holism and evolution* (1926) uiteengesit is. In hierdie boek het hy in 'n sintese van die bestaande kennis van sy tyd holisme voorgehou as die kreatiewe en koördinerende beginsel in die heelal, wat materie, lewe en gees saamvoeg. Hy het teleologies argumenteer dat evolusie 'n proses is wat al meer komplekse gehele tot stand bring en dat die natuur in die rigting van voortdurende verbetering beweeg. Smuts se konsep het positiewe openbare en wetenskaplike

kommentaar uitgelok, maar hom ook betrek in 'n dispuut met Arthur Tansley, waarin sy idealistiese beskouing teen Tansley se materialistiese benadering te staan gekom het. Dekades later, in die 1980's, het holisme weer sterk op die voorgrond getree as teenvoeter vir reduksionisme. Dit het 'n sleutelkomponent van die sisteemteorie en -wetenskap geword, maar het ook prominent geword in diskourse in verskillende soorte wetenskappe en in die werk van vooraanstaande wetenskaplikes in verskillende dissiplines. My gevolgtrekking is dat Smuts wel as 'n intellektueel kwalifiseer. Hierdie gevolgtrekking word eerstens gebaseer daarop dat Smuts se holisme die resultaat van oorspronklike denke was en intuïtief die weg aangedui het vir verdere ondersoek om die werklikheid te verklaar en te verstaan. Smuts het hiermee 'n konstruktiewe en steeds geldige bydrae tot die wetenskaplike paradigmaskuif in die twintigste eeu gelewer. Tweedens het holisme 'n beduidende impak op die samelewung gemaak, beide in Smuts se eie tyd en later. As intellektueel was en bly Smuts 'n belangrike rolspeler in openbare diskourse.

## INLEIDING

Jan Smuts (1870–1950), die beroemde Suid-Afrikaanse staatsman, politikus en militêre bevelvoerder, het ook intellektuele bydraes tot die samelewung gemaak. Daar bestaan meningsverskil of hierdie bydraes van so 'n aard was dat Smuts as 'n intellektueel geklassifiseer kan word. Sy bewonderaars het geen twyfel dat hy 'n intellektueel was nie (Geyser 2017:63). Daarteenoor het sy politieke opponente na hom verwys as "Slim Jannie" (Armstrong 1937:75), nie om sy intelligensie aan te prys nie, maar om te suggereer dat hy 'n slu politikus was, wat nie vertrou kon word nie. In wetenskaplike kringe is Smuts se bydraes aan die een kant aangeprys, maar aan die ander kant gekritiseer. In die lig van hierdie teenstellende menings probeer ek in hierdie artikel die vraag beantwoord of Smuts as 'n intellektueel geklassifiseer kan word en op grond waarvan hy dié status verdien.

## SMUTS SE INTELLEK EN BELANGSTELLING IN DIE WETENSKAPPE

Dat Smuts 'n "uitsonderlik hoë intelligensie" (Geyser 2017:63) gehad het, word deur sy rekord as skolier en student bevestig. Hy is eers op die ouderdom van twaalf jaar skool toe, maar het sy skoolopleiding binne 'n kort tyd met groot sukses voltooi. By die Victoriakollege in Stellenbosch was Smuts 'n topstudent en verwerf hy op grond van sy akademiese prestasie die Ebden-studiebeurs, wat hom in staat stel om by Christ's College in Cambridge verder in die regte te studeer. Daar troon hy uit as briljante student en verwerf vir sy ongeëwenaarde akademiese prestasies die gesogte George Long-prys. Hy word later deur lord Todd saam met John Milton en Charles Darwin uitgesonder as een van die drie uitstaande studente in die 500 jaar van Christ's College se geskiedenis (Geyser 2017:41,45-57).

Selfs Albert Einstein, die uitstaande wetenskaplike van die vroeë twintigste eeu, het lof vir Smuts se intellek gehad en hom beskou as een van die min mense wat sy relativiteitsteorie begryp het. Beïndruk met Smuts se *Holism and evolution* het Einstein gemeen dat die teorieë van relativiteit en holisme menslike denke in die volgende millennium sou rig (Van Wyk 2013; Geyser 2017:41).

Smuts sou 'n akademiese of regsloopbaan in Engeland kon volg, maar het besluit om nie met nagraadse studie in Cambridge voort te gaan nie en na Suid-Afrika terug te keer. Sy politieke en militêre aktiwiteite in die res van sy loopbaan het verhoed dat hy na akademiese studies kon terugkeer. Hy het nie verdere formele kwalifikasies verwerf nie, maar het deur sy

leeswerk en interaksie met geleerde des ’n “ewige student” gebly en insette in die akademiese diskourse van sy tyd gelewer (Du Pisani 2017:16-17; Geyser 2017:58-9, 61-2).

Smuts was ’n wetenskaplike in eie reg. Sy skakeling met plantkundiges en sy veld- en leeswerk het daar toe bygedra dat hy ’n vooraanstaande kenner van grasse geword het, wat wetenskaplike erkenning as plantkundige geniet het. Hy het nuwe soorte gras geïdentifiseer wat na hom vernoem is, waarvan die Smutsvingergras (*Digitaria smutsii*Stent) die bekendste is (Pieterse 2017:112-24).

As besluitnemer in die regering in die Transvaalkolonie en later die Unie van Suid-Afrika was Smuts ’n bevorderaar en beskermheer van die wetenskappe. Deur sy toedoen het die Transvaalse Universiteitskollege, voorloper van die Universiteit van Pretoria, tot stand gekom (Strydom 2017:125-35). Hy was lid van verskillende Suid-Afrikaanse wetenskaplike verenigings, het in toesprake en voorwoorde vir publikasies bygedra tot die wetenskaplike literatuur en het insette gelewer om vakwetenskappe aan Suid-Afrikaanse universiteite te bevorder (Plug 2016).

Smuts was dus buitengewoon intelligent, het akademies gepresteer, het ’n wetenskaplike ingesteldheid gehad, het deelgeneem aan wetenskaplike diskourse en het aanduibare bydraes tot die bevordering van die wetenskappe gelewer. Om vas te stel of hierdie kenmerke van hom ’n intellektueel gemaak het, is dit nodig om eers die begrip “intellektueel” te omskryf en te bepaal aan watter kriteria ’n intellektueel moet voldoen.

## **WAT IS ’N INTELLEKTUEEL?**

Daar bestaan ’n eeu-eue tradisie van opgevoede, intelligente persone, wat oor insig, wysheid en visie beskik en deelneem aan openbare diskourse oor samelewingsvraagstukke. Die term “intellektueel” het egter eers aan die einde van die negentiende eeu in gebruik gekom toe Émile Zola en ander in Frankryk die staat se hantering van die Dreyfuss-aangeleenthed gekritiseer het en Georges Clemenceau dit vir die eerste keer as ’n selfstandige naamwoord gebruik het (Brouwer & Squires 2006:34). Die term “intellektueel” het in die loop van die twintigste eeu ’n oorwegend positiewe betekenis gekry deur dit te assosieer met persone wat positiewe bydraes in die openbare sfeer maak en optree as die welfdoeners van die mensdom en spreekbuise vir waarheid en geregtigheid (Hall 1996:8; Kyk ook Baran 1961; Ory & Sirinelli 2002:10).

Intelligensie, kritiese denke en redenasievermoë is kenmerke van ’n intellektueel, maar is nie die enigste vereistes waaraan ’n intellektueel moet voldoen nie. Voortgesette debatte is en word steeds in filosofiese en ander wetenskaplike kringe gevoer oor die omskrywing van ’n intellektueel en die kriteria waaraan iemand moet voldoen om as ’n intellektueel te kwalifieer.

Oor sekere kenmerke van ’n intellektueel bestaan ’n redelike mate van konsensus. Openbare betrokkenheid in kwessies van algemene belang is ’n sleutelkenmerk van intellektuele. Hulle help die openbare mening vorm. Verder moet ’n intellektueel oor diepgaande kennis, insig in die groter verbande tussen die verskillende aspekte van die menslike bestaan en oor toekomsgerigte visie beskik. Voorstaande intellektuele is dikwels generaliste eerder as spesialiste en kan hulle uitspreek oor ’n verskeidenheid onderwerpe. Hulle moet kritis wees, onreg in die samelewing aan die kaak stel en praktiese oplossings vir samelewings-kwessies aan die hand doen (Etzioni 2006:1-2; Bullock & Trombley 2000:433). Sartre (1946) het intellektuele as die morele gewete van hul tyd getypeer (kyk ook Cohen-Solal 1989:588-9; Scriven 1993:119). Said (1993) se oproep dat intellektuele onverskrokke die waarheid teenoor

maghebbers moet praat, is welbekend. Volgens hom skaar intellektuele hulle in die postkoloniale situasie aan die kant van die onteiendes, onverteenwoordigdes en vergetenes. Uit die literatuur is dit duidelik dat die intellektueel meer as net 'n besonder intelligente of gelede persoon ("man of letters") en ook meer as net 'n denker is. Van hom/haar word verwag om opvattinge, wat as vanselfsprekend aanvaar word, uit te daag (Fuller 2013:12) en om dié soort intellektuele leierskap te verskaf waardeur sosiale verandering bewerkstellig kan word (Jennings & Kemp-Welch 1997:210).

Ondanks die konsensus oor sekere wesenskenmerke van intellektuele, kom in die diskouers oor die kenmerke en funksies van intellektuele talle meningsverskille aan die lig. Daar is nie eenstemmigheid oor watter rol akademici as intellektuele in die samelewing behoort te speel nie (Jacoby 1987). Verder is daar uiteenlopende sienings oor hoe neutraal 'n intellektueel teenoor ideologieë behoort te staan (Lenin 1902; Ramos 1982; Bauman 1987:2; Furedi 2004:32; Etzioni 2006:3). Foucault (1980:126-33) en Lyotard (1993:3) het argumenteer dat die tradisionele opvatting van die intellektueel, wat uitsprake oor universele waarhede maak, in die postmoderne era uitgedien geraak het. Daar is ook meningsverskil oor of die intellektueel binne, buite of op die rand van die establishment behoort te staan (Ramos 1982; Bourdieu 1991:656; Jennings & Kemp-Welch 1997:1-2). In werklikheid bestaan geen eenstemmigheid oor wat presies 'n intellektueel is nie. Daar is soveel variasie in beskouings oor die intellektueel dat dit haas onmoontlik is om alle standpunte in 'n enkele definisie te omvat (Howe 2006:71,72). Hall (1996:34) meen dat die vraag "Wat is 'n intellektueel?" nie beantwoord kan word nie en dus betekenisloos is.

In die lig van hierdie ontwykendheid van die opvatting van die intellektueel en in die lig daarvan dat idees oor die intellektueel voortdurend by veranderende omstandighede aangepas word, is dit kwalik moontlik om 'n bepaalde stel kriteria aan te lê om die aanspraak dat Smuts 'n intellektueel was, te toets. Daar sal nietemin in die volgende afdelings gepoog word om Smuts se bydraes te meet aan sekere van die geïdentifiseerde kenmerke van die intellektueel, waarna hierbo verwys is, deur die volgende twee vrae te probeer beantwoord: Het Smuts 'n oorspronklike bydrae tot die openbare diskouers van sy tyd gelewer? Is daar deeglik kennis geneem van sy bydrae en het dit 'n betekenisvolle impak op die samelewing in sy eie tyd en later gemaak?

## HOLISME AS SMUTS SE PRIMÊRE BYDRAE TOT DIE OPENBARE DISKOERS

Die aanspraak dat Jan Smuts as 'n intellektueel geklassifiseer kan word, wentel hoofsaaklik rondom die konsep van holisme en die samelewingsimpak daarvan.

Smuts kry erkenning as die vader van die term "holisme", omdat dit in 1926 die eerste keer in druk verskyn het in sy boek *Holism and evolution* (Ansbaecher 1994:486-92; Du Plessis 2016). Smuts se denke oor holisme het toe hy 'n student op Stellenbosch en Cambridge was, dekades voor die publikasie van sy boek, reeds begin vorm aanneem en mettertyd in geskrewe vorm neerslag gevind in verskillende tekste, onder meer "Walt Whitman: a study in the evolution of personality" en "An inquiry into the whole" (Du Toit 2017:65; Geyser 2017:46,49,53-4; Du Pisani 2017:15). Hy het egter eers na afloop van sy eerste termyn as eerste minister, nadat sy Suid-Afrikaanse Party in 1924 die verkiesing verloor het en hy Leier van die Opposisie geword het, tyd gevind om in sy studeerkamer op Doornkloof sy boek oor holisme in 'n paar maande te voltooi. Die skrywer van die hoogs aangeskrewe biografie van Smuts, Keith Hancock (1968:176), berig hoe Smuts in 'n tydperk van 29 weke in 1924 en 1925 die boek van 140,000 woorde voltooi het.

Smuts was natuurlik nie die eerste en enigste denker wat oor die idee van gehele nagedink het nie. Die wortels van holistiese denke strek tot in die verre verlede in sowel Oosterse as Westerse denke. Tydgenote van Smuts, onder meer die fisici Einstein, Heisenberg en Schrödinger, het ook holisties gedink. Die belese Smuts was op hoogte met die jongste ontwikkelings in die wetenskaplike denke van sy tyd. Hy het Kant, Freud en Einstein se werk gelees en die idees van geleerde soos Spinoza, Hegel, Leibniz en Darwin in sy eie konsep van holisme geïnkorporeer om sodoende 'n sintese van die bestaande kennis van sy tyd te maak (Dubow 2008:57; Wahl 2016; Du Toit 2017:65-6; Heyns 2017:77). Smuts was besig om sy holistiese denke te ontwikkel in 'n era toe 'n paradigmaskuif in wetenskaplike denke van Newton se meganistiese wêreldbeeld na Einstein se relativiteitsteorie plaasgevind het en die besef posgevat het dat alles in die heelal meer vloeibaar en relatief was as wat voorheen geglo is. Nuwe kennis oor atome en subatomiese deeltjies het die konsep van materie verander. Die nuwe blik op die heelal as 'n dinamiese geheel van dele, waarin groot kosmiese prosesse afspeel as inkrementele opeenvolgende progressiewe stappe in ruimte en tyd, het aangesluit by Smuts se holistiese idees.

Daar is al baie oor die inhoud van *Holism and evolution* geskryf (kyk onder meer Hancock 1968:178-88; Du Toit 2017:66-74; Heyns 2017:83-9). Hier word die inhoud van die boek nie in besonderhede ontleed nie, maar volstaan met die kern van die saak, naamlik dat Smuts in sy boek gepoog het om die verhouding tussen materie, lewe en gees te verklaar en dat dit sy oortuiging was dat holisme die koördinerende beginsel en beslissende krag was wat dié drie dinge in 'n heelheid saamvoeg. Vir hom was holisme die "iets meer" wat al die elemente van komplekse organismes bymekaarhou (Du Plessis 2016). Smuts (1926:329) het verduidelik dat holisme die kreatiewe faktor agter die progressiewe evolusie van materie na lewe na gees en uiteindelik die menslike persoonlikheid was. Smuts het holisme in 'n metafisiese konteks gebruik, as 'n ontologiese verskynsel inherent in die natuur. Heyns (2017:93) wys daarop dat Smuts se holisme nog 'n wetenskaplike sisteem nog 'n filosofiese sisteem daargestel het, maar in die gebied tussen wetenskap en filosofie Smuts se manier van dink oor die werklikheid weerspieël het, wat die basis van sy wêrldbeskouing gelê het. Smuts self het na sy boek oor holisme as sy "geloofsbelidens" verwys (Hancock 1968:197). Du Toit (2017:66,74-5) meen dat Smuts nie daarin geslaag het om die misterie van die heelal op te los deur die vereniging van materie en lewe en van liggaam en gees te verklaar nie, maar dat sy boek nietemin 'n merkwaardige bydrae was.

Hancock (1968:176,188,189) beklemtoon dat Smuts sy boek inderhaas voltooi het in die beperkte tyd tot sy beskikking. Hyself het sy studie van holisme as "voorlopig" beskou en was kritiek uit wetenskaplike kringe te wagte. *Holism and evolution* is nietemin aanvanklik besonder goed ontvang en die idee van holisme het mense se verbeelding aangegegryp (Thomson & Geddes 1931). In wetenskaplike kringe was die reaksie op Smuts se boek oorwegend positief en vir 'n aantal jare was holisme een van die groot idees waарoor wetenskaplikes geskryf het (Curtis 2011). Hancock (1968:192-6) toon aan dat *Holism and evolution* in filosofiese en theologiese kringe kritiek uitgelok het. Volgens hom is die boek aanvanklik te gunstig ontvang en later te skerp gekritiseer.

Smuts se idees oor die holistiese persoonlikheid en personologie het invloed uitgeoefen op van sy tydgenote, soos Alfred Adler en Adolf Meyer, se benadering tot psigologie en psigatrie en het 'n langdurige nawerking op persoonlikheidsteorie in die psigologie gehad (Shelley 2008:89-109). Behalwe Adler het ander geleerde, insluitend Arnold Toynbee, die bekende Engelse historikus, en Friedrich Meyer-Abich, 'n Duitse juris en filosoof, Smuts se werk in die openbaar aanbeveel (Geyser 2017:61-2).

Smuts se aansien het met die publikasie van *Holism and evolution* 'n hupstoot gekry en in die daaropvolgende jare het hy uitnodigings ontvang om wetenskaplike verenigings toe te spreek. Die titel in Hancock (1968:220) se biografie oor Smuts van die hoofstuk oor sy suksesvolle lesingreise na Brittanje en die V.S.A. is "Professor Jan Smuts of Oxford", wat sinspeel op sy destydse aansien in akademiese kringe. In 1929 het hy die bespreking oor die aard van lewe ingelei by die byeenkoms van die Britse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap in Kaapstad. Twee jaar later het hy dié organisasie weer toegespreek oor "The scientific world picture of today" voor 'n groot gehoor in Londen. Die eer het hom te beurt gevall om tot president van die vereniging verkies te word. Dit was die hoogtepunt van Smuts se wetenskaplike betrokkenheid (Hancock 1968:234; Geyser 2017:58-9,61).

Enkele jare later het die luukse om tyd aan die wetenskap te wy vir Smuts ten einde geloop toe sy party in 1933 met dié van Hertzog oor koalisie begin onderhandel het. In 1934 het die twee partye saamgesmelt en is Smuts weer in die kabinet opgeneem. Sy politieke verantwoordelikhede in die res van sy lewe het hom nie toegelaat om sy beoogde vervolg op *Holism and evolution* te skryf nie.

Kriek (2017:364-96) dui aan hoe Smuts se holisme meer as net 'n teoretiese konsep was, maar deur sy toedoen as politikus en staatsman praktiese beslag in staatkundige strukture soos die Unie van Suid-Afrika, die Britse Statebond, die Volkebond en die Verenigde Nasies gekry het. Morefield (2014:172-90) argumenteer dat Smuts se holistiese denke sy internasionalistiese ideale onderskraag het en dat die langtermyninvloed van hierdie ideale selfs verby die Britse Gemenebes, die Volkebond en die Verenigde Nasies tot by hedendaagse vorme van informele imperialisme strek.

Wat vir hierdie artikel van belang is en in die volgende afdelings nagespeur sal word, is watter bydrae Smuts se opvattings tot openbare diskoerse in sy eie tyd en later gelewer het.

## **TANSLEY EN SMUTS: DIE DISKOERS OOR HOLISME IN DIE 1920's EN 1930's**

Meningsverskille oor Smuts se opvatting van holisme in sy eie tyd staan in die teken van wyer wetenskaplike debatte en veral die wedwering tussen die idealistiese en materialistiese benaderings tot die wetenskap. Wetenskaplike idealisme gaan uit van die veronderstelling dat die realiteit, soos die mens dit ken, deur die menslike verstand gekonstrueer en daarom in wese immaterieel is en is skepties oor die moontlikheid om enigets onafhanklik van die menslike verstand te kan ken. Daarteenoor gaan wetenskaplike materialisme van die veronderstelling uit dat materie die fundamentele bestanddeel van die natuur is en dat alle dinge, ook dinge van die verstand en bewussyn, die resultaat van materiële wisselwerking is. Dit hou verband met fisikalisme, die siening dat alles wat bestaan in wese fisies is (Odendal & Gouws 2010:436,701).

Idealiste het veronderstel dat lewende wesens wesenlik anders as nie-lewende dinge is en redeneer dat die oorsprong van lewe aan 'n bonatuurlike skeppingsproses toegeskryf moet word. Daarteenoor het materialiste argumenteer dat lewende organismes ook materiële voorwerpe is, nie op 'n spesiale status kan aanspraak maak nie, en aan dieselfde prosesse onderworpe is wat alle fisiese sisteme reguleer. Verskillende variasies van materialisme het ontwikkel. Volgens meganistiese materialiste funksioneer lewende organismes op 'n soortgelyke wyse as masjiene, is hulle onderhewig aan die wette van fisika en moet hulle ondersoek word met die gereedskap van die fisika en chemie. Holistiese materialiste argumenteer dat komplekse stelsels meer is as die som van hul individuele dele. Dialektiese materialiste redeneer dat komplekse stelsels altyd besig is om te verander weens die

wisselwerking van opponerende magte binne hulself en beklemtoon die dinamiese aard van lewende organismes (Anon. 2017).

Smuts se Christelik-georiënteerde godsdiensfilosofiese oortuigings het bygedra tot sy idealistiese uitkyk en sy teenkanting teen die materialistiese benadering, wat in daardie stadium oorheersend geword het in die filosofie en wetenskap. Die idee dat lewe uit materie ontstaan deurdat fisiese materie deur 'n transiente spirituele element geanimeer word, was nie vir hom aanvaarbaar nie (Smuts 1932:12-3. Kyk ook Anker 2001:137-43). Smuts het 'n teleologiese benadering, wat doelmatigheid in die skepping vooropgestel het, gevvolg. Hy het holisme as 'n universele beginsel geïdentifiseer en argumenteer dat evolusie 'n proses is wat al meer komplekse gehele tot stand bring en dat die natuur in die rigting van voortdurende verbetering beweeg. Die hiërargie van gehele, van laer tot hoër spesies, verteenwoordig 'n reeks vorderings na groter perfeksie (Smuts 1926:99,213,297-313).

Toe sy idees oor holisme met die publikasie van *Holism and evolution* in 1926 wêreldkundig word, was Smuts onmiddellik midde-in 'n dispoot tussen die idealistiese en materialistiese benaderings in die ekologiese wetenskappe. Die roem wat hy reeds in daardie stadium op militêre en polities-staatkundige gebied verwerf het, het bygedra tot verhoogde openbare belangstelling in sy boek. Die reaksie het op 'n intense dispoot uitgeloop.

Ander tydgenootlike wetenskaplikes het Smuts se teleologies-idealiste beskouing gedeel. Die prominentste van hulle was Fredric Clements, befaamde Amerikaanse plantekoloog en baanbreker in die studie van die opvolging van plantegroei, wat biotiese gemeenskappe beskou het as komplekse organismes, wat na harmonie en stabiliteit neig. Clements het 'n invloedryke teorie van plantkundige verandering in die rigting van 'n klimakstoestand ontwikkel, wat by Smuts se holistiese opvatting aangesluit het (Foster & Clark 2008:325-8). Smuts het sterk ondersteuning onder ekoloë en plantkundiges in Suid-Afrika, veral John Phillips (1932:51-70; 1935:488-502; 1954:114-5) en John Williams Bews (1925; 1931:1-15), geniet (Anker 2001:171-5).

Smuts en sy ondersteuners se teleologies-idealiste opvatting van ekologiese holisme is heftig teengestaan deur wetenskaplikes met 'n materialistiese uitgangspunt. By die byeenkoms van die Britse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap in Kaapstad in 1929 was Smuts se opponent in 'n debat oor die aard van lewe Lancelot Hogben. Hy was 'n Marxistiese bioloog wat by die Universiteit van Kaapstad gewerk het, meganistiese materialisme voorgestaan het en afwysend was teenoor Smuts se siening van holisme (Hogben 1930:289-316; Smuts et al. 1929; Hancock 1968:190-2; Anker 2001:122). Ander teenstanders van Smuts was die Britte Hyman Levy (wiskundige), H.G. Wells (skrywer), Julian Huxley (bioloog) en G.P. Wells (dierkundige) (Levy 1933; Wells, Huxley & Wells 1934).

Die belangrikste opponent van die ekologiese idees van Clements, Smuts, Phillips en Bews was die sosialistiese Arthur Tansley, eerste president van die Britse Ekologiese Vereniging en skepper van die ekosisteemkonsep. Hy het weerstand gebied teen pogings om evolusionêre ekologie in antimaterialistiese, teleologiese terme te vertolk. In 1935 skryf Tansley 'n artikel in die tydskrif *Ecology*, waarin hy vir Clements, Smuts en Phillips die stryd aansê. Hy kritiseer hul teleologiese benadering dat ekologiese opvolging inherent progressief is en die opvatting dat holisme die oorsaak en gevolg van alles in die natuur is (Tansley 1935). As teenvoeter ontwikkel hy sy materialistiese-holistiese ekosisteemkonsep, wat ekologie vertolk uit die oogpunt van dialektiese, interafhanglike, dinamiese ekosisteme en wat in die 1940's veld sou wen en Clements se klimaksteorie sou vervang as die leidende paradigma in ekologie (Foster & Clark 2008:334-40; Van der Valk 2014:293; Anker s.a.).

Die skerpste kritiek van Tansley en diegene wat met hom saamgestem het, was nie soseer teen Smuts se natuurbeskouing gemik nie, maar teen sy ras- opvattingen.

Smuts het geglo dat sekere rasse verder ontwikkel het as ander. In sy boek het hy die verskille tussen rasne toegeskryf aan natuurlike ongelykhede (Smuts 1926:297-313). In 1929 het hy in sy Oxfordlesings redeneer dat die superieure Europese kultuur in Afrika met primitiewe kulture in aanraking gekom het, waarvan die lede kinderlik was, tevrede was met 'n eenvoudige leefwyse, en sonder die Europeërs se dryfkrag tot vooruitgang en beskawing was. Smuts het argumenteer dat beskermende segregasie in 'n land soos Suid-Afrika nodig is om die kulture en tradisies van Afrikane teen verswelging deur die meer ontwikkelde kulture van die blanke bevolking te beskerm en om bloedvermenging te voorkom, rassesuwerheid te help handhaaf, rassekonflik uit te skakel en 'n gesonde samelewing te verseker (Smuts 1930:30-1, 33, 75-78, 92-93).

Van Smuts se kritici het sy rasne beskouings direk met sy hiérargiese, teleologiese opvatting van die ekologie in verband gebring. Hulle voer aan dat hy holisme en die verouerde rekapitulasieteorie, wat onderliggend aan negentiende-eeuse biologiese rassisme was, as filosofies-wetenskaplike regverdiging vir 'n rasne hiérargie, segregasie en die behandeling van swart mense in Suid-Afrika soos kinders en hulle uitbuiting en onderdrukking aangewend het (Anker 2001:191; Foster & Clark 2008:329-31). Daaroor het hy volgens sekere kritici die waardevolle insigte wat in die konsep van holisme opgesluit was, ongedaan gemaak (Foster, Clark & York 2010:335; Rothenberg 2003:321; Curtis 2011).

Hierdie soort kritiek op Smuts se holisme is eensydig. Daar bestaan meningsverskil oor hoe Smuts se holistiese idees en sy rasne beskouings met mekaar in verband gebring kan word. Garson (2007:154-61,175) stem nie saam met Marks (2001), Anker (2001) en Dubow (2008) se argumente dat Smuts se holistiese idees ook in sy ras- opvattingen en die politieke praktyk van sy rasne beleid neerslag gevind het nie. Volgens hom het Smuts in *Holism and evolution* glad nie na ras verwys nie en daarom, eerder as om sy rasne beleid as 'n uitvloeisel van holisme te vertolk, moet sy rassedenke in die konteks van sy publieke en politieke lewe beoordeel word.

Die bewering dat Smuts holisme as 'n doelbewuste skema vir rasne-onderdrukking ontwikkel het, is vergesog omdat hy sy holistiese idees begin ontwikkel het lank voordat hy as politikus by rasne beleid betrokke geraak het. Die debat oor die mate waarin Smuts as 'n rassis beskou kan word, is 'n afsonderlike tema, wat nie hier ter sake is nie. Dat Smuts se beweerde rassisme sy konsep van holisme waardeloos maak, is uiteraard 'n drogredensie en slaag nie daarin om holisme te diskrediteer nie.

Smuts se betrokkenheid by die akademiese debat tussen idealisties en materialisties georiënteerde wetenskaplikes het tot in die vroeë 1930's voortgeduur. In sy presidensiële rede voor die Britse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap in 1931 het hy byvoorbeeld die fisikus John Tyndall se materialisme aangeval (Smuts 1932:10). Nie lank daarna nie was die wetenskaplike tussenspel in Smuts se loopbaan, waarin die publikasie van en reaksie op *Holism and evolution* die kermoment was, verby en is sy volle aandag opgeëis deur sy politieke rol in die Hertzogkabinet. Aan die verdere debatte oor die konsep van holisme, wat in die volgende afdeling ontleed word, sou Smuts nie persoonlik deelneem nie. Hierdie debatte gaan tot vandag, baie dekades na Smuts se dood, steeds voort.

## SMUTS SE NALATENSKAP: DIE VOORTGESETTE DISKOERS OOR HOLISME

Na afloop van die Smuts-Tansleydispuut het holisme vir 'n paar dekades minder prominensie geniet, hoewel Hancock (1968:192) skryf dat dit van die middel-1950's hernude belangstelling onder filosowe uitgelok het. Sedert die 1980's het holisme egter weer sterk op die voorgrond getree en figureer dit in die sentrum van wetenskapsdiskoerse. Die ontwikkeling van rekenaartegnologie het dit moontlik gemaak om data op 'n voorheen ongekende skaal te verwerk. Die ontploffing van kennis het nuwe velde van wetenskaplike ondersoek, soos sisteemteorie en kompleksiteitstudie, laat ontstaan, wat 'n holistiese benadering vooropgestel het. Wetenskaplikes uit verskeie dissiplines het besef dat dit nie moontlik was om komplekse sisteme reduksionisties te verstaan deur bloot hul samestellende dele in isolasie te ontleed nie, maar dat 'n holistiese benadering vereis word (Davies 1992:78).

J.C. Poynton (1987:188), 'n dierkundige, het sestig jaar nadat *Holism and evolution* die eerste keer gepubliseer is, teruggeskou op Smuts se bydrae en tot die gevolgtrekking gekom dat holisme steeds 'n gerespekteerde konsep in wetenskaplike debatte was. Volgens hom was Smuts sy tyd vooruit en het dit dekades geneem voordat die idee van holisme tot sy reg gekom het. Hy het geskryf:

Holistic thinking (in a broad sense) is currently aligned with systems theory in opposition to reductionist approaches...Smuts's process-orientated, hierarchical view of nature, and his non-preformationist, unified interpretation of inorganic and organic evolution, has provided a rallying point for revolts against reductionism.

Holisme was een van die wortels waaruit sisteemwetenskap gegroeи het. Von Bertalanffy (1971), die skepper van algemene sisteemteorie, het al aan die begin van die 1970's geredeneer dat niks in die natuur in isolasie bestudeer kan word nie, maar dat alles, selfs ook menslike optrede, aan mekaar verbind is as deel van 'n groter sisteem. Sisteemwetenskaplikes erken holisme as 'n basiese konsep (Umsbach 2000:1; International Society for the Systems Sciences s.a.). In die *Holistic Science Journal* (s.a.) word die kreatiewe verhouding tussen geheel en dele, soos in Smuts se opvatting byna 'n eeu gelede, as die kern van die holistiese wetenskap beskou. Geheel en dele is nie sonder mekaar moontlik nie. Die geheel kom deur die dele tot stand en die dele verteenwoordig die geheel. Daar is dinamiese interaksie tussen geheel en dele.

Oor die afgelope dekades is holisme toenemend betrek in akademiese debatte in verskeie velde. Dit sluit natuur- en toegepaste wetenskappe, soos fisika, fisiologie, neurobiologie, ekosisteemekologie, kubernetika en mediese wetenskappe in, maar ook geesteswetenskappe soos antropologie en psigologie (Du Plessis 2016). Die werk van bekende wetenskaplikes in verskillende navorsingsvelde het aansluiting gevind by Smuts se holistiese denke. Onder die bekendstes tel Paul Davies (fisikus, kyk Davies 1989), Ilya Prigogine (chemikus, kyk Prigogine & Stengers 1984), Rupert Sheldrake (bioloog), Michael Polanyi (fisiiese chemikus, ekonoom, filosoof) en Arthur Zajonc (fisikus) (Heyns 2017:93-5; Wahl 2016). Op die terrein van die omgewingswetenskappe het Smuts se holistiese opvatting invloed uitgeoefen op Arne Naess, die Noorweegse grondlegger van diep ekologie (Foster & Clark 2008:341), sy navolger, Fritjof Capra (1996:6-8), se konsep van die "web van lewe" en James Lovelock (1979) se Gaia-hipotese. Holisme het ook in die godsdiens-wetenskapgesprek neerslag gevind (Heyns 2017:103-10).

Behalwe die invloed van holisme op wetenskaplike teorie het dit ook praktiese toepassing gevind in onder meer holistiese geneeskunde, wat genesing benader as 'n geïntegreerde proses van liggaam, verstand en gees (Freeman 2005:154; Lawrence & Weisz 1998), besigheidspraktyk (Visser 1995; Olson & Eoyang 2001) en holistiese natuurlike hulbronbestuur (Van Wyk

2016). Anna Lemkow (1990) het in *The wholeness principle* 'n oorsig gegee van die ontplooiing van holistiese denke in die wetenskap, godsdiens en samelewing.

Holisme bly 'n sleutelkonsep in wetenskapsdenke. Daniel Christian Wahl (2016), 'n bioloog wat fokus op heelsisteemontwerp, het nagespeur hoe holistiese denke as teenvoeter vir die reduksionisties-meganisties-materialistiese benadering beslag gekry het in holistiese wetenskap en kompleksiteitsteorie. Hy beskou holisme as 'n integrerende perspektief, wat verskillende perspektiewe akkommodeer in 'n buigsame en inklusieve meta-wêreldbeskouing, wat aangewend kan word as 'n oorsigtelike instrument vir intellektuele integrasie en 'n verklarende beginsel, en wat tot volhoubare samelewings kan bydra.

In 2016 het Cladius van Wyk (2016a), 'n kenner op die gebied van holistiese wetenskap, Smuts se bydrae in *Holism and evolution*, 90 jaar nadat dit verskyn het, herwaardeer. Hy beeld Smuts uit as aktiewe deelnemer aan die oorgang na 'n nuwe wetenskaplike paradigma vroeg in die twintigste eeu, wat met sy teenkanting teen die meganisties-reduksionistiese model bygedra het tot 'n getransformeerde holistiese wetenskapsbeskouing wat die kompleksiteit van die werklikheid erken het. Vir hierdie bydrae het Smuts in wetenskaplike kringe erkenning geniet. Van Wyk trek parallelle tussen Smuts se boek in 1926 en nuwe benaderings in fisika en filosofiese denke. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Smuts se konsep van holisme gesien moet word as deel van die skuif na 'n postmoderne perspektief, dat dit die grondslag gelê het vir die opkoms van algemene sisteemteorie, en dat dit steeds 'n geldige epistemologiese benadering as teenvoeter vir die materialistiese paradigma bly.

Dalene Heyns (2017:76, 92, 95-6, 110-1) betoog in dieselfde trant dat Smuts in sy holistiese denke sy tyd vooruit was en dat dit bevestig word deurdat sy teorieë tot vandag steeds in verskillende kennisvelde meespreek. Hoewel Smuts se destydse formulering van holisme nie meer vandag as toereikend beskou word in die lig van al die nuwe kennis wat intussen geproduseer is nie, bly dit 'n geldige konsep om die werklikheid te verklaar en te verstaan:

Dit moet dan ook as Smuts se grootste bydrae beskou word. Die verskil is dat prosesse wat Smuts intuïtief aan holisme toeskryf deur vandag se wetenskaplike kennis verklaar word ... 'n Mens verwonder jou oor die verbeeldingrykheid van hierdie besondere mens wat sy tyd so ver vooruit was. Wat in wetenskaplike kennis nog nie vir hom beskikbaar was nie, het hy intuïtief aangevoel en in sy verbeelding ontgin as die pad van toekomstige ontwikkeling. En, sonder die hulp van 'n laboratorium, rekenaar en medewerkers, het hy die moed gehad om sy idee uit te werk en op skrif te stel, sodat dit vandag steeds plek inneem in die voortgang van verskeie denkriktings. (Heyns 2017:110-1)

Versamelde data in die veld van chaosteorie, 'n vertakking van wiskunde, bevestig dat in die skynbaar lukrake aard van komplekse sisteme onderliggende patronen geïdentifiseer kan word en dat Smuts se intuïsie sy denke oor gehele in die regte rigting geleid het (Kauffman 1993 en 1995).

## GEVOLGTREKKING

Ek keer terug na die twee vrae wat hier aangelê word as maatstaf vir Smuts se aanspraak daarop om as 'n intellektueel geklassifiseer te word.

Het Smuts 'n oorspronklike bydrae tot die openbare diskouers van sy tyd gelewer? Daar is geen twyfel nie dat dit die geval was. Smuts het oor 'n lang tydperk diep nagedink oor die abstrakte en filosofiese en *Holism and evolution* was die produk van sy oorspronklike denke. Daarin openbaar hy homself as 'n soeker na die dieper onderliggende waarheid van wat in die

werklikheid op die oppervlak van die natuur en die samelewing sigbaar is. Smuts het met holisme daarin geslaag om 'n ander dimensie van die waarheid bloot te lê. Hy stel 'n denkkraamwerk daar, wat weliswaar mank gaan aan 'n gebrekkige empiriese onderbou en nie daarin slaag om die kloof tussen materie en gees te oorbrug nie, maar dien as 'n prikkelende vertrekpunt vir verdere denke en ondersoek om die heelal beter te verstaan.

Is daar deeglik kennis geneem van Smuts se bydrae en het dit 'n betekenisvolle impak op die samelewing in sy eie tyd en later gemaak? Weens die internasionale bekendheid wat Smuts as politikus-staatsman verwerf het, was daar buitengewone publieke belangstelling in *Holism and evolution*. In wetenskaplike kringe het sy holistiese opvatting hom midde-in die dispuut tussen die idealistiese en materialistiese benaderings geplaas. Die Tansley-Smutsdebat, in 'n tyd toe 'n skuif na 'n nuwe wetenskapsparadigma plaasgevind het, maar toe daar nog nie so 'n sterk empiriese basis in die ekologiese en ander wetenskappe gevëstig was nie, het gedemonstreer dat beide Smuts en Tansley soekers na 'n nuwe holistiese perspektief op die werklikheid was. Foster en Clark (2008:311, 312, 316, 344) toon aan dat die twee benaderings tot holisme, wat deur hulle verteenwoordig is, sedert die 1990's in die ekologiese wetenskappe nader aan mekaar beweeg het. Hulle meen dat hulle as komplementêre eerder as opponerende benaderings benut moet word in 'n oorkoepelende realisties-konstruksionistiese model.

Smuts geniet wye erkenning in wetenskaplike kringe as die pionier van holistiese denke. In hierdie artikel is aangetoon dat die impak van sy holistiese denke nie tot die 1920's en 1930's beperk was nie, maar sedert die 1980's herleef het as vertrekpunt vir die sisteemwetenskaplike benadering. Die toenemende neiging tot holistiese denke in die wetenskappe laat dit lyk of Einstein se voorspelling dat relatiwiteit en holisme die belangrikste wetenskaplike konsepte in die nuwe millennium sou wees, in vervulling gegaan het.

Daar kan dus onomwonde positief geantwoord word op beide vrae. In die lig daarvan kom ek tot die slotsom dat Smuts as 'n intellektueel beskou kan word, wat 'n konstruktiewe bydrae tot die openbare diskosperse van die twintigste en selfs nog die een-en-twintigste eeu gelewer het.

## BIBLIOGRAFIE

- Anker, P. s.a. Sir Arthur George Tansley, 1871–1955, *Tansley and Social Psychology: From social psychology to ecology*. New Phytologist Trust <https://www.newphytologist.org/trust/tansley/social-psychology> [27 Junie 2017].
- Anker, P. 2001. *Imperial ecology: Environmental order in the British Empire, 1895–1945*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Anon. 2017. Idealist versus materialist conceptions of life. *Science Encyclopedia: JRank articles*, <http://science.jrank.org/pages/9973/Life-Idealist-versus-Materialist-Conceptions-Life.html#ixzz4kis10ChE> [22 Junie 2017].
- Ansbacher, H.L. 1994. On the origin of holism. *Individual Psychology*, 50(4):486-92.
- Armstrong, H.C. 1937. *Grey Steel – J.C. Smuts: a study in arrogance*. Londen: Barker.
- Baran, P.A. 1961. The commitment of the intellectual. *Monthly Review*, 13(1), Mei, <https://monthlyreview.org/1961/05/01/the-commitment-of-the-intellectual/> [19 Junie 2017].
- Bauman, Z. 1987. *Legislators and interpreters: On modernity, post-modernity and intellectuals*. New York: Cornell University Press.
- Bews, J.W. 1925. *Plant forms and their evolution in South Africa*. Londen: Longmans, Green & Co.
- Bews, J.W. 1931. The ecological viewpoint. *South African Journal of Science*, 28:1-15.
- Bourdieu, P. 1991. Fourth lecture. Universal corporatism: the role of intellectuals in the modern world (vertaal deur Sapiro, G. geredigeer deur McHale, B.), *Poetics Today*, 12(4), Winter: 655-69.
- Brouwer, D.C. & Squires, C.R. 2006. Public intellectuals, public life, and the university. In Etzioni en Bowditch (2006:31-49).

- Bullock, A. & Trombley, S. (eds.). 2000. *The New Fontana Dictionary of Modern Thought*. Derde uitgave. Londen: Harper Collins.
- Capra, F. 1996. *The web of life: a new scientific understanding of living systems*. New York: Anchor Books.
- Cohen-Solal, A. 1989. *Sartre*. Parys: Gallimard.
- Curtis, A. 2011. How the 'ecosystem' myth has been used for sinister means. *The Guardian*, 29 Mei 2011, <https://www.theguardian.com/environment/2011/may/29/adam-curtis-ecosystems-tansley-smuts> [29 Junie 2017].
- Davies, P. 1989. *The cosmic blueprint*. Londen: Penguin Books.
- Davies, P. 1992. *The mind of God – the scientific basis for a rational world*. New York: Touchstone.
- Dubow, S. 2008. Smuts, the United Nations and the rhetoric of race and rights. *Journal of Contemporary History*, 43(1):43-72.
- Du Pisani, K. (red.). 2017. *Jan Smuts van Boerseun tot wêreldverhoog: 'n Herwaardering*. Pretoria: Protea.
- Du Plessis, G. 2016. The Holism of Jan Smuts. Uittreksel uit Du Plessis, G. & Weathers, R., The Integral Jan Smuts. Aanbieding by Fourth International Integral Theory Conference, Sonoma State University, San Francisco Bay Area, Kalifornië, 16-19 Julie 2015. Bloginskrywing 26 Junie 2016, <http://guyduplessis.com/books/the-holism-of-jan-smuts/> [19 Junie 2017].
- Du Toit, P. 2017. Holisme. In Du Pisani (2017:65-75).
- Etzioni, A. 2006. Introduction: are public intellectuals an endangered species? In Etzioni en Bowditch (2006:1-30).
- Etzioni, A. & Bowditch, A. (eds.). 2006. *Public intellectuals: an endangered species?* Lanham: Rowman & Littlefield Publishers.
- Foster, J.B. & Clark, B. 2008. The sociology of ecology: ecological organicism versus ecosystem ecology in the social construction of ecological science, 1926-1935. *Organization & Environment*, 21(3), September: 311-52.
- Foster, J.B., Clark B. & York, R. 2010. *The ecological rift: capitalism's war on the earth*. New York: Monthly Review Press.
- Foucault, M. 1980. Truth and power, onderhou met Fontana, A. en Pasquino, P. In Gordon, C. (red.). *Power/knowledge: selected interviews and other writings 1972-1977 by Michel Foucault*. Vertaal deur Gordon, C., Marshall, L., Mepham, J. & Soper, K. Vyfde druk. New York: Pantheon Books.
- Freeman, J. 2005. Towards a definition of holism. *British Journal of General Practice*, 55(511), Februarie:154-5.
- Fuller, S. 2013. What does it mean to be an intellectual today? An interview with Steve Fuller by Filip Šimetić Šegvić. *Social Epistemology Review and Reply Collective*, 2(10), 6 Sep.:12, <http://wp.me/p1Bfg0-Zf> [19 Junie 2017].
- Furedi, F. 2004. *Where have all the intellectuals gone?* Londen: Continuum Press.
- Garson, N. 2007. Smuts and the idea of race. *South African Historical Journal*, 57(1):153-78.
- Geyser, O. 2017. Smuts die intellektueel. In Du Pisani (2017:41-64).
- Hall, G. 1996. Answering the question: What is an intellectual? *Surfaces*, VI(212):4-34.
- Hancock, W.K. 1968. *Smuts: the fields of force, 1919-1950*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heyns, D. 2017. Evolusie, holisme en godsdiens. In Du Pisani (2017:76-111).
- Hogben, L. 1930. *The nature of living matter*. Londen: Kegan Paul, Trench, Trubner & Co.
- Holistic Science Journal*. s.a. Tuisblad, <http://holisticsciencejournal.co.uk/ojs/index.php/hsj/index> [6 Julie 2017].
- Howe, I. 2006. Intellectuals, dissent, and bureaucrats. In Etzioni en Bowditch (2006: 71-80).
- International Society for the Systems Sciences. s.a. Primer Group, Special Integration Group (SIG) of the ISSS. Holism and science.<http://www.issss.org/primer/smuts.htm> [27 Junie 2017].
- Jacoby, R. 1987. *The last intellectuals: American culture in the age of academe*. New York: Basic Books.
- Jennings, J. & Kemp-Welch, A. (eds.). 1997. *Intellectuals in politics: From the Dreyfus Affair to Salman Rushdie*. Londen: Routledge.
- Kauffman, S. 1993. *The origins of order: self organization and selection in evolution*. New York: Oxford University Press.

- Kauffman, S. 1995. *At home in the universe: the search for laws of self-organization and complexity*. New York: Oxford University Press.
- Kriek, D. 2017. Praktiese holisme: Uniewording, Statebond, Volkebond en Verenigde Nasies. In Du Pisani (2017:364-396).
- Lawrence, C. & Weisz, G. (eds.). 1998. *Greater than the parts: Holism in biomedicine, 1920-1950*. Oxford: Oxford University Press.
- Lemkow, A. 1990. *The wholeness principle: dynamics of unity within science, religion, and society*. Wheaton, Ill.:Theosophical Publishing House.
- Lenin (Vladimir Ilyich Ulyanov). 1902. What is to be done? Ontleed deur Le Blanc, P. 2008. *Revolution, democracy, socialism: Selected writings of Lenin*. Londen: Pluto Press, pp. 31, 137-8.
- Levy, H. 1933. *The universe of science*. Londen: The Century Co.
- Lovelock, J. 1979. *Gaia: a new look at life on earth*. Oxford: Oxford University Press.
- Lyotard, J-F. 1993. The tomb of the intellectual. In Lyotard, J-F. *Political Writings*. Vertaal deur Readings, B. en Geiman, K.P. Londen: UCL Press.
- Marks, S. 2001. White masculinity: Jan Smuts, race and the South African War. *Proceedings of the British Academy*, 111:199-223.
- Morefield, J. 2014. *Empires without imperialism: Anglo-American decline and the politics of deflection*. New York: Oxford University Press.
- Odendal, F.J. & Gouws, R.H. (eds.). 2010. *HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde uitgawe, derde druk. Pinelands: Pearson Education.
- Olson, E. & Eoyang, G. 2001. *Facilitating organization change: lessons from complexity science*. San Francisco: Jossey-Bass/Pfeiffer.
- Ory, P. & Sirinelli, J-F. 2002. *Les Intellectuels en France. De l'affaire Dreyfus à nosjours* (Die intellektuele in Frankryk: Van die Dreyfus-aangeleentheid tot vandag). Parys: Armand Colin.
- Phillips, J. 1932. Man at the cross-roads. In Smuts, J.C. (red.). *Our changing world-view*. Johannesburg: University of Witwatersrand Press.
- Phillips, J. 1935. The complex organism: part III of succession, development, the climax, and the complex organism. *Journal of Ecology*, 23(2):488-502.
- Phillips, J. 1954. A tribute to Frederic E. Clements and his concepts in ecology. *Ecology*, 35(2):114-5.
- Pieterse, H. 2017. Smuts as plantkundige. In Du Pisani (2017:112-24).
- Plug, C. 2016. Smuts, General Jan Christiaan (botany, advancement of science). S2A3 Biographical Database of Southern African Science, [http://www.s2a3.org.za/bio/Biograph\\_final.php?serial=2640](http://www.s2a3.org.za/bio/Biograph_final.php?serial=2640) [13 Julie 2017].
- Poynton, J.C. 1987. Smuts's *Holism and evolution* sixty years on. *Transactions of the Royal Society of South Africa*, 46(3):188.
- Prigogine, I. & Stengers, I. 1984. *Order out of chaos*. Toronto: Bantam Books.
- Ramos, V. 1982. The concepts of ideology, hegemony, and organic intellectuals in Gramsci's Marxism. *Theoretical Review*, 27, Mrt-Apr (redigering deur Saba, P.), geplaas op *Encyclopedia of Anti-Revisionism On-Line*, <https://www.marxists.org/history/erol/periodicals/theoretical-review/1982301.htm> [12 Junie 2017].
- Rothenberg, D. 2003. Boekresensie van Anker se *Imperial ecology*. *Environmental Ethics*, 25(3), herfs:321-4.
- Said, E. 1993. The Reith Lectures: Speaking truth to power, *The Independent* (Londen), 22 Julie. Gereproduseer in Etzioni en Bowditch (2006:260-5).
- Sartre, J-P. 1946. Existentialism is ahumanism. Vertaal deur Philip Mairet, opgeneem in Kaufman, W. (red.). 1989. *Existentialism from Dostoyevsky to Sartre*. Meridian Publishing Company, <https://www.marxists.org/reference/archive/sartre/works/exist/sartre.htm> [12 Junie 2017].
- Scriven, M. 1993. *Sartre and the media*. Londen: Palgrave Macmillan.
- Shelley, C. 2008. Jan Smuts and Personality Theory: the problem of holism in psychology. In Diriwächter, R. & Valsiner, J. (eds.). *Striving for the whole: creating theoretical syntheses*. New Brunswick: Transaction Publishers, pp. 89-109.
- Smuts, J.C. 1926. *Holism and evolution*. Londen: Macmillan.
- Smuts, J.C. et al. 1929. *The nature of life, discussion before the British Association, at Cape Town, of July 25, 1929, as recorded in the Cape Times and revised by the authors*. Kaapstad: Juta.

- Smuts, J.C. 1930. *Africa and some world problems*. Oxford: Clarendon Press.
- Smuts, J.C. 1932. The scientific world-picture of today. Presidensiële rede voor die British Association for the Advancement of Science. In BAAS, *Report of the centenary meeting*. Londen: BAAS.
- Strydom, B. 2017. Smuts: stigter van die Universiteit van Pretoria. In Du Pisani (2017:125-35).
- Tansley, A.G. 1935. The use and abuse of vegetational concepts and terms. *Ecology*, 16(3): 284-307.
- Thomson, J.A. & Geddes, P. 1931. *Life: outlines of general biology*. Londen: Williams & Norgate.
- Umsbach, E. 2000. *Holism, action orientation, ethics*. Osnabrueck: Institute of Environmental Systems Research.
- Van der Valk, A.G. 2014. From formation to ecosystem: Tansley's response to Clements' climax. *Journal of the History of Biology*, 47(2):293-321.
- Van Wyk, C. 2013. Complexity, holism and consciousness, <http://transformationstrategies.org/2013/01/complexity-holism-consciousness/> [17 September 2014].
- Van Wyk, C. 2016. Commentary on the introduction to 'Holism and evolution' by Jan Christian Smuts. LinkedIn, 11 Feb.<https://www.linkedin.com/pulse/commentary-introduction-holism-evolution-jan-smuts-van-wyk> [27 Junie 2017].
- Van Wyk, C. 2016a. Holism and evolution by Jan Christian Smuts – a reevaluation after 90 years. [https://www.academia.edu/22033421/Holism\\_and\\_Evolution\\_by\\_Jan\\_Christian\\_Smuts\\_a\\_re-evaluation\\_after\\_90\\_years](https://www.academia.edu/22033421/Holism_and_Evolution_by_Jan_Christian_Smuts_a_re-evaluation_after_90_years) [29 Junie 2017].
- Visser, W. 1995. Holism: A new framework for thinking about business. *New Perspectives*, no. 7:1-4.
- Von Bertalanffy, L. 1971. *General system theory – foundations development applications*. Londen: Allen Lane.
- Wahl, D.C. 2016. A holistic multi-perspective as sustainable meta-design, 27 Mei, <https://medium.com/@designforsustainability/a-holistic-multi-perspective-as-sustainable-meta-design-184ec7183d60> [29 Junie 2017].
- Wells, H.G., Huxley, J.S. & Wells, G.P. 1934. *The science of life*. New York: The Literary Guild.

# Selfbestuur in diep verdeelde samelewings – die kaleidoskoop van Afrikaanse pogings tot 'n model vir selfbestuur

*Self-government in deeply divided societies – the kaleidoscope of efforts by the Afrikaans community to develop a comprehensive model for self-management*

**BERTUS DE VILLIERS**

Besoekende Professor:  
Regsfakulteit,  
Universiteit van Johannesburg  
E-pos: bertusdev@gmail.com



Bertus de Villiers

**BERTUS DE VILLIERS** (BA Regte; LL.B; LL.D) is 'n Besoekende Professor aan die Regsfakulteit van die Universiteit van Johannesburg en 'n Lid van die Staat Administratiewe Tribunaal van Wes-Australië. Hy is 'n Genoot van die Alexander von Humboldt Stigting (Duitsland). Hy spesialiseer in die areas van minderheidsregte, desentralisasie, individuele regte en grondhervorming. Dr De Villiers is wyd berese en het in verskeie lande navorsing onderneem en lesings oor grondwetlike en politieke ontwikkelinge gegee. Hy is in die afgelope tyd uitgenooi na Soedan, Suid-Soedan, Ethiopië, Indonesië en die Filippyne om lesings oor grondwetlike temas aan te bied. In 2016 het hy die Alexander von Humboldt Stigting-toekenning ontvang vir *Innovative Research Networking*. Dr De Villiers het tot die Suid-Afrikaanse grondwetlike proses bygedra by wyse van navorsing en advies. Hy was ook 'n lid van die Komitee vir die Afbakening van die Provinsies.

**BERTUS DE VILLIERS** (BA Law, LL.B, LL.D) is a Visiting Professor at the Law School of the University of Johannesburg and a Member of the State Administrative Tribunal of Western Australia. He is a Fellow of the Alexander von Humboldt Stiftung (Germany). He specialises in the areas of minority rights, decentralisation, human rights and land reform. Dr De Villiers has travelled widely and has undertaken research and lectured on constitutional and political developments in various countries. In recent years he has been invited to Ethiopia, Sudan, South Sudan, Indonesia and the Philippines to give lectures on constitutional topics. He received the Alexander von Humboldt Stiftung award for *Innovative Research Networking* in 2016. Dr De Villiers contributed to the South African constitution drafting process by way of advice and research. He also served on the Commission for the Demarcation of the Provinces.

## ABSTRACT

### *Self-government in deeply divided societies – the kaleidoscope of efforts by the Afrikaans community to develop a comprehensive model for self-management*

The Afrikaans speaking community has particularly since 1994 been engaged in various activities to protect and promote the Afrikaans language. These activities remain to a large extent mainly uncoordinated and spontaneous. A central theme that runs through many of the initiatives is the desire of a substantial portion of the Afrikaans speaking community to be able to self-govern and self-manage aspects of relevance to their language and culture. Although many private initiatives have been undertaken by clubs and associations of different sorts, this article considers the constitutional mechanisms for the protection of minority and community rights under the Constitution and discusses what progress, if any, is being made by the Afrikaans community to maximise constitutional provisions and to develop a framework for self-government. The article firstly considers whether the Afrikaans community is a “minority” for purposes of international law. The conclusion is that the community does meet the international criteria for being a “minority”. The article secondly investigates whether there is in international law a “right” to self-government or autonomy for minority groups. The conclusion is that there is no such a justiciable “right”, but that governments are encouraged by international law to create an environment and circumstances in which minority communities can protect and promote their unique identity. Thirdly, the article reflects on the most important mechanisms in the South African Constitution that are directed to or can be used for the protection of minority communities. The mechanisms referred to are decentralisation to provincial governments; advisory bodies to protect and promote diversity; recognition of traditional authorities; recognition of individual rights and freedoms; and the possibility to create community councils for language communities. It is concluded that these techniques are consistent with minimum international constitutional law standards. The next question is whether and to what extent the Afrikaans community has utilised the constitutional mechanisms at its disposal to protect and promote the Afrikaans language and culture. Consideration is given to the following mechanisms: (a) the autonomy of the provinces of the Western Cape and the Northern Cape where a substantial concentration of Afrikaans speakers reside; (b) the functions and responsibilities of the Pan South African Language Board and the Commission on the Promotion and Protection of Cultural, Religious and Linguistic Communities; (c) the possible establishment of an Afrikaans community council pursuant to the Constitution of the Western Cape or alternatively pursuant to the national Constitution; (d) the protection of the individual right to language choice in public education and particularly to the autonomy of school management boards; and (e) the right to free association and the plethora of Afrikaans non-governmental organisations with specific reference to Helpmekaar private college; Akademia private university; and AfriForum as a major Afrikaans community initiative. The article draws several conclusions namely: (a) there remains a general absence of agreement within the Afrikaans community in regard to a “plan” or “vision” for the future protection and promotion of the Afrikaans language; (b) the Afrikaans community meets the criteria to be regarded as a “minority group” in international law; (c) there is no justiciable “right” in international law to self-government or autonomy; (d) at a technical level the Constitution of South Africa meets minimum international criteria for the protection of individual and minority rights; (e) the autonomy of the province of the Western Cape is typical of what can be expected of indirect protection of a language group by way of territorial decentralisation. It is, however, noted that the possibility to establish a community council for the Afrikaans community pursuant to the Constitution of the Western Cape has not been activated or pursued; (f) the two

*constitutional commissions that are tasked to protect and promote the rights of language, cultural and religious communities have been less successful than could be expected in light of their constitutional mandate; (g) the possible establishment of a community council for the Afrikaans community remains dormant and has not attracted substantial public debate. This is a mechanism that in future may become relevant to the Afrikaans (and other) communities for purposes of their self-government; (h) the autonomy of public school management boards has attracted substantial litigation and it is likely that government regulation will further erode and limit the autonomy of public school management boards. There are two competing interests that impact on the discretion of these boards: on the one hand the accommodation of diversity and on the other hand the provision of basic educational services to the population. The current trend is that any dispute between these two constitutional objectives are settled in favour of providing education to the widest possible group of persons; and (i) Afrikaans non-governmental organisations have been very proactive particularly since 1994. Finally, the examples of Helpmekaar and Akademia show how privatised services can be made available to the Afrikaans community, albeit at a high cost. It is likely that due to public resource constraints, a much greater contribution would have to be made in future by Afrikaans speaking families who prefer that their children be educated in Afrikaans.*

**KEY WORDS:** Afrikaans; minority; diversity; self-government; autonomy; decentralisation; community council

**TREFWOORDE:** Afrikaans; minderheid; diversiteit; self-regering; outonomie; desentralisasi; gemeenskapsraad

## OPSOMMING

Die Afrikaanse gemeenskap het veral sedert 1994 'n magdom nieregeringsinisiatiewe begin ten einde die voortbestaan van die Afrikaanse taal te bevorder. Die vraag wat telkens gevra word is tot watter mate die Grondwet van Suid-Afrika daarin slaag om die nodige beskerming te bied aan taalgemeenskappe soos die Afrikaanssprekendes en tot watter mate die Afrikaanse gemeenskap die moontlikhede van die Grondwet ten volle benut. Hierdie artikel stel onderzoek in na die volgende vrae: (a) is Afrikaanssprekendes 'n "minderheidsgroep" vir doeleindes van die internasionale reg; (b) is daar in die internasionale reg 'n "reg tot outonomie" vir minderheidsgroepe; (c) voldoen die Grondwet van Suid-Afrika aan internasionale norme insake minderheidsregte; en (d) tot watter mate word spesifieke bepalinge van die Grondwet geoperasionaliseer deur die Afrikaanse gemeenskap. Die gevolgtrekking is dat die Afrikaanse gemeenskap 'n minderheidsgroep is; dat daar geen internasionale reg is tot outonomie nie; dat die indirekte outonomie van die provinsies van die Wes-Kaap en Noord-Kaap tiperend is van internasionale praktyke; dat meer gedoen kan word vir die daarstel van 'n Afrikaanse gemeenskapsraad in die Wes-Kaap en in ander provinsies; dat die outonomie van beheerliggame van openbare skole in die toekoms waarskynlik verder ingeperk sal word; dat 'n groter gedeelte van Afrikaanse huishoudings se besteebare inkomste aangewend sal moet word vir onder meer Afrikaanse onderrig.

## INLEIDING

Die Afrikaanssprekende gemeenskap<sup>1</sup> in Suid-Afrika is 'n kleinerwordende minderheid waarvan 'n substantiewe persentasie gretig is om op die een of ander wyse self-bestuur uit te oefen oor aangeleenthede wat vir die Afrikaanse taal en kultuur van belang is.<sup>2</sup> Die Suid-Afrikaanse Grondwet bied ruimte vir die beginsels van taal- en kultuurvryheid; vrye assosiasie; moedertaalonderrig; bevordering van taal en kultuur; en selfs vir die moontlikheid van self-determinasie en die daarstel van gemeenskapsrade.<sup>3</sup> Die Grondwet is in een opsig 'n internasionale model vir akkommodering van minderheidsregte, alhoewel in 'n ander opsig die potensiaal van die Grondwet in die praktyk om verskeie redes nie noodwendig realiseer nie – veral nie indien 'n gemeenskap verwag dat die staat praktiese of finansiële hulp moet verleen vir die bevordering van 'n spesifieke gemeenskap se taal- en kultuurregte nie.<sup>4</sup>

Die Afrikaanse gemeenskap het sedert 1994 'n magdom inisiatiewe begin om die Afrikaanse taal en kultuur onder die Grondwet te bevorder.<sup>5</sup> Hierdie inisiatiewe is in baie gevalle spontaan en sonder 'n gedetailleerde oorhoofse "plan".<sup>6</sup> Daar is nie binne die breë Afrikaanse gemeenskap 'n geïntegreerde oorhoofse visie, strategie of plan van aksie vir die behoud en bevordering van Afrikaans nie.

Hierdie artikel is daarop gemik om 'n oorsig te gee van die mees prominente tegnieke wat in die internasionale reg erken word vir die selfbestuur van taal- en kultuurgroepe, en om dan enkele ontwikkelinge in die Afrikaanse gemeenskap se strewe na 'n vorm van taal- en kulturele selfbestuur binne die internasjonale konteks te vergelyk. "Selfbestuur" vir doeleindes

<sup>1</sup> Met "Afrikaanssprekende" gemeenskap word bedoel alle persone wat verkieς om Afrikaans as taal van keuse te praat.

<sup>2</sup> Huidige bevolkingstendense dui daarop dat teen 2030 die Afrikaanssprekende blankes ongeveer 1.8% van die totale bevolking sal uitmaak. Afriforum se skatting is dat daar teen 2030 ongeveer 3.2 miljoen "Afrikaners" sal wees. F Buys "Afrikaners se toekoms lê in groter konsentrasie" *Forum* (September 2017) 16. Volgens die 2011 sensus is Afrikaans die derde grootste huistaal naas Zoeloe en Xhosa, met Afrikaans se 6.8 miljoen sprekers of te wel 15.5% van die totale bevolking. Volgens skatting is die persentasie huistaal Afrikaanssprekendes van die onderskeie rasgroepe soos volg: Kleurling (75%); Blank (61%); Asiërs (4.6%) en Swart (1.5%). Die grootte van die Afrikaanssprekende gemeenskap is ietwat van 'n glas half-vol of half-leeg benadering. Indien slegs na die blanke komponent gekyk word, is die getal Afrikaanssprekendes snel-kleinerwordend en ouerwordend, maar as daar na die totale Afrikaanssprekende gemeenskap gekyk word, is die getal persone wat Afrikaans praat, substantief. Smit "Die groot verlies: Afrikaans as onderrigtaal aan universiteite" (2017) by <https://www.afriforum.co.za/die-groot-verlies-afrkaans-onderrigtaal-aan-universiteite/>.

<sup>3</sup> Sien byvoorbeeld aa 9, 15, 16, 17, 18, 29, 30, 31 en 235 Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>4</sup> Geldenhuys *Die status van minderheidsgemeenskappe in die Suid-Afrikaanse samelewing* (2011) <http://www.afrikanerbond.co.za/images/Besprekings>Status%20van%20minderheidsgemeenskappe%20in%20SA%20-%20AB%20Besprekingsdokument%20-%20Feb%202011.pdf>.

<sup>5</sup> Fredericks merk op: "There can be no doubt that the battle by Afrikaans speakers for the recognition of the status of 'their' language is fully in line with international developments as well as with the provisions of the South African Constitution." Frederiks *The protection of language and of language rights in the South African Constitution* (2011): 208.

<sup>6</sup> Die taal-gebaseerde inisiatiewe van Afrikaanse organisasies word dikwels vermeng met polities-ideologiese inisiatiewe – die meriete waarvan tot meningsverskil in die breë Afrikaanssprekende gemeenskap lei. Daar is binne die gelede van die Afrikaanssprekende gemeenskap voortgesette debat oor die presiese definisie van "Afrikaner" en wat die rol van ras; Christenskap; en kulturele gebruikte is om die gemeenskap te definieer.

van hierdie artikel verwys na die vermoë van lede van die Afrikaanse gemeenskap om kollektief by wyse van formele en informele meganismes en inisiatiewe binne die privaatreg en publiekreg beleid te inisieer, besluite te neem, inisiatiewe te loods, programme aan te bied, en maatreëls te administreer wat van belang is vir die beskerming en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.<sup>7</sup>

Hierdie artikel is spesifiek gefokus op formele grondwetlike meganismes in die publiekreg wat gebruik word om aan minderheidsgroepe 'n vorm van self-bestuur te gee en die mate waarin Afrikaanssprekendes daarvan gebruik maak.

Die meganismes wat bespreek word is:

- Territoriale outonomie op provinsiale vlak
- Adviesliggaam oor taal- en kulturele aangeleenthede
- Selfbestuur by wyse van 'n gemeenskapsraad
- Outonomie van skoolbeheerliggame
- Vrye assosiasie en Afrikaanse burgerlike organisasies

Alvorens daar ondersoek ingestel word na die onderskeie grondwetlike tegnieke, sal daar eers by wyse van agtergrond 'n oorsig gegee word van: (a) is die Afrikaanse gemeenskap 'n "minderheid" vir doeleindes van die internasionale reg; (b) erken die internasionale reg 'n "reg" tot self-bestuur van minderhede; en (c) is daar spesifieke grondwetlike tegnieke vir self-bestuur wat volgens die internasionale reg legitiem is en wat neerslag vind in die Grondwet van Suid-Afrika?

## WAT IS 'N "MINDERHEID"?

Die term "minderheid" word gereeld in grondwetlike en internasionale reg gebruik om te verwys na 'n gedeelte van 'n land se bevolking wat vanweë hul unieke taal, kultuur of godsdienst op 'n sekere standaard van beskerming aanspraak maak of geregtig is. Alhoewel die beskerming van minderhede vanaf 'n politieke verhoog na 'n eenvoudige en billike vereiste klink, is die praktyk veel anders en is die teoretiese grondslag van "minderheidsregte" ingewikkelder as wat dikwels toegegee word.<sup>8</sup>

Die kernvrae wat beantwoord moet word, is "wat is 'n minderheid"; wat is die "regte", indien enige, van 'n minderheid in kollektiewe verband; en hoe kan 'n minderheid gedefinieer en georganiseer word op 'n wyse wat niediskriminerend is?<sup>9</sup>

<sup>7</sup> Fredericks merk op dat: "By granting internal self-determination, the threat of external self-determination or secession can thus be averted."(n4), 259. Sien ook Weller (ed.) *Universal minority rights: a commentary on the jurisprudence of International Courts and Treaty Bodies* (2007); Ghai (ed.) *Autonomy and ethnicity: Negotiating competing claims* (2000); Gal (ed.) *Minority governance in Europe* (2002); Roach *Cultural autonomy, minority rights and globalization* (2005) en Craig "The Framework Convention for the Protection of National Minorities and the development of a 'generic' approach to the protection of minority rights in Europe?"(2010) *International Journal on Minority and Group Rights* 311.

<sup>8</sup> Tomuschat "Protection of minorities under article 27 of the International Covenant on Civil and Political Rights" in Bernhardt (ed.) *Volkerrecht als Rechtsordnung, Internationale Gerichtbarkeit, Menschenrechte: Festschrift Fur Hermann Mosler* (1983); Lerner "The evolution of minority rights in international law" in Broermann, Lefever and Zieck (eds) *Peoples and minorities in international law* (1993) 77 en Musgrave *Self-determination and national minorities* (1997).

<sup>9</sup> Kymlicka *Multicultural citizenship: a liberal theory of minority rights* (1989).

Die kompleksiteit van die antwoord op die vraag wat die definisie van 'n minderheid is het Max van der Stoel, die Europese Hoë Kommissaris vir Nasionale Minderhede, ietwat radeloos en on-wetenskaplik laat opmerk: "Ek ken 'n minderheid as ek een sien."<sup>10</sup>

Dit is nie net Van der Stoel wat sukkel om "minderheid" te definieer nie. Daar is verskeie grondwette wat die term "minderheid" of "gemeenskap" bevat sonder om dit te definieer.<sup>11</sup>

Selfs in die internasionale reg, waar die term "minderheid" gereeld gebruik word, is daar geen bindende definisie van die begrip nie.<sup>12</sup> Die gesaghebbende internasionale verdrag wat fokus op die regte van minderhede, die *Internasjonale Verdrag op Burgerlike en Politieke Regte*, poog eerstens nie om die terme "ethnic, religious or linguistic minorities" te definieer nie of tweedens om voor te skryf welke steun, indien enige, die staat aan lede van die minderheidsgroep moet verleen ten einde hul in staat te stel om hul unieke identiteit kollektief te bevorder nie.<sup>13</sup>

Die apartheidsgeskiedenis van Suid-Afrika het die internasionale minderheidsdebat verder gekompliseer.<sup>14</sup> In die normale spreektaal sou mens verwag dat 'n basiese element van 'n "minderheidsgroep" is dat die gemeenskap in 'n numeriese minderheid is. Dit is egter nie noodwendig die geval nie. Daar bestaan 'n sterk internasionale opinie dat "minderheid" eerder verwys na die *nie-dominasie* van 'n gemeenskap as na die numeriese grootte daarvan. Dit verklaar hoekom Capotorti in sy wyd-gebruikte definisie na 'n "minderheid" verwys as 'n gemeenskap wat in 'n "nie-dominante" posisie is.<sup>15</sup>

Hierdie outeur het na aanleiding van resente ontwikkelinge in die internasionale reg en in die publiekreg die volgende werksdefinisie van "minderheidsgroep" voorgestel:

'n Minderheidsgroep kan beskou word as 'n groep individue wat etniese, godsdiensstige, taal- en/of kulturele kenmerke met mekaar deel; wat in die algemeen in 'n numeriese minderheid is in die staat as geheel of in 'n spesifieke streek in die staat; wat in 'n niedominante posisie is teenoor die res van die bevolking; wat objektief erken word as 'n minderheid; en waarvan die lede subjektief aandring om beskou te word as 'n minderheid.<sup>16</sup>

Vir doeleindes van hierdie artikel is dit die proposisie dat die Afrikaanse gemeenskap wel 'n minderheidsgroep is vir doeleindes van die internasionale reg en dat dit ook 'n "gemeenskap" is vir doeleindes van die Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>10</sup> Van der Stoel "Case studies on national minority issues: positive results" Toespraak gelewer by die CSE Human Dimension Seminar on Case Studies on National Minority Issues. Warsaw, 24/05/1993.

<sup>11</sup> Sien byvoorbeeld a30 Grondwet van Indië; a8 Grondwet van Ethiopië; en a53 Grondwet van Suid-Afrika.

<sup>12</sup> Jones *Education rights and minorities* (1995) 8.

<sup>13</sup> Sien <https://treaties.un.org/doc/publication/unts/volume%20999/volume-999-i-14668-english.pdf>. En Roach "Minority rights and an emergent international right to autonomy: a historical and normative assessment" (2004) *International Journal on Minority and Group Rights* 411.

<sup>14</sup> Alen and Henrard "The relevance of South African protection of minorities in Belgium" in De Villiers, Alen & Delmartino (eds) *Institutional development in divided societies* (1998), 108.

<sup>15</sup> "A group which is numerically inferior to the rest of the population of a State and in a non-dominant position, whose members possess ethnic, religious or linguistic characteristics which differ from the rest of the population who, if only implicitly, maintain a sense of solidarity, directed towards preserving their culture, traditions, religion and language." Capotorti *Study of the rights of persons belonging to ethnic, racial and linguistic minorities* UNO 1977, UN-Doc E/CN.4/Sub.2/384, Rev 1, par 568.

<sup>16</sup> De Villiers "Language, Cultural and Religious Minorities: What and Who are they?" (2012) *University of Western Australia Law Review* 67, 89.

Die kernelemente van 'n minderheidsgroep waaraan die Afrikaanse gemeenskap voldoen, is die volgende: Die gemeenskap beskik oor 'n eie en unieke taal; die gemeenskap word nie op grond van ras gedefinieer nie; die gemeenskap is in 'n numeriese minderheid; die gemeenskap is in 'n niedominante (politieke) posisie; die gemeenskap word objektief gesien as uniek vanweë hul taal; 'n substantiewe gedeelte van die gemeenskap is ten gunste van die behoud en bevordering van Afrikaans (alhoewel daar nie noodwendig eenstemmigheid is oor hoe dit gedoen moet word nie); en die gemeenskap word gevorm as 'n uitvloei van vrye assosiasie van individue wat Afrikaans as taal van keuse praat.

## BETEKENIS VAN “SELF-REGERING” IN DIE INTERNASIONALE REG

Daar is 'n wye spektrum tegnieke wat deur die internasionale reg en die publiekreg erken word om na die aspirasies van taal- en kultuurgroepe om te sien, byvoorbeeld beskerming van individuele regte; spesiale kiesstelsels; federalisme en desentralisasie na streek en plaaslike vlak; kwotas in wetgewers; koalisieregering; adviesliggame; tradisionele owerhede; en kultuurrade.<sup>17</sup> In verre die meeste gevalle word taal- en kulturminderhede se regte by wyse van informele eerder as formele inisiatiewe bevorder en moet lede van minderhede oor die algemeen op hul eie middele en befondsing staatmaak om hul aktiwiteite te befonds.<sup>18</sup>

Die verlening van 'n vorm van self-besluitneming aan taal- en kultuurgroepe is waarskynlik een van die mees komplekse en kontroversiële vraagstukke in die moderne publiekreg en internasionale reg.<sup>19</sup> Die kompleksiteit is weens verskeie redes, waarvan die volgende die mees merkbare is: (a) 'n taal- of kultuurgemeenskap het nie in sigself regspersoonlikheid nie – slegs die individuele lede van 'n gemeenskap het regspersoonlikheid; (b) daar is geen vaste definisie van “outonomie” of “self-bestuur” nie;<sup>20</sup> (c) daar is geen “reg” tot outonomie of self-regering van 'n gemeenskap in die internasionale reg nie; (d) daar is geen duidelikheid wat die entiteit is wat geregtig sou wees op “outonomie” nie; (e) daar is geen eenstemmigheid oor die grondwetlike tegnieke vir die bevordering van outonomie of self-regering nie; (f) daar is geen maatstaf om te bepaal welke gemeenskappe geregtig is op outonomie nie; en (g) daar is kommer dat enige vorm van formele groepsoutonomie aanleiding kan gee tot diskriminasie en 'n ondermyning van individuele regte.

Alhoewel daar geen “reg” tot outonomie is in die internasionale reg nie,<sup>21</sup> het die Verenigde Nasies nogtans pogings aangewend om die beginsels wat onderliggend is aan die beskerming van taal- en kulturminderhede beter te identifiseer.<sup>22</sup> In 1992 het die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering die volgende Deklarasie aanvaar: *Deklarasie oor die Regte van Persone*

<sup>17</sup> Sien UN *Minority Rights: International Standards and Guidance for Implementation* (2010) en Frowein & Bank “The Participation of Minorities in Decision-Making Processes” (2001) *Heidelberg Journal of International Law* 1.

<sup>18</sup> Sien veral Lijphart *Patterns of Democracy: Government Forms and Performance in Thirty-Six Countries*, (1999) en Horowitz *Ethnic groups in conflict* (2000).

<sup>19</sup> Vir 'n oorsig sien De Villiers *Die staatsregtelike beskerming van outonome besluitneming minderheidsgroepe* (1989) LL.D en De Villiers Groep: *Meulsteen of Bousteen? – 'n regsvergelykende oorsig van state se pogings om groepe te beskerm* (1990).

<sup>20</sup> Hannum & Lillich “The Concept of Autonomy in International Law” (1980) *The American Journal of International Law* 858.

<sup>21</sup> Sien Gilbert “Autonomy and minority groups: a right in international law?” (2002) *Cornell International Law Journal* 307, 308.

<sup>22</sup> Bartsch “Minorities: The Struggle for a Universal Approach” in G Alfredsson & P Macalister-Smith *The Living Law of Nations* (1996), 143.

wat behoort aan Nasionale of Etniese, Godsdienstige of Linguistiese Groepe. Die Deklarasie is daarop gemik om die beginsels wat vervat is in artikel 27 van die Internasionale Verdrag insake Burgerlike en Politieke Regte verder uit te brei.<sup>23</sup>

Die Deklarasie ontwikkel nie spesifieke grondwetlike voorstelle vir toepassing in state nie en dit erken nie 'n "reg" tot outonomie nie, maar die beginsel van "beskerming" wat geïdentifiseer word is 'n belangrike stap op weg na meer gedetailleerde grondwetlike instellings enstrukture wat deur state ontwikkel kan word.<sup>24</sup>

Die internasionale reg het die volgende riglyne ontwikkel rakende die moontlike erkenning van die regte van taal- en kultuurgemeenskappe:

- Daar is geen internasionale "reg" op self-regering of outonomie nie, maar state word aangemoedig om interne grondwetlike stelsels te ontwikkel wat ruimte bied; verdraagsaam is; en erkenning gee aan diversiteit;<sup>25</sup>
- gemeenskappe kan hul taal- en kultuurregte binne die raamwerk van privaatreg kollektief uitleef, bevorder en beskerm by wyse van die stig van verenigings, klubs, assosiasies, en verskaffing van onderwys;
- die staat het 'n plig om ruimte te skep vir die uitlewing van taal- en kultuurregte, maar die staat is nie onder 'n regsply om taal- en kultuurgemeenskappe se aktiwiteite te befonds of andersins te help verwesenlik nie;
- individuele regte van vrye assosiasie, vrye spraak, aanbidding, bevordering van kultuur en tradisies, moedertaalonderrig, en vrye media is essensieel vir taal- en kultuurgemeenskappe;
- daar is geen vaste grondwetlike model waarvolgens die regte van taal- en kultuurgemeenskappe erken word nie; en
- "self-bestuur" kan op direkte of indirekte wyses aan taal- en kultuurgroepe verleen word.<sup>26</sup>

## PUBLIEKREGTELIKE TEGNIEKE WAT SELFBESTUUR KAN BEVORDER

Die internasionale reg is nie voorskriftelik ten opsigte van die grondwetlike tegnieke wat state intern aanwend om minderheidsgroepe te erken en te beskerm nie. Die volgende is enkele van die mees algemene mechanismes wat wel in die internasionale staatsreg erken word om die outonomie en selfbestuur van taal- en kultuurgemeenskappe te erken:

**Streek- en plaaslike regeringoutonomie** waarvolgens gebiede waar lede van 'n minderheidsgemeenskap gekonsentreerd woon, by wyse van 'n federale of desentralisasie van magte indirekte self-regering verkry.<sup>27</sup>

<sup>23</sup> GA resolution 47/135 of 18 December 1992.

<sup>24</sup> Strydom *International Standards for the Protection of Minorities and the South African Constitution* (2002), 17.

<sup>25</sup> Dinstein sê dat "international law does not impose an obligation on any State to create an autonomy regime anywhere within its territory". Dinstein "Autonomy regimes and International Law" (2011) *Villanova Law Review* 437 438.

<sup>26</sup> De Villiers (n 19) 88.

<sup>27</sup> Sien De Villiers "Creating federal regions – minority protection versus sustainability" (2012) *Heidelberg Journal of International Law* 310.

**Tradisionele owerhede** waarvolgens tradisionele stamstelsels as 'n kollektiewe entiteit erken word met bepaalde magte en funksies oor die lede van die gemeenskap.

**Adviesliggaam** wat aanbevelings maak oor die taal- en kultuurbelange van minderheidsgroepe. Sien byvoorbeeld die adviesliggame in Duitsland,<sup>28</sup> Singapoer,<sup>29</sup> Australië<sup>30</sup> en Georgië.<sup>31</sup>

**Kultuurraad** wat besluite kan neem; beleid administreer en dienste aanbied oor taal- en kultuuraangeleenthede namens 'n gemeenskap waarvan die lede verspreid woon.<sup>32</sup> Sien byvoorbeeld België; Suid-Tirool; Hongarye; Serbië en Estland.<sup>33</sup>

**Individuele regte** waarvolgens die lede van 'n gemeenskap die reg van vrye assosiasie uitoefen om klubs, verenigings en nieregeringsorganisasies te vorm.

Indien die Grondwet van Suid-Afrika getoets word aan die hand van die bogaande internasionaal erkende tegnieke, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die Grondwet ten minste op teoretiese vlak, in pas is met internasionale norme en standarde.<sup>34</sup>

In die volgende gedeelte sal gekyk word na voorbeeld van die praktiese vordering van die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika in hul strewe na 'n vorm van selfbestuur aan die hand van die bogaande grondwetlike tegnieke.

### Provinsiale outonomie: Die Wes-Kaapprovincie

Een van die mees algemene tegnieke om aan minderheidsgroepe geleentheid te gee vir indirekte selfbestuur is by wyse van outonome streek- en plaaslike regerings in gebiede waar die gemeenskappe gekonsentreerd woon.<sup>35</sup> Sulke streek- en plaaslike regerings kan wette maak en beleid administreer in die taal en volgens die tradisies van die plaaslike gemeenskap en besluite neem oor aangeleenthede wat vir hul van belang is.

<sup>28</sup> In Duitsland is daar sedert 2005 'n adviesliggaam vir minderheidsgroepe wat 'n lang assosiasie met Duitsland het. Sien <http://www.minderheitensekretariat.de/>.

<sup>29</sup> Die Raad vir Minderhede in Singapoer gee sedert 1970 advies oor enige wetgewing wat 'n negatiewe impak op minderheidsgroepe mag uitoefen. Sien *Constitution (Amendment) (Presidential Council for Minority Rights) Bill*, Bill 42 of 1972.

<sup>30</sup> Oorweging word tans geskenk aan die daarstel van 'n adviesliggaam vir die Aborigine-groepe. Sien *Final Report of the Referendum Council* (Commonwealth of Australia, 30 June 2017) by <https://www.referendumcouncil.org.au/final-report>. Vir 'n bespreking sien De Villiers "An Advisory Body for Aboriginal People in Australia – one step forward and two back?" (2017) *Rethinking Übersee* (50) 259-280.

<sup>31</sup> Die adviesliggaam in Georgië is soortgelyk aan dié van Duitsland. Sien <http://www.coe.int/en/web/tbilisi/civic-integration-of-national-minorities-in-georgia>.

<sup>32</sup> Sien De Villiers "Protecting minorities on a non-territorial basis – recent international developments" (2012) *Beijing Law Review* 170 en De Villiers "Community Government for Minority Groups: Revisiting the ideas Renner and Bauer towards developing a model for self-government by minority groups under public law" (2016) *Heidelberg Journal of International Law* 1.

<sup>33</sup> Sien De Villiers "Power-sharing options in complex societies – possible lessons from South Tyrol for young democracies on ways to protect ethnic minorities at a regional level" (2017) *Journal on Ethnopolitics and Minority Issues in Europe* 1.

<sup>34</sup> Strydom (n 24) 28.

<sup>35</sup> "Unity in diversity" in Council of Europe *The constitutional status of the regions in the Russian Federation and on other European countries* (2003), 20.

In Suid-Afrika het die Kommissie vir die Afbakening van Provinsies wat in 1992/3 verantwoordelik was vir die afbakening van die provinsies onder meer taalverspreiding in ag geneem om die huidige provinsiale grense te bepaal.<sup>36</sup> Die Kommissie het ook aandag geskenk aan die verspreiding van Afrikaans op plaaslike vlak omrede Afrikaans se voorkoms op “woonbuurtvlak” meer algemeen is as enige van die ander amptelike tale.<sup>37</sup>

Daar is Afrikaanse teenwoordigheid in al die provinsies, maar dit is veral twee provinsies wat ’n beduidende persentasie Afrikaanse gemeenskapteenvoordigheid het, naamlik Wes-Kaap (bykans 50%); en Noord-Kaap (bykans 54%).

Die Wes-Kaap het ’n eie Grondwet, terwyl die Noord-Kaap funksioneer onder die provinsiale grondwet wat in die nasionale Grondwet vervat is. Die Grondwet van die Wes-Kaap erken drie amptelike tale vir die provinsie (a5); magtig die ontwikkeling van simbole wat uniek is aan die Wes-Kaap (a6); die skep van plaaslike regerings (a53); die stigting van gemeenskap- of kultuurrade (a70);<sup>38</sup> en die bevordering van taal- en kultuurregte (a81). Die Wes-Kaap het verskeie stappe geneem, onder meer die promulgasie van die Talewet, om voorsiening te maak vir die bevordering van die amptelike tale van die provinsie (Afrikaans, Xhosa en Engels).<sup>39</sup> Voorsiening word onder meer gemaak dat debatte in die wetgewer in enige van die drie tale mag wees; dat amptelike kennisgewings van die regering en parlement in al drie die tale moet wees; dat openbare kantore aangedui word in die taal wat vir die plaaslike gemeenskap die mees toepaslike is; en dat die veeltaligheid in die algemeen in die Provinsie bevorder word.

Die Wes-Kaapse Taalbeleid (2017) poog om verdere beslag te gee aan die provinsiale grondwet deur onder meer voorsiening daarvoor te maak dat departemente en plaaslike regerings kan besluit oor die mees gepaste taalreëlings vir interne kommunikasie; dat plaaslike regerings kommunikeer in die taal/e wat die mees relevante is vir hul plaaslike gemeenskap; en dat taaleenhede saamgestel word om die multi-taalbeleid te faciliteer.<sup>40</sup> Meer as 75% van die openbare skole in die Wes-Kaap is in Afrikaansmedium.<sup>41</sup> Daar is tans 13 provinsiale staatsdepartemente waarvan die meerderheid se taal van interne kommunikasie primêr in Afrikaans is.

In terme van ’n grondwetlike raamwerk en die hoë konsentrasie van Afrikaanssprekendes, is die outonomie van die Wes- en Noord-Kaap van kernbelang vir die behoud en bevordering van die Afrikaanse taal in terme van territoriale aangeleenthede. Dit beteken uiteraard nie dat ’n Afrikaanse taalbeleid nie van belang is in ander provinsies nie, maar die Wes- en Noord-Kaap is tipiese voorbeelde binne die internasionale konteks waar ’n minderheidsgroep op

<sup>36</sup> Die Kommissie moes verskeie kriteria in ag neem, waarvan taal- en woonpatrone een oorweging was. De Villiers “Principles underlying demarcation: implication for provincial boundaries” in De Villiers (ed.) *Review of provinces and local governments in South Africa: constitutional foundations and practice* (2008), 2. Sien ook De Villiers “Creating federal regions – minority protection versus sustainability” (2012) *Heidelberg Journal of International Law* 310.

<sup>37</sup> Alberts “National Language and Terminology Policies – A South African perspective” (2010) *Lexikos* 605. Alberts merk op dat daar geen “algemene taal” is in Suid-Afrika nie, maar dat Zoeloë en Afrikaans die naaste is aan algemene tale aangesien dit substantief gepraat word in 7 van die 9 provinsies.

<sup>38</sup> Daar is nog nie stappe gedoen om ’n kultuurraad/e vir die Wes-Kaap te aktiveer nie. *Wes-Kaapse Provinciale Talewet 1998*.

<sup>40</sup> Vir die volledige Taalbeleid sien [https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/cultural-affairs-sport/wes-kaapse\\_taalbeleid.pdf](https://www.westerncape.gov.za/assets/departments/cultural-affairs-sport/wes-kaapse_taalbeleid.pdf).

<sup>41</sup> Smit (n2).

streekvlak in staat gestel kan word om by wyse van desentralisasie van magte na hul taal- en kultuurbelange om te sien. Die grondwetlike reëlings in die Wes- en Noord-Kaap is ook op tegniese vlak in pas met internasionale standaard en praktyk waarvolgens 'n provinsiale regering beleid kan ontwikkel vir die taal van administrasie; onderwys; historiese gedenkdae; museums en gedenkwaardighede; plaaslike regering; simbole en ander beleidsareas wat van belang is vir die Afrikaanse gemeenskap se taal- en kultuurbehoeftes. Die moontlikheid bestaan selfs dat 'n Afrikaanse gemeenskapsraad ingevolge die Wes-Kaapse Grondwet by wyse van ooreenkoms en kontrak met ander provinsies dienste kan lewer in ander provinsies aan die Afrikaanse gemeenskap op terreine soos onderwys.

Die vraag kan wel gevra word waarom 'n Afrikaanse kultuurraad soos wat in die Grondwet van die Wes-Kaap voorsien is, nog nie deeglik ondersoek of ingestel is vir die provinsie nie. Soos hieronder bespreek word, kan 'n provinsiale kultuurraad nie net met meer fokus na die belang van spesifieke taalgroepe omsien nie, maar dit kan ook as inspirasie dien vir ander provinsies en selfs op die nasionale vlak om 'n soortgelyke inisiatief teoorweeg. Die afwesigheid van sterk druk vir 'n Afrikaanse gemeenskapsraad in die Wes-Kaap kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Afrikaans so algemeen gepraat en onderrig word dat daar nie meriete gesien word in 'n spesifieke gemeenskapsraad nie.

### **Adviesliggame: Onderbenutte potensiaal**

Verskeie lande het adviesliggame wat van tyd tot tyd ondersoek doen en aanbevelings maak oor maatreëls wat geneem kan word vir die beskerming en bevordering van taal- en kultuurgroepse se belang. In hierdie verband kan gelet word op die adviesliggame in Duitsland, Georgië en Singapoer.<sup>42</sup> In al drie hierdie gevalle is die adviesraad verantwoordelik om aanbevelings te maak vir die behoud en bevordering van taaldiversiteit; om advies te gee om diskriminasie teen lede van taalgroepe te voorkom; en om algemene verdraagsaamheid jeans taal- en kultuurverskeidenheid te bevorder.

Daar is in Suid-Afrika twee belangrike grondwetlike liggame wat spesifiek getaak is om na die multikulturele aard van die bevolking om te sien en dit te bevorder, naamlik Pan Suid-Afrika Taalraad (a6)(5)) en die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe (a185). Nie een van die twee kommissies het sover beïndruk met hul nakoming van grondwetlike take nie.

Die Pan Suid-Afrika Taalraad is verantwoordelik om op alle vlakke van regering die veeltaligheid van Suid-Afrika te bevorder. Die Raad het die plig om al die amptelike tale te bevorder; gelykheid van tale na te streef; te verseker dat daar nie teen tale gediskrimineer word nie; en respek vir veeltaligheid te bevorder.<sup>43</sup> Die Raad is veronderstel om onafhanklik te wees en te funksioneer sonder politieke inmenging.<sup>44</sup> Die Raad het, in teorie, wye magte, waaronder om aanbevelings aan enige van die drie regeringsvlakke te maak; om enige regeringsinstansie te ondersoek insake die taalbeleid van die instansie; en om aanbevelings te maak oor enige aspek wat die bevordering van veeltaligheid kan help.<sup>45</sup> Die funksionering van die Pan Suid-Afrika Taalraad was egter van meet af ongelukkig en die Raad is in 2016

<sup>42</sup> nn28; 29 en 30.

<sup>43</sup> a3 Wet 59 van 1995.

<sup>44</sup> a4 (n43).

<sup>45</sup> a8 (n43).

afgedank in 'n poging om 'n "nuwe begin" te maak.<sup>46</sup> Die onderprestasie van die Raad is 'n voorbeeld van hoe 'n statutêre instelling, ongeag die gunstige en belofteryke terme daarvan, kan onderpresteer of selfs misluk sonder die nodige leierskap, visie, befondsing en bestuur.

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienslike en Taalgemeenskappe is getaak om taal- en kultuurdiversiteit te bevorder; respek van diversiteit aan te moedig; om die reg van gemeenskappe om na hul regte om te sien, te bevorder; aanbevelings te maak insake die stigting van gemeenskapsrade; en om ondersoek in te stel na klages oor die behandeling van taal-, kultuur- en geloofsgemeenskappe.<sup>47</sup> Die spesifieke magte en bevoegdhede van die Kommissie word in wetgewing uiteengesit.<sup>48</sup> Die Kommissie is uiteraard nie spesifiek daarop gerig om na die belang van die Afrikaanse gemeenskap om te sien nie, alhoewel dit die potensiaal het om baie invloedryk te wees.<sup>49</sup> Die Kommissie het potensieel verrekende magte om ondersoek in te stel en aanbevelings te doen oor sake wat binne sy mandaat val en om kommentaar te lewer op beleid en wetgewing.<sup>50</sup>

Die mees vanselfsprekende aspek van die Kommissie se magte wat nog nie ontgin is nie, is die daarstel van gemeenskapsrade vir 'n taalgemeenskap/pe.<sup>51</sup> Hierdie bevoegdheid is 'n voortsetting van die moontlikheid wat in a235 van die Grondwet bestaan vir self-beskikking van taalgemeenskappe. Soos hierbo vermeld, is daar ook 'n soortgelyke bevoegdheid in die Wes-Kaapse Grondwet. Indien gelet word op ervaring van lande wat verskillende vorme van gemeenskap- of kultuurrade het soos Italië, België, Serbië en Hongarye, is daar heelwat potensiaal vanuit die oogpunt van die Afrikaanse gemeenskap in a185 van die Kommissie wat onbenut is. Die moontlikheid vir stigting van gemeenskapsrade bied die potensiaal aan taalgroepe, veral aan die Afrikaanssprekendes, om op nasionale, provinsiale en/of plaaslike vlak 'n statutêre regspersoon te stig wat kan omsien na die taal- en kultuurbelange van die bepaalde gemeenskap.<sup>52</sup> Sodanige gemeenskapsrade kan aansoek doen by die Kommissie vir erkenning; om aangehoor te word; en vir finansiële ondersteuning deur die Kommissie of deur enige ander staatsorgaan.<sup>53</sup>

Die Kommissie het aan die een kant algemene funksies soortgelyk aan die kommissies waarna hierbo verwys is in Duitsland en Singapoer, naamlik bevordering van verdraagsaamheid;

<sup>46</sup> Enkele van die redes wat tot die stap geleei het was beweringe van finansiële wanbestuur; onvermoë om grondwetlike pligte na te kom; en algemene rigtingloosheid. Raborife "Mthethwa dissolves Pan South African Language Board" *News24* (13 January 2016) by <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/mthethwa-dissolves-pan-south-african-language-board-20160113> en M Thamm "Multilingualism: Pan South African Language Board going nowhere slowly haemorrhaging millions" *Daily Maverick* (25 February 2016) by <https://www.dailymaverick.co.za/article/2016-02-25-multilingualism-pan-south-african-language-board-going-nowhere-slowly-haemorrhaging-millions/#.WaOxlK0UIIA>.

<sup>47</sup> Die Kommissie is 'n onafhanklike liggaam ingevolge a181(1)(c) Grondwet en die oogmerke is uiteengesit in a185 Grondwet. Sien webblad by <http://www.crlcommission.org.za/papers.html> en <https://nationalgovernment.co.za/units/view/51/Commission-for-the-Promotion-and-Protection-of-the-Rights-of-Cultural-Religious-and-Linguistic-Communities>.

<sup>48</sup> aa 4 en 5 *Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities Act 19 of 2002*.

<sup>49</sup> Morrow "A South African Commission's Mandate to Protect Cultural Rights" (2005) *Carnegie Council for Ethics in International Affairs* 22 April.

<sup>50</sup> In die jaar 2015/16 het die Kommissie 235 klages ondersoek.

<sup>51</sup> a4(e) (n48).

<sup>52</sup> a36 (n48).

<sup>53</sup> a37(3) (n48).

kommentaar op wetgewing; en ondersoek na klagtes. Die Kommissie het egter ook uitgebreide magte wat nie in Duitsland of Singapoer gevind word nie, soos om getuenis in te win; persone te verplig om in ondersoeke te verskyn; vervolgings te fasiliteer; en om gemeenskappe te help om rade te stig wat na hul belang kan omsien. Hierdie magte is op sigwaarde omvangryk en indrukwekkend, alhoewel in die praktyk dit nog nie volle wasdom bereik het nie. Gegewe die taal- en kultuurverskeidenheid in Suid-Afrika en die beperkte hulpmiddelle waaronder gemeenskappe gebuk gaan, sou verwag kon word dat die Kommissie meer pro-aktief sou wees met die ondersoek na of stigting van gemeenskapsrade of ten minste die bevordering van 'n gesprek oor gemeenskapsrade ten einde taal-, kultuur- en geloofsgroepe te help met organisering; daarstel van 'n regspersoon om na hul belang om te sien; en bystand om owerheidsorgane om finansiële bystand te versoek.

Dit is veral vir die Afrikaanse gemeenskap dat die konsep van gemeenskapsrade groot potensiaal inhou, in besonder in provinsies waar die Afrikaanse gemeenskap 'n relatiewe klein persentasie van die totale bevolking is, maar waar Afrikaanssprekendes wel gekonsentreerd in plaaslike areas woon.<sup>54</sup> Die moontlikheid kan selfs ondersoek word dat 'n Afrikaanse gemeenskapsraad interprovinsiaal funksioneer by wyse van interowerheidsooreenkoms met die ondersteuning van die regerings- of gemeenskapsrade in die Wes-Kaap of die Noord-Kaap.

### Gemeenskapsraad: Onontgin, maar belofteryk

Die konsep van gemeenskapsrade of kultuurrade vir taal- en kultuurgroepes is nie nuut nie, alhoewel dit redelik skaars in die internasionale publiekregtelike praktyk is.<sup>55</sup> Die idee se oorsprong is daarin gesetel dat minderheidsgemeenskappe wat nie oor 'n eie grondgebied beskik waar hulle hulself kan regeer nie, 'n regspersoon soos 'n gemeenskapsraad kan stig wat namens hul lede besluite neem en dienste aanbied wat vir die taal- en kultuuridentiteit van die gemeenskap van belang is.<sup>56</sup> Die lede van die gemeenskap kan dus verspreid oor 'n gebied woon of vermengd met die res van die bevolking, en steeds 'n mate van selfbestuur uitoefen oor die kultuur- en taalaangeleenthede van die gemeenskap.<sup>57</sup>

Die mees bekende praktiese voorbeeld van selfbestuur by wyse van 'n kultuurrad kan gevind word in Estland; België, Suid-Tirool, Serbië en Hongarye. In elkeen van die state word daar aan taalgroepe die geleentheid gegee om 'n publiekregtelike regspersoon te stig (nie net 'n privaat klub of vereniging nie) wat namens die gemeenskap kan optree in taal-, onderwys- en kultuurverwante aangeleenthede.

<sup>54</sup> Sien byvoorbeeld die klein persentasie Afrikaanssprekendes in die volgende provinsies alhoewel daar op woonbuurtvlak substantiewe konsentrasies Afrikaanssprekendes in plattelandse dorpe en stede woon: Limpopo (2.6%); Mpumalanga (7.2%); en KwaZulu/Natal (1.6%). *Census in brief: 2011* 25 by [http://www.statssa.gov.za/census/census\\_2011/census\\_products/Census\\_2011\\_Census\\_in\\_brief.pdf](http://www.statssa.gov.za/census/census_2011/census_products/Census_2011_Census_in_brief.pdf).

<sup>55</sup> De Villiers "Outonomie vir verspreide kultuurgroepes – is die kultuurrad-breinkind van Bauer en Renner relevant in die moderne era?" in Mathee (red.) *Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepes wêreldwyd* (2017), 25–51.

<sup>56</sup> De Villiers "Community Government for Minority Groups: Revisiting the ideas Renner and Bauer towards developing a model for self-government by minority groups under public law" (2016) *Heidelberg Journal of International Law*1.

<sup>57</sup> Vir voorbeeld van gevallenstudie sien De Villiers "Section 235 of the Constitution: Too early or too late for cultural self-determination in South Africa?" (2014) *South African Journal on Human Rights* 458.

Die konsep van 'n Afrikaanse kultuurraad is tydens die grondwetlike onderhandelinge in 1990–1995 op die agenda geplaas deur verskeie organisasies.<sup>58</sup> Die beginsel van kultuurrade het gevvolglik neerslag gevind in die 1993 Gondwetlike Beginsels;<sup>59</sup> die 1996 Grondwet;<sup>60</sup> die Grondwet van die Wes-Kaap Provincie;<sup>61</sup> en in die oogmerke van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe.<sup>62</sup>

Internasionale ervaring wys daarop dat 'n kultuurraad die volgende potensiële voordele kan inhoud vir die Afrikaanse gemeenskap:

Eerstens kan die Afrikaanse gemeenskap 'n statutêre, publiekregtelike regspersoon stig wat as *regering* kollektief namens die gemeenskap beleid inisieer; besluite neem; met ander staatsorgane saamwerk; en dienste aanbied;

Tweedens gee 'n kultuurraad aan die Afrikaanse gemeenskap 'n demokratiese basis wat soortgelyk is aan dié van ander verkose owerheidsorgane om sodoende te verseker dat die raad se beraadslagings inklusief, deursigtig en aanspreeklik is;

Derdens kan 'n kultuurraad die Afrikaanse gemeenskap in staat stel om openbare dienste te verskaf op terreine wat vir die taal en kultuur van die individue belangrik is, byvoorbeeld skole, bejaardeversorging, ontspanning, media, historiese dae, simbole, monumente, opleiding, en plekname;

Vierdens kan 'n kultuurraad aan die breedste moontlike groep Afrikaanssprekendes dienste verleen sonder om te diskrimineer op grond van ras of geloof; en

Vyfden kan 'n Afrikaanse kultuurraad met ander owerheidsorgane, insluitend provinsiale en plaaslike regerings, kontrakteer om dienste namens daardie organe te verrig aan lede van die breë bevolking of aan lede van die Afrikaanse gemeenskap.<sup>63</sup>

### **Individuele regte – die rol van skoolbestuursliggame in outonome onderrig**

Die handves van individuele regte wat in die Grondwet vervat is, erken verskeie regte wat as grondslag dien vir die beskerming en ontwikkeling van taal- en kultuuridentiteit.<sup>64</sup> Inherent aan die beskerming van individuele regte is drie vrae wat van kernbelang is vir die Afrikaanse

<sup>58</sup> Die outeur het in sy LL.D (n21) spesifieke voorstelle in dié verband gemaak en na provinsies en kultuurrade verwys as "deeeleenhede" wat die tweede huis van die parlement kon vorm. Aspekte van die voorstelle is deur die Nasionale Party en Afrikaner Broederbond ondersteun en die ANC het selfs die moontlikheid van 'n Afrikaanse kultuurraad oorweeg. Die idee het egter gesneuwel nadat dit, ironies genoeg, van twee kante aangeval is deur die Afrikaanse politieke groeperinge wat veronderstel was om dit te steun: die sogenaamde Volkstaters het die konsep verwerp omdat dit nie 'n voldoende territoriale element bevat nie; die NP was daarteen omdat die party se fokus slegs op magsdeling was en daar 'n kommer was dat die party steun kon verloor deur klem te plaas op Afrikaanse regte.

<sup>59</sup> Sien De Villiers "The content and significance of the Constitutional Principles" in De Villiers (ed.) *Birth of a constitution* (1994), 37.

<sup>60</sup> aa185 en 235 Grondwet.

<sup>61</sup> a70 Grondwet.

<sup>62</sup> a4(e) Grondwet.

<sup>63</sup> Sien De Villiers "Community Government for cultural minorities – thinking beyond 'territory' as a prerequisite for self-government" (2018) *International Journal on Minority and Group Rights*.

<sup>64</sup> Byvoorbeeld regte van vryheid van geloof (a15); Vryheid van spraak (a16); Vryheid van byeenkoms (a17); Vryheid van assosiasie (a18); reg tot onderrig, insluitend in amptelike taal (a29); reg tot privaat onderriginstansies (a29(3)); reg tot taal en kultuur (a30); en regte van taal- en kultuurgemeenskappe (a31).

gemeenskap: (a) tot watter mate is die staat verplig om hulpbronne beskikbaar te stel om taal- en kultuurregte van die Afrikaanse gemeenskap te verwesenlik, onder meer by wyse van moedertaalonderrig in openbare skole; (b) tot watter mate word die omvang van taal- en kultuurregte in openbare skole beperk deur die “gelykheidsbeginsel” vervat in a9 en a36 van die Grondwet wat die staat magtig om stappe te doen ten einde gelykheid tussen individue te bevorder; en (c) wat is die perke aan outonomie van bestuursliggame van openbare skole om onder meer die onderrigtaal by skole te bepaal.

Verskeie hofbeslissings is sedert 1993 gelewer ten einde hierdie drie vrae te beantwoord:<sup>65</sup>

In die *Gauteng Education Bill*-beslissing is beklemtoon dat daar twee grondliggende beginsels in die Grondwet is, naamlik die bevordering van gelykheid asook die erkenning van diversiteit.<sup>66</sup> Volgens Sachs J is die “dominante” tema van die Grondwet die strewe na gelykheid, alhoewel “considerable importance” ook gegee word aan kultuur- en taalverskeidenheid. Hy het beklemtoon dat gelykheid en diversiteit sover moontlik geharmoniseer moet word, maar oorkoepelend moet, volgens sy mening, voorkeur gegee word aan die bevordering van gelykheid. Hierdie is ‘n rigtinggewende uitspraak aangesien dit twee potensieel botsende grondwetlike oogmerke (gelykheid en verskeidenheid) besleg ten gunste van die beginsel van “gelykheid”. Die basiese vertrekpunt van hierdie uitspraak is steeds bepalend in die ontwikkeling van regeringsbeleid. Kortom, indien daar ‘n botsing is tussen beskikbaarheidstelling van staatsfondse vir handhawing van taal-diversiteit in openbare skole en die aanwend van staatshulpbronne vir doeleinades van bevordering van gelykheid en uitwissing van historiese agterstande in openbare skole, sal die laasgenoemde die eersgenoemde “troef”.

Op die gebied van moedertaalonderrig en die magte van skoolbeheerraade van openbare skole om die taalbeleid van ‘n skool te bepaal, was daar verskeie rigtinggewende uitsprake. In *Seodin Primary School v MEC Education, Northern Cape*<sup>67</sup> en *The Western Cape Minister of Education and Others v The Governing Body of Mikro Primary School* is die beginsel bevestig dat ‘n beheerraad van ‘n openbare skool ‘n “orgaan” van die staat is, dat dit grondwetlike waardes moet nakom, en dat dit onderrig kan beperk tot enige van die amptelike tale.<sup>68</sup> In *Departement van Onderwys en Andere v Hoërskool Ermelo en ‘n Ander*<sup>69</sup> is die beginsel egter beklemtoon dat indien ‘n openbare skool die kapasiteit het om ander-talige leerlinge te akkommodeer, mag dit nie op grond van taaloorwegings sulke leerlinge uitsluit nie. Die beheerliggaam moet volgens die hof nie net die taalbelange van die gemeenskap wat dit in die posisie verkies het bedien nie, maar moet ook as orgaan van die staat die breë gemeenskap se belange in ag neem.<sup>70</sup> Die hof was, in effek, krities oor die konsep dat ‘n beheerliggaam

<sup>65</sup> Sien Fredericks (n5) 210.

<sup>66</sup> *Ex parte Gauteng Legislature: In re Gauteng School Education Bill 1996* (3) SA 165 (CC) at 189 190. Sachs J het sover gegaan om te sê daar is geen waarborg in die Grondwet vir die eksklusiwiteit van Afrikaanse onderrig nie.

<sup>67</sup> *Seodin Primary School and Others v MEC of Education Northern Cape and Others* (2) (77/04/01) [2005] ZANCHC 6; 2006 (4) BCLR 542 (NC); [2006] 1 All SA 154 (NC) (24 October 2005).

<sup>68</sup> [2005] a SA 436 (SCA). Sien Joubert “Education, law and leadership that promotes the best interests of students in South Africa” (2009) *International Journal of Law and Education* 7.

<sup>69</sup> 2010 (2) SA 415 (CC) par 50. Die Grondwetlike Hof het ook aanvaar dat moedertaalonderrig bepaalde voordele vir die lewering van onderwys inhoud. Sien ook Snayers en Du Plessis “Moedertaalonderrig en tweetalige onderwys – perspektiewe op die voertaalvraagstuk in Suid-Afrikaanse skole” (2006) *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 5.

<sup>70</sup> Sien die kritiek deur Malherbe “Taal in skole veroorsaak nog ‘n slag hoofbrekens *Head of Department, Mpumalanga Department of Education v Hoërskool Ermelo* 2010 3 BCLR (KH)” (2010) TSAR/ *Journal of South African Law* 614. Fredericks verdedig egter die benadering van

van 'n openbare skool se hoofoorweging die voortsetting van enkelmediumonderrig mag wees.

Dit wil voorkom asof die howe se benadering in reaksie tot die drie vrae wat hierbo gestel is, soos volg saamgevat kan word: (a) die staat kan nie regtens verplig word om onderwys-hulpmiddelle beskikbaar te stel uitsluitlik vir die bevordering van 'n bepaalde taal- of kultuur-groep se identiteit nie<sup>71</sup> aangesien die staat na die breë belang van alle individue moet omsien binne die konteks van gelykheid en regstellende stappe vir voorheen benadeelde individue;<sup>72</sup> (b) enige erkenning van taalverskeidenheid binne openbare skole is onderworpe aan die oorkoepelende "gelykheidsbeginsel", die verskaffing van "basiese onderrig",<sup>73</sup> die uitwissing van diskriminasie en historiese agterstande; en die beklemtoning van die multikulturele aard van die bevolking,<sup>74</sup> en (c) bestuursliggame van openbare skole het statutêre outonomie om die taal van onderrig by openbare skole te bepaal,<sup>75</sup> maar die outonomie moet uitgeoefen word as orgaan van die staat met inagneming van alle ander relevante oorwegings, waaronder die gelykheidsbeginsel; die multikulturele aard van die bevolking; en die uitwissing van ongelykhede.<sup>76</sup>

---

<sup>71</sup> die Grondwetlike Hof (n5) 253. Sien Serfontein en De Wall "The effectiveness of legal remedies in education: a school governing body perspective" 2013 *De Jure* 45.

<sup>72</sup> Alhoewel die behoefte van kinders om in hul moedertaalonderrig te ontvang in openbare skole in die Grondwet erkenning vind, word die reg beperk op grond van wat redelik, prakties haalbaar en finansieel bekostigbaar is. Sien die bespreking van Woolman "Between norms and facts: The Constitutional Court's commitment to pluralism in South Africa's radically heterogeneous public schools" 2015(18) *PER* 2080.

<sup>73</sup> "The future for South African education in the wake of these cases [*Gauteng School Education Bill, Laerskool Middelburg, Ermelo*] is difficult to assess because any language or cultural policy is certain to involve the constitutional core values of "freedom", "equality", and "human dignity".... What one could argue is tragic about the impending end of single-medium Afrikaans schools is that the loss of language may be viewed as the last remaining distinctive of the Afrikaans culture that, at one time, may have concluded gatherings, activities, religious services and special events..." Mawdsley & Beckmann "Language and culture restrictions in K-12 non-public schools in the United States: Exploring the reach of federal non-discrimination law and implications for South Africa" 2013 *De Jure* 342.

<sup>74</sup> Sien Simbo "The right to basic education, the South African Constitution and the *Juma Musjid* case: an unqualified human right and a minimum core standard" 2013 *Law, Democracy and Development* 477.

<sup>75</sup> Alhoewel opvoekundig 'n sterk saak uitgemaak kan word vir die belang van moedertaalonderrig, is dit opmerklik dat weinig ouers van nie-Afrikaanssprekende kinders aandring op moedertaalonderrig. Stoop "Children's right to mother-tongue education in a multilingual world: a comparative analysis between South Africa and Germany" 2017 *PERJ* 2 12.

<sup>76</sup> Sien *Federation of Governing Bodies for South African Schools v MEC for Education, Gauteng* 2016(4) SA 546 (CC) waarin die versigtige balans tussen die outonomie van beheerraade en die regulerende bevoegdheid van die staat bespreek word. Sien Venter en Kgori "School admission policy versus equal access to education: the end of the road for school governing bodies?" 2017 *TSAR* 662.

Ten tye van skrywe in Januari 2018 is daar aanduidings dat wetswysigings oorweeg word wat die outonomie van bestuursliggame aansienlik sal inkort. In *MEC for Education v Governing Body of the Rivonia Primary School* 2013 (12) BCLR 1365 (CC) het die Grondwetlike Hof die beginsel erken dat alhoewel die outonomie van beheerliggame belangrik is, die staat in die finale instansie beheer uitoefen oor die toelatingsbeleid van openbare skole. Sien Devenish "Proactive jurisprudence – a triumph for cooperative government and an exercise in partnership between educational roleplayers" 2015 *Obiter* 499.

## Vrye assosiasie en Afrikaanse burgerlike inisiatiewe

Die Afrikaanse gemeenskap het sedert 1994 'n spreekwoordelike "ontploffing" beleef van taal- en kultuurorganisasies wat na verskillende belang van die gemeenskap omsien. Dit is inderdaad 'n potpourri van organisasies; visies; oogmerke; idees; politieke oortuigings; en projekte.

Die volgende is nuttige voorbeeld van Afrikaanse nieregeringsorganisasies (NRO's) wat daarop gemik is om die Afrikaanse taal en kultuur te beskerm en te bevorder.

*Helpmekaar Kollege* MSV (RF) in Johannesburg is 'n privaat skool waarvan die oogmerk die lewering van onderrig in Afrikaans is.<sup>77</sup> Helpmekaar is gestig ingevolge die Maatskappy Wet<sup>78</sup> en is 'n nie-vir-wins-maatskappy.<sup>79</sup> Die bestuur en beheer van die maatskappy berus by die lede en direkteure.<sup>80</sup> Die maatskappy mag addisioneel tot lewering van onderwys, enige kommersiële of ander inisiatief neem op voorwaarde dat dit die lewering van onderwys in Afrikaans bevorder.<sup>81</sup> Die maatskappy verrig dag tot dag take in konsultasie met die ouerkomitee.<sup>82</sup> Eksamining van die studente vind in Afrikaans plaas ooreenkomstig die Onafhanklike Eksamineringsraad.<sup>83</sup> Helpmekaar is totaal self-voorsienend en ontvang geen bydraes vanaf die provinsiale of nasionale regerings nie. In 2017 het ongeveer 1 000 studente die kollege bygewoon met ongeveer 125 personeellede. Helpmekaar is een van die weinige ten volle geprivatiseerde skole. Die model is waarskynlik buite die bereik van die breë Afrikaanse gemeenskap, maar dit toon aan hoe daar binne die raamwerk van die Grondwet, taalgebaseerde onderrig kan plaasvind met plaaslike en internasionele erkenning van die standaard van onderrig.<sup>84</sup>

*Akademia* is 'n Afrikaanse tersiêre instelling wat in 2012 geregistreer is en waarvan die hoofkantoor in Pretoria gesetel is. Die basis vir onderrig is afstandonderrig wat aangebied word by ongeveer 11 studiesentra in Suid-Afrika. Akademia streef daarna om in 'n volwaardige universiteit te ontwikkel, maar wat bekostigbaar sal wees en uitsluitlik in Afrikaans sal doseer. Akademia ontvang geen subsidiëring van die staat nie. Dit het reeds akkreditering van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee van die Raad op Hoër Onderwys, die statutêre liggaam wat alle hoër onderwysprogramme en -inrigtings in Suid-Afrika akkrediteer.<sup>85</sup> Die spektrum kursusse wat aangebied word, is redelik beperk, met graadrigtings in B.Comm; 'n Gevorderde Diploma in Projekbestuur; en Hoërsertifikate in Kantooradministrasie en Rekeningkunde. Dit word voorsien dat addisionele grade, waaronder regte, finansiële beplanning en onderwys, mettertyd toegevoeg sal word en selfs dat 'n permanente kampus opgerig mag word. Akademia het in Desember 2017 ongeveer 750 studente gehad.<sup>86</sup> Akademia is 'n unieke poging om 'n private universiteit te stig wat uitsluitlik in Afrikaans onderrig sonder enige befondsing van die staat.

<sup>77</sup> kl 3.1 Grondwet van Helpmekaar Kollege. [www.helpmekaar.co.za](http://www.helpmekaar.co.za).

<sup>78</sup> a8(1) Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

<sup>79</sup> Registrasie 1993/002120/08.

<sup>80</sup> kl 24 (n77).

<sup>81</sup> kl 5 (n77).

<sup>82</sup> kl 9.2 (n77).

<sup>83</sup> <http://www.ieb.co.za/>. Eksaminerings van die Raad word onder meer in Afrikaans afgelê.

<sup>84</sup> Sien Chetty en Govindjee 'Freedom of religion of children in private schools' 2014(39) *Journal for Juridical Science* 31.

<sup>85</sup> Sien <http://akademia.ac.za/meer-oor-akademia/>.

<sup>86</sup> Inligting bekom met dank aan Mn Marthinus Visser tydens onderhoud op 9 November 2017.

*AfriForum* is 'n Afrikaanse burgerlike organisasie met ongeveer 200 000 ingeskreve lede.<sup>87</sup> Lidmaatskap van AfriForum is oop vir enige persoon en aansluiting is elektronies en by wyse van betaling van lidmaatskap. Die organisasie het ongeveer 170 personeel met 120 takke wat deur die land versprei is.<sup>88</sup> Daar is ten minste 100 personele per tak om sodoende te verseker dat daar plaaslike steun vir self-geïnisieerde projekte is. AfriForum organiseer rondom twee strategieë naamlik reaksie op bestaande omstandighede en ontwikkeling van selfregering van Afrikaners op die langtermyn.<sup>89</sup> 'n Sterk ondertoon van aktiwiteit is egter ook dat die kwaliteit van algemene regeringsdienste tot so 'n mate verswak het dat burgerlike organisasies die leiding moet neem om dienste aan die publiek in die algemeen, en die Afrikaanse gemeenskap in besonder te verskaf. AfriForum voorsien dat dit in die toekoms betrokke sal moet wees by verskeie dienste wat normaalweg deur die regering verskaf moet word, byvoorbeeld buurtveiligheid; instandhouding van infrastruktuur; watersuiwerig; en algemene regeringsdienste. AfriForum is uniek in vele opsigte, maar veral omrede dit betrokke is by soveel funksies wat in die normale gang as "regeringsverpligte" beskou sal word. AfriForum is, in sekere opsigte, 'n parallelle informele "regering" wat op grondvlak praktiese dienste verskaf waar regeringsdienste ontoereikend is.

Die verskeie organisasies wat hulle vir die behoud en bevordering van Afrikaans beywer, is tiperend van 'n samelewing met 'n baie aktiewe burgerlike bevolking; 'n sterk regstroomwerk van vrye assosiasie; en 'n begrip dat die hulpbronne van die regering om Afrikaans te bevorder uiters beperk is. In hierdie opsig is die Afrikaanse gemeenskap nie in 'n unieke posisie nie. Die norm internasionaal is dat taalgroepe na hul eie belang en finansies moet omsien, met slegs uitsonderings waar regeringsteun en befondsing beskikbaar is. Wat egter wel die Afrikaanse organisasies uniek maak, soos gesien kan word in veral die aktiwiteit van AfriForum, is dat dit poog om ook basiese dienste soos veiligheid en die herstel van openbare infrastruktuur wat normaalweg die funksie van die regering is, te verskaf.

## GEVOLGTREKKING

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word aan die hand van die voorgaande bespreking ten einde te evalueer tot welke mate die operasionalisering van die Grondwet se bepalinge vir die behoud en ontwikkeling van Afrikaans benut word:

Die Grondwet van Suid-Afrika voldoen op tegniese vlak aan die minimum internasjonale standaarde met betrekking tot die erkenning en beskerming van individuele en minderheids-groepgroepte.<sup>90</sup> Die operasionalisering van die grondwetlike potensiaal is egter wisselvallig. Daar is veral drie breë terreine waar die potensiaal van die Grondwet nie tot reg kom nie, naamlik: (a) die aktivering van gemeenskapsrade vir gemeenskappe wat dit verkies, (b) die onderbenutting van die artikel 185-Kommisies om die taal- en kulturele diversiteit van Suid-Afrika te beskerm en te bevorder; en (c) die inkorting van outonomie van skoolbeheerrade om vir moedertaalonderrig in openbare skole en aangeleenthede wat daarmee verband hou, voorsiening te maak.

<sup>87</sup> Kriel "Wees 200 000 sterkl!" *Forum* (September 2017), 8.

<sup>88</sup> "Takke AfriForum" *Forum* (September 2017), 54.

<sup>89</sup> Inligting bekom in persoonlike onderhou met Mn Kallie Kriel op 3 November 2017.

<sup>90</sup> Strydom bevind dat: "If the South African constitution is analysed against international standards for the protection of community interests and aspirations, it is fair to conclude that some minimum standards have found their way into the text of the constitution." 28 (n24).

Die outonomie van die provinsiale regerings van die Wes-Kaap en Noord-Kaap is in pas met internasionale gevallestudies, alhoewel die Wes-Kaap meer aktief is as die Noord-Kaap om taaldiversiteit te erken en aan te moedig. 'n Merkbare leemte in die Wes-Kaap is egter die afwesigheid om effek te gee aan die moontlike daarstelling van gemeenskapsrade vir gemeenskappe wat sulke rade versoek. 'n Afrikaanse Gemeenskapsraad in die Wes-Kaap sou nie net dienste aan die Afrikaanse gemeenskap in die provinsie kan lewer nie, dit sou selfs as 'n orgaan van die staat met ander provinsies en plaaslike regerings in ander gedeeltes van die land kon kontrakteer om dienste aan Afrikaanssprekendes te lewer in areas buite die grense van die Wes-Kaap.

Die ruimte wat die Grondwet bied vir die uitoefening van individuele regte van taal, kultuur en geloof is in pas met die internasjonale precedent, alhoewel die interpretasie van die reg teen die afwesigheid van politieke wil om daaraan gevolg te gee, telkens tot groot ontevredenheid binne die geledere van die Afrikaanse gemeenskap lei. Die benadering van die regering is in die algemeen dat die koste vir die realisering van sulke regte deur die betrokke taal- en kultuurgemeenskap gedra moet word. 'n Botsing in benadering is merkbaar: die Afrikaanse gemeenskap is telkens van mening dat die staat meer finansiële hulpbronne beskikbaar moet stel vir die operasionalisering van Afrikaanse taal- en kultuurregte, terwyl die regering beklemtoon dat openbare hulpbronne beperk is en dat slegs basiese dienste aan die grootste moontlike gedeelte van die bevolking verskaf kan word. Daar is geen regspelig volgens die internasjonale reg op die staat om finansiële hulp aan gemeenskappe beskikbaar te stel vir die bevordering van hul identiteit nie. Die verskaffing van dienste deur totale privatisering van 'n bepaalde funksie soos in die geval van Helpmekaar en Akademia is egter 'n luukse. Afrikaanssprekendes sal waarskynlik toenemende druk ervaar om 'n groter deel van hul besteebare inkomste aan te wend om te betaal vir toegang tot basiese opleiding en onderrig in Afrikaans aangesien die staat se hulpbronne te beperk is om die taal-spesifieke openbare onderwys te finansier.

Die burgerlike samelewing waarin die Afrikaanse gemeenskap funksioneer, is besonder aktief. Die veelvoudaksies is tipies van gemeenskapsaktiwiteite in navolging van die reg tot vrye assosiasie. Die vermoë van die Afrikaanse gemeenskap om taalaktiwiteite self te befonds sal egter toenemend onder druk kom vanweë die verwagte afname van subsidies en bydraes vanaf staatsweë asook die aandrang dat openbare dienste wat regeringsfondse ontvang, primêr dienste moet verskaf op grond van die gelykheidsbeginsel, eerder as op taal- of kultuuroorwegings.

Ten slotte: die Afrikaanse gemeenskap het nog nie 'n samehangende model ontwikkel vir taal- en kulturele selfbestuur nie, alhoewel die Grondwet oor onbenutte potensiaal beskik. Die Grondwet bevat verskeie elemente wat vir selfbestuur nodig is, maar drie prominente struikelblokke moet deur die Afrikaanse gemeenskap oorkom word, naamlik: (a) die ontwikkeling van 'n gesamentlike en legitieme visie vir selfbestuur van die Afrikaanse gemeenskap; (b) die operasionalisering van 'n gemeenskapsraad vir die Afrikaanse gemeenskap; en (c) befondsing van taal- en kultuuraktiwiteite sal stremming op Afrikaanse huishoudings plaas, veral in die lig van die druk op die staatskas om basiese dienste aan die bœê bevolking op grond van die gelykheidsbeginsel te verskaf.

Die Afrikaanse gemeenskap se streefe na 'n vorm van taal- en kulturele selfbesluitneming sal ongetwyfeld nadelig beïnvloed word deur die ekonomiese druk waaronder die staat verkeer; die verwagte verswakking en agteruitgang van openbare dienste; en die beperkte openbare fondse wat beskikbaar is vir taal-gebaseerde openbare onderrig.

# Dagloners: 'n Gevallestudie van die kwesbaarheid van die maatskaplike bestel en samehorigheid in Suid-Afrika se informele ekonomie

*Day labourers: A case study of the vulnerability of the social fabric and cohesion in South Africa's informal economy*

**RINIE SCHENCK**

Departement Maatskaplike Werk  
Universiteit van Wes-Kaapland  
E-pos: [cschenck@uwc.ac.za](mailto:cschenck@uwc.ac.za)



Rinie Schenck

Derick Blaauw

**DERICK BLAAUW**

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom  
E-pos: [Derick.Blaauw@nwu.ac.za](mailto:Derick.Blaauw@nwu.ac.za)

**RINIE SCHENCK** is tans professor en gegradeerde navorser in die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK). Voordat sy by UWK begin werk het, was sy 25 jaar aan Unisa en 6 jaar aan die Universiteit van Pretoria (UP) verbondé. Haar navorsing is gerig op armoede, werkloosheid en in besonder op die persone wat 'n bestaan probeer maak in die informele ekonomie. Professor Schenck en haar navorsingspan gee veral aandag aan die dagloners en vullisherwinners. Sy het reeds wyd in nasionale en internasionale tydskrfe gepubliseer oor die bepaalde onderwerp.

**RINIE SCHENCK** is professor and rated researcher in the Department of Social Work at the University of the Western Cape (UWC). Prior to UWC she lectured at Unisa for 25 years and 6 years at the University of Pretoria (UP). Her research focus is on poverty, unemployment and in particular on people who are making a living in the informal economy, including day labourers and waste pickers. She has published extensively in national and international journals.

**DERICK BLAAUW** is 'n professor in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus). Voor sy huidige pos het hy ekonomie aan die Universiteit van Johannesburg (UJ) gedoseer asook aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) en die Soweto- en Bloemfontein-kampusse van Vista Universiteit. Professor Blaauw se navorsing is hoofsaaklik op arbeids- en ontwikkelingsekonomie gerig. Sy huidige werk is toegespits op die sosio-ekonomiese dinamika van kwesbare groepe in die informele ekonomie, insluitend karwagte,

**DERICK BLAAUW** is a professor in the School of Economic Sciences at the North-West University (Potchefstroom campus). Prior to taking up this position, he lectured economics at the University of Johannesburg (UJ), Rand Afrikaans University (RAU) and at the Soweto and Bloemfontein Campuses of Vista University. Professor Blaauw's research interests are mainly in the field of labour and development economics. His current work focusses on the socio-economic dynamics of vulnerable groups in the informal economy, such as car guards, day labourers and waste pickers.

dagloners en vullisherwinners. Ander navorsingsterreine sluit die rol van arbeidsmakelaars in Suid-Afrika se arbeidsmark in. Professor Blaauw het reeds wyd in geakkrediteerde plaaslike en internasionale joernale gepubliseer sowel as in konferensie- en navorsingspublikasies by plaaslike en internasionale geleenthede.

Other areas of research include the role of labour brokers in South Africa's labour market. Professor Blaauw has an extensive list of publications in accredited national and international journals, as well as conference and research papers presented at local and international events.

## ABSTRACT

### *Day labourers: A case study of the vulnerability of the social fabric and cohesion in South Africa's informal economy*

The concepts *social fabric* and *social cohesion* refer to complex and interdependent systems that exist in a community. *Social cohesion* includes aspects such as the level of respect people have for each other, people's experiences of belonging, identification with the community, identity, their experiences of social justice, and participation. *Social cohesion* is further evident in the extent that people are accepting each other, taking responsibility for themselves and others and providing safety and security.

South Africa's political and racially-based history and the current high poverty and inequality do not provide a conducive context for a cohesive society. This is evident in the high prevalence of poverty, unemployment, crime, substance dependency and the neglect and abuse of women and children. Facilitating a socially cohesive society is high on the agenda of the current government, but the current policy frameworks and institutional structures cannot create a socially cohesive society. Failing to create a socially cohesive South African society is evident in the more than 50 000 day labourers who are standing on the street corners of our cities and towns daily, with the hope to access a job and an income for the day.

Day labourers are unemployed people, mostly men, making a living by selling their labour and skills on the street corners of South African cities and towns. The growing number of day labourers who make a living in the informal economy is a clear indication that South Africa cannot absorb the unemployed in the formal economy. In particular, South Africa is unable to accommodate the low-skilled and uneducated labourers in the formal labour market. To make a living and survive in the informal economy imply an insecure existence.

The aim of the article is to describe the socio-economic profile of the 3 830 day labourers interviewed during the first national study in South Africa as a case study that illustrates the vulnerability of the social cohesion and social fabric of poor families and communities surviving in the informal economy. The national study was implemented in two phases. The first phase lasted approximately two years, which were spent travelling throughout South Africa to determine on which street corners and open spaces the day labourers are standing in the cities and towns of South Africa. This reconnaissance phase of the study resulted in the estimation that there are at least 50 000 day labourers occupying street corners of South African towns and cities daily. The second, or fieldwork, phase of the research consisted of the completion of 3 830 interviews with day labourers throughout South Africa during 2007 and 2008. In this phase, the authors developed the survey instrument, recruited field workers, provided appropriate training and tested the questionnaire. This was followed by the sampling, where a combination of cluster and snowball sampling was used to proportionally represent the research population. A representative sample of approximately 9% enabled meaningful

*statistical analysis. All ethical principles were adhered to. The questionnaires were completed with the assistance of well-trained fieldworkers who were fluent in the languages spoken by the day labourers.*

*The results of the study show that, given the high unemployment rate and slow economic growth in South Africa, the informal economy and day labouring are here to stay and should be supported with relevant facilitating policies and institutions/structures. Day labouring is furthermore a survivalist strategy and it implies an irregular income. It became clear that the day labourers in general have very low education and skills levels and will not be able to access formal labour in the current economic climate.*

*Day labourers are the result of a vulnerable socially exclusive society. It will remain in an increasingly vulnerable exclusive society if not addressed through the implementation of policies and practices that will enhance social cohesion and strengthen the social fabric of the South African society.*

**KEY TERMS:** Day labourers; informal economy; social fabric; social cohesion; unemployment; poverty; informal employment; migrants; survival; vulnerability; food insecurity

**TREFWOORDE:** Dagloners; informele ekonomie; maatskaplike bestel; maatskaplike samehorigheid; werkloosheid; armoede; informele indiensname; immigrante; oorlewing; kwesbaarheid; voedselonekerheid

## OPSUMMING

Dagloners is werklose mense, meestal mans, wat 'n poging aanwend om 'n inkomste te verdien deur hul arbeid en vaardighede in 'n arbeidsmark langs die pad of by 'n kruising te verkoop. Die groeiende aantal dagloners wat 'n lewe uit informele indiensname maak, is 'n duidelike teken dat Suid-Afrika nie die werkloses in die arbeidsmark kan absorbeer nie – veral nie die laag- en ongeskoolde arbeiders nie. Om in die informele ekonomie te oorleef en 'n bestaan te maak, impliseer 'n onsekere inkomste en bestaan.

Hierdie nasionale studie is in twee fases uitgevoer. Tydens 'n verkenningsfase het die outeurs 'n landwye verkenning in 2005 en 2006 onderneem. Dit het 'n geskatte aantal dagloners in Suid-Afrika van tussen 45 000 en 50 000 opgelewer. Die tweede fase van die studie het bestaan uit die ontwerp van die vraelys, die opstel van die steekproef vir die gevallenstudie asook die uiteindelike veldwerk. Die steekproef is saamgestel proporsioneel tot die aantal dagloners wat in die geïdentifiseerde stede en dorpe aanwesig was tydens die eerste fase van die projek. Die outeurs het van bondelsteekproefneming en sneeubalsteekproefneming gebruik gemaak om te verseker dat die dagloners in stedelike en landelike gebiede nie onder- of oorverteenvoerdig word nie. Die opleiding van die veldwerkers het deeglike aandag geniet en die veldwerk self het van Februarie 2007 tot November 2008 geduur, waartydens 3 830 onderhoude gevoer is. Alle etiese oorwegings het ook deeglike aandag ten tye van die navorsing geniet.

Die doel van die artikel is om die sosio-ekonomiese profiel van dagloners in Suid-Afrika te beskryf as 'n gevallenstudie wat illustreer watter druk op die maatskaplike samehorigheid van die gesinne en gemeenskappe in die informele ekonomie geplaas word. Daar word in besonder aandag gegee aan die sosio-ekonomiese omstandighede van die dagloners en die beleids- en institusionele maatreëls wat ingestel moet word om ondersteuning aan die dagloners te kan bied, sodat samehorigheid bevorder kan word en nie bedreig word, soos tans die geval is nie.

## 1. INLEIDING

Die konsep maatskaplike bestel of maatskaplike samehorigheid dui op komplekse en interafhanglike sisteme en eienskappe wat in die gemeenskap bestaan. Dit sluit aspekte in soos onder meer demografiese en ekonomiese faktore, optrede of gedrag van die mense, gesinslewe, netwerke, verhoudings tussen mense, en organisasies.

Die feit dat bogemelde verweef word deur mense se sienswyses, waardes en sentimente is veral baie belangrik. Dit sluit in hul respek vir mekaar, ervaring van om te behoort, identifikasie met mekaar, ervaring van sosiale geregtigheid en gelykheid, gewilligheid tot deelname aan aktiwiteite en verantwoordelikheid neem vir hulself en mekaar, die aanvaarding van mekaar asook minderheidsgroepes soos immigrante, ervaring van tevredenheid, geluk en positiewe toekomsverwagtings en hul ervaring van veiligheid en sekuriteit (Markus 2016:11).

’n Land soos Suid-Afrika – met sy politieke en rasgeoriënteerde geskiedenis – en sy uitermate hoë amptelike werkloosheidsyfer (27.7%) (Statistieke Suid-Afrika 2017) het besondere uitdagings wat hom in die gesig staar om sy maatskaplike samehorigheid en weefsels sterk te hou (Markus 2016:11). Om die waarheid te sê, die maatskaplike bestel word as uiters kwesbaar beskou, wat manifesteer in die hoë armoede, misdaad, substansiëlebruik en verwaarlozing sowel as die ontstellende vlakke van geweld teen vroue en kinders. Die fasilitering van ’n positiewe maatskaplike samehorigheid is hoog op die agenda van die huidige regering se beleidsraamwerke, maar vind nie wasdom in die praktyk nie.

Een van die manifestasies van die mislukking om wel sodanige maatskaplike samehorigheid te fasiliteer, kan gesien word in die meer as 50 000 dagloners wat dagliks langs die strate van ons dorpe en stede staan in die hoop om een of ander tydelike werk te bekom. Trouens, hulle sal enige werk neem wat aan hulle gebied word, dikwels teen baie lae lone (Theodore et al. 2017:143).

Dagloners is werklose mense, meestal mans, wat ’n poging aanwend om ’n inkomste te verdien deur hul arbeid en vaardighede te verkoop in ’n arbeidsmark teen die pad of by ’n kruising (Louw 2007:10; Valenzuela Jr. et al. 2006:1; Theodore et al. 2009:422; Blaauw 2010:iv). Die groeiende aantal dagloners wat ’n lewe maak uit informele indiensname is ’n duidelike teken dat Suid-Afrika nie die werkloses in die arbeidsmark kan absorbeer nie – veral nie die laag- en ongeskoolde arbeiders nie.

Om in die informele ekonomie te oorleef en ’n bestaan te maak, impliseer ’n onseker inkomste en bestaan. Dit impliseer verder dat die werkers kwesbaar is om aan uitbuiting blootgestel te wees. Daar is voorts geen institusionele liggaam of organisasie wat beskerming bied en waardeur hul stemme gehoor kan word nie. Die dagloners word op daagliks basis in kontant betaal en funksioneer sonder enige wetlike en ander verpligtinge (“van die boek af”) van werkgewerskant.

Sommige dagloners kan dalk die informele ekonomie sien as ’n opsie om die formele ekonomie via die informele ekonomie te betree. Die meeste aanvaar egter dat hulle nooit tot die formele ekonomie sal toetree nie, weens faktore soos ongeskooldheid. Dis geen verrassing nie, veral gesien teen ’n agtergrond van die uitgebreide werkloosheidskoers wat op 36% staan en ’n jeug-werkloosheidsyfer van meer as 50% (Statistieke Suid-Afrika 2017; Graham & De Lannoy 2017).

Die waarskynlikheid dat van die dagloners permanente werk in die formele ekonomie gaan kry, is uiters gering. Die vraag na ongeskoolde en laaggeskoolde arbeid word al hoe kleiner, gegewe die geweldige mededinging vir die al hoe skaarser tydelike werk wat bestaan. Die vlak van mededinging word verder verhoog deur die groot aantal immigrante uit Afrika

wat na Suid-Afrika stroom (Theodore et al. 2017:142). Suid-Afrika word tans gesien as een van die gewildste bestemmings vir mense uit Afrika-lande wat blootgestel is aan oorloë, korruksie en outokratiese regerings (Theodore et al. 2017:142). Die inherente dreigende vreemdelinge-haat wat daarvan saamgaan, bevorder nie maatskaplike samehorigheid nie en werk dit aktief teë (Crush et al. 2015).

Dit is dus belangrik dat ons na die dinamika van die informele ekonomie begin kyk as iets wat hier is om te bly. Dit is gebiedend noodsaaklik dat ons dit beter verstaan en begrip ontwikkel vir die uitdagings waaraan informele werkers blootgestel word. Sodoende kan gepaste beleids- en institusionele ondersteuning ontwikkel word wat kan bydra om dié sosiale uitdagings aan te spreek en die druk op informele werkers se bestaan en oorlewing te verlig.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die navorsers uit die Maatskaplike Werk en Ekonomie saamgewerk het om die sosio-ekonomiese profiel van die dagloners in Suid-Afrika te ondersoek. Die artikel deel die resultate van die navorsing en beskryf die omstandighede van die dagloners en die druk wat dit op die maatskaplike samehorigheid van die gesinne en gemeenskappe in die informele ekonomie plaas. Daar word ook in besonder aandag gegee aan die beleids- en institusionele maatreëls wat daargestel moet word om ondersteuning aan die dagloners te kan bied, sodat samehorigheid bevorder kan word en nie bedreig word soos dit tans die geval is nie.

## **2. METODE**


Die data is afkomstig van die eerste en sover enigste wetenskaplik gefundeerde landswye nasionale studie wat onder die dagloners gedoen is wat in die strate van die stede en landelike dorpe van Suid-Afrika 'n bestaan probeer maak. Volgens Rubin en Babbie (2014:181) is opnames vir die insameling van primêre data geskik vir eksplorerende, beskrywende en verduidelikende studies. Die opname in die studie het beskik oor al drie die genoemde elemente. Daar is gebruik gemaak van gestructureerde vraelyste met beide kwantitatiewe en kwalitatiewe vrae (Bless, Higson-Smith & Sithole 2013).

Die navorsingstrategie is gebou op enkele vorige studies wat die nasionale studie in Suid-Afrika voorafgegaan het. In die VSA het Valenzuela Jr. et al. (2006) die eerste nasionale studie van dagloners in Amerika onderneem. Schenck en Louw (2005) het in die dieselfde tyd die eerste eksploratiewe studie in Pretoria onderneem, terwyl Gonzo en Plattner (2003) 'n studie in Windhoek (Namibië) onderneem het. Schenck en Louw het kontak gemaak met die navorsingspan in die VSA. Ná 'n besoek aan die VSA is die vraelys wat daar gebruik is, aangepas om 'n moontlik vergelykende opname in 2004 onder die dagloners in Pretoria te doen (Louw 2007). Hierdie studies het die basis gevorm waarop die nasionale studie gebou is.

Die daaropvolgende nasionale studie is in die volgende fases uitgevoer:

1. Die verkenningsfase: Omdat die navorsingspan onder leiding van Louw (2007) net die dagloners in Pretoria nagevors het en dagloners in die ander groot stede en dorpe opgemerk het, het die navorsers in die landswye studie, waarop hierdie artikel gebaseer is, begin om 'n verkenning te doen om vas te stel waar die dagloners in Suid-Afrika se ander stede en dorpe voorkom. Aanvanklik is welsynsorganisasies en munisipaliteite in die stede en dorpe gekontak om inligting by hulle te kry. Dit het nie veel vrugte afgewerp nie. Een van die redes was dat hulle nie altyd presies verstaan het na wie verwys word nie. In elke streek word daar verskillende name aan die mense toegeken, waaronder "casual workers" of "casuals", "skroppie-soekers", "temps" en "dailies" (Louw 2007:13). Dit het tot gevolg gehad dat die outeurs van die artikel in 2005 en 2006 in hul motors geklim en self die land deurkruis het om te bepaal in watter dorpe en stede dagloners aangetref word. Dit is

in detail opgeteken, en 'n geskatte aantal dagloners in Suid-Afrika kon gemaak word (45 000 – 50000). Uit die aard van die saak kon elke dorp nie besoek word nie, maar die groter dorpe in elke streek is geteken. Dit is dus moontlik dat dagloners in die kleiner dorpe nie getel en opgeteken is nie. Die syfer was dus in alle waarskynlikheid 'n effense onderskatting. Die verspreiding van dagloners in Suid-Afrika word in Figuur 1 geïllustreer.



**Figuur 1:** Die geografiese verspreiding van dagloners in Suid-Afrika, 2005/2006

Bron: Navorsingsdata na afloop van oueurs se verkenningspogings

2. Die tweede fase van die studie het bestaan uit die ontwerp van die vraelys, die opstel van die steekproef vir die gevallestudie asook die uiteindelike veldwerk. Die vraelys is ontwerp met inagneming van die werk van Louw (2007) asook die vraelys soos gebruik in die VSA deur Valenzuela Jr. et al. (2006). Die vraelys het verskeie weergawes gehad, wat telkens verbeter is voor die finale weergawe aanvaar is. Die hoofstede van elke provinsie sowel as ander belangrike sentra in die landelike gebiede in die onderskeie provinsies het deel van die steekproef uitgemaak. Die steekproef is saamgestel proporsioneel tot die aantal dagloners wat tydens die eerste fase van die projek in die geïdentifiseerde stede en dorpe aanwesig was. Die plekke waar die dagloners vergader om gehuur te word, is opgedeel in klein, medium en groot vergaderplekke. Die oueurs het van bondelsteekproefneming en sneeubalsteekproefneming gebruik gemaak om te verseker dat die dagloners in stedelike en landelike gebiede nie onder- of oorverteenvoordig word nie. 'n

Steekproef van tussen vyf en tien persent is in die vooruitsig gestel. Die vraelyste in die stede is voltooi met behulp van studente wat as veldwerkers gewerf is by die onderskeie plaaslike universiteite. Studente wat die tale magtig is wat deur die dagloners gepraat word, is gewerf. Vir die landelike areas is gebruik gemaak van 'n toegewyde veldwerker wat vyf van Suid-Afrika se amptelike tale magtig is, en bereid was om deur die land te reis en die onderhoude te voer. Die opleiding van die veldwerkers het deeglike aandag geniet voor die insameling van die data. Die veldwerk self het in Februarie 2007 'n aanvang geneem en is afgehandel in November 2008. Die meeste onderhoude is in Gauteng (26%), gevolg deur die Wes-Kaap (16%), KwaZulu-Natal (14%), en die Oos-Kaap (12%) voltooi. Die steekproef is geëvalueer om te verseker dat die beoogde proporsionaliteit bereik is. Dit is belangrik om daarop te let dat alle etiese oorwegings ook deeglike aandag ten tye van die navorsing geniet het. Geen onderhoud is gevoer sonder die ingeligte toestemming van die respondent nie. Die projek self het die nodige etiese klaring by die Universiteit van Suid-Afrika gehad. Binne die konteks was dit nog belangriker dat geen dagloner daarvan weerhou sou word om 'n moontlike werkgeleenthed te kry deur aan die navorsing deel te neem nie. Die veldwerkers het dit baie duidelik gemaak dat die dagloners te eniger tyd die onderhoud kon beëindig as daar 'n moontlikheid op 'n werk bestaan. Dit het dan ook verskeie kere gebeur dat 'n dagloner nie die onderhoud kon voltooi nie aangesien hy saam met 'n werkewer vertrek het. Die vraelyste is dan as onvoltooid hanteer.

Uit die geskatte 45 000 tot 50 000 dagloners in Suid-Afrika is daarin geslaag om 'n totaal van 3 830 onderhoude te voer. Tabel 1 verskaf meer volledige inligting oor die provinsiale verspreiding van die respondentie in die studie.

**TABEL 1:** Die aantal dagloners met wie onderhoude in die nege provinsies in Suid-Afrika gevoer is, 2008

Provinsie	Getal dagloners
Wes-Kaap	618
Oos-Kaap	432
Noord-Kaap	296
Vrystaat	305
KwaZulu-Natal	541
Noordwes	248
Gauteng	989
Mpumalanga	277
Limpopo	119
Nie aangedui nie	5
<b>TOTAAL</b>	<b>3 830</b>

Bron: Navorsingsdata

Dit verteenwoordig nie minder nie as 8.5% van die navorsingspopulasie, wat die studie verteenwoordigend maak. Deur gebruik te maak van beskikbare sagteware is bereken dat die hoeveelheid respondentie 'n statisties betekenisvolle analise teen 'n 99%-vertrouensinterval moontlik maak. Die vraelyste is skoongemaak en in MS Excel aangeteken. Analises is gedoen met behulp van SPSS- en Eviews-programmatuur. Kwalitatiewe data is aanvullend tot die kwantitatiewe data ingesamel en gebruik om kwantitatiewe resultate verder te verklaar en te ondersteun.

### 3. RESULTATE

#### 3.1 Demografiese profiel van die dagloners in Suid-Afrika

Tabel 2 verskaf die opsomming van die resultate uit die opname wat gemaak is met die dagloners in Suid-Afrika. Die tabel beskryf die demografie, werksomstandighede en die inkomste van die dagloners.

**TABEL 2:** Demografiese profiel van die dagloners in Suid-Afrika, 2008

Eienskap	Waarde
Geslag	96% manlik 4% vroulik
Land van oorsprong	85% gebore in Suid-Afrika 10% gebore in Zimbabwe 3% gebore in Mosambiek 2% gebore in Swaziland, Lesotho, Namibië en dié wat nie bereid was om te sê vanwaar hulle kom nie.
Provinsie waar Suid-Afrikaanse dagloners gebore is:	Wes-Kaap 5.3% Oos-Kaap 8.3% Noord-Kaap 16.1% Vrystaat 29.6% KwaZulu-Natal 9.5% Noordwes 7.9% Gauteng 11.9% Mpumalanga 7.1% Limpopo 4.5%
Ouderdom	Byna 7% is jonger as 35
Huwelikstatus	47% is jonger as 30 26% is getroud

**TABEL 2:** Demografiese profiel van die dagloners in Suid-Afrika, 2008 (*vervolg*)

Eienskap	Waarde
Afhanklikes	Gemiddeld van 4 mense (die dagloner uitgesluit)
Skoolopvoeding	6% het nooit skoolgegaan nie 18.7% het 'n mate van laerskool-opleiding 9.2% het graad 7 voltooi 48.7% het 'n mate van hoërskool-opleiding 14.8% het graad 12 geslaag 1.9% het 'n naskoolse kwalifikasie
Dae per week as dagloner gewerk	51.2% tussen 1 en 2 dae 19.8%: 7 dae
Gemiddelde inkomste in 'n goeie week	R387
Gemiddelde inkomste in 'n slegte week	R164

Bron: Navorsingsdata

Al die dagloners in die opname was swart en feitlik uitsluitlik manlik. Slegs 4% van die respondentie is vroulik. Die bevinding maak teoreties sin aangesien dit dalk moeiliker vir vroue is om langs die strate te staan en wag vir werk. Daar is verskeie redes hiervoor. Die onbeskermde aard van die dagloners se daagliks bedrywigighede is dalk die mees waarskynlike verklaring dat vroue minder op die straat staan en werk soek. Daarmee saam het vroue andersoortige netwerke en metodes om werk te bekom as byvoorbeeld huishulpe. Dit is wel interessant dat tydens die kwalitatiewe onderhoude 'n opmerking gemaak is deur een van die manlike dagloners dat hierdie nog 'n plek is waar "*n man 'n man kan wees*".

Die meeste (85%) van die dagloners is in Suid-Afrika gebore en 10% is van Zimbabwe afkomstig. Daar was ook dagloners uit Mosambiek, Namibië, Swaziland en Lesotho en enkele dagloners wat nie bereid was om hul land van herkoms aan te dui nie. Die vermoede bestaan dat hulle wel van buite Suid-Afrika se landsgrense kom en dalk ongedokumenteerdes of onwettige buitelanders is. Daar is nie aangedring daarop om hul nasionaliteit te sien of wettigheid te bepaal nie.

Gevalle het voorgekom waar die dagloner sou aandui dat hy Suid-Afrikaans is maar aan hulle voorkoms en taal was dit te betwyfel.

Interessant is dat die situasie in die VSA omgekeerd is van die Suid-Afrikaanse dagloner-landskap. In Amerika is 93% van die dagloners buitelanders uit Mexiko en Sentraal-Amerika, teenoor 'n skamele 7% wat vanuit die VSA kom (Theodore et al. 2015:810).

Met observasie en in gesprekke met die dagloners het die spanning tussen die Suid-Afrikaanse dagloners en hul buitelandse eweknieë baie duidelik na vore gekom. Hulle sal dikwels nie op dieselfde straathoeke staan nie en die Suid-Afrikaanse dagloners sal die buitelandse dagloners, maar in besonder die Zimbabweërs, daarvan beskuldig dat hulle werk steel met hul goedkoop arbeid. Daar word ook na hulle in nearerhalende taal (makwerkweres) verwys, soos in Schenck, Xipu & Blaauw (2012:40) aangehaal: "The makwerkweres are spoiling the employers.....they must go back to Zimbabwe and leave us alone." Hierdie spanning

is toenemend waarneembaar namate die mededinging vir beperkte tydelike werkgeleenthede toeneem. Die negatiewe uitwerking op die maatskaplike samehorigheid is duidelik.

'n Baie interessante syfer uit die resultate is dat 30% van die dagloners in Suid-Afrika afkomstig is van die Oos-Kaap, terwyl die Noord-Kaap as die mees ylbevolkte provinsie, en Gauteng as mees digbevolkte provinsie elk 4% van die dagloners lewer. In 'n vorige studie deur Louw (2007:184) het sy egter uitgewys dat 88% van die dagloners in die strate van Pretoria uit Limpopo gekom het.

Daar is duidelik migrasie vanuit die provinsies waar werk skaars is, soos die Oos-Kaap, na die stede van provinsies soos Gauteng en die Wes-Kaap. Hier is die werkgeleenthede teoreties beter, gegewe die sterker provinsiale ekonomiese situasie (Blaauw et al. 2006:459). Hierdie migrasiepatrone skep dikwels verwydering tussen families en dit het 'n verdere negatiewe uitwerking op die maatskaplike sisteme en samehorigheid in die samelewing. Dit blyk verder dat alle dagloners, buiten hulself, gemiddeld vier persone onderhou met die inkomste wat hulle as dagloner verdien. Die 3 830 dagloners onderhou dus, buiten hulself, meer as 13 000 persone met die inkomste wat hulle verdien. Gegewe die sensus, wat hierdie studie voorafgegaan het, se bevinding dat daar 'n minimum van 50 000 dagloners in Suid-Afrika was in 2006, is die aantal persone wat deur hulle onderhou word ten minste 200 000.

Nog 'n kommerwekkende feit wat uit die studie na vore gekom het, is die besonder lae skolastiese vlakke van die dagloners. Die feit dat slegs 15% graad 12 geslaag het, sal beslis 'n uitwerking hê op enige moontlikheid dat hulle werk in die formele ekonomie sal kan kry. Byna die helfte (47%) van die dagloners het aangedui dat hulle nog nooit voorheen enige formele werk gehad het nie. Informele werk soos om 'n dagloner te wees, was dus baie moontlik hul eerste en enigste kennismaking ooit met die arbeidsmark as geheel. Dié wat wel voltyds gewerk het, het aangedui dat hulle meestal laer geskoolde werk gedoen het soos om 'n petroljoggie te wees, 'n plaasarbeider, 'n sekuriteitsbeampte, of as arbeider vir 'n tuindienstonderneming gewerk het. Sommige het 'n kontrak in die konstruksiebedryf gehad.

Die dagloners het dan ook verder aangedui dat die redes waarom hulle nie in staat was om graad 12 te voltooi nie, hoofsaaklik finansiële van aard was en ook weens ander gesinsprobleme. Een het dit so uitgedruk: "no parents, no money, no support". Onder finansiële redes het hulle armoede aangedui en/of dat een of albei die ouers oorlede is en hulle hul sibbe moes onderhou of hul ouers was bloot te arm om hulle skool toe te laat gaan. Hulle kon nie skooluniforms bekostig nie en van hulle het aangedui dat hulle op plase of afgesonderde landelike areas grootgeword het, waar hulle nie toegang tot skole gehad het nie. Sommige was ook verantwoordelik daarvoor om die vekukde van die gesin op te pas (beeswagtters en/ of skaapwagtters).

Onder die redes vir gesinsprobleme was daar aanduidings van huwelikskonflik en verwaarlozing deur van die ouers wat nie toegesien het dat die kinders by die skool uitkom nie. Sommige het ook dissiplinêre redes vir vroeë skoolverlating aangedui en 'n klein hoeveelheid het bloot nie in skoolonderrig belanggestel nie. Een van die dagloners het ook aangedui dat hy 'n meisie swanger gemaak het en dus moes gaan werk soek om die kind te onderhou (*"I impregnate someone and had to look for work"*).

Dit is dus nie verbasend dat die dagloners aangedui het dat hul vaardigheidsvlakke baie laag is nie. Slegs 1% van die Suid-Afrikaanse dagloners het naskoolse opleiding gehad, teenoor die 9% van die buitelandse dagloners. Een van die verklarings hiervoor is die feit dat Zimbabweense dagloners beter skoolopleiding gehad het en met goeie kwalifikasies na Suid-Afrika geïmmigreer het. Meeste van die vaardighede wat die dagloners bekom het, is aangedui as indiensopleiding ("on the job") en informeel aangeleer.

Een van die dagloners het dan ook verduidelik dat hy op skool leer sweis het. Hy het in graad 10 die skool verlaat. Hy bevestig dat hy loodgieter- en verfvaardighede by die ander dagloners aangeleer het en dat hy ten tye van die studie besig was om die vaardigheid van teëlwerk aan te leer. Om 'n groter repertoire van vaardighede te hê, kan 'n mens teoreties help om toegang tot werk te kry.

Graham en De Lannoy (2017) het soortgelyke bevindings in hul studies gemaak, naamlik dat daar 'n sterk verband is tussen swak opleiding en vaardigheidsvlakte en werkloosheid. Hierdie studie het dit weereens bevestig. Die implikasies hiervan vir maatskaplike samehorigheid is ondubbelzinnig en kommerwakkend.

Die oorlewingsaard van die informele arbeidsmark is duidelik in die lang ure wat die dagloners op straathoek staan in die hoop om werk te kry. Dit op sigself plaas baie direkte druk op die maatskaplike bestel van die gemeenskappe waaruit hulle kom. Wanneer hulle werk kry, werk hulle lang ure en wanneer hulle nie werk nie, bestee hulle baie tyd om te "wag" of om dan selfs sosiaal te verkeer. Dit is dan ook een van die redes waarom daar na die werklose jongmense in Suid-Afrika verwys word as die "waiting" of wagtende generasie (hulle wag vir werk). Hul kwaliteit van lewe word direk daardeur beïnvloed, in besonder wanneer hulle ook nog ná 'n dag se gewag met leë hande moet huis toe gaan en hul gesin meedeel dat hulle geen inkomste kon verdien om in hul behoeftes te voorsien nie. Sommige het dan ook aangedui dat hulle nie huis toe gaan as hulle nie met geld of kos kan huis toe gaan nie.

Dit het verder uit die studie geblyk dat daar beduidende variansie in die inkomste van dagloners bestaan. Hul inkomste word bepaal deur die beskikbaarheid van werk in die dorp of stad waar hulle staan, hul vaardigheidsvlakte en ook hul taalvaardigheidsvlak. Taalvaardigheid se belangrike impak op dagloners se werk en inkomste word ook onderskryf deur Gallardo (2012:ii). Die dagloners in Gallardo (2012:72) se studie het hul gebrekkige vermoë om met die werkgewer te kommunikeer as een van die grootste uitdagings aangedui om werk en dus inkomste te bekom.

In sommige dorpe en stede is werksgeleenthede meer geredelik beskikbaar, afhangend van die vlak en omvang van ekonomiese aktiwiteite om en in die stad of dorp. Seisoenaliteit speel ook hier 'n belangrike rol. In sommige plattelandse dorpe is die dagloners afhanklik van die seisoenale aard van boerderye. Wanneer dit byvoorbeeld oestyd is, is werk meer beskikbaar as in die tye wanneer die fase "stil" is of boubedrywigheide in die stede tot stilstand gekom het.

Hierdie tipe verskille kom baie duidelik na vore uit die antwoorde op vrae waar hulle moes aandui wat die inkomste was wat hulle in 'n "goeie" of "slegte" week verdien het. In 'n goeie week in 2008 kon 'n dagloner gemiddeld R387 verdien, teenoor die skamele R164 per week wanneer dit 'n slegte week was. Daar is ook weke waarin hulle geen inkomste verdien nie. Hierdie onsekerheid van inkomste maak dit moeilik vir die dagloner en sy familie om vooruit te beplan en volhoubaar uit armoede uit te beweeg. Hulle oorleef dus bloot van dag tot dag en weet ook nie of hulle wel hul afhanklikes elke dag kan onderhou nie. Om dagloonwerk te verrig, soos dit tans daar uitsien, is duidelik 'n oorlewingstrategie en nie 'n pad uit armoede nie (Blaauw et al. 2006:469; Valenzuela Jr. et al. 2006:10).

In die volgende afdeling word gefokus op die effek wat die dagloner se omstandighede, soos hier bespreek, op die sosiale samehorigheid en gesinslewe het.

### **3.2 Gesinsbande en verhoudinge**

Die volgende vinjet uit die kwalitatiewe data is 'n illustrasie van die ervaring van 'n tipiese dagloner en sy gesinsverhoudinge:

Die dagloner het by 'n maatskappy in Polokwane gewerk wat lugversorgers geïnstalleer en reggemaak het. Die maatskappy het sy deure gesluit en hy het gevolglik sy werk in die formele ekonomie verloor. Hy het saam met sy vrou en kinders gewoon. Hy het gevolglik na Pretoria gekom om werk te soek en as dagloner begin staan. Komende van Limpopo het hy aanvanklik in 'n park geslaap om naby die straathoek te wees waar hy vir werk gewag het. Sy gesin het in Limpopo agtergebley. Hier kon hy mettertyd genoeg materiaal bymekaar maak om 'n "shack" (soms ook deur sekere Afrikaanssprekende dagloners daarna verwys as "hok") te bou in die naaste swart woongebied sodat sy gesin weer by hom kon aansluit. Dit neem hom daagliks vyf ure om na en van sy werk te loop vanwaar hy woon omdat hy nie kan bekostig om die vervoer te betaal nie. Intussen het sy vrou hom verlaat omdat, volgens hom, 'n vrou nie by 'n man bly wat nie 'n werk het nie. Hy voel baie skaam dat hy nie genoeg geld het om behoorlik na sy kinders om te sien en vir hulle te gee wat hulle nodig het nie.

Dié gevallestudie toon duidelik dat die gesinsomstandighede en die sosiale weefsel van die gesinne van die dagloners onder geweldige druk is en selfs uitrafel. Ten spyte van die feit dat die dagloner verantwoordelik is vir die onderhoud van vier ander mense, is dit interessant om op te merk dat slegs 26% getroud is (Westers en/of tradisioneel). Dit kan te doen hê met die feit dat die grootste meerderheid (66%) van die dagloners jeugdig is, met ander woorde onder die ouderdom van 35 jaar. By verdere ondersoek het hulle wel aangedui dat hulle in 'n verhouding is en saam met iemand woon en kinders het. Sommige het egter ook aan die navorsers gemeld dat hulle doodeenvoudig nie kan bekostig om te trou nie. Hulle het nie die geld of die middelle om iets soos "lobola"<sup>1</sup> of 'n bruidskat te betaal nie (Louw 2007:193; Dubbeld 2013:11). Dit is dus duidelik dat dagloners op straat staan in 'n poging om 'n inkomste te verdien vir hulself en om hul familie en/of afhanklikes te versorg.

Menige dagloner het gemeld dat dit vir hulle baie moeilik is om in die aand huis toe te gaan as hulle nie 'n werk bekom het nie. Om die afhanklikes in die oë te kyk wanneer hulle met leë hande tuiskom, is hul grootste verleenheid. Dit is selfs aan die navorsers meegedeel dat hulle soms nie huis toe gaan as hulle nie iets kan saamneem nie. Hulle sal dan by vriende of in die veld slaap. Dit plaas dus baie druk op die reeds kwesbare sosiale bestel van huishoudings en gemeenskappe (Visser et al. 2016:11). So byvoorbeeld het 'n dagloner gemeld dat hy sy lewensmaat en kind onderhou, maar "I only go home when I have at least R500 to give to the family". As hy nie die R500 kan verdien nie, is hy nie in staat om huis toe te gaan nie.

In baie van die stede soos Johannesburg, Pretoria en Kaapstad het dit dan ook geblyk dat van die dagloners nie saam met hul gesinne woon nie. Hul gesinne is in ander provinsies, soos die Oos-Kaap in die geval van Kaapstad, en Limpopo en Mpumalanga in die geval van Pretoria en Johannesburg, of in die naburige lande. Die dagloner woon in en om die stede met die hoop om werk te kry en stuur geld aan hul gesinne indien hul inkomste dit toelaat. In die kleiner stede en dorpe woon hulle wel meestal by hul onderskeie gesinne. Dit beteken dat hulle daagliks kan huis toe gaan.

---

<sup>1</sup> "Lobola" is 'n vorm van 'n bruidskat wat deur die bruidegom aan die familie van die bruid betaal word.

In sommige stede, soos Port Elizabeth, het die dagloners aangedui dat hulle, weens die feit dat hulle nie vervoergeld kan bekostig nie, so vroeg as vier uur in dieoggend begin loop om twee ure later betyds by die staanplek aan te kom in die hoop om opgelaai te kan word vir werk. Indien hulle nie werk vir die dag gekry het nie, loop hulle honger terug huis toe sonder iets om aan hul huishoudings te bied. Sommige het ook gemeld dat hulle eerder op straat kom staan in die hoop om werk te kry, as om in die honger oë van hul afhanklikes te kyk soos die volgende aanhaling aandui: “Some days I do not go home. If I get a piece job then there is money to go home otherwise I go back to the bushes to sleep”.

Die data toon dat net meer as die helfte (52%) van die dagloners by hul gesinne woon en 48% dus nie daagliks by hulle gesinne deurbring nie. Dit plaas druk op die hegtheid van die gesinne en gemeenskappe (Dubbeld 2013:12). Die navorsing het verder bevind dat die mans wat nie by hul gesinne bly nie, ook nie so gereeld hul gesinne kan besoek nie. Die afstand van en na waar hul gesinne woonagtig is en die koste-implikasies bemoeilik dit. Sommige verdien gewoon net nie genoeg om hul gesinne gereeld te besoek nie.

Van die dagloners wat nie by hul gesinne woon nie, het 48% aangedui dat hulle slegs een tot twee keer per jaar hul gesinne kan besoek. Slegs 14.5% is in staat om vier maal per jaar hul gesinne te besoek. 'n Skamele 16.5% en 3.9% het onderskeidelik aangedui dat hulle wel in staat is om maandeliks en selfs weekliks hul gesinne te besoek. Ons het dan ook gevind dat van die dagloners by twee stelle gesinne betrokke is, aangesien hulle dikwels in beide die stad en die platteland gesinne onderhou.

Al kan die dagloner nie sy gesin so gereeld besoek nie, probeer hy meer gereeld geld aan die gesin stuur. 'n Volle 58% het bevestig dat hulle maandeliks geld aan hul afhanklikes stuur, terwyl 11% nie voldoende geld het om aan hul afhanklikes te stuur nie. Die gesinne wat geen ander inkomste het nie, maak dus verder staat op die regering se maatskaplike welsynstoelae. Enkele gesinne het ander broodwinners, maar buitelanders, in die besonder, het meestal geen ander inkomste as dié wat hulle as dagloners verdien nie, aangesien lande soos Zimbabwe nie maatskaplike sekuriteitstelsels het nie. Dubbeld (2013:21) is egter van mening dat die maatskaplike toelaes, soos dit nou daar uitsien, ten spyte van die feit dat hulle noodsaklik is vir die oorlewing van die arm mense, ook bydra tot die verswakking van die maatskaplike bestel/weefsel van veral die landelike armstes.

Die feit dat sommiges begunstigdes is (soos die moeders in geval van kinderondersteuningstoelae) bring 'n andersoortige ongelykheid in die gemeenskap, wat dan die werklose jongman uit die gemeenskap druk om in die stede en dorpe te gaan werk soek en hulle dus losmaak van hul gesinne en gemeenskappe. Makina (2013:149), aan die ander kant, het gevind dat in sommige gemeenskappe die jongman se uitbeweeg uit die gemeenskap na die stad in 'n poging om werk te kry beskou word as 'n soort ritueel van deurgang (“rite of passage”). Die volgende afdeling ondersoek die ander fasette van 'n dagloner se daaglikse lewe en die uitwerking wat dit op gesinsbande en maatskaplike samehorigheid kan hê.

### **3.3 Die individuele omstandighede van die dagloners**

Die volgende stel vrae wat aan die dagloners gevra is, was om te bepaal waar hulle slaap.

**TABEL 3:** Plekke waar dagloners in Suid-Afrika slaap, 2008

Aard van slaapplek	Persentasie (%)
Konstruksiewerf	2.1
Agterkamer by 'n huishulp	0.8
Agterkamer	13.2
Veld/bosse	2.1
Op straat	1.4
Shack/“hok” (soos na verwys word deur van die dagloners)	37.3
Hostel/nagskuiling	5.9
Huis	32
Ander/nie beantwoord nie	4.8
<b>Totaal</b>	<b>100</b>

Bron: Navorsingsdata

Slegs 32% van die dagloners slaap in een of ander vorm van 'n huis. Dit sluit huise in wat deur die regering gebou is, of soos hulle daarna verwys as die RDP<sup>2</sup>-huise. Die res van die dagloners slaap in “shacks” (37.3%) of hokke, soos daarna verwys word in sommige streke van die land, en 3.9% slaap in die veld, bosse of op straat.

**TABEL 4:** Die maandelikse koste verbonde aan die slaapplek van die dagloners in Suid-Afrika, 2008

Bedrag bestee op slaapplek	Persentasie van dagloners (%)
Geen betaling nie	60.1
R1-R50	5
R50-R99	12.4
R100-R199	14.3
R200-R299	3.1
R300+	2.1
Geen antwoord nie	3.1
<b>Totaal</b>	<b>100</b>

Bron: Navorsingsdata

<sup>2</sup> RDP verwys na die ANC-regering se Rekonstruksie en Ontwikkelingsprogram, wat as basis vir ekonomiese beleid gedien het tussen ongeveer 1995 en 2005.

Die landswye data en tendens in Tabel 4 is feitlik identies met die daglonerstudie deur Blaauw et al. (2007:227-228) in Pretoria in 2004. Die grootste aantal respondenten (60.1%) betaal glad nie vir hul verblyf nie aangesien hulle in staatsgesubsidieerde huise, of hul eie gehuggies woon. Dit sluit die betaling van water en ligte uit. Dit kan ook selfs gebeur dat hulle voordele kry uit die plaaslike regering se hulpbehoewende (“indigent”) program, waar water en ligte gesubsidieer word. Daar is 5% wat aangedui het dat hulle R50 per maand betaal vir akkommodasie. As in ag geneem word dat hulle ‘n gemiddeld van R171.69 in swak weke verdien, kan R50 tot 7% van ‘n gemiddelde dagloner se totale maandelikse inkomste bedra, in tye wat deur dagloners as slechte tye beskou word.

‘n Groter persentasie (14.3%) respondenten betaal tussen R100 tot R199 per maand vir hul akkommodasie en 78 (2%) betaal meer as R300 per maand vir die plek waar hulle slaap. Dit kan dus tot 44% van hul gemiddelde inkomste in swak maande uitmaak. Dit is dus nie verbasend dat hulle soms nie genoeg geld per maand het om vir hulle afhanglik te stuur nie. Die impak van hierdie inkomste-onsekerheid op die maatskaplike bestel kan nie onderskat word nie. Persone wat nie ‘n vaste of seker inkomste het nie, ervaar dikwels ook voedselonsekerheid.

### **3.4 Voedselsekerheid van die dagloners**

Literatuur dui aan dat persone in arm huishoudings dikwels maaltye oorslaan en die kwaliteit van hul maaltye is nie noodwendig gebalanseerd nie (Collins et al. 2009:1). Die oorlewingsaard van ‘n dagloner se bestaan word duidelik geïllustreer in terme van hul voedselonsekerheid. Die resultate toon aan dat soveel as 2 300 (55.8%) van die dagloners aangedui het dat hulle soms nie genoeg het om te eet nie. Van hulle is 924 (24.1%) ietwat beter daaraan toe, aangesien hulle aangedui het dat hulle daagliks genoeg het om te eet, maar nie noodwendig van die tipe kos wat hulle graag sou wou eet nie. Hulle moet uit die aard van die saak koop wat bekostigbaar is. Slegs 11% was tevrede dat hulle wel daagliks genoeg kos het om te eet en ook die soort kos wat hulle verkie.

Net oor die 150 dagloners het geweier om die vraag te beantwoord. Daar word vermoed dat hulle ook in een van die kategorieë sou val waar hulle nie voldoende kos het om te eet nie. Die voedselsekerheid van die landswye studie is minder positief as die voedselsekerheid van die dagloners in die Pretoria-studie in 2004 (Blaauw et al. 2007:229). ‘n Logiese verduideliking kan wees dat die landswye ondersoek gebiede ingesluit het waar mense meer voedselonsekerheid as in Pretoria ervaar. Stede soos Oos-Londen het getoon dat die dagloners oor die algemeen minder werk kry as in ‘n stad soos Pretoria, Johannesburg of Kaapstad.

In die studie deur Walsh en Van Rooyen (2015:118) het hulle egter bevind dat mense in stedelike gebiede groter voedselonsekerheid ervaar as mense in die landelike gebiede. Dit dui dus aan dat dagloners in landelike areas moontlik meer voedselsekerheid kan ervaar. Kos kan meer geredelik beskikbaar wees deur self-verbouing en ondersteuning deur die gemeenskap.

Die vraag is ook aan die dagloners gevra of daar enige individue, groep of organisasies is wat wel aan hulle kos voorsien terwyl hulle langs die pad staan. Slegs 12% van die respondenten het bevestig dat daar wel individue en/of groepe is wat met tye kos voorsien. In meeste van die gevalle was dit geloofsgroeperinge, kerke en individue (veral vroue) wat uitrek om iets te ete aan die dagloners te voorsien. ‘n Interessante mededeling was van ses dagloners by een staanplek wat gemeld het dat ‘n minibus-taxibestuurder na hulle omsien deur gereeld vir hulle kos te bring.

Ons het ook waargeneem dat by die wagplekke van die dagloners ook dikwels ander aktiwiteite ontstaan, soos vroue wat kom kos verkoop – onder andere aan die dagloners. Kos soos

vetkoeke, “bunny chows”/“spatlos”/“gatsbys”<sup>3</sup> of pap met vleis is gewilde verkopers, aangesien dit vullende kos is of “walky talkies” of “runaways” (onderskeidelik gebraaide koppe en pote van hoenders).

Die volgende gedeelte ondersoek die veiligheidsaspekte van dagloners se daaglike stryd om liggaam en siel aanmekaar te hou.

### **3.5 Veiligheidsaspekte van die dagloners se bestaan**

Dagloners word grootliks gebruik om hande- en harde arbeid te verrig soos verskillende aspekte in konstruksie, die op- en aflaai van trokke en tuinwerk. Die aard van die werk bring mee dat die dagloners maklik ernstige beserings kan opdoen. Rakende beserings aan diens en ander gesondheidsaspekte het Kerr en Dole (2001:16) bevind dat 70% van die dagloners in Cleveland in die VSA blootgestel is aan onveilige werksomstandighede. In die nasionale studie in die VSA het 73% van dagloners aangedui dat hulle aan gevaar blootgestel word (Valenzuela Jr. et al. 2006:13). Die dagloners in die VSA het dan ook aangedui dat hulle nie sommer wegblê van die werk nie want hulle wil nie die inkomste verloor nie (Valenzuela Jr. et al. 2006:13).

In die ondersoek wou ons dus ook weet of die dagloners in Suid-Afrika blootgestel word aan gevaarlike werksomstandighede en beserings opdoen. Beserings impliseer verlies aan werkdae en noodgedwonge inkomste. Om in die informele ekonomiese omgewing te werk, beteken ook daar is geen mediese versekering wat inkomste kan buffer nie (Collins et al. 2009:1; Kerr & Dole 2001:16).

In die studie wat in 2004 in Pretoria gedoen is (Louw 2007:225; Blaauw et al. 2007:230), blyk dit dat 24% van die dagloners wel beserings aan diens opgedoen het. Van die 24% wat beseer is, het meer as die helfte (57.6%) geen mediese versorging gekry nie. Op die vraag hoekom hulle nie mediese versorging gekry het nie, was die gewildste antwoord dat hulle dit nie kon bekostig nie. Hulle kon ook nie bekostig om van die werk weg te bly nie, aangesien hulle die inkomste nodig het en bang is hulle verloor die werksgeleenthed. Dié wat wel vir mediese behandeling gegaan het, het bevestig dat hulle self, hul familie of vriende vir die mediese sorg betaal het.

Die nasionale studie het egter verrassende resultate in dié verband gelewer. Net meer as 420 (11.1%) dagloners meld dat hulle beserings opgedoen het wat verhoed het dat hulle kon gaan werk. Geewe die feit dat die dagloners gewoonlik gebruik word om werk te doen waaraan daar risiko's gekoppel is, is dit 'n verbasdend klein getal en het hulle geen klem daarop geplaas, soos in die geval van die VSA-studie nie (Valenzuela Jr. et al. 2006:13; Blaauw et al. 2007:230). Opvolgstudies is nodig om te sien of hierdie 'n blywende tendens of 'n eenmalige bevinding was. Met al die faktore wat druk op die dagloners se sosiale en maatskaplike bestel plaas, ontstaan die onwillekeurige vraag oor wat die dagloners self probeer doen om dit te probeer hanteer. Aspekte soos die vorming van ondersteuningsnetwerke het dus 'n kernaspek van die studie gevorm.

### **3.6 Die vorming van ondersteuningsnetwerke**

In die studie van Schenck et al. (2012:40) het een van die dagloners die volgende opmerking gemaak: “Life is tough when you don't have a permanent job and when your family is far

---

<sup>3</sup> Verskillende name word in die verskillende streke vir die bepaalde dis gegee.

away. Sometimes we stay for two days without food.” Om ‘n ondersteuningsnetwerk te hê te midde van die moeilike omstandighede waaronder die dagloners funksioneer, is dus belangrik. Des te meer is ondersteuning belangrik vir die dagloners wat nie by hul gesinne bly en hul ondersteuning ervaar nie (Louw 2007:196). Daarbewens ervaar hulle ook verlies aan status binne die gesin en gemeenskap omdat hulle werkloos is (Gonzo & Plattner 2003:94).

Daar is bevind dat die dagloners veral ondersteuning aan mekaar bied terwyl hulle die lang ure langs die pad deurbring, wagtende vir die moontlikheid van werk (Schenck et al. 2012:40). Hierdie studie het getoon dat 2 806 of 73.3% van die dagloners deel van ‘n groep is wat mekaar ondersteun. Dit is 11 persentasiepunte meer as die groep dagloners in Pretoria (Louw 2007:228).

Die dagloners ondersteun mekaar op verskeie terreine. Tabel 5 duif die verskillende aspekte aan waarmee die dagloners mekaar ondersteun.

**TABEL 5:** Die verskillende areas van ondersteuning wat die dagloners aan mekaar bied in Suid-Afrika, 2008

Areas van ondersteuning	Hoeveelheid	Persentasie (%)
Vind van werk	2 438	64.4
Vervoer	252	6.7
Leen van geld	596	15.7
Deel van kos	1 013	26.7
Skuiling om te slaap	219	5.8
Versorging wanneer siek	299	7.9
Ander	93	2.5

Bron: Navorsingsdata

Studies in die VSA, Namibië en in Pretoria, Suid-Afrika, het ook die belangrikheid van sosiale ondersteuning beklemtoon. Die mans wat op die sypaadjes staan, vorm ‘n gemeenskap (Gonzo & Plattner 2003:67; Blaauw et al. 2007:230). Interessant is die feit dat hulle verhoudinge vorm veral met die oog daarop om werk te vind (64.4%). Soos een dagloner dit duidelik uitgespel het: “When you befriend an edge trimmer and buy him “itakana” (liquor) regularly, you are sure to become one of the regulars in the gardening service.” (Schenck et al. 2012:42).

Hulle deel dan ook kos (26.7%) en geld (15.7%), wat duif op die oorlewingsaard van hul bestaan, maar ook ‘n unieke en positiewe vorm van samehorigheid.

#### 4. GEVOLGTREKKING

Hierdie artikel het die sosio-ekonomiese omstandighede beskryf van die dagloners wat ‘n oorlewingsbestaan in die informele ekonomie probeer maak. Hul oorlewingsbestaan, soos dit daar uitsien illustreer die kwesbare Suid-Afrikaanse maatskaplike samehorigheid/bestel wat daadwerklike optrede vereis. Daar kan dus kortlik opsommenderwys gereflekteer word op die vyf elemente van maatskaplike samehorigheid, soos deur Markus (2016:11) geïdentifiseer:

1. Die bevordering van die ervaring om te behoort: Gegewe die feit dat soveel van die dagloners trekarbeiders en buitelanders is en nie by hul gesinne woon nie, is daar ernstige bedreigings rondom die ervaring om te behoort en deel te wees van sy huishouding en die gemeenskap. Die buitelanders word ook nie verwelkom in Suid-Afrika nie, maar word ervaar as bedreigings en die verhoudinge tussen buitelanders en plaaslike inwoners is al as 'n kruitvat beskryf.
2. Die ervaring van maatskaplike geregtigheid en gelykheid: Die dagloners voer 'n bestaan as randfigure tot die formele ekonomie en aspekte soos maatskaplike dienste en maatskaplike beveiliging. Hulle is ook randfigure tot hul huishoudings deurdat hulle sporadies kontak het wanneer hulle oorbetalings aan hul gesinne maak of besoeke aan hul gesinne bring. Leibbrandt en Green (2017) bevestig ook dat ongelykheid en maatskaplike ongeregtigheid in Suid-Afrika die afgelope jare vergroot het, met die groter wordende armoede, ongelykhede en ongeskooldheid.
3. Ervaring van deelname en inklusiwiteit: Dagloners, soos alle Suid-Afrikaners, is stemgeregtigdes van die land, maar dit is waar hul stemme ophou. Buitelanders het nie eers daardie roete van deelname aan openbare prosesse en debat nie. Daar bestaan nie beleid, procedures of organisasies waar hulle kan deelneem, klagtes kan lê, beskerming kan vra of ondersteuning kan ontvang soos in die geval van die werkersentrum in die VSA nie (Visser et al. 2016). Geen liggaam bestaan tans wat ondersteuning aan die dagloner kan bied wanneer hy uitgebuit sou word nie, aangesien sy ongereguleerde werk en bestaan niemand verantwoordbaar maak nie.
4. Die ervaring van aanvaarding: Om sigbaar te wees en te ervaar jy word as menswaardig aanvaar, is belangrik vir maatskaplike samehorighed. Die navorsing het bevind dat die dagloners in baie opsigte onsigbaar is of 'n irritasie is vir die gemeenskappe waarbinne hulle staan. Die dagloners is kwesbaar vir uitbuiting. Dit is dus belangrik dat bewusmaking geskep word in die gemeenskappe waar hulle staan en werk om hulle te aanvaar as deel van ons samestelling en met agting, respek en menswaardig te behandel. Die dagloners, soos reeds aangedui, gaan nie weggaan nie, want daar is min ander opsies vir hulle.
5. Die ervaring van selfwaarde en lewenstevredenheid: Die voorafgaande faktore dra direk by tot die ervaring van selfwaarde en lewenstevredenheid. Om werk te kry, al is dit informeel, erkenning te kry vir die werk wat gedoen word, met respek gehanteer te word en deel te wees van 'n gesin en gemeenskap, bevorder selfwaarde, lewenstevredenheid en uiteindelik maatskaplike geregtigheid en samehorighed (Gonzo & Plattner 2003).

Gegewe die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika, is die een realiteit wat aanvaar moet word dat die informele ekonomie hier is om te bly. Gegewe die lae vlakke van skoolopleiding en lae vaardigheidsvlakke van die dagloners, sal hulle ook beswaarlik toegang tot die formele ekonomie kry. Cichello en Rogan (2017) het bevind dat laevlak-geskoolde persone wat in die formele en informele ekonomie funksioneer, dieselfde onvermoë het om uit armoede te kan beweeg en hulle sal gevvolglik gemarginaliseerde en kwesbare mense bly. Die dagloners kom dus uit 'n kwesbare maatskaplike samehorighed/bestel en gaan 'n nog meer kwesbare bestel tegemoet as daar nie institusionele, beleid- en gesindheidsveranderinge intree nie. Wat staan ons dus te doen?

1. Dit is belangrik dat die waarde van die informele ekonomie nie onderskat moet word om 'n groot hoeveelheid werkloses in Suid-Afrika te help om 'n bestaan te maak nie. Erkenning van die belangrikheid van die informele ekonomie is dus belangrik om beleid en praktyk daarmee te kan belyn.

2. Regerings-, nieregeringsorganisasies en privaatsektorbeleid en -praktyke moet in plek gekry word wat die informele sektor kan ondersteun in plaas van om dit te beperk, te bestraf of te ontken. Spesifieke organisasies soos die werkersentrum ("worker centres") in die VSA is 'n goeie voorbeeld wat daarop ingestel is om die belang en werksomstandighede van die werkers in die informele ekonomie te beskerm en te verbeter. Hierdie organisasies kan slegs hierdie ondersteuning bied as hulle die volle ondersteuning vanveral die plaaslike owerhede ontvang.
3. Voorkomende en remediërende programme soos behoorlike skoolopleiding, volwasse opleiding en vaardigheidsontwikkeling is uiters belangrik om mense vir die formele arbeidsmark voor te berei. Solank mense ongeskoold en ongeletterd is, is die informele ekonomie hul enigste uitweg.

Ten slotte: Geen van die genoemde beleide en praktyke kan beplan en uitgevoer word sonder die betrokkenheid en insette van die dagloners self nie. Beleids- en institusionele maatreëls en -ondersteuning aan die dagloners en ander persone in die informele ekonomie is die verantwoordelikheid van verskeie vakrigtings, professies en meer nog van elke lid van die samelewning.

## BIBLIOGRAFIE

- Blaauw, D., Louw, H. & Schenck, R. 2006. The employment history of day labourers in South Africa and the income they earn – a case study of day labourers in Pretoria. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, New Series, 9(4):458-471.
- Blaauw, P.F., Pretorius, A.M., Louw, H. & Schenck, C.J. 2007. The socio-economic reality of being a day labourer in Pretoria. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 43(3):224-233.
- Blaauw, P.F. 2010. *The socio-economic aspects of day labouring in South Africa*. Unpublished DCom-thesis, Department of Economics & Econometrics, University of Johannesburg, South Africa.
- Bless, C., Higson-Smith, C. & Sithole, L. 2013. *Fundamentals of social research methods – an African perspective* (5de uitgawe). Cape Town: Juta.
- Cichello, P. & Rogan, M. 2017. A job in the informal sector reduces poverty about as much as a job in the formal sector. *Econ 3x3*.<http://www.econ3x3.org/article/job-informal-sector-reduces-poverty-about-much-job-formal-sector> (20 June 2017).
- Collins, D., Morduch, J., Rutherford, S. & Ruthven, O. 2009. *Portfolios of the poor: how the World's poor live on \$2 a day*. Cape Town: UCT Press.
- Crush, J., Chikanda, A. & Skinner, C. 2015. *Mean Streets: Migration, Xenophobia and informality in South Africa*. Southern Africa Migration Project, The African Centre for Cities and the International Development Research Centre, Cape Town.
- Dubbeld, B. 2013. *How social security becomes social insecurity: fluid households, crisis talk and the value of grants in a KwaZulu-Natal village*. <http://wiser.wits.ac.za/system/files/seminar/Dubbeld2013.pdf>. (20 June 2017).
- Gallardo, A. 2012. *Coping behaviours of day laborers in San Mateo, California*. Doctoral dissertation. University of California San Francisco.[http://repository.usfca.edu/diss/31/?utm\\_source=repository.usfca.edu%2Fdiss%2F31&utm\\_medium=PDF&utm\\_campaign=PDFCoverPages](http://repository.usfca.edu/diss/31/?utm_source=repository.usfca.edu%2Fdiss%2F31&utm_medium=PDF&utm_campaign=PDFCoverPages) (10 June 2017).
- Gonzo, W. & Plattner, I.E. 2003. *Unemployment in an African country: A psychological perspective*. Windhoek: University of Namibia Press.
- Graham, L. & De Lannoy, A. 2017. What South Africa can do about youth unemployment in the short run. *Econ 3x3*.<http://www.econ3x3.org/article/youth-unemployment-what-can-we-do-short-run>. (15 September 2017).
- Kerr, D. & Dole, C. 2001. *Challenging exploitation and abuse: A study of the day labor industry in Cleveland*. Cleveland: City Council.
- Leibbrandt, M. & Green, P. 2017. Policies for inclusive growth. *Econ 3x3*.<http://www.econ3x3.org/article/redi3x3-conference-policies-inclusive-growth>. (22 June 2017).

- Louw, H. 2007. *Men at the margins: Day labourers at informal hiring sites in Tshwane*. Unpublished PhD-thesis, Department of Social Work, University of South Africa, Pretoria.
- Makina, D. 2013. Migration and Characteristics of Remittance Senders in South Africa. *International Migration* 51(1)e148-e158 DOI: 10.1111/j.1468-2435.2012.00746.x.
- Markus, A. 2016. Mapping social cohesion: The Scanlon foundation surveys. *Monash University Caulfield East Victoria*.<http://scanlonfoundation.org.au/wp-content/uploads/2016/11/2016-Mapping-Social-Cohesion-Report-FINAL-with-covers.pdf>. (21 June 2017).
- Rubin, A. & Babbie, E. 2014. *Research methods for social work* 8<sup>th</sup>ed Pacific Grove: Brooks Cole.
- Schenck, R. & Louw, H. 2005. An exploratory study on day labourers in Elardus Park, Pretoria. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 41(1):84-95.
- Schenck, R., Xipu, L. & Blaauw, P.F. 2012. What happens during those long hours next to the road? An exploratory study of three informal hiring sites in Tshwane. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 48(1):35-46.
- Schenck, C.J., Blaauw, P.F. & Viljoen, J.M.M. 2016. In Petmesidou, Delamonica, Papatheodorou & Henry-Lee (eds). *Child Poverty, Youth (Un)employment, and Social Inclusion*. Stuttgart: Ibidem Press.
- Statistieke Suid-Afrika (StatsSA). 2017. Quarterly labour force survey – OLFSQ1:2017.<http://www.statssa.gov.za/?p=9960>. (16 June 2017).
- Theodore, N., Valenzuela, Jr. A. & Meléndez, E. 2009. Worker centres: defending labour standards for migrant workers in the informal economy. *International Journal of Manpower*, 30(5):422-436.
- Theodore, N., Blaauw, D., Schenck, C., Valenzuela, Jr. A., Schoeman, C. & Meléndez, E.J. 2015. Day labor, informality and vulnerability in the United States and South Africa. *International Journal of Manpower*, 36(6):807-823.
- Theodore, N., Blaauw, P.F., Pretorius, A.M. & Schenck, C.J. 2017. The socio-economic incorporation of migrant and native-born day labourers in Tshwane, South Africa. *International Migration*, 55(1):142-156.
- Valenzuela, Jr. A., Theodore, N., Meléndez, E. & Gonzalez, A.L. 2006. *On the corner: Day labour in the United States*. Los Angeles: UCLA.
- Visser, A., Theodore, N., Meléndez, E.J. & Valenzuela, Jr. A. 2016. From economic integration to socio economic inclusion: Day labor worker centers as social intermediaries. *Urban Geographies*. <http://dx.doi.org/10.1080/02723638.2016.1168574> (20 June 2017).
- Walsh, C.M. & Van Rooyen, F.C. 2015. Household food security and hunger in rural-urban communities in the Free State, South Africa. *Ecological Food Nutrition*, 54(2):118-137.

# Huidige demografiese, politieke en religieuse tendense in die wêreld en onderwys ter bevordering van interreligieuse toleransie

*Current demographic, political and religious global and educational tendencies for the promotion of interreligious tolerance*

**CHARL WOLHUTER EN HANNES VAN DER WALT**

Fakulteit Opvoedingswetenskappe

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Charl.Wolhuter@nwu.ac.za

E-pos: Hannesv290@gmail.com



Charl Wolhuter

Hannes v/d Walt

**CHARL WOLHUTER** het aan die Universiteit van Johannesburg, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy het sy doktorsgraad in Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is 'n voormalige junior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n voormalige senior lektor in Historiese Opvoedkunde en Vergelykende Opvoedkunde aan die Universiteit van Zululand. Tans is hy Professor in Vergelykende en Internasionale Opvoedkunde aan Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika. Hy was besoekende professor aan Brock Universiteit, Kanada; Mount Union Universiteit, Ohio, Verenigde State van Amerika, die Universiteit van Kreta, Griekeland; die Universiteit van Queensland, Australië; en die Universiteit van Modena en Reggio Emilia, Italië.

**CHARL WOLHUTER** has studied at the University of Johannesburg, the University of Pretoria, the University of South Africa, and the University of Stellenbosch. His doctorate in Comparative Education was awarded at the University of Stellenbosch. He is a former Junior Lecturer in the Department History of Education and Comparative Education at the University of Pretoria, and a former Senior Lecturer in the Department of History of Education and Comparative Education at the University of Zululand. Currently he is Comparative and International Education Professor at North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa. He is the author of several articles in the fields of History of Education and Comparative and International Education. He has been visiting professor at Brock University, Ontario, Canada; Mount Union University, Ohio, United States of America; University of Crete, Greece; University of Queensland, Australia; and the University of Modena and Reggio Emilia, Italy.

**HANNES VAN DER WALT**, voorheen professor in die opvoedingsfilosofie en dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die destydse PU vir CHO, is tans 'n spesialisnavorser aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en ook betrokke by kapasiteitsbouprogramme aan die NWU. Hy is die outeur van 200 publikasies in geakkrediteerde tydskrifte oor vraagstukke in die filosofie en geskiedenis van die opvoedkunde en ook in die vergelykende opvoedkunde. Sy ORCID is: <https://orcid.org/0000-0001-9243-5973>

**HANNES VAN DER WALT**, formerly professor of philosophy of education and dean of the Faculty of Education at the former PU for CHE, is currently a specialist researcher at the North-West University, where he is involved in capacity building programmes. He has authored 200 articles in accredited journals on issues related to philosophy and history of education, and also to comparative education. His ORCID is: <https://orcid.org/0000-0001-9243-5973>

## ABSTRACT

### *Current demographic, political and religious global and educational tendencies for the promotion of interreligious tolerance*

*A variety of religiously inspired anti-social acts have recently been recorded worldwide and also in South Africa as such. Such acts attest to the fact that religion has remained a global bone of contention, and that efforts have to be made to address this problem, particularly in as far as it concerns schools and the place of religion in education systems. Organised education is generally grasped at as an instrument for the eradication of religiously intolerant behaviour and for the recognition of religious differences, thereby contributing to world peace (cf. policy documents issued by UNESCO). In theory, the problem can be alleviated through the promotion of an attitude of inter-religiosity and religious tolerance, among others, through education. However, before effort in this regard can be contemplated, one has to gain an understanding of the demographics of the world today, of the political situation and particularly of the religious nature and composition of the current world population. This background knowledge enables one to reflect on the reasons for religiously inspired intolerance among individuals and among the communities they belong to, and particularly about the role of schools and education in the amelioration of the problem.*

*In the research reported in this article, the social space and ethical action or function theory was employed as theoretical lens for examining education and education systems in the modern world, including how the demographic and other characteristics of the world are impacting on education and the systems in which it is provided, more particularly how the most recent developments have impacted the provision of religion education in schools. The theory posits that education and education systems respectively occupy unique social niches where people interact with one another for the purpose of realising commonly shared ideals and purposes. Each social system such as a school or an education system has a unique function in the world and should strive at executing that function effectively in conjunction and cooperation with all other systems in its life-world. This implies interaction between education (systems) and the prevailing demographics, the religious compositions of communities as well as political and economic conditions. Such interactions should furthermore be characterised by respect for the autonomies of the respective cooperating institutions such as parents, the state and religious groups. Interaction is in fact unavoidable because of the interwovenness of social groups: a particular child could at the same time be learner in a school, a member of a family, a member of the church and a citizen of the state.*

*It is, *inter alia*, because of misunderstandings regarding the differences between the mandates of the different societal relationships that boundary trespassing occurs, for example*

*in the form of abusing schools for non-educational purposes. Schools are teaching-learning institutions and should not be abused for any other, including religious, purposes. At the same time, schools operate in a world characterised by religious diversity. The accommodation of religious and other forms of diversity should be ethically inspired; in other words, each person should be treated in ways that one would prefer oneself to be treated by others. It follows that interreligious tolerance and coexistence should be the norm in a community where the ethical principle encapsulated in the social space and ethical function or action theory is applied.*

*Education and education systems, as the theory furthermore suggests, are the outcomes of contextual social forces in the world, among others, the geography, demography, economy, socio-cultural composition, political and religious-life conceptual tendencies. Education systems form the social spaces in which all these forces are joined together in a “system-atic” unit. This unit, the social system, can be examined from various angles: a system perspective, a contextual perspective and a comparative perspective. Analyses based on these perspectives reveal that education and education systems are constantly changing as a result of the various social forces impacting on them. A substantial part of the article is devoted to a discussion of such forces, as will now be briefly summarised.*

- *The world has since the 1950s undergone substantial population growth, from more than two billion to the present more than seven billion. Around 90 million people are added to the population annually, by far the most in the developing countries.*
- *People have become more mobile in recent years as a result of the communication and transport revolution. The number of immigrants has also increased, to the extent that one in every 31.6 people in the world can nowadays be regarded as an international migrant. The migrations reveal two major patterns: from the south to the north, and from the east to the west. This is a result of forces pushing people away from (weak economic conditions) and forces pulling people towards other parts of the world (better living conditions and job opportunities).*
- *Because of migrations, communities have become more heterogeneous and religiously diverse. Communities have as a result become more complex in that shifts in value patterns have occurred. A new religious continuum with infinite shades has replaced the previously limited number of clear-cut categories. The previously rigid geographical patterns of religions have dissipated and an individualisation of religious beliefs has been occurring. Religion has nevertheless retained a persistently strong presence in societies worldwide and remains a significant factor in social dynamics.*
- *Another development is the general acceptance and internationalisation of the doctrine of human rights. Most of the documents that embody this doctrine contain provisions regarding the right to education, the right to freedom of choice, including of religion. Increased migration has brought renewed attention to all the different rights contained in the doctrine of human rights, particularly the demand that newcomers should be afforded the same religious rights as the current citizens of a state.*
- *The rise of communication and information technology and of globalisation has contributed to the decline of the power of nation states. People have gained so much power at grassroots level that they have in the recent past contributed to the collapse of governments (e.g. the recent Egyptian revolution inspired by Facebook inscriptions).*

*Theocratic governments / rulers have traditionally used (and abused) religion by imposing a particular religion on upcoming generations, on schools and even communities and states, thereby maintaining a powerful grip on society. This approach has been relinquished since the middle of the twentieth century. The growing respect for human rights and religious diversity has brought an end to the hegemony of a ruling class. This has had several repercussions in the religious domain. Some countries opted for a secularist approach that entailed the total banning of religion from the public domain and hence from all public schools. Other countries opted for widening the range of religions about which learners could learn in school. Other approaches gradually also took shape, for instance integrative religion education for the purpose of acquainting the learners with as many religions as possible to help them function in a multi-cultural and multi-religious social environment and to learn to be tolerant towards those with a different religious background and commitment. This embodied a shift away from a confessional approach, i.e. the teaching of youngsters to make them adherents of a single religion.*

*In addition to these approaches, researchers have identified four other basic approaches to religion: exclusivism and inclusivism, with pluralism and life conceptual coexistence on the continuum between these two extremes. Exclusivism is rejected by experts in the field since it does not reckon with religious diversity. Inclusivism is in turn regarded as over-optimistic; interreligious differences, conflict and the rise of individualism are so rife in the world that inclusivism can hardly be contemplated. They are also sceptical about pluralism because it fails to establish firm religious roots in children. Secularism, as the banning of all religion from the public domain, is also met with scepticism because children need religious commitment in their lives to become fully-fledged mature individuals. The banning of religion from schools and the public domain is also not consonant with the tenets of the doctrine of human rights. To allow learners a choice among only a few (top-down prescribed) religions in schools also seems questionable in that it appears too narrow and too static; it does not take into account the huge diversity and dynamic nature of religions in the world, and of the growing multi-religious nature of modern populations. Integrative religion education, in turn, could receive favourable consideration if offered in conjunction with confessional religion education. Integrative religion education is unacceptable, however, if offered instead of confessional religion education. Rejection of this option is based on the fact that integrative religion education can only deal with the superficial features of religions and cannot help learners decide on a religion that they could truly commit to.*

*Of all the available approaches to religion in education available in the contexts of the different education systems worldwide, and of the dynamics of the modern world (notably its demographics as a result of mass migrations and increased mixes of religions), it seems best to allow parents and school communities to exercise a choice regarding the religion or the mix of religions to which they wish to expose the learners in their school. The ethos and confessional orientation of the school should reflect the religious preferences of the parents. This approach seems to be the most democratic and feasible in current conditions.*

*This conclusion chimes with the perspectives flowing from the social space and ethical action or function theory. A school is a local entity or societal relationship that occupies a specific space in our life-world. It is employed by a particular community (parents, the wider community, learners and so on) and performs a unique function in society. While the central government and other higher authorities may promulgate broad policy guidelines, also regarding religion in / and education, it should be left to the school community to decide for itself about the religious character of the school. In view of the discussion above, it would be*

*most prudent for governments to prescribe an approach of life-conceptual coexistence as general guideline for school communities and to expect each school community to express its own unique interpretation of the guideline. This would be the most appropriate approach in countries characterised by multi-culturalism and multi-religionism and would also be an apt expression of the ethical demands expounded by the theory in that it expresses care for the interests of the “other” (i.e. adherents of all religions that differ from one’s own).*

**KEY CONCEPTS:** demographics, democratisation, religion, human rights, multi-cultural societies, education, social space and ethical function or action theory

**TREFWOORDE:** demografie, demokratisering, godsdienst, menseregte, multikulturele samelewings, onderwys, sosiale ruimte- en etiese funksie- of handelingsteorie

## OPSUMMING

Hoewel die wêreld aansienlike veranderinge ondergaan het weens 'n verskeidenheid van kontekstuele magte wat invloed uitoefen op regerings, gemeenskappe, onderwysstelsels en uiteindelik ook skole, het die probleem van religieuse onverdraagsaamheid ongelukkig nie gewyk nie. Die uitwissing van hierdie probleem van godsdienstige geweld en gedrag kan nie bedink word sonder om die plek en rol van onderwys en onderwysstelsels in die hedendaagse voortdurend veranderende wêreld in ag te neem nie. Al die magte wat 'n invloed uitoefen op die lewens van mense en ook op die onderwys en onderwysstelsels het 'n aantal benaderings tot godsdienst en godsdiensonderwys in skole na die oppervlak gebring. Nadat die verskillende benaderings in die artikel beoordeel is, word die gevolgtrekking gemaak dat 'n benadering bekend as lewensbeskoulike saamlewe tesame met 'n konfessionele benadering (deur die keuse van die ouers van die skool se leerders bepaal) in die onderwys as die beste beskou moet word omdat dit strook met die wyd aanvaarde leer van menseregte, en ook omdat dit strook met die perspektiewe van die teorie wat in die artikel gebruik is as konseptuele en teoretiese lens waardeur die problematiek bekyk is, te wete die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie*.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die webwerf *Wikipedia* hou deurlopend rekord van die getal terreurdade wat wêreldwyd gepleeg word. Elke incident word beoordeel op grond van die webwerf se definisie van 'n terreurdada (dit is, die doelbewuste aanwending van geweld as middel om vrees te wek, ten einde 'n politieke, religieuse, finansiële, of ideologiese doel te bereik), en die besonderhede daarvan (soos die dodetal en die motief daaragter) word uiteengesit met verwysing na berigte in die pers en openbare verklarings van onder meer regerings. Tussen 1 en 23 Junie 2017 (lg. die eerste dag van skrywe van hierdie artikel) is daar reeds 89 terreurdade gepleeg, waarvan slegs sewe geen noodlottige ongevalle tot gevolg gehad het nie. Ten minste 79 van die dade kan aan religieuse dryfvere toegeskryf word (*Wikipedia* 2017). Net 'n week later is berig dat meer as 'n halfmiljoen Rohingya ('n Moslem-minderheidsgroep van bootmense) uit Myanmar moes vlug (Dias 2017:22-27). Dit is hieruit duidelik dat terreur op grond van religieuse/godsdienstige motiewe 'n internasionale vraagstuk geword het.

Die vraagstuk het Suid-Afrika nie verbygegaan nie. Ten tye van die skryf van die artikel (Junie 2017) is die Departement van Basiese Onderwys se webwerf byvoorbeeld gesaboteer deur 'n kuberkraker met 'n religieuse motief (Anon. 2017). 'n Bom is enkele jare gelede in

'n Kaapse restaurant geplant in die naam van godsdiens (ten onregte, volgens Islam-teoloog Hussain Solomon, want die Islam is in wese 'n "godsdienst van vrede") (Potgieter 2014:32). Potgieter (2014:29) kom voorts tot die gevolg trekking dat baie van die dade gepleeg deur die People Against Drugs-organisasie in die Wes-Kaap ook deur Islam-fundamentalisme geïnspireer is. Dieselfde kan volgens hom ook gesê word van die Imam Haroon Brigades (Potgieter 2014:102, 124-125).

Sulke religieus geïnspireerde dade en optredes asook die onlangse hofuitspraak oor die plek van godsdiens in skole (Kruger 2017:4), dui daarop dat die rol van religie/godsdienst regoor die wêreld, en ook in Suid-Afrikaanse skole, steeds 'n kontensieuse onderwerp is, en om besinning roep.

In die hedendaagse wêreld word na die georganiseerde onderwys opgesien as 'n kerninstrument om wêreldvrede te bewerkstellig. Die missieverklaring van die United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO), die onderwysafdeling van die Verenigde Nasies, stel onder meer: Aangesien oorloë in die gedagtes van mense begin, is dit ook die logiese plek om vrede te bevorder (deur die onderwys) (UNESCO 1945). Anders gestel: die wrywing wat weens religieuse/godsdiestige verskille tussen mense en groepe ontstaan, kan voorkom en uit die weg geruim word deur die bevordering van 'n gesindheid van interreligiositeit en godsdienstige verdraagsaamheid, onder meer deur die onderwys. Ten einde interreligieuse wrywing soos hierbo beskryf, en die bedreiging wat dit vir wêreldvrede inhoud, goed te kan verstaan, moet 'n mens eers 'n begrip kry van die demografiese stand van sake (waardeur onder meer mense met verskillende geloofsoortuigings met mekaar in aanraking kom), van die politieke situasies waarbinne konflik (kan) ontstaan en konflikoplossing (kan) plaasvind, en ook van die religieuse aard en samestelling van die hedendaagse samelewing.

Onderwys en skole is eue gelede in aansyn geroep op grond van die verwagtinge wat die samelewing destyds gekoester het. (Die ontstaansgeschiedenis en -rede vir skole word in meer besonderhede later in die artikel, in afdeling 4.1, bespreek). Onderwys is een van die oudste praktyke in die menslike bestaanruimte. Die hele post-Tweede Wêreldoorlogse bedeling word gekenmerk deur 'n deurlopende diskloers rakende die onderwys en onderwyshernuwing (sigbare bewys hiervan is 'n *legio* kommissies en nasionale ondersoeke na onderwys internasionaal). Noudat 'n totaal ander leefwêreld as selfs die samelewing van dertig jaar gelede aangebreek het, moet opnuut besin word oor die doel en aard van die onderwys en van die onderwysstelsel. Onderwys en godsdiens/religie (as werklikheid in die samelewing) was nog altyd, vandat die eerste skole opgerig is, nou met mekaar verweef. Eeuvelank was die onderwys in die heersende godsdiens gefundeer. 'n Mens dink hier aan byvoorbeeld die antieke Joodse tradisie wat verband hou met die *bar mitzvah*, die Indiese Bhagavad Gita, die Sunday School-opvatting in Engeland wat openbare skole voorafgegaan het en dies meer. Onderwys was die primêre medium waardeur opkomende geslagte aangaande hulle godsdienstige tradisies en praktyke opgevoed is. Hierdie opvoeding, soos in inisiasiesskole in Afrika, het ook die spirituele en die meta-fisiese dimensies van hulle leefwêreld vir hulle ontvou. (Soos vermeld word die geskiedkundige / historiese trajek van godsdiensoronderwys as 'n hoofmoment in openbare skole in afdeling 4.1 hieronder in meer besonderhede bespreek.)

In die lig van die hedendaagse religieus geïnspireerde onverdraagsame optredes van mense en groepe mense in die wêreld, soos hierbo aangetoon, moet daar opnuut (en telkens weer) besin word oor die rol van die onderwys (en skole) in die voorkoming of die hantering van die probleem van interreligieuse onverdraagsaamheid.

Die doel van die navorsing wat in hierdie artikel gerapporteer word, was om vas te stel wat die implikasies is of kan wees van die mees onlangse demografiese, politieke en religieuse/

godsdiensige tendense in die wêreld vir onderwys ter bevordering van interreligieuse toleransie. Meer spesifiek moes die ondersoek die vraag beantwoord of 'n sekulêre onderrigbenadering, 'n keuse uit 'n beperkte getal godsdiensvir vergelykende godsdiensdoeleindes of 'n integrerende godsdiensonderrigbenadering die beste sal wees om leerders toe te rus vir interreligieuse verdraagsaamheid en die bevordering van vredesame naasbestaan in die hedendaags wêreld.

Die bespreking begin met 'n uiteensetting van die teoretiese raamwerk waarop die ondersoek gefundeer was, gevolg deur 'n bekyking deur hierdie teoretiese lens van die demografiese, politieke en religieuse tendense wat hulle tans in die wêreld voltrek. Die implikasies van hierdie tendense vir die onderwys in die algemeen, en vir onderwys ter bevordering van interreligieuse toleransie in die besonder word daarna bespreek, en vervolgens word 'n antwoord op die probleemvraag gewaag.

## 2. TEORETIESE RAAMWERK

Die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie* soos deur Van der Walt (2017, voetnota 5) verwoord, is gebruik as teoretiese lens vir die bekyking (beskrywing) van die onderwys en die onderwysstelsel in die algemeen. Die teorie gaan van die veronderstelling uit dat 'n onderwyssituasie respektiewelik 'n onderwyssstelsel 'n eie unieke sosiale plek (ruimte) in die samelewning het of inneem. Anders gestel, dit beslaan 'n ruimte waarin mense of groepe mense onderling met mekaar verkeer rondom 'n gesamentlike en gedeelde belang. Daar is dus, volgens die teorie, 'n inherente samehang tussen die ruimte wat beslaan word (waarbinne onderwys plaasvind en waarbinne die onderwyssstelsel funksioneer) en die sosiale aspek van die werklikheid (omgang en verkeer tussen mense). Die sosiale is egter net een van die modaliteite (aspekte of synswyses) van die werklikheid wat met die ruimtelike (spasie) saamhang; al die ander synswyses of modaliteite van die werklikheid is op verskillende maniere deur antisipasies (vooruitskouings) of retrosipasies (terugwysings) daarby betrokke. Dit verklaar waarom daar byvoorbeeld ook so 'n diepe samehang tussen die onderwys(stelsel) en religiositeit as modaliteit van die werklikheid (die geloofsaspek van die werklikheid) is, waarom daar 'n inherente samehang tussen die onderwys- en onderwyssstelseluimte en byvoorbeeld getal (demografie, bevolkingsgetalle en -aanwas), die ekonomie (waarde vir geld bestee aan die onderwys) en dies meer is.

Die teorie stel voorts dat elke entiteit (in hierdie geval die onderwys as handeling en die onderwyssstelsel as gesystematiseerde of georganiseerde struktuur) 'n eie unieke skeppings- mandaat, of doel, funksie en roeping het, en dat hierdie funksie of doel met toewyding en toerekenbaar nagestreef behoort te word. Hierdie handelinge of funksies moet plaasvind binne die eie unieke sosiale ruimte van die betrokke lewensverband (die onderwys respektiewelik die onderwyssstelsel) en met inagneming van en eerbied vir die outonomie en selfgelding van alle ander sosiale ruimtes in die betrokke leefwêreld. Hierdie uitgangspunt kom daarop neer dat die onderwys en die onderwyssstelsel die ruimtes erken wat beslaan word deur byvoorbeeld die betrokke ouergroep, die kerke, die sakewêreld, ensovoorts. (Dit moet egter in gedagte gehou word dat al hierdie sosiale ruimtes met mekaar saamhang ("samehang" kan dui op harmonieuse samewerking aan die een kant, maar ook op [langdurige] spanning tussen sosiale ruimtes). So, byvoorbeeld, kan die leerder in die skool ook die kind van ouers wees, lid van 'n gesin wees, lidmaat van die kerk wees, en burger van die staat wees.

Die eerbied vir, en die samehang tussen die verskillende samelewingsentiteite word beheers deur die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring (elke samelewingskring is vir die

eie bestaan en funksionering verantwoordelik) en die teenhanger daarvan, die beginsel van enkapsis (die verskillende samelewingskringe hang met mekaar saam). Ingevolge hierdie beginsel-tweeling is daar tegelyk 'n noue samewerking en wedersydse erkenning van selfstandigheid tussen die onderwys- en die onderwysstelselruimtes en die religieuse faset van die werklikheid asook die religieuse of godsdiestige instellings in die samelewing. Die nie-erkennings van hierdie beginsels kan tot konflik tussen samelewingskringe lei. Omdat die samehang tussen hierdie "entiteite" nie eenvoudig-reglynig verstaan- of beskryfbaar is nie, tree daar in die praktyk allerlei uitwasse in die verhouding in, soos wat in die inleidende paragrawe van hierdie artikel beskryf is (soos godsdiestige intoleransie, gebrek aan eerbied vir godsdiestige verskille, godsdiestige terreur, en dies meer). Daar vind allerlei vorme van grensoorskryding in die naam van godsdiens (asook ander invloede, soos sekulariteit wat die identiteit van bepaalde groepe kan bedreig of ontken) plaas.

Grensoorskryding van hierdie aard is in stryd met die derde hoofbeginsel van die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie*. ("Handeling" en "funksie" dui in hierdie verband op optrede, op daadwerklike handeling, en nie in eerste instansie op die etiese as modale funksie van die werklikheid of die mens nie, hoewel dit uiteraard daarmee verband hou en daarmee saamhang – vgl. Strauss 2005). Hierdie hoofbeginsel dui, na gelang van hoe 'n mens die etiese verstaan, op gedrag of optrede wat geskoei is op 'n gebrek aan liefde en eerbied vir die ander, op 'n gebrek aan omgee vir die belang van die ander, op 'n gebrekkige siening van die reël om aan ander te doen soos jy aan jouself gedoen wil hê, swak insig in die Kantiaanse imperatief dat 'n mens so moet optree dat, indien jou optrede die reël vir almal sou word, dit vir almal aanvaarbaar behoort te wees, of die *ubuntu*-beskouing dat 'n mens slegs mens is saam met ander mense en dat daar dus aan alle mense goedheid bewys behoort te word. Gehoorsaamheid en onderwerping aan hierdie moreel-etiese reël lei daar toe dat alle samelewingsvorme en individue se sosiale ruimtes erkenning kry en naas mekaar kan bestaan. Elkeen het dan die ruimte om eie betekenis (ook godsdiestig) aan sy of haar lewe en bestaan te heg en sodoende waarde toe te voeg aan die bestaan van die mensdom. Dit volg feitlik vanself uit die voorgaande dat interreligieuse verdraagsaamheid en naasbestaan die norm sal wees in 'n samelewing waar die beginsels van die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie* sou geld.

Al die voorgaande gesigspunte kan gedemonstreer word aan die hand van die onderwys as sodanig en van die onderwysstelsel waarvan 'n betrokke onderwyspraktyk deel vorm. 'n Onderwysstelsel is die uitkoms van kontekstuele maatskaplike kragte, naamlik geografie, demografie, ekonomiese, sosio-kulturele struktuur, politiek en religieus-lewensbeskoulike tendense (Steyn et al. 2015:1140). Anders gestel, dit vorm die sosiale ruimte waarbinne al hierdie kragte saamgesnoer word tot 'n sinvolle stelsel-matige eenheid. Die Japannese onderwysstelsel is byvoorbeeld die gevolg van, of die sosiale ruimte gevorm deur die geografie, demografie, politiek en so meer van Japan, asook na-Tweede Wêreldoorlogse invloede en imperatiewe wat van buite op die Japannese samelewing ingewerk het.

Die wetenskaplike veld Vergelykende Opvoedkunde het 'n drie-in-eenperspektief op hierdie stelsel-matige onderwysruimte:

- 'n onderwysstelselperspektief: Die Vergelykende Opvoedkunde fokus op onderwysstelsels as stelsels, hetsy nasional, provinsiaal of plaaslik, en dan veral as sosiale ruimtes wat die aspirasies van die betrokkenes probeer beliggaam en bevredig,
- 'n kontekstuele perspektief, waarvolgens hulle bekhou word as sosiale ruimtes wat as die uitkoms van vormgewende kontekstuele maatskaplike kragte tot stand kom of gekom het, en

- 'n vergelykende perspektief, waarvolgens verskillende onderwysstelsels in hulle kontekste en as onderskeibare sosiale ruimtes met mekaar vergelyk word. Sodoende word die onderskeie onderwysstelsel-samelewingskontekste van nader bekyk (*cf.* Wolhuter 2015:17). In terme van die *sosiale ruimte- en etiese funksie- of handelingsteorie* beteken dit dat die samehange in terme van die tweelingbeginsels van soewereiniteit-in-eie-kring en enkapsis ondersoek word.

Dit is uit die voorgaande uiteensetting van die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie* duidelik dat dit voorsiening maak vir 'n bepaalde handelings- of optrededinamika. Weens al die invloede wat op 'n sosiale ruimte soos die onderwys as sodanig en op die onderwysstelsel waarbinne dit plaasvind, inwerk, is die onderwys sowel as die stelsel aan voortdurende verandering onderworpe. (Hierdie gevolgtrekking strook met die gedagte van die samehang tussen die universele of algemene en die unieke of besondere: 'n onderwysstelsel bly 'n onderwysstelsel solank dit aan die grondtrekke van onderwysstelsel-wees voldoen, al vind daar allerlei veranderinge in die besondere of unieke praktiese vergestalting daarvan in 'n bepaalde plaaslike sosiale ruimte plaas.) Dit is in die lig van hierdie ontologie dat kritiek uitgeoefen kan word teen skool- en onderwysstelsels wat weerstandig is teen aanpassing by tye. Die uitdrukking "Sabeltand-stelsel", ontleen aan die titel van 'n werk van Peddiwell (1939, 2004), word dikwels gebruik om die kritiek te beliggaam dat onderwysstelsels neig om verouderd en anachronisties te raak (vgl. bv. Scott 2017).

Die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie* word nou in die volgende afdeling gebruik as teoretiese lens om te toon hoe 'n verskeidenheid sosiale magte en kragte in onlangse tye saamgewerk het om die sosiale ruimte waarin die onderwys en die onderwysstelsel in die eerste dekades van die 21ste eeu ontplooи, te bepaal. Daarna word aangetoon hoedat hierdie sosiale ruimte deur samehange met die religieuse/godsdienstige samelewingsmagte en -kragte kan of behoort te lei tot groter en meer omvattende interreligieuse toleransie en tot onderwys gemik op die bybring van groter interreligiositeit.

### **3. SAMELEWINGSKRAGTE BEKYK DEUR DIE LENS VAN DIE SOSIALE RUIMTE- EN ETIESE HANDELINGS- OF FUNKSIETEORIE**

Drie opvallende, onderling samehangende demografiese tendense wat hulself tans in die wêreld voltrek, is die bevolkingsontploffing, die toenemende mobiliteit van die bevolking, en toenemende multikulturele samelewings. In die volgende uiteensetting word hulle eers afsonderlik bespreek, en daarna aangetoon hoedat hulle afsonderlik en gesamentlik die sosiale ruimte waarin onderwys en onderwysstelsels funksioneer, bepaal en beïnvloed. Dit is juis hierdie demografiese tendense wat multireligieuse samelewings tot gevolg het, en waardeur religieuse spanninge in die onderwysruimte ontstaan. Die onderwys en onderwysstelsels asook skole moet in hierdie omstandighede funksioneer en, soos die UNESCO-verklaring hierbo stel, bydra tot die verligting van religieuse spanninge tussen individue en groepe.

#### **3.1. Die bevolkingsontploffing**

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu is die wêreld deur 'n bevolkingsontploffing gekenmerk. Sedert 1950 het die wêreldbevolking bykans verdriedubbel, vanaf 2 525 149 312 in 1950 tot 7 515 284 153 in (die middel van) 2017 (Population Pyramids 2017). Hoewel die tempo van bevolkingstoename stadig besig is om af te neem – tans is die tempo van toename van die wêreldbevolking 1.1 persent per jaar (United Nations 2017:1) – het dit toegeneem met 1.6 persent per jaar gedurende die tydperk 1990–1998 (World Bank 2000) en 1.2 persent per

jaar in die periode 2000–2015 (Population Reference Bureau 2016). Daar word nog steeds 89 795 313 mense jaarliks tot die wêreldbevolking toegevoeg (Population Reference Bureau 2016). Wat vir die doeleindes van die tema van hierdie artikel belangrik is, is dat 98 persent van hierdie toename plaasvind in die ontwikkelende lande: 88 661 107 in die ontwikkelende lande, teenoor slegs 1 134 242 in die ontwikkelde lande (Population Reference Bureau 2016).

Daar bestaan voorts groot verskille in die tempo van bevolkingstoename tussen die verskillende wêreldstreke: vanaf 0.3 persent per jaar in Europa en Sentral-Asië (waar sommige lande reeds 'n negatiewe bevolkingsgroeikoers het, byvoorbeeld Georgië -1.2 persent per jaar, Hongarye -0.2 persent per jaar, en Bulgaria -0.9 persent per jaar) tot Sub-Sahara-Afrika se snelle bevolkingsaanwas van 2.7 persent per jaar (World Bank 2017).

### **3.2. 'n Toenemend mobiele bevolking**

Die kommunikasie- en vervoerrevolusie het tot gevolg dat die wêreldbevolking 'n toenemend mobiele bevolking raak. In 1800 het mense in die Verenigde State van Amerika gemiddeld 50 meter per dag gereis; tans reis die gemiddelde Amerikaner 50 kilometer per dag (Urry 2007:3-4). Dit is nie net daaglikse/korttermynmobiliteit wat so toegeneem het nie; ook permanente en langtermynmigrasies het. Die getal internasionale migrante in die wêreld het toegeneem vanaf 79 miljoen in 1960 tot 175 miljoen in 2000 (Steyn & Wolhuter 2008:16), tot 214 miljoen in 2012 (International Organisation for Migration 2012) en tot 232 miljoen in 2015 (International Organisation for Migration 2015). In die jaar 2000 was een uit elke 35 mense op aarde 'n internasionale migrant (Steyn & Wolhuter 2000:16), in 2012 een uit elke 33 mense (International Organisation for Migration 2012), en in 2015 een uit elke 31.6 (International Organisation for Migration 2015).

In die internasionale migrasiepatrone is twee vektore opvallend: 'n suid- na noordmigrasie en 'n oos- na wesmigrasie: van die Globale Suide (Afrika en Latyns-Amerika) na die Globale Noorde (Wes-Europa en Noord-Amerika) en vanaf die ooste (Midde-Ooste en die res van Asië) en Oos-Europa na Wes-Europa en Noord-Amerika. Naas die feit dat die bevolkingstoenametempo in die ooste groter is as in die weste, en in die suide groter as in die noorde dien die swakker ontwikkelde ekonomiese en politieke onstuimigheid in die Globale Suide (wat byvoorbeeld tans en in die onlangse verlede baie opvallend is in die Midde-Ooste en Noord-Afrika) as stootkragte terwyl die relatiewe welvarendheid en politieke stabiliteit in die Globale Noorde trekkragte is. Naas die politieke en ekonomiese dryfvere agter migrasie is daar egter ook nog ander faktore. Godsdienstvervolging is byvoorbeeld die rede vir die groot uitstroming van Moslemvlugtelinge uit Myanmar. Die soek na goeie onderwys en goeie skole is die dryfveer vir migrasies binne Suid-Afrika asook uit die buurlande na Suid-Afrika. In die 2018-skooljaar het skole in die Gautengprovinse byvoorbeeld 101 585 leerders van buite die provinsie en 22 924 leerders van buite Suid-Afrika toegelaat (dié getalle het toegeneem vanaf onderskeidelik 77 702 en 12 344 slegs twee jaar gelede, in 2016) (Govender 2018:1).

### **3.3. Toenemende multireligieuse samelewings**

Die vermelde migrasiepatrone het tot gevolg dat samelewings meer heterogeen word. Een aspek van hierdie toenemend multikulturele samelewings is die toenemende religieuse diversiteit. In die Verenigde State van Amerika beskryf slegs 70.6 persent van die bevolking hulself as Christene, terwyl 'n minderheid, 46.7 persent van die bevolking Protestantse Christene is (Pew Religious Center, 2017). Na die beëindiging van die Koue Oorlog in 1990 was een model waarna gegryp is ter beskrywing en begrip van die na-Koue Oorlogse wêreldorde

dié van Huntington (1996) wat die wêreld in nege religieuse-geografiese beskawingsblokke verdeel het: Katolieke Wes-Europa (dit is die Suide van Wes-Europa), Protestants-Europa (die noordelike helfte van Wes-Europa, asook Noord-Amerika), Oos-Europees Ortodokse, Islamgebiede (Noord-Afrika en Midde- en Nabye-Ooste), Hindhoeïstiese streke (bakermat Indië), Boeddhistiese (Suid-Oos-Asië), Confucianistiese (Oos-Asië), Latyns-Amerika en Sub-Sahara Afrika. So 'n religieus-geografiese kompartimentalisering van die wêreld bly ten beste 'n onhoudbare vereenvoudiging soos blyk uit die nuutste statistiek, hierbo aangehaal. Om Sub-Sahara-Afrika byvoorbeeld aan die hand van die gemeenskaplike eienskappe van pre-koloniale Afrikakultuurgodsdienste te probeer (stereo)tipeer, kom neer op die ontkenning van die historiese rol van Christensendelinge; ook van die feit dat daar vandag meer belydende Christene in Afrika is as in Europa; om van die teenwoordigheid van ander godsdienste soos die Islam nie eens te praat nie.

Die hedendaagse meer ingewikkelde religieuse samelewingspatroon het verskeie tendense na vore gebring. Hulle sluit 'n waarde-revolusie, die volgehoub teenwoordigheid van godsdien, die vervaging van die formele groepskarakter van godsdienstbeoefening, 'n godsdien-spiritualiteitskontinuum, en die individualisering van godsdienstige oortuigings in.

### *3.3.1 Die waarderevolusie*

Waardes word sterk deur godsdienstige oortuigings beïnvloed. Groeiende individualisme, die opkoms van minderheidsbelanggroepes, versterk deur die toenemende bevolkingsmobilitet, en ook die toename in massa- en sosiale media het 'n diversiteit van waardesisteme tot gevolg wat neig om die tradisionele waarde-homogene samelewings van voorheen te vervang. In die geval van die Globale Suide is dit nie slegs plaaslike waardesisteme wat al meer in noue geografiese kontak met mekaar gebring word nie; ook die waardes van die Globale Noorde (of dan Noord-Amerika en Wes-Europa) word deur die meesleurende krag van globalisering en die wêreldwye neo-liberale ekonomiese revolusie en die waardesistem wat aan hierdie revolusie gekoppel is, na die nasies van die Globale Suide gebring. Dalin en Rust (1996:65) meen dat daar 'n versoening sal moet plaasvind tussen al die waardesisteme wat aan die ontstaan is ten einde vreedsame naasbestaan te bevorder. Hierdie gedagte sluit aan by Fukuyama (1999) se gedagte van die noodsaak van "sosiale kapitaal" as "'n stel informele waardes en norme wat deur 'n samelewing eerbiedig moet word ten einde nouer samewerking tussen mense te bemoontlik".

### *3.3.2 Die volgehoub teenwoordigheid van religie in die samelewing*

Die stelling word dikwels gemaak dat die huidige samelewing 'n post-religieuse een is. In weerwil hiervan bly godsdien 'n belangrike faktor in die lewens van individue sowel as in die samelewing. 'n Opname in 2012 in 213 lande het bevind dat 84 persent van die wêreldbevolking hulself nog as behorende tot die een of ander religieuse affiliasie beskou (Pew Research Center 2012). Die Pew Research Center (2015) se data en projeksies rakende die wêreldbevolking se godsdienstige oortuigings toon dat hierdie tendens tot selfs 2 050 sal voortduur. In Sub-Sahara-Afrika het die getal Christene en Moslems (as die twee grootste geloofsgroepe in die wêreld) tussen 2000 en 2015 met onderskeidelik 64.48 miljoen en 38.24 miljoen toegeneem; in Latyns-Amerika is die ooreenstemmende syfers 30.57 miljoen en 20 000; en in die Noord-Afrika-Midde-Oostestreek 960 000 en 32.09 miljoen (Pew Research Center, 2017). Die godsdienssituasie word gekompliseer deur die vervaging van die groepskarakter van godsdienst deur die groei van die religieus-spiritueel-agnosties-ateïsties-kontinuum, en deur die toenemende individualisering van godsdienst.

### *3.3.3. Die vervaging van die georganiseerde groepsmanifestasie van godsdiens, en die groei van 'n religieus-spiritueel-agnosties-ateisties-kontinuum*

Formele, georganiseerde godsdiensbeoefening kan in die hedendaagse samelewning nie sonder meer as noodsaklike element van godsdiestig-wees beskou word nie. Die 16 persent van die wêrldbevolking wat hulself volgens bovermelde opname van die Pew Research Center (2012) as nie-behorende tot enige geloofsassosiasie beskou nie, is nie almal noodwendig ateisties of agnosties nie. In die Verenigde State van Amerika, byvoorbeeld, glo 68 persent van mense wat nie aan enige georganiseerde geloofsgroepering behoort nie, nog steeds aan die bestaan van 'n God (Pew Research Center 2012). Dan is daar mense wat hulself as nie-godsdiestig maar wel as spiritueel beskou, ander as godsdiestig en spiritueel, en ander as nòg godsdiestig nòg spiritueel.

### *3.3.4 Die individualisering van religieuse oortuigings*

In 'n tyd van groeiende individualisme pas mense nie meer netjies en presies in kategorieë soos "Protestantse Christen" of "Sikh-Moslem" nie. 'n Oneindig ryker en meer komplekse tapisserie van geïndividualiseerde geloofsoortuigings is besig om vorm aan te neem (cf. Van der Walt et al. 2010). Die term "kafeteria-Christenskap" word byvoorbeeld gebruik om aan te dui dat elke Christen self die eienskappe van Christenskap uitsoek wat hy/sy wil aanhang, eerder as om 'n konvensionele denominasie se dogma te onderskryf. In sulke omstandighede omvat terme soos "Protestant" of "Sikh" hoogstens die gedagte van 'n idealtipe (in Weberiaanse sin).

### *3.3.5 Verhoogde konflikpotensiaal*

Die groeiende verskeidenheid geloofsoortuigings, benewens die de-territorialisering van die geloofspatroon van die wêrld (dit wil sê, die wêrld bestaan al minder uit 'n stel geografies-homogene en van mekaar onderskeibare godsdiensblokke), en die feit dat aanhangers van elke geloofsoortuiging aanspraak kan maak op 'n hele lys menseregte wat verband hou met die beoefening van sy/haar geloof, skep verhoogde potensiaal vir interreligieuse konflik. Hoe werklik hierdie konflikpotensiaal is, is duidelik uit gebeure tans en in die onlangse verlede in plekke soos Myanmar, Nigiërië en Sirië. Die konstante moontlikheid van konflik onderstreep egter ook die behoefte aan die bou van brûe, aan die skep van sosiale kohesie en van sosiale kapitaal, en aan die bevordering van inter-religieuse toleransie.

### *3.3.6 Die opkoms van die Leer van Menseregte*

Terwyl die Leer van Menseregte 'n eeu-eue aanloop het – die eerste wortels daarvan kan in die agtiende eeu bespeur word, met die filosofie van John Locke, die Grondwet van die Verenigde State van Amerika, en die Verklaring van die Regte van die Mens net na die Franse Revolusie van 1789 – het die gruwelade van die Tweede Wêreldoorlog en die jare wat dié oorlog voorafgegaan het, die gedagte van menseregte hoog op die agenda van nasionale state en supranasjonale groeperinge geplaas. 'n Mens sou kon beweer dat dit as "geloofsartikel" aanvaar en as sodanig geïnternasionaliseer is. Die kern daarvan is dat elke mens geregtig is op 'n stel basiese menseregte wat onvervreembaar en onaantastbaar is, en verhewe is bo die wil van enige meerderheid. Die Leer van Menseregte is mettergaan opgeneem in baie lande se grondwette, in die grondwette van supra-nasjonale groeperinge (soos die Europese Unie)

en word onderskryf en bevorder deur internasionale organisasies, byvoorbeeld die Verenigde Nasies in sy Handves van Universele Menseregte, aanvaar op 10 Desember 1948 (cf. United Nations 2016). Sulke Handveste van Menseregte bevat onder meer bepalings oor die reg op onderwys, en die reg tot vrye keuse en beoefening van godsdienst.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die Leer van Menseregte ook beperkinge het. Alhoewel Handveste (implisiet indien nie eksplisiet nie) groepsregte net soveel as individuele regte beskerm, is dié twee dikwels in konflik met mekaar. In Suid-Afrika, byvoorbeeld, blyk die gelykheidsideaal of -reg nie altyd versoenbaar te wees met groepsregte nie. In 'n lang reeks hofsake en 'n openbare diskous oor veral Spaanssprekende moedertaalleerders is dieselfde dilemma in skole in die Verenigde State van Amerika merkbaar (cf. Komorowska & Krajka 2016:75-80). Vanuit regse politieke oord word die Leer van Menseregte ook verkwalik dat dit vryheid (in die sin van nie-inmenging deur die staat) beperk en uitermate hoë verpligte op mense (byvoorbeeld in die vorm van belasting) lê (McCowan 2013:13). Verder is die regte nie altyd doeltreffend afdwingbaar nie. Die owerheid kan byvoorbeeld slegs die regte tot toepassing bring wanneer daar 'n voldoende vlak van staatsinkomste en doeltreffend-funksionerende instellings (onderwysinstellings, gesondheidsdiensinstellings, ensovoorts) teenwoordig is (*Ibid.*: 16).

### *3.3.7 Kruispunt tussen politieke (menseregte) en demografiese (mobiliteits-)tendense: stroom van politieke vlugtelinge en asielsoekers oor die grense van die historiese hartlande van godsdienste heen*

Een van die trekfaktore in die internasjonale migrasiepatrone wat hierbo aangestip is, is die erkenning van en eerbied vir menseregte in die bestemmingslande. Die migrasiepatrone van politieke vlugtelinge en asielsoekers kruis dikwels die grense van die historiese hartlande van godsdienste. Daar is byvoorbeeld 'n stroom van asielsoekers vanuit die Islamlande na Europa. Tussen 2002 en 2013 was die aantal asielsoekers in Nederland stabiel onder die 20 000 per jaar, met 'n laagtepunt van 9 731 in 2007 (Dijkstra 2017:90). In 2014 het die aanvraag omhoog geskiet, van 29 881 tot 58 880 (*Ibid.*). Scholtz (2015) verwys na hierdie migrasie as die "tweede Europese volksverhuis" ná die Germaanse volksverhuis met die aanbreek van die vroeë Middeleeue. Die Geneefse Protokol van 1951 verplig ondertekenarlande om vlugtelinge wat 'n gegronde vrees het dat hulle in hulle lande van herkoms op grond van geloof, ras of politieke oortuiging vervolg sal word, in te neem en aan hulle dieselfde regte met betrekking tot godsdienst (insluitende in die onderwys) te gee as die inheemse burgers (UNHR, 2017).

### *3.3.8 Demokratisering*

Demokratisering het 'n lang geskiedenis. In die moderne wêreld kan demokratisering teruggevoer word na die revolusies in Europa wat in die agtiende eeu hulle oorsprong het en tot volwassenheid gekom het. In die twintigste eeu is dit deur internasionale druk vanuit die Verenigde Nasies en Wêreldbank versprei en bevorder. Die laaste dertig jaar het dit opnuut stukrag gekry met die bemagtiging van die individu deur die inligtings- en kommunikasierevolusie en die verval van die mag van die nasiestaat meegebring deur die inligtings- en kommunikasierevolusie, die prosesse van globalisasie en die inploffing van die Oosblok gedurende die vroeë 1990's. 'n Golf van demokratisering het vanaf die vroeë jare negentig van die vorige eeu oor oos-Europa gespoel, en spoedig daarna versprei na die lande van die Globale Suide. Wael Ghonim se pleidooie op *Facebook* het byvoorbeeld die Egiptiese revolusie van 2011 ontketen (Stengel 2011:6). Mense eis op voetsoolvak al meer inspraak in besluit-

neming in alle politieke en sosiale strukture, ook wat die erkenning van hulle godsdiens en geloofstandpunte betref.

#### **4. DIE RESPONS VAN DIE NUWE SAMELEWING MET BETREKKING TOT GODSDIENS IN ONDERWYS EN TOT ONDERWYS TER BEVORDERING VAN INTERRELIGIEUSE TOLERANSIE**

##### **4.1 Historiese oorsig: die samehang tussen onderwys en godsdiens**

Volgens beskikbare getuienis het skole vir die eerste keer in Mesopotamië en Egipte ontstaan, teen ongeveer 3 000 vC, kort na die uitvinding van die skryfkuns, vir die opleiding van skribas (Bowen 1982:8). Die antropoloog Yehudi Cohen (1970) het 'n interessante teorie ontwikkel om die ontstaan van skole as instellings te verklaar. Volgens hom (Cohen 1970) het skole vir die eerste keer ontwikkel in wat hy die "beskawingstate" noem. As voorbeeld van "beskawingstate" in die antieke wêreld noem Cohen (1970) Egipte, Mesopotamië, antieke Athene, oud-Israel, Rome, antieke China, antieke Japan, antieke Indië, antieke Ethiopië, en die state van die Inkas en Asteke in Meso-Amerika. Die ontstaan van hierdie state het telkens die amalgamasie van kleiner politeke entiteite soos stamme, families of klein plaaslike gemeenskappe behels. Daar moes 'n klein elite gewees het om die administrasie van dié state te hanteer. Ten einde die integriteit van die staat in stand te hou, moes kleiner, plaaslike lojaliteite en identiteite onderdruk word en vervang word met 'n lojaliteit teenoor die staat. Vir dié doel is skole gestig. Op grond van die teokratiese aard van die antieke beskawingstate, die rol van godsdiens in die ontstaan en legitimering van dié state, en die dubbele rol van die skriba in die administrasie van die staat sowel as in religieuse instellings, kan die stelling gewaag word dat daar al 'n onskeibare eenheid tussen onderwys en godsdiens in die eerste skole bemerk kan word. Terwyl voor die ontstaan van skole enkulturasie (die oordrag van kultuur, insluitende godsdiens, van een generasie na die volgende) mondelings en deur middel van voorlewing-nalewing plaasgevind het, het die skole (beheer deur sentrale politieke magsentrum) dit moontlik gemaak om een kultuur (insluitend godsdiens) op almal (of dan ten minste diegene wat skole bygewoon het) te probeer afdwing.

Na die ontstaan van die eerste skole het die rol van onderwys in die afdwing van die godsdiens van die heersersklas op die onderdaanklas bly voortbestaan. Teen die vroeë Middeleeue was die enigste skole in Europa kerkskole, dit is katedraalskole en kloosterskole (Boyd & King 1994:101-117). Neteenstaande die vormgewende invloed wat geestestrominge soos die Humanisme, Rasionalisme, Naturalisme en Nasionalisme in latere eeuë sou hê op die onderwys in Europa, is onderwys tot goed na die Tweede Wêreldoorlog in Wes-Europa en Noord-Amerika gebruik om die godsdiens van die heersende klas op diegene met minder mag af te dwing. Ten spyte van die "muur tussen godsdiens en staat" as 'n basiese bousteen van die grondwet van die Verenigde State van Amerika, was dit byvoorbeeld 'n gebruik in Amerikaanse skole om die skooldag met (Christelike) Skriflesing en gebed te open, en die gebruik het voortgeduur totdat die School District of Abington Township v. Schempp-, Murray v. Curlett in 1963- en Engle v. Vitale in 1962-hofuitsprake dit ongrondwetlik verklaar het (Mawdsley 2014:87).

In die groot dele van die wêreld wat sedert die vyftiende eeu deur Europese moondhede gekolonialiseer is, was sendingskole die eerste (en lank die enigste) vorm van skole. Skrywers soos Terreblanche (2014) beskryf die Christelike godsdiens (en die voortplanting daarvan deur sendingskole) as die padskraper wat die weg vir Europese oorheersing gebaan het. Selfs na

die onafhanklikheidswording van die eertydse kolonies is onderwys in die nuwe onafhanklike state gebruik om die nuwe regeerders se oppermag te vestig: in Iran (cf. Kamyab 2014) en Maleisië (cf. Loo 2014) word die Islam steeds as die enigste godsdiens in skole verkondig, en die Joodse geloof in staatskole in Israel (cf. Wolhuter 2012:181-182). Met die uitsondering van Kuba en Nicaragua in die tweede helfte van die twintigste eeu vorm die Rooms-Katolieke geloof saam met die Spaanse taal (Portugees in die geval van Brasilië) tot vandag toe die basis van identiteit in Latyns-Amerika, en word dit in staatskole bevoordeel (De Fugueiredo-Cowen & Gvirtz 2009:837). Ten spyte van die omstreden rol van sendingonderwys in die historiese ontwikkeling van onderwys in Sub-Sahara-Afrika figureer godsdiens sterk (dog al minder so) in baie onderwysstelsels in dié streek. In Lesotho – toegegee, 'n ekstreme voorbeeld – is die hele openbare skolesysteem basies kerkskole wat deur die staat befonds word (cf. Lesoli, Van Wyk, Van der Walt, Potgieter & Wolhuter, 2014). Hierby moet ook nog vermeld word die meer onlangse opkoms van privaat onderwysinstellings met 'n duidelike godsdiestige grondmotief in Sub-Sahara Afrika (cf. Carpenter 2017).

#### **4.2 Hedendaagse tendense**

Reeds aan die begin van die twintigste eeu het die posisie van godsdiens in onderwys onder druk gekom; spesifiek in die kommunistiese lande (die voor die hand liggendste voorbeeld die Unie van die Sosialistiese Sowjet Republieke sedert sy totstandkoming in 1917) waar godsdiens uit openbare skole geweer is. Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het daar gaandeweg in die grootste deel van die wêrld 'n radikale ommekeer in die benadering tot godsdiens in onderwys gekom. Dit het in die lande van Wes-Europa, Noord-Amerika asook in Australië en Nieu-Zeeland begin. Weens die groeiende kultuur van respek vir menseregte en die toenemende multikulturerale (insluitende multireligieuse) samestelling van bevolkings is die neiging om 'n bepaalde (heersersklas-)godsdiens in die onderwys te bevorder tot 'n einde gebring. Een van twee beleidsrigtings is hierna gevolg. In sommige lande is godsdiensorde rig met die oog daarop om leerders te beweeg om die godsdiens hulle eie te maak heeltemal uit die skole verban ooreenkomsdig 'n algemene beleid van sekularisasie, dit is die beleid om godsdiens uit die openbare domein te neem (cf. Van der Walt & Wolhuter 2005). Noorweë het byvoorbeeld in 1977 na so 'n beleid oorgeskakel (cf. Hagesaether & Sandmark 2006). Die voorbeeld van die Verenigde State van Amerika is reeds hierbo genoem. Ander lande het die akkommodering van godsdiens in skole verbreed deurdat naas die histories-amptelike dominante godsdiens ook onderrig in enkele ander godsdiens in skole toegelaat word. In Finland, byvoorbeeld, het leerders die keuse om naas godsdiensorde rig in die Lutherse godsdiens ook onderrig in sekulêre etiek te ontvang. In België kan leerders weer kies tussen ses opsies betreffende godsdiensorde rig in staatskole: Rooms-Katoliek (wat histories die enigste was), Protestants-Evangelies, Anglikaans, Ortodox-Joods, Islam, en nie-religieus-humanisties (Loobuyck & Franken 2011:18).

Dit moet egter gestel word dat terwyl hierdie tendense sterk identifiseerbaar is in die lande van die Globale Noorde, dit minder sterk en dringend waarneembaar is in die Globale Suide, soos die voorbeeld van Iran, Maleisië, Lesotho, Latyns-Amerika en Sub-Sahara-Afrika hierbo vermeld, toon.

Naas bovermelde twee beleidsrigtings, wat by uitstek in die lande van die Globale Noorde sigbaar is (sekularisasie en beperkte akkommodering van diversiteit), is daar ook 'n tendens om integrerende godsdiensorde rig programme in skole in te stel (cf. Wolhuter 2013). Die doel van die programme is om leerders bekend te stel met die hoofgodsdiens van die wêrld ten einde leerders toe te rus om in die multikulturele (multireligieuse) samelewings waarin hulle

woon te kan leef en funksioneer, om vreedsame naasbestaan te bevorder en verdraagsaamheid teenoor aanhangers van ander godsdiens te kweek. Hierdie integrerende godsdiensonderrig verskil van konfessionele godsdiensonderrig (godsdiensonderrig waarvan die doel is om leerders 'n bepaalde godsdiens te laat leer ken en aanvaar).

## 5. IMPLIKASIES VIR ONDERWYS VIR INTERRELIGIEUSE TOLERANSIE

In aansluiting by die voorgaande onderskei Wolhuter, Potgieter en Van der Walt (2014) vier basiese modelle van interreligieuse toleransie in samelewings: eksklusiwisme en insklusiwisme as die twee uiterstes op 'n kontinuum, met pluralisme en lewensbeskoulike saamleef as twee benaderings tussen hierdie twee pole. Persone met 'n eksklusiwistiese standpunt beskou hulle eie religie of geloofsoortuigings as die enigste waarheid en enigste korrekte leefwyse en duld geen ander nie. Inklusiwiste probeer daarteenoor om godsdienstige standpunte wat met die eerste oogopslag teenstrydig lyk tot een inklusiewe stelsel te versoen en saam te snoer (Cush & Francis 2006:52). So 'n pluralistiese ingesteldheid bevorder na veronderstelling verdraagsaamheid teenoor ander godsdiens en die siening dat verskillende sieninge van "religieuse waarheid" geldig mag wees. Pluraliste bou hulle standpunt nie sooseer op die gedagte van 'n "objektiewe waarheid" nie, maar eerder op individue se subjektiewe belewenis van hulle eie geloofsbeskouinge (Wolhuter et al. 2014). Die hoofmomente van lewensbeskoulike saamleef is hierteenoor die vashou aan die eie geloofsoortuiginge gekoppel aan eerbied vir en empatie met die geloofsoortuigings van ander en ook 'n dialogiese interaksie met hulle oor etiese vraagstukke. Hierdie dialoog oor etiese vraagstukke word gevoer op grondslag van 'n appé op die kollektiewe gewete van die betrokkenes met die oog op die bevordering van sosiale geregtigheid.

Wolhuter et al. (2014) evaluateer bovermelde modelle en kom tot die gevolgtrekking dat die model van eksklusiwisme afgekeur behoort te word omdat dit nie rekening hou met die toenemende multikulturele samelewings nie en ook nie met die opkoms van die Leer van Menseregte (veral die aspek van vryheid van godsdiens(beoefening)) nie. Inklusiwisme skyn daarteenoor oor-idealenties te wees in die lig van die bestaande gevalle van interreligieuse konflik in die wêreld. Dit druis ook in teen die stroom van toenemende individualisering, ook op godsdiensgebied (soos verduidelik). Pluralisme sluit op sy beurt dialoog ter oplossing van wêreldpolitiese en -maatskaplike vraagstukke met 'n etiese dimensie uit, en skiet in hierdie oopsig tekort in die wêreld van die een-en-twintigste eeu.

Ook teen sekularisasie in die (godsdiens)onderwys kan besware ingebring word. Onderwys behoort gerig te wees op die totale volwassewording van die kind. Godsdiens vervul 'n hele reeks funksies in die lewe van die kind/leerder as toekomstige grootmens. Volgens Proulx (2007) vervul godsdiens ten minste vier funksies in die lewe van die mens: dit gee sin aan die lewe en aan die wêreld, dit help identiteit skep, bied riglyne vir etiese optrede, en verleen geborgenheid en ondersteuning in die hantering van die eise van die lewe en van die wêreld. Te oordeel aan die vermelde persentasies van die wêreldbevolking wat die een of ander godsdiens aanhang kon mense nog geen plaasvervanger vir godsdiens kry om hierdie funksies vir hulle te vervul nie. Deur godsdiens uit skole te weer, word leerders se opvoedende onderwys dus erg verarm. Om daarteenoor slegs 'n beperkte aantal godsdiens te waaruit 'n keuse vir konfessionele godsdiensonderrig gemaak moet word in skole toe te laat, veral as hulle voorgeskryf word deur 'n sentrale regering, is eweneens problematies. Hierdie benadering hou nie rekening met die groei in die verskeidenheid van godsdiens in die wêreld en hulle beoefening nie, ook nie met die toenemende multireligieuse aard van nasionale bevolkings nie.

Die argument teen 'n gesekulariseerde integrerende godsdienstbenadering kan versterk word met twee dieper gesigspunte, naamlik deur eerstens te onderskei tussen religie en godsdienst, waar eersgenoemde radikaal, sentraal en integraal (rigtinggewend) vir die hele lewe en dus ook vir die lewe in 'n skool is (Strauss 2005: 55), en laasgenoemde gedifferensieerd, periferaal en parsieel is. Hierdie onderskeiding open die weg vir die erkenning daarvan dat elke vak op skool (en by universiteite) vanuit 'n diepste oortuiging gerig en gestuur word (vanuit 'n "ultimate commitment"), wat op sy beurt lewensbeskoulike differensiasie in alle skoolaktiwiteite sal kenmerk – waaruit die behoeftes van rigting-gedifferensieerde skole regstreeks voortvloeи. Tweedens kan onderskei word tussen struktuur en religieus-lewensbeskoulike rigting. Godsdiensonderwys bestaan in skole as 'n "struktuur," maar die struktuur vind in skole 'n unieke konkrete en praktiese vorm weens die religieuse en/of lewensbeskoulike rigting wat telkens daaraan gegee word (Strauss 2009:781). In terme van hierdie twee onderskeidings mag 'n bepaalde skool besluit op 'n gesekulariseerde interreligieuse toleransiebenadering in die godsdiensonderwys wat aangebied word, en 'n ander mag besluit op 'n partikularisties-Christelike benadering tot dieselfde vak.

Integratorende godsdiensonderwys het as vak *naas* konfessionele godsdiensonderrig bepaalde voordele in soverre dit as instrument kan dien vir die kweek van interreligieuse verdraagsaamheid en vir onderwys vir wêreldburgerskap. Waar dit egter ingevoer word *in die plek van* konfessionele godsdiensonderrig is dit ten beste 'n onvolledige godsdiensonderrig. Godsdienst as fenomeen vertoon 'n aantal lae: 'n rituele laag; respek vir 'n god-laag; 'n dogmatische laag, 'n filantropiese (of omgee vir ander mense-)laag en ook pistiese en spirituele lae (Wolhuter et al. 2014). Die pistiese laag verwys na die rigtinggewende geloof en vertroue in 'n transendentale mag wat nie waargeneem kan word nie, terwyl die spirituele laag gaan oor 'n belewenis van wees-in en verbind-wees aan die ganse werklikheid (heelal, kosmos), gevul met skoonheid, mysterie, betekenis en goddelikheid. Integrerende godsdiensonderrig kan nie die leerder begelei verder as die heel basiese (dit is, die rituele) van hierdie lae nie.

## 6. GEVOLGTREKKING

Soos in die probleemstelling aan die begin van hierdie artikel gestel, moes die ondersoek wat hier gerapporteer word die vraag beantwoord of 'n sekulêre onderrigbenadering, 'n keuse uit 'n beperkte getal godsdienste vir vergelykende godsdienstdoeleindes of integrerende godsdiensonderrig die beste sal wees om leerders toe te rus vir interreligieuse toleransie en die bevordering van vreedsame naasbestaan in die hedendaagse wêreldopset. Op grond van die voorgaande uiteensetting en redenasie kan hieroor soos volg gekonkludeer word.

Die eeuueoue gebruik in openbare skole om die dominante godsdienst in 'n samelewing op leerders af te dwing deur middel van 'n enkele (voorgeskrewe, afgedwonge) vorm van konfessionele godsdiensonderrig, asook integrerende godsdiensonderrig om die leerders met die hoofgodsdienste van die wêreld bekend te stel, gekombineer met óf sekularisering (verbanning van konfessionele godsdiensonderrig uit skole), óf net 'n beperkte keuse van vorme van konfessionele godsdiensonderrig af te dwing, is nie een in pas met die werklikheid en die eise van die een-en-twintigste eeu nie. Dit skyn die beste uitweg te wees om naas integrerende godsdiensonderwys dit aan die ouers en plaaslike beheerliggame van skole oor te laat om te besluit oor die godsdienst, godsdienstige ethos en vorm(e) van konfessionele godsdiensonderrig (of afwesigheid daarvan) by elke skool. Dit skyn die mees demokratiese en mees aanpasbare (by die diverse en veranderende patroon van godsdienstige oortuigings in samelewings) opsie te wees.

Hierdie benadering spring ook nie kritiek vry nie. (i) Die leerdergroep in skole het divers geraak en vertoon dus 'n diversiteit van godsdienstige oortuigings; (ii) hierdie benadering stel die minderheid in die skoolmilieu bloot aan dominansie deur die meerderheid; daardeur kan die minderheid gemarginaliseer word; (iii) dit aanvaar voorts dat ouers oor die nodige kennis beskik om besluite oor die aard van godsdiensonderwys in die skool te neem.

Hierteenoor staan die argument dat hoe onvolkome en ontoereikend die mate van akkommodering van skooldiversiteit deur die erkenning van skool-selfstandigheid (vgl. die insigte voortvloeiend uit die sosiale ruimteteorie hierbo) bereik kan word, dit tog meer kan wees as 'n blote "een grootte pas almal" gesentraliseerde benadering tot godsdiensonderwys in skole deur 'n nasionale onderwysministerie. Verder is die skoolhegemonie wat deur hierdie godsdiensonderwysbenadering mag ontstaan klaarblyklik minder as die nasionale hegemonie uitgeoefen deur 'n nasionale onderwysdepartement. Handveste van Menseregte en/of wetgewing kan ook aangewend word om ouers en skole se misbruik van outonomie of magsvergrype te beperk. Om skole en ouers op plaaslike vlak meer mag te gee strook nie net met die gevinstige regsbeginsel (in die gemene en internasionale reg) dat in die afwesigheid van ander dringende getuienis dit aanvaar kan word dat ouers die beste weet wat goed is vir hulle kinders nie (*cf.* Adhar & Leigh 2013), maar ook met die voordele van die huidige inligtings- en kennisrevolusie, naamlik dat inligting en kennis vir almal maklik toeganklik is.

Hierdie gevolgtrekking strook voorts, soos gemeld, met die perspektiewe wat die *sosiale ruimte- en etiese handelings- of funksieteorie* 'n mens bied. 'n Skool is 'n plaaslike entiteit of lewensverband en beslaan as sodanig 'n bepaalde sosiale ruimte. Dit word deur 'n bepaalde gemeenskap gebruik (ouers, die breë gemeenskap, leerlinge en dies meer). Hierdie ruimtelike uniekheid van elke betrokke skool moet erken word. Die uniekheid van 'n skool lê onder meer in die vorme van diversiteit wat dit huisves, of dit stedelik of plattelands is, welke huislike en volkskulture (taal, gebruik, gewoontes) daarin verteenwoordig word deur die leerlinge en onderwysers, en in die verskeidenheid van godsdienste wat hulle onderskeidelik aanhang. Hoewel die sentrale onderwysowerheid breë beleidsriglyne kan en behoort te stel (ook ten opsigte van integrerende godsdiensonderrig), moet dit aan die plaaslike skoalgemeenskap oorgelaat word om te besin en te besluit oor die godsdienstekarakter van die betrokke skool, en daarmee saam die aard van die godsdiensonderwys in die betrokke skool. In die lig hiervan sou 'n mens dus kon konkludeer dat die onderwysowerheid 'n beleid van lewensbeskoulike en godsdienstige saamleef as algemene riglyn vir alle skole in die land behoort neer te lê, en dan toesig te hou daaroor dat elke plaaslike skoalgemeenskap op sy eie unieke manier inhoud gee aan die gedagte van "lewensbeskoulike en godsdienstige saamleef" met andere in 'n multikulturele en -religieuse land, skool of samelewning. Daarmee word ook uitdrukking gegee aan die etiese handelingseis van die teorie, naamlik dat daar erkenning en eerbied moet wees vir die belang van die ander (ook van die godsdienstig-andersdenkende of -gesinde), en dat 'n mens ander so sal behandel soos jy self graag behandel wil wees.

## **ERKENNING**

Die ondersteuning van die PUK-Kanselierstrust wat hierdie publikasie moontlik gemaak het, word hiermee met dank erken.

## BIBLIOGRAFIE

- Adhar, R. & Leigh, I. 2013. *Religious Freedom in the Liberal State*. Oxford: Oxford University Press.
- Alleye, R. 2013. British school has no pupils who speak English as first language. <http://www.telegraph.co.uk/news/uknews/9890861/British-school-has-no-pupils-who-speak-English-as-a-first-language.html> Datum van toegang: 13 Julie 2017.
- Anon. 2017. Department of Basic Education's Website Hacked. Huffpost, 29 Junie 2017. [http://www.huffingtonpost.co.za/2017/06/29/department-of-basic-education-website-hacked\\_a\\_23007370/](http://www.huffingtonpost.co.za/2017/06/29/department-of-basic-education-website-hacked_a_23007370/) Datum van toegang: 30 Junie 2017.
- Bowen, J. 1982. *A History of Western Education*, Volume 1. Londen: Methuen.
- Boyd, E. & King, E.J. *The History of Western Education*. Londen: Adam & Charles Black.
- Carpenter, J. 2017. Christian Universities are Growing Rapidly in Africa. *University World News* 3 Februarie 2017. <http://www.universityworldnews.com/article.php?story=20170131142300487> Datum van toegang: 16 Januarie 2018.
- Cohen, Y. 1970. Schools and Civilization States. In Fischer (red.). *The Social Sciences and the Comparative Study of Educational Sciences*. Scranton: International Textbook Company.
- Cush, D. & Francis, D., 2006, “Positive pluralism” to awareness, mystery and value: A case study in religious education curriculum development. *British Journal of Religious Education* 24(1):52-67. <http://dx.doi.org/10.1080/0141620010240106>
- Dalin, R. & Rust, V.D. 1996. *Towards schooling for the twenty-first century*. Trowbridge, UK: Redwood Books.
- De Figueiredo-Cowen, M.C.M. & Gvirtz, S. 2009. The Church and the State in Argentina and Brazil: Knowledge, religion and pedagogy. In Cowen, R. & Kazamias, A.M. (eds.) *International Handbook of Comparative Education*. Dordrecht: Springer, pp. 837-855.
- Dias, E. 2017. Myanmar’s Shame. *Time* 2 Oktober: 2017: 22-27
- Dijkstra, J. 2017. *De Besorgde Burger: Gaat Nederland naar de knoppen?* Np: Just Publishers.
- Dinan, S. 2015. English isn’t main language at home for 21% in America. <http://www.washingtontimes.com/news/2015/oct/6/english-isnt-main-language-at-home-for-21-in-ameri/> Datum van toegang: 13 Julie 2017.
- Fukuyama, F. 2004. *State Building – Governance and world order in the twenty-first century*. London: Profile Books.
- Govender, P. 2018. Gauteng a magnet for “outside” pupils. *Sunday Times* 14 Januarie 2018: 1.
- Hagesaether, G. & Sandmark, S. 2006. Compulsory education in religion – the Norwegian case: an empirical investigation of RE in Norwegian schools, with a special focus on human rights. *British Journal of Religious Education* 28(3):275-287.
- Hall, J. 2013. English not the First Language in 240 Schools. The Independent 17 October 2013. <http://www.independent.co.uk/news/education/education-news/english-not-the-first-language-in-240-schools-with-five-primary-schools-having-no-native-speakers-at-8886572.html>. Datum van toegang: 19 Julie 2017.
- Huntington, S.P. 1996. *The Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*. New York: Simon & Schuster.
- International Organisation for Migration. 2012. 2012 World Migration Report. Geneva: International Organisation for Migration.
- International Organisation for Migration. 2015. 2015 World Migration Report. Geneva: International Organisation for Migration.
- Kamyab, S. 2014. Education and religion in Iran: An annotated bibliography. In Wolhuter, C. & De Wet, C. (eds.). *International Comparative Perspectives on Religion & Education*. Bloemfontein: Sunmedia, pp. 255-270.
- Komorowska, H. & Krajka, J. 2016. *Monolingualism-Bilingualism-Multilingualism: The teacher's perspective*. Peter Lang: Frankfurt am Main.
- Kruger, H. 2017. Godsdienst in openbare skole: Dis soos dit werk: Kenners oor implikasies van uitspraak. *Die Burger* 30 Junie 2017:4.

- Lesoli, M.K., Van Wyk, C., Van der Walt, J.L., Potgieter, F.J. & Wolhuter, C.C. 2014. The Elusive Goal of Universal Free Primary Education in Africa: The case of Lesotho. *Journal of Third World Studies*, Vol. 31(2):197-218.
- Loo, S.P. 2014. Malay is Malay, non-Malay is non-Malay, and never the twain shall meet: a critical analysis of religion and education in Malaysia. In Wolhuter, C. & De Wet, C. (eds.). *International Comparative Perspectives on Religion & Education*. Bloemfontein: Sunmedia, pp. 235-254.
- Loobuyck, P. & Franken, L. 2011. Towards Integrative Religious Education in Belgium in Flanders: Challenges and opportunities. *British Journal of Religious Education* 33(1):17-30.
- Mawdsley, R.D. 2014. Religion and education in the United States. In Wolhuter, C. & De Wet, C. (eds.). *International Comparative Perspectives on Religion & Education*. Bloemfontein: Sunmedia, pp. 75-106.
- McCowan, T. 2013. *Education as a Human Right: Principles for a Universal Entitlement to Learning*. Londen: Bloomsbury.
- Peddiwell, J.A. 1939, 2004. *The Saber-tooth curriculum*. New York: Mc Graw-Hill.
- Pew Research Center. 2012. The global religious landscape. [www.pewforum.org/2012/12/18/global-religious-landscape-exec/](http://www.pewforum.org/2012/12/18/global-religious-landscape-exec/) Datum van toegang: 30 Desember 2012.
- Pew Research Center. 2015. The future of world religions: population growth projections: 2010-2050. [http://www.pewforum.org/2015/04/02/religious-projections-2010-2050/pf\\_15-04-02\\_projectionstable8/](http://www.pewforum.org/2015/04/02/religious-projections-2010-2050/pf_15-04-02_projectionstable8/) Datum van toegang: 12 September 2017.
- Pew Religious Center. 2017. Religious Landscape Study. <http://www.pewforum.org/religious-landscape-study/> Datum van toegang: 13 Julie 2017.
- Population Pyramids. 2017. Population Pyramids of the World from 1950 to 2100. <http://www.populationpyramid.net> Datum van Toegang: 18 Junie 2017.
- Population Reference Bureau. 2016. 2016 World Population Data Sheet. <http://www.prb.org/pdf16/prb-wpds2016-web-2016.pdf>. Datum van Toegang: 18 Junie 2017.
- Potgieter, De W. 2014. *Black Widow White Widow*. Johannesburg: Penguin Books.
- Proulx, J. 2007. Is Religion on the Rise or on the Decline? A brief sociometric portrait of religion in Quebec. *Canadian American Research Series* 4(1):6-9.
- Scholtz, L. 2015. Volksverskuwing: Europa is raadop. *Beeld* 1 September 2015: 13.
- Scott, W. 2017. Learning and education after sustainability. *Global Discourse* 7.1 (2017):146-148.
- Stengel, R. 2011. The democratisation of influence. *Time*, 2 May: 6
- Steyn, H.J. & Wolhuter, C.C. 2008. The education system and probable societal trends of the twenty-first century. In: Steyn, H.J. & Wolhuter, C.C. (eds). *Education systems of emerging countries: Challenges of the 21st century*. Noordbrug: Keurkopie, pp. 1-40.
- Steyn, H., Van der Walt, H. & Wolhuter, C. 2015. A Generic Model of “the” Education System for the Purposes of Making Critical Comparisons of Policy. *Croatian Journal of Education* 17(4):1131-1158.
- Strauss, D. F. M. 2005. *Reintegrating social theory*. Peter Lang Europäischer Verlag der Wissenschaften. Frankfurt am Main.
- Strauss, D. F. M. 2009. Social Space: Philosophical reflections. *South African Journal of Higher Education* 23(4):760-792.
- Terreblanche, S. 2014. *Western Empires, Christianity, And the Inequality Between the West and the Rest*. Johannesburg: Penguin.
- UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation). 1945. UNESCO Constitution. [http://portal.unesco.org/en/ev.php-URL\\_ID=15244&URL\\_DO=DO\\_TOPIC&URL\\_SECTION=201.html](http://portal.unesco.org/en/ev.php-URL_ID=15244&URL_DO=DO_TOPIC&URL_SECTION=201.html) Datum van Toegang: 23 Junie 2017.
- United Nations. 2016. The Universal Declaration of Human Rights <http://www.un.org/en/universal-declaration-human-rights/> Datum van Toegang: 17 Januarie 2016.
- United Nations. 2017. World Population Prospects 2017. [https://esa.un.org/unpd/wpp/Publications/Files/WPP2017\\_KeyFindings.pdf](https://esa.un.org/unpd/wpp/Publications/Files/WPP2017_KeyFindings.pdf) Datum van Toegang: 22 Junie 2017.
- United Nations High Commissioner on Refugees (UNHCR). 2017. The Geneva Protocol <http://www.unhcr.org/3b66c2aa10> Datum van Toegang: 7 September 2017.
- Urry, J. 2007. *Mobilities*. Cambridge: Polity Press.

- Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C. 2005. Godsdiens as 'n moontlike faktor in onderwysstelsels en die beplanning daarvan. *KOERS* 70(1):1-26.
- Van der Walt, J.L., Potgieter, F.J. & Wolhuter, C.C. 2010. The road to religious tolerance in education in South Africa (and elsewhere): A possible 'Martian perspective'. *Religion, State and Society*, 38(1):29-52.
- Van der Walt, J.L. 2017. Some recent responses to neoliberalism and its views on education. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 73(3), a4493. <https://doi.org/10.4102/hts.v73i3.4493>
- Wikipedia. 2017 List of Terrorist Incidents [https://en.wikipedia.org/wiki/List\\_of\\_terrorist\\_incidents\\_in\\_June\\_2017](https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_terrorist_incidents_in_June_2017) Datum van Toegang: 23 Junie 2017.
- Wolhuter, C.C. 2012. Godsdiens in Onderwys in Suid-Afrika: Beligting vanuit internasional-vergelykende perspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 48(1&2):171 – 201.
- Wolhuter, C.C. 2013. Integratiewe religieuse onderwys in Suid-Afrikaanse skole: Moontlikhede en beperkinge. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 49(3):203-226.
- Wolhuter, C.C., Potgieter, F.J. & Van der Walt, J.L. 2014. Modelle van interreligieuse toleransie in die onderwys van die een-en-twintigste eeu. *In die Skriflig* 48(1).
- Wolhuter, C.C. 2015. Quisnam Sum Ego? Crises of identity in Comparative Education and the call for comparison of comparative studies In: Wiseman & Popov (reds). *Comparative Sciences: Interdisciplinary approaches*. Bingley: Emerald, pp. 15-35.
- World Bank. 2000. *2000 World Development Indicators*. Washington, DC: The World Bank.
- World Bank 2017. *World Development Indicators*<http://wdi.worldbank.org/table/2.1> Datum van Toegang: 18 Junie 2017.

# 'n Vergelykende ondersoek na die aard en rol van onderwysbeheer in die onderwysstelsels van die BRICS-lande

*A comparative study of the nature and role of education governance in the education systems of the BRICS countries*

## DEON VOS

Fakulteit Opvoedkunde  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
E-pos: Deon.Vos@nwu.ac.za



Deon Vos



Louw de Beer

## LOUW DE BEER

Fakulteit Opvoedkunde  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
E-pos: Louw.deBeer@nwu.ac.za

**DEON VOS** het onder meer die kwalifikasies MEd (*Cum Laude*) en PhD (*Kategorie A*) aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus behaal. Na 'n loopbaan in die onderwys agtereenvolgend as onderwyser, departementshoof en later adjunkhoof en hoof het hy in 2016 die betrekking as Senior Lektor aan die Fakulteit Opvoedkunde se Skool vir Professionele Studies aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus aanvaar. Dr Vos se navorsingsfokus is Onderwysbestuur en -leierskap, asook Vergelykende Opvoedkunde.

**DEON VOS** obtained the degrees of MEd (*Cum Laude*) as well as PhD (*Category A*) at the North-West University's Potchefstroom Campus. Following a career in teaching successively as teacher, head of department and later deputy principal and principal he accepted a position as senior lecturer in 2016 at the North-West University's (Potchefstroom Campus) Faculty of Education in the School of Professional Studies. Dr Vos's research focus is Education Management and Leadership, as well as Comparative Education.

**LOUW DE BEER** behaal die graad MEd Onderwys Leierskap aan die Universiteit van Pretoria en 'n PhD aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Na 'n aanvanklike loopbaan as wiskundeonderwyser, departementshoof en later adjunkhoof aanvaar hy in 2013 'n lektoraat in die Fakulteit Opvoedkunde se Skool vir Professionele Studies aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Dr de Beer se navorsingsfokus is Internasionale Vergelykende Opvoedkunde en onderwysstelsels van die BRICS organisasie.

**LOUW DE BEER** obtained the degree of MEd Education Leadership at the University of Pretoria and a PhD at North-West University, Potchefstroom Campus. Following a career in teaching as math teacher, head of department and deputy head he accepted a position as lecturer in the Faculty of Education's School of Professional Studies at the North-West University's Potchefstroom Campus in 2013. Dr de Beer's research focus is International Comparative Education and Education Systems of the BRICS organization.

## **ABSTRACT**

### *A comparative study of the nature and role of education governance in the education systems of the BRICS countries*

The aim of this study is to determine how the nature and role of education governance of the five BRICS countries (international organisation consisting of Brazil, Russia, India, China and South Africa) can be to the benefit of one another. In order to achieve this aim research is done, firstly, to determine the nature and role of education governance on national (macro), provincial (meso) and local (micro) levels in the BRICS countries and, secondly, to compare the nature and role of the education governing structures in the BRICS countries. The reason for this comparison of the nature and role of the education governing structures is to formulate lessons to be learned from best practices in the different BRICS countries. These lessons can be to the benefit of all five countries, regarding their education governance. Different sources are used to meet the aims of the study. The literature study consists of a document analysis of acts, policies, articles and government publications. Other relevant literature is also used in the theoretical discussion. The documents that were used contributed to a clear understanding of what kind of education governance is used on the three levels of education governance in the five member states of the BRICS organization. It is also clear that the member states are moving to a more decentralised education governance system and therefore it makes it a more acceptable education system from a democratic point of view. It is also clear that the different role players on all levels of governance must have a clear understanding of what is expected from them; and they must also have the knowledge, skills and attitude to make a meaningful contribution to the effectiveness of the education system. The strong influence of the government and political role players in all the countries under discussion is noteworthy, but the effectiveness or the benefit for the education system of these influences is questioned. It was also noted that where a country was divided into different states, the nature and role of the educational governance structures in the different states were not the same. The reason for this statement is because the different states are governed by different means of governance. At the end of the article it is shown that well established structures exist on the three education governance levels in the five countries and that, although the nature and role of these structures differ from one another, the general ideal is that education must be equally available to all and that there is a lifelong learning opportunity for all.

**KEY WORDS:** Brazilian education system, BRICS countries education system, Indian education system, local education governance, Russian education system, Chinese education system, South African education system

**TREFWOORDE:** Brasiliaanse onderwysstelsel, BRICS-lande-onderwysstelsel, Indiese onderwysstelsel, onderwysbeheer, plaaslike onderwysbeheer, Russiese onderwysstelsel, Chinese onderwysstelsel, Suid-Afrikaanse onderwysstelsel

## **OPSUMMING**

Die doel van hierdie navorsing is om te bepaal hoe die aard en rol van onderwysbeheer in die vyf BRICS-lande (internasionale organisasie wat bestaan uit Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) gebruik kan word om mekaar tot voordeel te strek. Ten einde hierdie doel te bereik, word eerstens bepaal wat die aard en rol van onderwysbeheer op nasionale (makro-), provinsiale (meso-) en plaaslike (mikro-)vlak in die BRICS-lande behels en tweedens word die aard en rol van die onderwysbeheerstrukture van die BRICS-lande met mekaar vergelyk.

Die onderlinge vergelyking van die aard en rol van die onderwysbeheerstrukture van die vyf lidlande se onderwysbeheerstelsels het ten doel om lesse wat geleer kan word met betrekking tot beste praktyke in die onderwysbeheerstelsels van die BRICS-lande, te formuleer. Laasgenoemde lesse kan tot voordeel van elke land se onderwysbeheerstelsel strek. Verskeie bronne is geraadpleeg ten einde die doel van die navorsing te bereik. Die literatuurstudie sluit onder andere 'n dokumentanalise van wetgewings, beleide, artikels en staatspublikasies in. Ander tersaaklike literatuur is ook gebruik as bronne om die teoretiese begronding te staaf. Aan die einde van die artikel word verduidelik dat, in al die lidlande, strukture op die drie onderwysbeheervlakke saamgestel word en dat, hoewel die aard en rol van hierdie onderwysbeheerstrukture van mekaar verskil, die gemeenskaplike ideaal is om gelyke, toeganklike en lewenslange onderwysgeleenthede vir almal beskikbaar te stel.

## **1. INLEIDING**

Die BRICS-organisasie (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) het in 2010 tot stand gekom as gevolg van hulle vinnig groeiende industrieë en ekonomiese (Cheng, Gutierrez, Mahajan, Shachmurove & Shahrokh 2006:143; Schwartzmann, Pinheiro & Pillay 2015). Een van die gemeenskaplike belangtegnologie van die BRICS-lande is die gehalte van onderwys asook die aard van onderwysbeheer. In al vyf die lidlande word onderwysbeheer op makro-, meso- en mikrovlak aangetref, maar daar bestaan verskille ten opsigte van die aard en rol wat hierdie strukture vervul. In hierdie studie gaan gefokus word op die aard en rol van beheerstrukture op laasgenoemde drie vlakke by primêre en sekondêre onderwys en nie by hoër onderwys nie. Die belangrikheid van die effektiewe funksionering van beheerstrukture op die drie genoemde vlakke is 'n bepalende faktor vir die sukses van 'n onderwysstelsel. Die kennis, vaardighede en gesindhede van alle rolspelers binne die beheerstrukture van 'n onderwysstelsel bepaal tot watter mate die onderwysstelsel effektief funksioneer. Laasgenoemde opmerking beklemtoon die belangrikheid vir die keuse van geskikte funksionarisse wat op die drie vlakke van beheer moet funksioneer.

## **2. DOELSTELLINGS VAN DIE NAVORSING**

Daar is drie doelstellings wat bereik word in die navorsing en dit sluit die volgende in: eerstens, om die aard en rol van die nasionale (makrovlak), provinsiale (mesovlk) en plaaslike (mikrovlak) onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande te beskryf; tweedens, om die aard en rol van hierdie onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande met mekaar te vergelyk; en laastens, om lesse te leer uit beste praktyke met betrekking tot die aard en rol van onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande.

## **3. PROBLEEMSTELLING EN PROBLEEMVRAE**

In verskeie lande heers die kommer dat onderwysbeheer nie na wense funksioneer nie en disfunksionele skole tot gevolg kan hê. Onderwysbeheer funksioneer op drie vlakke (makro-, meso- en mikrovlak) en daar kan beredeneer word dat indien daar nie effektiewe kommunikasie en samewerking tussen die drie vlakke bestaan nie, dit moontlik die disfunksionaliteit van 'n totale onderwysstelsel tot gevolg kan hê. Effektiewe beheer of monitering van die rol en verantwoordelikhede van die onderskeie onderwysbeheerstrukture is 'n verdere vereiste vir 'n suksesvolle onderwysstelsel (Barnes, Brynard & De Wet 2012; Eberhard 2015; Mafora 2013;

Mavuso & Duku 2014; Mncube & Maforo 2013; Xaba 2011). Die probleem is egter verder gesetel in die kennis, vaardighede en vermoëns van elke rolspeler ten opsigte van sy of haar verantwoordelikheid of rol in die betrokke beheerstruktuur, die samestelling van die beheerstrukture, asook die uitvoering en delegering van pligte. 'n Moontlike oplossing van bogenoemde probleme is gesetel in die beskrywing en kennis van die aard en rol van elke onderwysbeheerstruktuur binne die genoemde drie vlakke, die vergelyking van die beheerstrukture van die vyf lidlande en die lesse wat geleer kan word uit die beste praktyke in die onderwysbeheerstrukture van die BRICS-lande.

Uit die voorafgaande is die volgende drie probleemvrae geformuleer:

1. *Wat is die aard en rol van onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande?*
2. *Hoe vergelyk die aard en rol van onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande met mekaar?*
3. *Watter lesse kan van mekaar se beste praktyke met betrekking tot die aard en rol van onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande geleer word?*

#### **4. METODOLOGIESE VERANTWOORDING**

Om 'n antwoord te vind op bovermelde kwellende vrae is verskillende dokumente geanalyseer (Maree 2008). Voorbeeld van hierdie dokumente is gepubliseerde en ongepubliseerde dokumente, verslae, memorandums, agendas, administratiewe dokumente, brieve, artikels, beleidsdokumente, wetgewings en enige ander tersaaklike dokumente wat hulp kon verleen om die aard en rol van onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande te beskryf en met mekaar te vergelyk. Die meeste van laasgenoemde dokumente is verkry van gepubliseerde artikels en verslae van die onderskeie lande se onderwys- en staatsdepartemente.

Ten einde aan die eerste doelwit van hierdie navorsing te beantwoord, gaan daar in die volgende paragraaf aandag geskenk word aan die aard en rol van onderwysbeheerstrukture op makro-, meso- en mikrovlak in die verskillende BRICS-lande.

#### **5. KONSEPTUELE BEGRONDING**

##### **5.1 Onderwysbeheerstrukture in die BRICS-lande**

Die Federale Republiek van Brasilië, die Russiese Federasie, die Republiek van Indië en die Republiek van China het reeds in 2006 'n samewerkingsorganisasie van lidlande, bekend as "BRIC", gevorm. Die doel van die vorming van hierdie samewerkingsorganisasie was om onderlinge samewerking tussen die lidlande te verkry, aangesien hulle almal tot 'n mindere of meerdere mate deur 'n transformasieproses geraak word. Hierdie transformasieproses vind onder andere op die volgende gebiede plaas: finansies, landbou, arbeid, statistiese dienste, mededingingsektor, gesondheidsdienste, volhoubare ontwikkeling, klimaatsverandering en onderwys. Die mees beduidende en gemeenskaplike ideale van die latere BRICS-lande met betrekking tot die onderwys sluit die volgende kernbegrippe in: gelyke onderwys, toeganklike onderwys, inklusiewe onderwys, kwaliteitonderwys en geleentheid vir lewenslange leer (Dervin & Zajda 2015).

Uit die onderwysstelselteorie blyk dit dat daar 'n duidelik waarneembare ooreenkoms of samehang tussen die regeringstruktuur en die onderwysbeheerstruktuur van daardie land se onderwysbeheerstruktuur bestaan. Daarom is dit vanselfsprekend dat ook in die individuele BRICS-lande die bepaalde regeringstruktuur 'n invloed op die bepaalde onderwysstelsel se

onderwysstruktur sal hê. Voorbeeld van verskillende regeringstrukture van lande is unie, republiek, federasie en konfederasie, en hierdie regeringstrukture funksioneer hoofsaaklik op 'n gesentraliseerde, gedesentraliseerde of gemengde wyse van beheer in hul onderskeie onderwysstelsels.

'n Uniale regeringstruktur (ook bekend as 'n "unie") kom grootliks daarop neer dat dit uit die vereniging van 'n aantal gebiede, groeperings van mense en selfs lande bestaan. Hierdie regeringsbestel bestaan uit 'n nasionale regering met verskillende state wat ten volle ondergeskik aan die nasionale regering is, hoewel sekere sake na die gebiede gedelegeer kan word (Dictionary.com 2017). 'n Regering wat as 'n "republiek" bekendstaan, bestaan uit 'n nasionale regering wat op demokratiese wyse deur die burgers van daardie land verkies is en verantwoordelik is vir alle sake in die bepaalde landsgebied (Dictionary.com 2017). Federale regerings bestaan uit verskillende state wat elk deur 'n eie regering beheer word wat afhandelingsbevoegdheid het oor bepaalde sake, terwyl die federale regering verantwoordelik is vir en afdwingende magte het ten opsigte van die gemeenskaplike sake tussen die verskillende state (Dictionary.com 2017). 'n Konfederale regering bestaan uit die losse verbinding tussen 'n aantal onafhanklike regerings wat 'n konfederasie vorm. Hierdie konfederale regering beskik oor min mag, hoofsaaklik koördinerende verantwoordelikhed, en is ondergeskik aan die verskillende onafhanklike regerings (Dictionary.com 2017).

Die federale regeringstruktur in Brasilië, Rusland en Indië het 'n beduidende invloed op die aard en rol van hul onderwysbeheerstrukture. Federale beheer is gefokus op die afwenteling van beheer en bevoegdhede aan provinsiale en distriksegerings, maar waar die federale regering steeds oorkoepelende beheer behou (Leonardi 1992). Laasgenoemde lande beskik oor 'n meer gesentraliseerde onderwysbeheerstruktur wat die beheer van hul onderwysstelsel bepaal. China beskik oor 'n nasionale regering ("People's Republic of China"), wat hoofsaaklik deur die Kommuniste Party beheer word. Die sterk gesentraliseerde regeringsbestel realiseer ook in die gesentraliseerde onderwysbeheerstelsel van China. Die nasionale onderwysbeheerstruktur pas streng beheermaatreëls toe in die provinsiale onderwysbeheerstrukture en dit strek selfs direk tot in die skole. Die Republiek van Suid-Afrika maak ook van 'n gesentraliseerde onderwysbeheerstruktur gebruik, met gedelegeerde bevoegdhede aan provinsiale regerings en onderwysbeheerstrukture (Steyn, Wolhuter, Vos & De Beer 2017). Laasgenoemde gedelegeerde bevoegdhede kom gewoonlik neer op slegs klein wysigings met betrekking tot die voorskrifte van die nasionale onderwysowerhede, soos logistieke aspekte, wat tydsbeplanning, die vulling van vakatures en die bevordering van onderwysers insluit.

## **5.2 Die nasionale (makro-) en provinsiale (meso-)onderwysbeheerstrukture van die BRICS-lande**

Die beheer van die onderwysstelsels van die BRICS-lande berus op drie vlakke, naamlik makro-onderwysbeheer deur die nasionale onderwysowerhede, meso-onderwysbeheer op provinsiale en/of streeks- en distriksvlakke en, laastens, mikro-onderwysbeheer op plaaslike vlak (UNESCO 2014). In hierdie paragraaf word gefokus op die onderwysbeheer en onderwysbeheerstrukture op makro- en mesovlak. Op nasionale (makro-)vlak word die onderwysstelsel deur die ministerie van onderwys beheer. Aan die hoof van hierdie ministerie staan 'n nasionale minister van onderwys, wat bygestaan word deur 'n adjunkminister van onderwys asook talle funksionaris wat behulpsaam is met, onder andere, die formulering van onderwyswette en -beleide, kurrikulering, voorsiening van die infrastruktur vir die onderwysstelsel asook die befondsing van die onderwysstelsel. Hierdie ministerie van onderwys

is ook getaak om toe te sien dat onderwyswette en -beleide deur die provinsiale onderwysowerhede suksesvol geïmplementeer word. Die nasionale ministerie van onderwys verleen bevoegdheid aan die provinsiale onderwysowerhede (mesovlak) om onderwys-aangeleenthede soos, onder ander, die salaris van personeel, vestiging van infrastruktuur, befondsing van skole en die lewering van die kurrikulum te bestuur, binne die perke van die beskikbare begroting, soos voorsien aan die betrokke provinsie en volgens nasionale onderwyswetgewing en -beleide.

Op provinsiale (meso-)vlak word die onderwysdepartement deur die provinsiale ministerie van onderwys beheer, onder die leiding van die provinsiale minister van onderwys. Verskillende funksionarisse staan die provinsiale minister van onderwys in die uitvoering van sy of haar pligte by. Laasgenoemde funksionarisse sluit die volgende sleutelfigure in: Hoof van die Onderwysdepartement, Uitvoerende Direkteure, senior direkteure, direkteure, distriksdirekteure, areabestuurders en kringbestuurders. Alhoewel bogenoemde benamings van senior funksionarisse binne makro- en mesovlak van onderwysbeheer tussen die vyf lidlande van mekaar verskil, bestaan hierdie funksionarisse wel in elk van die lidlande (Brazil Education 2017; China Government 2017; Education in Russia 2013; Government of India 2016; South African Government 2017).

### 5.2.1 Brasilië

Die Brasiliaanse regering bestaan uit 'n federale regering of staat wat verdeel is in 26 state, distrikte en munisipaliteite, wat verteenwoordiging op die regering geniet. Hierdie demokrasie word beheer deur 'n president wat gedelegeerde bevoegdhede aan senatore en hul adjunkte verleen (Brazil Education 2017).

Die aard en funksionering van die onderwysbeheerstelsel in Brasilië is die verantwoordelikheid van die federale regering. Die beheer en die uitvoering daarvan berus in die pos van die minister van onderwys. Die federale regering skryf die algemene riglyne (eksterna) met betrekking tot, onder ander, die beheer, bestuur en kurrikulering van die onderwysstelsel voor en hanteer ook die befondsing van die onderwysstelsel (Akkari 2015). Die verskillende state van Brasilië implementeer hierdie voorgeskrewe riglyne van die federale regering (IEM Spotlight 2013). Die Brasiliaanse onderwysbeheerstelsel is dus van gemengde aard. Die onderwysinrigtings bestaan uit staat- en privaat skole, waarvan privaat skole baie duur is, maar wel 'n baie beter kwaliteit onderwys as die staatskole lewer (Akkari 2015). Die Brasiliaanse onderwysstelsel is baie markgedrewe om aan die onderwysbehoeftes van die ekonomie en markte te voldoen. Die federale regering is verantwoordelik vir die makro- of oorkoepelende beheer van die onderwysstelsel (gesentraliseerde onderwysstelsel) en die implementerings-verantwoordelikhede van die onderwysbeheer word afgewentel na die verskillende state se regerings en plaaslike munisipaliteite (gedelegeerde bevoegdhede) (Dervin & Zajda 2015). Laasgenoemde vermenging van gesentraliseerde en gedesentraliseerde onderwysbeheerstelsels veroorsaak dat Brasilië oor 'n gemengde onderwysbeheerstelsel beskik. Die lewering van die kurrikulum en uitvoering van die riglyne soos deur die federale regering voorgeskryf is, is op plaaslike vlak die verantwoordelikheid van die skoolraad ("school council") (Gorostiago Derqui 2001; Academic Exchange 2013; Brazil Education 2016). Die skoolraad funksioneer dus nie outonoom nie, maar oefen beheer uit soos voorgeskryf word deur die federale regering. Privaat maatskappye word ook toegelaat om deel van skoolbeheerstrukture te vorm, ten einde kwaliteitonderwys te verseker en om toe te sien dat onderwys aan die behoeftes van die ekonomie en mark voldoen (Dervin & Zajda 2015). 'n Sterk beginsel wat op nasionale en

provinciale beheervlak geld, is dat lewenslange onderwys en opleiding aan almal beskikbaar gestel moet word (Brazil Education 2016).

### 5.2.2 Rusland

Sedert die val van die kommunistiese regering (“Union of Soviet Socialist Republics” – USSR) en die totstandkomming van die Russiese Federasie (“Russian Federation” – RF) in 1991 beheer die presidensie van die federale regering die land. Die regering bestaan uit twee dele, naamlik die 450 staatslede (“Gosudarstvennaya”) en die 178 federale lede (“Soviet Federatsii”). Laasgenoemde twee dele is in 85 federale afdelings verdeel wat weer in 7 federale distrikte verdeel is. Hierdie federale distrikte word streng deur die presidensie beheer. Bevoegdhede van die premiers, ministers en adjunkte op distriksvlak word deur die federale regeringsamp-tenare gemoniteer (Education in Russia 2013; New World Encyclopedia 2017).

Die regeringstyl het ook 'n beduidende invloed op die onderwysbeheerstelsel van die land. Die beheer van die onderwysstelsel in die Russiese Federasie vind grootliks op 'n gesentraliseerde basis plaas. Die onderwysstelsel word deur twee ministeries van onderwys beheer, naamlik die Federale Ministerie van Onderwys en Wetenskap (“Federal Ministry of Education and Science” – FMES) (verantwoordelik vir voorskoolse onderwys tot sekondêre onderwys) en die Staatskommissie vir Hoër Onderwys (“Government Commission for Higher Education” – GCHE) (verantwoordelik vir hoër onderwys) (Ministry of Education and Science 2016; Nikolaev & Chugunov 2012). Die Federale Ministerie van Onderwys en Wetenskap wentel sekere verantwoordelikhede na provinsies en distrikte af, maar hou deeglik kontrole van die wyse waarop onderwysbeleid en wetgewing deur die provinsies en distrikte geïmplementeer word (Dervin & Zajda 2015). Die federale ministerie van onderwys beplan innoverende aktiwiteite vir die jeug, hersien die effektiwiteit van jeugbeleide, beheer die eiendom van skole en verseker hoëkwaliteitonderwys asook die lewenslange beskikbaarheid van onderwys en opleiding vir almal. Jeugbeleide sluit beginsels en regulasies met betrekking tot die algemene toesig oor die regte en voorregte van kinders in. Hierdie regte en voorregte van kinders word streng deur die ministerie van onderwys en wetenskap gemoniteer (Levitskaya 2007). Streng kontrole en beheer word deur laasgenoemde ministerie toegepas met betrekking tot hoe plaaslike skoolbesture diversiteit, demokratisering en kwaliteitopleiding verseker (Ministry of Education and Science 2016). Die Federale Ministerie van Onderwys en Wetenskap is ook verantwoordelik vir die befondsing van die onderwys (Education System in Russia 2013). Privaat skole kom tot 'n mindere mate voor en word beheer deur hul eie direksies. Hierdie direksies moet verslag doen aan die Federale Ministerie van Onderwys en Wetenskap en is verantwoordelik vir hul eie befondsing (Russian Schools 2016).

Grootskaalse hervorming van die standaarde in sekondêre Russiese skole is deur globalisering en veral deur vereistes en riglyne van die Wêreldbank, die Organisasie vir Ekonomiese samewerking en ontwikkeling (“Organization for Economic Co-operation and Development” – OECD) en die Program vir Internasionale Studente-assessering (“Programme for International Student Assessment” – PISA)-aanwysers beïnvloed (Zajda 2014). Laasgenoemde hervorming het, onder andere, die volgende veranderinge in die plaaslike beheer van skole behels: verminderde beheer en bevoegdhede van plaaslike skoolbeheerstrukture en die besnoeiing van staatsbefondsing vir skole. Dit is 'n vreemde wysiging (waarvoor genoegsame redes nog nie gevind is nie) en laasgenoemde besnoeiing plaas meer las op ouers vir die befondsing van die skole (Nikandrov 2014).

### 5.2.3 Indië

Indië se beheerstrukture is vroeër gedomineer deur 'n koloniale en burokratiese bestel, wat gekenmerk is deur 'n gesentraliseerde wyse van beheer, ook met betrekking tot die onderwysstelsel. Die Indiese regering maak gebruik van 'n soewerne, sosialistiese, sekulêre en demokratiese bestuurstyl, wat in 'n parlementêre regeringsbestel vasgelê is. Die land bestaan uit 29 state en 7 uniale, territoriale gebiede. Laasgenoemde state en gebiede staan onder die beheer van ministers, wat verantwoordelik is vir beleidsbepalings asook die uitvoering daarvan. Die parlement en die president verleen vooraf goedkeuring van sodanige beleide (Classbase 2012; India Government 2017).

Die Sentrale Ministerie van Mensehulpbronne en Ontwikkeling ("Central Ministry of Human resources and Development" – CMHD) is verantwoordelik vir die ontwikkeling van onderwysbeleid en word deur die Sentrale Adviesraad vir Onderwys ("Central Advice Council for Education" – CAE) geleei. Laasgenoemde adviesliggaam is ook verantwoordelik vir die monitering van die uitvoering van beleide, soos dit voorgeskryf is deur die Sentrale Ministerie van Mensehulpbronne en Ontwikkeling (Dervin & Zajda 2015; Norric 2005). Indië beskik steeds oor 'n gesentraliseerde onderwysstelsel met gedelegeerde verantwoordelikhede aan onderwysowerhede op provinsialevlak binne die 29 state en 7 unies. Spesifieke programme is geïmplementeer om die delegeringsbevoegdhede van amptenare in die onderwysbeheer in Indië te orden en te verseker. Hierdie programme word vir amptenare in die Rajasthan-distrik aangebied en staan bekend as die "Shiksha Karmi"- en "Lok Jumbish"-programme. Laasgenoemde programme word ook ondersteun deur die Sweedse Internasionale Ontwikkelingsagentskap ("Swedish International Development Agency" – SIDA) (Sheshagiri 2015).

Ondergeskik aan die Sentrale Ministerie van Mensehulpbronne en Ontwikkeling is die Departement van Skoolonderwys en Geletterdheid ("Department of School Education and Literacy" – DSEL) asook die Departement van Hoër Onderwys ("Department of Higher Education" – DHE), wat verantwoordelik is vir die uitvoering van nasionale en oorkoepelende onderwysbeleid in hul verantwoordelikheidsterreine. Die oorkoepelende doelstellings van laasgenoemde twee departemente van onderwys is soos volg: die implementering van onderwysbeleid, kwaliteitsverzekering van die onderwys, beskerming van die belang van minderheidsgroepe en minderbevoorregte groepe, finansiering van skole en leerders, beskikbaarheid van lewenslange onderwys en opleiding vir almal en, laastens, om die internasionale onderwysgemeenskap te betrek (Government of India 2016).

Die Nasionale Raad vir Onderwysnavorsing en Opleiding ("National Council for Educational Research and Training" – NCERT), wat op nasionalevlak funksioneer, beheer alle beleide, programme asook die nasionale kurrikulum. Elke staat beskik oor 'n Staatsraad vir Onderwysnavorsing en Opleiding ("State Council for Educational Research and Training" – SCERT), wat voorgeskryf word deur die Sentrale Ministerie van Mensehulpbronne en Ontwikkeling asook deur die Sentrale Adviesraad (Kumar 2014).

Privaat skole en skole vir buitelanders ontvang geen befondsing van die staat nie, maar moet geaffilieer wees by die Regeringsraad vir Onderwysnavorsing en Opleiding en word ook deur die Nasionale Raad vir Onderwysnavorsing en Opleiding gemoniteer (Dervin & Zajda 2015).

### 5.2.4 China

Die Chinese staatsvorm is 'n eenpartyregering, wat deur die Kommunistiese Party beheer word. Die staatspresident word deur die Nasionale Kongres van die Gemeenskap ("National People's

Congress” – NPC) verkies. Hierdie regering word gekenmerk deur ’n sterk sentrale beheerstelsel, met baie min bevoegdhede aan owerhede op provinsiale of streeksvlak. Die land is verdeel in 22 provinsies, 5 outonome streke en 4 munisipaliteite (China Government 2017). Daar word sterk gefokus om die beheer op nasionale regeringsvlak te desentraliseer deur meer bevoegdhede aan provinsiale owerhede te verleen. Die rede vir laasgenoemde verandering is omdat die sosio-ekonomiese behoeftes van China nie voldoende deur ’n gesentraliseerde regeringstelsel die hoof gebied word nie (Collins 2009; Gong 2009).

Eie aan die regeringstelsel word die Chinese onderwysstelsel hoofsaaklik op ’n gesentraliseerde wyse deur die kommunistiese regering en owerhede beheer. Die Sentrale Ministerie van Onderwys (“Central Ministry of Education” – CME) is die hoogste liggaam wat onderwysbeleid en regulasies, wette en beleide formuleer en voorskryf, asook om lewenslange toegang tot onderwys vir almal op ’n gelyke vlak te verskaf (China Education Centre 2016). Die vernaamste doel van die Ministerie van Onderwys van die Gemeenskap van die Republiek van China (“Ministry of Education of the People’s Republic of China” – MOE) is om algemene beheer oor die onderwysstelsel van China uit te oefen, maar moet steeds verantwoording aan die staat doen (Ministry of Education 2016). Die implementering van onderwysbeleide en regulasies word op provinsiale vlak deur die onderwysburo’s binne die onderwysdistrikte beheer. Daar word egter gepoog om die onderwysbeheer op ’n groter gedesentraliseerde wyse te laat geskied op die volgende drie vlakke: nasionale, provinsiale en plaaslike vlak (Steyn & Wolhuter 2008). Meer bevoegdhede word aan provinsiale regerings verleen deur, onder andere, op die befondsing van onderwys op provinsiale vlak en dielewering van die kurrikulum te fokus (Mok 2002).

#### *5.2.5 Suid-Afrika*

Sedert die 1994 demokratiese verkiesing, bestaan die Suid-Afrikaanse regering uit ’n parlementêre regering wat deur die staatspresident beheer word. Elk van die nege provinsies beskik oor ’n eie provinsiale regering. Die beheer deur die nasionale regering word gedelegeer na die provinsies. Die provinsiale regerings doen egter steeds verantwoording aan die nasionale regering en hul wetgewings word aan die hand en voorskrifte van nasionale wetgewing gedoen (South African Government 2017).

Na die 1994-verandering in regering in Suid-Afrika is een nasionale onderwysdepartement gevorm. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel kan as ’n onderwysstelsel met gemengde onderwysbeheer beskryf word, met gesentraliseerde verantwoordelikheid, maar ook met gedelegeerde verantwoordelikhede aan die provinsiale onderwysdepartemente vir die implementering van die onderwysbeleid (Steyn *et al.* 2017; Steyn & Wolhuter 2008). Die Minister van Basiese Onderwys beklee die hoogste gesagsposisie op nasionale (makro-)vlak ter uitvoering van die onderwysstelselbeleid insake pre-tertiere onderwys. In elk van die nege provinsies is ’n provinsiale onderwysdepartement gevorm, wat aan die nasionale onderwysdepartement verslag doen. Op provinsiale (meso-)vlak beskik die Lid van die Uitvoerende Raad insake Onderwys oor die hoogste gesagsposisie, gevolg deur die betrokke onderwyshoof van die provinsie. Die distrikte in die onderskeie provinsies word deur ’n distrikdirekteur bestuur en die areas binne die distrikte word deur ’n areabestuurder bestuur. Die areas word in kringe verdeel wat op hul beurt deur ’n kringbestuurder bestuur word. Die uitbreiding en beklemtoning van die bevoegdhede van skoolbeheerliggame dien as bewys van die desentralisasie van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel (Naidoo 2005; Prinsloo 2006).

Een van die sterk beginsels wat die werksaamhede van die nasionale en provinsiale onderwysbeheervlakte rig, is dat gelyke en lewenslange onderwys en opleiding aan almal beskikbaar gestel moet word (Suid-Afrika 1996a en 1996b).

### *5.2.6 'n Vergelyking van die onderwysbeheerstrukture op makro- en mesovlakte*

'n Ooreenstemming in die vyf lidlande is dat elkeen oor 'n sentrale ministerie van onderwys beskik, wat daarop dui dat daar 'n gesentraliseerde onderwysbeheerstelsel bestaan. Verder is in die afgelope dekade waargeneem dat hierdie sentrale ministeries van onderwys (makrovlakbeheer) in die vyf lande hul magte na provinsiale regerings deleger, wat op hul beurt weer magte en verantwoordelikhede na onderwysdistrikte (mesovlakbeheer) deleger. Laasgenoemde tendens is 'n aanduiding dat daar in die gesentraliseerde onderwysbeheerstelsel na 'n byvoeging van 'n gedelegeerde stelsel van onderwysbeheer beweeg word. 'n Verdere ooreenkoms is dat die provinsiale onderwysbeheerstrukture in die vyf lande verantwoording aan die nasionale ministerie van onderwys moet doen, wat daarop dui dat die nasionale ministerie van onderwys steeds oor die hoogste en uitvoerende onderwysgesag beskik. In al vyf die lidlande word onderwysbeleid en regulasies deur die nasionale ministerie van onderwys geformuleer en dan aan die provinsiale onderwysowerhede voorgelê ter uitvoering van hierdie beleide en regulasies. Laasgenoemde provinsies beskik ook oor die bevoegdheid om wetgewing, beleide en regulasies te formuleer, mits dit met die nasionale wetgewing versoenbaar is. Elke land beskik ook oor instansies of liggeme wat die uitvoering van beleide en regulasies deur provinsiale onderwysbeheerstrukture moniteer en toesien dat dit geïmplementeer word soos voorgeskryf deur die nasionale ministerie van onderwys. 'n Ooreenkoms wat in al die lande waargeneem word, is dat lewenslange onderwys en opleiding aan almal op 'n gelyke vlak beskikbaar gestel moet word.

Die verskil tussen die vyf lidlande se onderwysbeheerstrukture op makrovlak is die mate waarin hulle hul magte aan provinsiale onderwysbeheerstrukture deleger. In die geval van Rusland en China word magte op 'n baie kleiner skaal deur die nasionale onderwysbeheerstruktur na provinsiale onderwysbeheerstrukture gedelegeer, as in die geval van die res van die lidlande. 'n Voorbeeld van laasgenoemde waarneming is dat in die geval van Rusland en China, die befondsing van onderwys asook die samestelling van die kurrikulum slegs deur die nasionale regering hanteer word en min ruimte aan die provinsiale en distriksoverhede gelaat word.

Samevattend is dit baie belangrik om op te merk dat die onderwysbeheer op makro- en mesovlak in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel baie goed vergelyk met die positiewe styl van onderwysbeheer in die BRICS-organisasie, wat 'n beduidende deel van onderwysvoorsiening in die wêreld verteenwoordig, en dat die negatiewe aspekte van die vergelyking nie in Suid-Afrika op die voorgrond is nie.

### **5.3 Die plaaslike (mikro-onderwysbeheer) skoolbeheerstrukture van die BRICS-lande**

In die vorige paragraaf is aandag aan die vergelyking van die makro- (nasionale onderwys-owerhede) en meso-onderwysbeheer (provinsiale en distriksoverhede) in die vyf BRICS-lande geskenk. In hierdie paragraaf verskuif die aandag na 'n vergelyking van die mikro-onderwysbeheer in die onderwysstelsels van die BRICS-lande, naamlik die plaaslike skoolbeheerstrukture. Die mate van betrokkenheid en die rol wat plaaslike skoolbeheerstrukture in die beheer van onderwys op plaaslike vlak in die betrokke lande vervul, word grootliks deur die nasionale en provinsiale onderwysbeheerstrukture bepaal.

'n Plaaslike skoolbeheerstruktur funksioneer op mikrovlak en oefen beheer in die alledaagse beheeraspekte van 'n skool uit. Laasgenoemde beheeraspekte sluit, onder andere, die beheer oor die volgende skoolsake in: finansiële sake, voorsiening en instandhouding van infrastruktuur, leerderdissipline, algemene skoolbeleide asook die kurrikulêre en buitekurrikulêre program (Departement van Basiese Onderwys 2015). Daar moet duidelik onderskei word tussen beheer en bestuur van 'n skool. Die algemene beheerfunksie van die plaaslike skoolbeheerstruktur en die bestursverantwoordelikheid van die skoolbestuurspan kan baie konflik veroorsaak en selfs tot die disfunksionaliteit van 'n skool lei. Die begripe "plaaslike onderwysbeheer" en "onderwysbestuur" kan kortliks soos volg geformuleer word: Onderwysbeheer hou verband met die bepaling (op hul verantwoordelikheidsterrein) en die toesighouding oor implementering van beleid deur die plaaslike skoolbeheerstruktur oor die algemene en basiese funksionering van die skool, terwyl onderwysbestuur met die professionele take van die skoolbestuurspan, gewoonlik binne die raamwerk van die beplanning, organisering, leiding en kontrole, ten opsigte van die skool verband hou (Departement van Basiese Onderwys 2015). Die skoolbeheerstruktur staan dus in 'n vertrouensverhouding teenoor die skool en beskik oor 'n beheerfunksie van die skool. Die ideaal is dat die plaaslike skoolbeheerstruktur en die skoolbestuurspan van die skool in noue skakeling met mekaar sal saamwerk en mekaar sal ondersteun ter wille van die algemene effektiewe funksionering van die skool. Binne hierdie beheerfunksie mag die skoolbeheerstruktur slegs daardie verantwoordelikhede en pligte uitvoer soos dit in beleidsdokumente gestipuleer word (Departement van Basiese Onderwys 2015). Alhoewel die benaming van plaaslike skoolbeheerstrukture in die BRICS-lande van mekaar verskil, bestaan daar wel 'n vorm van plaaslike skoolbeheer op mikrovlak binne elk van die lidlande (Brazil Education 2016; China Education Centre 2016; Departement van Basiese Onderwys 2015; Dervin & Zajda 2015; Sheshagiri 2015). Laasgenoemde vorm of formaat van plaaslike skoolbeheerstrukture in die BRICS-lande verskil van mekaar en elk kan kortliks soos hierna verduidelik word.

### *5.3.1 Brasilië*

Munisipaliteit vorm deel van die plaaslike skoolbeheerstrukture en is verantwoordelik daarvoor om plaaslike skoolbeheerstrukture saam te stel. Plaaslike skoolbeheerstrukture in die skole van Brasilië staan bekend as skoolrade ("School councils") en bestaan uit die volgende persone: ouers, leerders, die skoolhoof, onderwysers, administrateurs en ander funksionaris. Laasgenoemde funksionaris word deur die skoolraad benoem, soos die behoeftie in die skool bestaan (Gorostiago Derqui 2001; Stanek 2013).

Die skoolrade as plaaslike beheerstruktur se verantwoordelikhede is, onder andere, die volgende: lewering van die nasionale kurrikulum, fondswerwing, instandhouding van die administratiewe stelsel van die skool, uitvoering van voorgeskrewe beleide en riglyne vanaf die federale regering, aanbieding van opvoedkundige projekte en die monitering en evaluering van die algemene dienslewering van die skool. Die skoolhoof word deur middel van 'n demokratiese proses verkies en die skoolraad is verantwoordelik daarvoor om hierdie proses te administreer. 'n Duidelike onderskeid tussen beheer en bestuur word getref, waar die beheer van die skool by die skoolraad berus en die bestuur by die skoolhoof en die bestuurspan van die skool. Daar bestaan egter kommer by die onderwysowerhede dat hierdie skoolrade nie werklik funksioneel is nie, deurdat minimale betrokkenheid by die skool getoon word en die algehele beheer aan die skool se bestuurspan oorgelaat word (Brazil Education 2016; Gorostiago Derqui 2001).

### 5.3.2 Rusland

Op plaaslike vlak word streeksowerhede gebruik om skole te beheer, soos voorgeskryf deur die federale regering (Dervin & Zajda 2015). Hierdie streeksowerhede is ook daarvoor verantwoordelik om primêre en sekondêre onderwys uit streeks- en munisipale begrotings te finansier.

Streeksowerhede moet op plaaslike vlak toesien dat die federale regering se beleide en voorskrifte uitgevoer word. Hierdie streeksowerhede is getaak om die volgende uitkomste te beheer en uit te voer: modernisering en verbetering van sekondêre onderwys en om die inhoud en struktuur vir beroepsgerigte onderwys en opleiding voor te skryf (Dervin & Zajda 2015). Plaaslike skoolbeheerstrukture staan bekend as ouerverenigings (“parent societies”). Hierdie verkose ouerverenigings vervul slegs ’n basiese rol in die algemene instandhouding van die skool, maar het geen rol in die bestuur of beheer van die skool nie. Ouerverenigings se rol binne die skool is soos volg: bevordering van skoolbywoning, naskoolse toesig oor leerders, ondersteuning van kulturele aktiwiteite, steun aan leerders met hul skoolwerk, invordering van skoolfonds en hulp met die onderhoud van die skoolgeboue en -terrein. Die skoolhoof en bestuurspan van die skool bestuur die alledaagse verloop van die skool, soos deur die federale regering via die streeksowerhede voorgeskryf word (Dervin & Zajda 2015).

Uit die voorafgaande word waargeneem dat die rol van die ouervereniging nie beduidend is wanneer die beheer van die skool ter sprake is nie. Die beheer van die skool berus by die streeksowerhede wat die voorskrifte van federale regering uitvoer en moniteer (Dekker & Van Schalkwyk 1995).

### 5.3.3 Indië

Die geskiedenis van Indië getuig van ’n sterk koloniale invloed en ’n gesentraliseerde regeringsbestel, ook wat die onderwysbeheer betref. Vanaf 1952 het daar sterk sprake van ’n meer demokratiese en gedesentraliseerde onderwysbestel gekom, wat uit drie vlakke van plaaslike onderwysbeheer bestaan, naamlik dorpsrade, blokke en distrikte. Later is ’n gedesentraliseerde onderwysstelsel ook deur die sogenaamde Dakar Raamwerk van Aksie (“Dakar Framework of Action”) sterk aanbeveel. In 1992 (73ste konstitusionele wetsigingswetgewing) word die drie plaaslike onderwysbeheerstrukture van die onderwysstelsel ingestel: eerstens, die dorpsrade (bekend as “Gram Pachayat”) wat verantwoordelik is vir onderwys en opleiding vir volwassenes en plaaslike selfbeheerde institusies op dorpsraadvlek wat verantwoordelik is vir formele onderwys en opleiding op primêre en elementêre skoolvlak; tweedens is die blokke (bekend as “Panchayat Samiti”) ingestel, wat verantwoordelik is vir die oprigting en onderhoud van skoolgeboue en koshuisse, verskaffing van beurse, boeke en ander leermateriaal aan leerders; en derdens is die distrikte (bekend as “Zilla Pachayat”) ingestel, wat soortgelyke funksies het as die blokke, asook ’n moniteringsfunksie oor die blokke (Dervin & Zajda 2015; Sheshagiri 2015).

Laasgenoemde wetgewing het ook die verkiesing van plaaslike onderwyskomitees aangemoedig, wat alle beheer van skole moet hanteer. In Indië staan plaaslike skoolbeheerstrukture binne skoolverband as “onderwyskomitees” bekend. Hierdie komitees bestaan uit lede van die gemeenskap, ouers en onderwysers (Dhingra, Manhas & Sethi 2007). In 1996 is bykomende verantwoordelikhede van die onderwyskomitees binne die drie vlakke duidelik omskryf: Dorpsrade se verantwoordelikhede is, onder meer, om skole te beheer op primêre en voorskoolse vlakke, blokke is verantwoordelik om die regeringsindustriële opleidingsprogram te beheer en distrikte is verantwoordelik om sekondêre en tegniese skole, beroepsgerigte opleiding en

regeringsinisiatiewe te moniteer en te beheer. Daar is vele komitees wat die beheer van skole op plaaslike vlak hanteer, maar die effektiwiteit daarvan staan egter onder verdenking. Die skoolhoof dien op die komitees as *ex officio* lid en moet ook verantwoording op distriksvlak doen. Binne elk van die drie beheerstrukture word staande komitees (“standing committees”) verkies wat verantwoordelik is vir die implementering van beleide en programme. Op dorpsraad- en blokvlak is dit die verantwoordelikheid van laasgenoemde komitees om effektiewe onderwys aan leerders te verseker asook om openbare gesondheid en welsyn te beheer. Hoër onderwys is die verantwoordelikheid van die Komitee vir Onderwys en Gesondheid (“Committee for Education and Health”) op distriksvlak. Daar is ook twee ouer-onderwyser-assosiasies op dorpsraadvlak wat ’n ondersteunende rol vervul. Die effektiwiteit van hierdie beheerstrukture verskil van mekaar tussen die verskillende state en politieke inmenging dra ook by tot die mate van effektiewe implementering van hierdie plaaslike beheerstrukture. In sommige state word hierdie beheerstrukture gebruik om onderwysers te manipuleer en selfs te straf. Die ideaal is dat hierdie onderwysstrukture beheer moet uitoefen oor die effektiwiteit van die infrastruktuur waarbinne onderwys moet geskied en om nie in te meng met die professionele en akademiese lewering van die kurrikulum nie (Sheshagiri 2015). Die privaat en openbare sektore is ook medeverantwoordelik vir die beheer van skole op plaaslike vlak (Kumar 2014).

Onderwysersvakbonde het ’n pertinente rol om te vervul en beskik oor baie mag en invloed, terwyl ouers oor weinig invloed beskik (Dervin & Zajda 2015; Sheshagiri 2015).

#### 5.3.4 China

Plaaslike skoolbeheerstrukture bestaan uit ouers, onderwysers en die skoolhoof as lede. Die verantwoordelikheid van plaaslike skoolbeheerstrukture is tot algemene instandhouding van die skool, fondswerving, veiligheid van die personeel en kinders asook toesig oor sport- en kultuuraktiwiteite beperk. Die gesag van ouers op plaaslike skoolbeheervlak word ernstig aan bande gelê deur die sterk en oorweldigende invloed en rol van die staat. Ouers se betrokkenheid in die skool se aktiwiteite en in die beheer van die skool word slegs op ’n baie afgeskaalde basis toegelaat (Dekker & Van Schalkwyk 1995; Steyn & Wolhuter 2008). Die afgelope dekade word egter meer klem gelê op die betrokkenheid van ouers en die samelewing in die beheer van skole op plaaslike vlak. Die betrokkenheid van die weermag, besigheidsektor en ouers word aangemoedig en daar is nou selfs sprake van vennootskappe tussen die gemeenskap en die skool (China Education Centre 2016).

Daar word egter gepoog om die onderwysbeheer op ’n groter gedesentraliseerde wyse te laat geskied op die volgende drie vlakke: nasionale, provinsiale en plaaslike vlak (Dekker & Van Schalkwyk 1995; Steyn & Wolhuter 2008). Meer bevoegdhede word aan provinsiale regerings verleen deur, onder andere, op die befondsing van onderwys op provinsiale vlak en die lewering van die kurrikulum te fokus. Die meer gedesentraliseerde onderwysbeheerstelsel laat ruimte vir die invloed van die ekonomiese markte om voorskrifte te stel vir bepaalde behoeftes in die ekonomie (Guo, Beckett & Li 2013; Mok 1999). Insprase van plaaslike skoolbeheerstrukture word op provinsiale en streeksvlak toegelaat en plaaslike gemeenskappe, in die vorm van volkskommunes, word aangemoedig om insette in die beheer van die skool te lewer. Die verantwoordelikheid van die skoolhoof word meer beklemtoon, maar ongelukkig is sommige skoolhoofde en adjunkhoofde nie goed genoeg opgeleid vir die hantering van hierdie verantwoordelikhede nie (Walker & Qian 2012). ’n Moontlike rede vir laasgenoemde tendens is dat skoolhoofde en die bestuurspan van die skool vir baie jare deur die staat voorgeskryf is en nie toegelaat is om inisiatief en ’n eie bestuurstyl aan te wend nie.

### 5.3.5 Suid-Afrika

In die Suid-Afrikaanse konteks staan die plaaslike skoolbeheerstruktuur as die “skoolbeheerliggaam” bekend. Hierdie beheerstruktuur is ’n statutêre liggaam en dien as beheerliggaam van die skool vir ’n termyn van drie jaar. Die samestelling van die beheerliggaam is soos volg: ’n meerderheid ouerkomponent, ’n akademiese-personeelkomponent, ’n ondersteuningspersoneelkomponent, ’n leerderkomponent (in die geval by sekondêre skole) en die skoolhoof wat dien as *ex officio* lid van die beheerliggaam. Ouers of voogde van ingeskreve leerders van die spesifieke skool het stemreg om die ouerkomponent te verkies. Die akademiese-personeelkomponent word deur die personeel van die spesifieke skool verkies en die leerderkomponent word deur die leererraad van die spesifieke skool verkies. Die aantal lede per komponent word bepaal deur die aantal leerders van die skool asook die aard van die skool (primêre, sekondêre, gekombineerde of spesiale skool) (Noordwes 2015).

Die skoolhoof bestuur die skool op bestuursvlak en die skoolbeheerliggaam beheer die skool op (mikro-)beheervlek. Die vernaamste onderskeid tussen die bestuur van die skool (skoolhoof) en die beheer van die skool (skoolbeheerliggaam) is vervat in die feit dat die skoolhoof verantwoordelik is vir die algemene professionele bestuur van die skool en rekenskap aan die skoolbeheerliggaam moet verskaf met betrekking tot die wyse waarop beleid en besluitneming binne die skoolbeheerliggaam tot uitvoering gebring is (Botha 2012; Steyn *et al.* 2017; Steyn & Wolhuter 2008). Kortom is die skoolhoof die professionele bestuurder van die skool en die skoolbeheerliggaam is die regspersoon (statutêre liggaam) van die skool (Departement van Basiese Onderwys 2015; Heystek 2011; Noordwes 2012; Noordwes 2015). In sommige gevalle word egter waargeneem dat die beherende rol van die beheerliggaam gemanipuleer word deur die bestuurstyl van die bestuurspan van die skool en andersom ook (Clase, Kok & Van der Merwe 2007; Mnucube & Mafora 2013). Laasgenoemde tendens word in sommige gevalle as ’n bedreiging deur die beheerliggaam beskou omdat hulle van mening is dat die bestuurspan die rol van die beheerliggaam oorneem; soos vooraf gestel, is die teenoorgestelde ook ’n realiteit (Heystek 2004; Heystek 2006).

Die skoolbeheerliggaam vervul ’n beduidende en waardevolle rol as plaaslike beheerstruktuur in skole, wat ook deur die Departement van Basiese Onderwys en die onderskeie Provinciale Onderwysdepartemente benadruk word (Mncube 2013; Naidoo 2005; Tsotetsi, Van Wyk & Lemmer 2008). Die skoolbeheerliggaam moet deur middel van subkomitees hul rol binne die beheer van die skool vervul. Daar bestaan sekere kernbelangrike fasette wat die rol van die skoolbeheerliggaam insluit (Departement van Basiese Onderwys 2015; Mestry & Khumalo 2012; Noordwes 2012; Noordwes 2015; Steyn & Wolhuter 2008). Hierdie fasette is, onder andere, die volgende: om beleide en wetgewings uit te voer, lewering van die kurrikulum asook buite-kurrikulêre aktiwiteite, beplanning van die jaarprogram, skoolverbeteringsprogram en skoolontwikkelingsprogram, beheer oor die finansies, beheer oor fasilitate en infrastruktuur, om aanbevelings te maak vir aanstellings deur die Onderwysdepartement, veiligheidsbestuur en leerderdissipline en, laastens, om ’n lewenslange geleentheid vir onderwys en opleiding aan almal te bied. In sommige gevalle word egter gevind dat skoolbeheerliggame nie die uitdagings met betrekking tot hul rol en funksie by die skool suksesvol uitvoer nie en dat daar selfs spanning tussen die skoolbeheerliggaam en die bestuur van die skool bestaan (Bagarette 2012; Xaba 2011).

### *5.3.6 'n Vergelyking van die onderwysbeheerstrukture op mikrovlak*

Plaaslike skoolbeheerstrukture funksioneer in al vyf die BRICS-lidlande, maar die verskil is egter, eerstens, van wanneer af plaaslike skoolbeheerstrukture in die lande funksioneer, tweedens, die mate waarin hierdie beheerstrukture 'n rol vervul en, derdens, die aard van die samestelling van die beheerstrukture.

Die aspek van wanneer af plaaslike skoolbeheerstrukture betrokke geraak het by die beheer van skole verskil ook wesenlik van mekaar. In Rusland en China word die betrokkenheid van plaaslike skoolbeheerstrukture eers vanaf ongeveer tien jaar gelede aangemoedig, terwyl die ander drie lande al vir 'n geruime tyd die rol van plaaslike skoolbeheerstrukture ondersteun.

In Rusland en China word die betrokkenheid van die skoolgemeenskap wel aangemoedig, maar dit word streng beheer deur die politieke bestel. Laasgenoemde tendens veroorsaak dat plaaslike skoolbeheerstrukture hier nie 'n beduidende rol vervul nie. In die ander drie lidlande word die rol van plaaslike skoolbeheerstrukture baie meer beklemtoon en meer magte word aan hierdie strukture verleen.

Die aard van die samestelling van die plaaslike skoolbeheerstrukture in die vyf lande verskil ook van mekaar. In al die lande word die besigheidsektor, ouers en opvoeders as vennote in die beheer van skole erken, maar in China figureer die invloed van die staat baie op die voortgrond en selfs die weermag vorm deel van plaaslike skoolbeheerstrukture. Die munisipaliteite as plaaslike owerhede figureer baie sterk in vier van die lande, maar in Suid-Afrika word weinig melding van munisipaliteite as deel van plaaslike skoolbeheerstrukture gemaak. Slegs in Suid-Afrika vervul leerders 'n beduidende rol binne plaaslike skoolbeheerstrukture; in die ander lande word die inspraak van leerders slegs op 'n baie beperkte skaal toegelaat.

In al die betrokke lande fokus die beheerfunksie van plaaslike skoolbeheerstrukture op die algemene beheer van die skool en nie op die bestuursfunksie van die skoolhoof met betrekking tot die professionele bestuur van die skool nie. 'n Verdere ooreenkoms tussen die vyf lande is die prosedure wat gebruik word met die verkiesing van skoolbeheerstrukture, naamlik dat 'n demokratiese verkiesingsbestel gevolg word. 'n Verdere tendens is dat die magte en verantwoordelikhede van plaaslike skoolbeheerstrukture meer word en dat hul betrokkenheid in selfs die monitering van die algemene beheer van die skool aangemoedig word. Daar word ook van beheerstrukture verwag om meer betrokke te wees in die daaglikske beplanning van die skool en gereeld rapportering aan die onderwysowerhede ten opsigte van die beheer van die skool word aangemoedig en selfs vereis. Laasgenoemde twee tendense is in al vyf die lidlande waarneembaar. Die volgende ooreenkomste met betrekking tot sekere verantwoordelikhede van plaaslike skoolbeheerstrukture in die vyf lande word waargeneem: beheer oor finansies, faciliteit en infrastruktur, aanbevelings van aanstellings van opvoeders, gedragskode vir leerders, taalbeleid, godsdiensbeleid, toelatingsbeleid, skoolbeleid, visie- en missiestellings, hulpbronne, veiligheid en dissipline. Laastens stem al vyf lande op al die vlakke van onderwysbeheer in dié opsig ooreen dat onderwys en opleiding lewenslank aan almal beskikbaar gestel moet word.

Ten einde aan doelstelling twee te voldoen, word kortlik in die volgende paragraaf aandag geskenk aan 'n vergelyking tussen die aard en rol van onderwysbeheer in die BRICS-lande.

## **'N VERGELYKING TUSSEN ONDERWYSBEHEER VAN SUID-AFRIKA EN DIE RES VAN DIE BRICS-LANDE**

Die tendens word in al die BRICS-lande waargeneem dat daar van 'n sentrale onderwysbeheerstelsel na 'n meer gedesentraliseerde beheerstelsel beweeg word. Suid-Afrika maak gebruik van 'n gemengde onderwysbeheerstelsel, waar sekere magte en verantwoordelikhede self deur die provinsiale en streeksowerhede (mesovlak) hanteer word. Soos in die geval van Suid-Afrika, word meer outonomiteit aan onderwysowerhede op meso- en mikrovlak in die res van die BRICS-lande verleen. 'n Verdere ooreenkoms met betrekking tot onderwysbeheer tussen die vyf lidlande is gesetel in die feit dat die nasionale onderwysowerhede op makrovlak onderwysbeleid formuleer en die uitvoering daarvan na die provinsiale, streek- en distriksvlak (mesovlak) deleger. In al die BRICS-lande word die uitvoering van beleid deur die nasionale onderwysowerhede gemoniteer, wat 'n bewys is dat die nasionale onderwysowerhede steeds die verantwoordelikhed van onderwysvoorsiening van die betrokke land, asook die beheer daarvan, aanvaar. Die onderwysbeheerstelsel in Suid-Afrika stem dus tot 'n groot mate ooreen met die res van onderwysbeheerstelsels van die BRICS-lande.

In die volgende paragraaf word reg aan doelstelling drie verleen deur beste praktyke van onderwysbeheer in die BRICS-lande te beskryf asook lesse wat van mekaar geleer kan word.

## **7. HOE KAN BESTE PRAKTYKE VAN ONDERWYSBEHEER IN DIE BRICS-LANDE MEKAAR TOT VOORDEEL STREK?**

Die voordeel om die aard en rol van onderwysbeheer in die BRICS-lande met mekaar te vergelyk is gesetel in die vraag wat die lande van mekaar kan leer. Die volgende hedendaagse tendense wat in die BRICS-lande na vore gekom het, kan as voorbeeld geneem word wat die onderwysbeheer van 'n onderwysstelsel tot voordeel kan strek: eerstens, die desentralisasie van beheer van die stelsel waar meer verantwoordelikhede aan provinsiale, streeks-, distrik- en plaaslike vlakke gedelegeer word; tweedens, die demokratiese verkiesing van onderwysbeheerstrukture op veral plaaslike beheervlak; derdens, die verteenwoordiging van lede van die skoolgemeenskap op beheerstrukture moet alle rolspelers insluit, veral op plaaslike beheervlak; vierdens, die aanmoediging van plaaslike beheerstrukture om betrokke te wees by die algemene bestuur van skole asook die bemagtiging van laasgenoemde beheerstrukture; vyfdens moet rolspelers op die bestuurs- en beheervlak van 'n skool mekaar nie manipuleer of beïnvloed nie; en laatens moet onderwys en opleiding lewenslank aan almal beskikbaar gestel word.

## **8. GEVOLGTREKKING**

Uit die voorafgaande is waargeneem dat die onderwysstelsel in al vyf die BRICS-lande wel oor onderwysbeheerstrukture beskik. Daar is waargeneem dat die vyf lidlande oor 'n sentrale onderwysbeheerstrukturue beskik, maar dat daar klem tydens die afgelope dekade op die delegering van magte vanaf die sentrale onderwysbeheerstelsel (makrovlak) na provinsiale, streek- en distriksvlak (mesovlak) verskuif het. Die mate van delegering van magte verskil egter tussen die lidlande. Verder is ook bevind dat die provinsiale, streek- en distriksonderwysowerhede steeds verantwoording aan die nasionale onderwysdepartement moet doen, wat 'n aanduiding is dat die nasionale onderwysdepartement steeds die hoogste gesag oor die onderwys in die vyf lidlande uitoefen. Onderwysbeleid word deur die nasionale ministerie van onderwys

geformuleer en provinsiale onderwysowerhede moet toesien dat dit uitgevoer word. Op al drie vlakke van onderwysbeheer in die vyf lidlande word lewenslange onderwys vir almal as 'n prioriteit gestel. Daar is verskille en ooreenkomste in die aard en rol van plaaslike beheerstrukture op mikrovlak in die onderwysstelsel van die BRICS-lande geïdentifiseer. Hierdie verskille sluit die volgende in: van wanneer die beheerstrukture funksioneer, die samestelling van beheerstrukture en die rol wat hulle vervul. Ooreenkomste in die plaaslike onderwysbeheerstrukture in die vyf lande sluit die volgende in: die aard van die beheer- en bestuursfunksies op plaaslike vlak, die wyse waarop plaaslike beheerstrukture verkies word, die aanmoediging van die betrokkenheid van plaaslike skoolbeheerstrukture, die lewenslange geleentheid van onderwys en opleiding vir almal en, laastens, dat sekere aspekte waaraan beheer geneem word, wel ooreenstem. Uit hierdie verskille en ooreenkomste met betrekking tot die onderwysbeheer in die vyf lande is beginsels wat tot voordeel van elke land aangewend kan word, geïdentifiseer.

## BIBLIOGRAFIE

- Academic Exchange. 2013. 10 facts about the education system of Brazil. <https://academicexchange.wordpress.com/2013/06/13/10-facts-about-the-education-system-of-brazil/> [29 Junie 2016].
- Akkari, A. 2015. Improving basic education in Brazil. <https://www.researchgate.net> [13 Februarie 2017].
- Bagarette, N. 2012. Partnership between SGBs and Principals in Public Schools: Reasons for the failure of the partnerships. *International Journal of Education Sciences*, 4(2):97-106.
- Barnes, K., Brynard,S. & De Wet, C. 2012. The influence of school culture and school climate on violence in schools of the Eastern Cape Province. *South African Journal of Education*, 32(1).
- Botha, R.J. 2012. The role of the school principal in the school governing body: A case study of various members' perceptions. *Journal of Social Sciences*, 30(3):263-271.
- Brazil. 2016. Die Braziliaanse onderwysstelsel. <https://www.brazil.org.za> [28 Junie 2016].
- Brazil. 2017. Brazil Government. [www.infoplease.com](http://www.infoplease.com) [13 Februarie 2017].
- Cheng, H.F., Gutierrez, M., Mahajan, A., Shachmurove, Y. & Shahrokhi, M. 2006. A future global economy to be built by BRICS. *Global Finance Journal*, 18(2):143-156.
- China Education Centre.Ltd. 2016. Education and society. <https://www.chinaeducentre.com> [30 Augustus 2016 ].
- China Government. 2017. China Government. [www.infoplease.com](http://www.infoplease.com) [13 Februarie 2017].
- Clase, P., Kok, J. & Van der Merwe, M. 2007. Tension between school governing bodies and education authorities in South Africa and proposed resolutions thereof. *South African Journal of Education*, 27(2):243-263.
- Classbase. 2012. India education system. <https://www.classbase.com> [4 Augustus 2016].
- Collins, P. 2009. State capacity building in China: An introduction. *Public Administration and Development*, 29(1):1-18.
- Departement van Basiese Onderwys *kyk* Suid-Afrika. Departement van Basiese Onderwys.
- Dervin, F. & Zajda, J. 2015. *Changing dynamics in the governance of education: A comparative analysis of emerging issues and reforms in the BRICS countries*. Paris: UNESCO.
- Dhingra, R., Manhas. S. & Sethi, N. 2007. Involvement of parents in school related activities. *Journal of Social Sciences*, 15(2):161-167.
- Dictionary. 2017. *Dictionary.com*. [www.dictionary.com](http://www.dictionary.com) [10 Februarie 2017].
- Donohue, D. & Bornman, J. 2014. The challenges of realising inclusive education in South Africa. *South African Journal of Inclusive Education*, 34(2):1-14.
- Eberhard, F. 2015. School governing bodies have a vital role to play. *Corruption News*. [www.corruptionwatch.org.za](http://www.corruptionwatch.org.za) [30 Maart 2017].
- Education in Russia. 2013. Structure of education system in Russia. [www.euroeducation.net/prof/russco.htm](http://www.euroeducation.net/prof/russco.htm) [28 November 2016].
- Gong, T. 2009. Institutional learning and adaptation: Developing state audit capacity in China. *Public Administration and Development*, 29(1):33-41.

- Gorostiago Derqui, J.M. 2001. Educational decentralization policies in Argentina and Brazil: Exploring the new trends. *Journal of Education Policy*, 16(6):561-83.
- Government of India. 2016. Ministry of Human Resource and Development. [www.mhrd.gov.in](http://www.mhrd.gov.in) [30 November 2016].
- Guo, S., Beckett, Y., Li, Q. & Guo, L. 2013. Changes in Chinese education under globalization and market economy: Emerging issues and debates. *Compare: A Journal of Comparative and International Education*, 43(2):244-64.
- Heystek, J. 2004. School governing bodies – the principal's burden or the light of his/her life? *South African Journal of Education*, 24(4):308-312.
- Heystek, J. 2006. School governing bodies in South Africa – Relationships between principals and parent governors – A question of trust? *South African Journal of Education*, 24(4):308-312.
- Heystek, J. 2011. School governing bodies in South African schools: Under pressure to enhance democratization and improve quality. *Educational management and leadership*, 39(4):455-468.
- India Government. 2017. India Government: My Government. <https://india.gov.in> [13 Februarie 2017].
- Kumar, V.S. 2014. The education system in India. GNU Operating System. <https://www.gnu.org> [2 Augustus 2016].
- Leonardy, U. 1992. Federation and Länder in German foreign relations: Power-sharing in treaty-making and European affairs. *German Politics*, 1(3):119-135.
- Levitskaya, A. 2007. Ministry of Education and Science of the Russian Federation: Youth policy – A National Focus of Russia. [www.youthpolicy.org](http://www.youthpolicy.org) [13 Februarie 2017].
- Mafora, P. 2013. (In)tolerance of diversity and school governance: Perceptions and experiences of parents in Soweto Secondary schools. *Mediterranean Journal of Social Sciences*, 4(4):101-109.
- Maree, K. 2008. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.
- Mavuso, M.P. & Duku, N. 2014. African parents as partners in school governance in South Africa. *Mediterranean Journal of Social Sciences*, 5(16):427-434.
- Mestry, R. & Khumalo, J. 2012. Governing bodies and learner discipline: Managing rural schools in South Africa. *South African Journal of Education*, 32(1):97-110.
- Ministry of Education and Science. 2016. Education in Russia. [www.russianenics.ru](http://www.russianenics.ru). [29 November 2016].
- Ministry of Education of the People's Republic of China. 2016. Education in China. [www.moe.edu.cn](http://www.moe.edu.cn) [1 Desember 2016].
- Mok, K. 1999. Education and the market place in Hong Kong and Mainland China. *Higher Education*, 37(2):133-58.
- Mok, K. 2002. Policy of decentralization and changing governance of higher education in post-Mao China. *Public Administration and Development*, 22(3):100-250.
- Mncube, V. & Mafora, P. 2013. School governing bodies in strengthening democracy and social justice. *Anthropologist*, 15(1):13-23.
- Naidoo, J.P. 2005. Educational decentralization and school governance in South Africa: From policy to practice. [www.eric.ed.gov](http://www.eric.ed.gov) [9 Desember 2016].
- New World Encyclopedia. 2017. Russian Federation. [www.newworldencyclopedia.org](http://www.newworldencyclopedia.org) [13 Februarie 2017].
- Nikolaev, D. & Chugunov, D. 2012. *The education system in the Russian Federation: Education brief 2012*. Washington, D.C.: World Bank.
- Nikandrov, N.D. 2014. Reforming education since the year 2000: The case of Russia. *International dialogue in education: Past and present. IDE-online journal*, 1(1):1-5.
- Noordwes (Suid-Afrika). 2012. Chief Directorate: Quality assurance. North West Province EMGD Training Manual for School Governing Bodies.
- Noordwes (Suid-Afrika). 2015. North West Province SGB election regulations. *North West Provincial Gazette*, No. 7407.
- Norric (Nordic Recognition Information Centres). 2006. Report on the system of education in India. <http://norric.org/files/education-system/India-2006.pdf> [27 Julie 2016].
- Prinsloo, S. 2006. State interference in the governance of public schools. *South African Journal of Education*, 26(3):355-368.

- Russian schools. 2016. Russian schools: Structures of system, ages of entry and certificates. <https://www.justlanded.com> [29 November 2016].
- Schwartzmann, S., R. Pinheiro & P. Pillay. 2015. *Higher Education in the BRICS Countries: Investigation the pact between Higher Education and Society*. USA: Springer.
- Sheshagiri, K.M. 2015. Decentralisation of Education in India. <http://www.negfire.org> (1 Augustus 2016).
- South Africa. 2017. South African Government. [www.gov.za](http://www.gov.za) [13 Februarie 2017].
- Stanek, C. 2013. Education system of Brazil. *IEM Spotlight*, 10(10):1-10.
- Steyn, H.J. & Wolhuter, C.C. eds. 2008. *Education systems challenges of the 21st century*. Potchefstroom: Keurkopie.
- Steyn, H.J., Wolhuter, C.C., Vos, D. & De Beer. Z.L. 2017. *Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: Kernkenmerke in fokus*. Potchefstroom: Keurkopie.
- Suid-Afrika. 1996a. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1996b. Suid-Afrikaanse Skole Wet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 2015. Departement van Basiese Onderwys. Guidelines for capacity building of School Governing Body Members. Pretoria: Staatsdrukker.
- UNESCO. 2014. BRICS: Building Education for the future. Paris: UNESCO.
- Walker, A. & Qian, H. 2012. Reform disconnection in China. *Peabody Journal of Education*, 87(2):162-77.
- Wette kyk Suid-Afrika.
- Xaba, M.I. 2011. The possible causes of school governance challenges in South Africa. *South African Journal of Education*, 31(2):201-211.

# Postkoloniale teologie en die sending: Uitdagings en bedreigings

*Post-colonial theology and mission: Challenges and threats*

**PIETER VERSTER**

Sendingwetenskap

Departement Praktiese en Missionale Teologie

Universiteit van die Vrystaat

E-pos: versterp@ufs.ac.za



Pieter Verster

**PIETER VERSTER** studeer aan die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Pretoria, waar hy BA (cl UV), BA Honn Grieks (cl UP) BD (cl UP), MA (UV), DD (Sending- en Godsdieneskunde UP) en DD (Dogmatiek en Etiek (UP) behaal. Hy is tans Professor in Sendingwetenskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Verder is hy lidmaat en geordende leraar van die NG Kerk. In 2008 is sy boek: *A theology of Christian mission: What should the church seek to accomplish?* (New York: Edwin Mellen Press) gepubliseer. Die boek *New hope for the poor* is in 2012 by SunMedia gepubliseer. Hy behaal ook 'n C3-gradering by die NNR.

**PIETER VERSTER** studied at the Universities of the Free State and Pretoria and obtained the degrees BA (cl UFS), BA Honn Greek (cl UP), BD (cl UP), MA Greek (UFS). He holds two doctorates from the University of Pretoria (Missiology, and Dogmatics and Ethics). At present he is Professor in Missiology at the University of the Free State. He is a member and ordained minister of the Dutch Reformed Church. Published books include *A Theology of Christian Mission: What Should the Church Seek to Accomplish* (2008, New York: Edwin Mellen Press) and *New hope for the poor* (2012, SunMedia). He is a NRF graded researcher (C3).

## ABSTRACT

*Post-colonial theology and mission: Challenges and threats*

The current debate on post-colonial theology is of great importance to mission. It is known that the great missionary project of the nineteenth and twentieth centuries often coincided with colonialism even though there were sometimes strong voices warning against it. Colonialism is currently being severely criticised by many. The fact that different perspectives and actions have occurred in different countries are sometimes overlooked. Suppression, slavery and exploitation are regarded as the central heritage of colonialism. According to various authors, all forms of hegemony of power must therefore be rejected. Theology adds to this by showing that all forms of domination and power that occur in theology must also be rejected. Discrimination against women, the LGBT community, and indigenous groups are shown as abuse of power – post-colonial theology, however, goes beyond these issues. Western

*domination in theological points of view is rejected and Africa's own voice must be heard. The confession that Jesus is the only saviour, that He is the true mediator between God and man, and that He, according to the confession of Nicea, is also truly God and therefore totally unique, is sometimes rejected. Differences between religions must be resolved by finding common ground in the fight against oppression, exploitation and discrimination. Eurocentrism was an essential part of colonialism, and thus the own voice of the culture of, for example, Africa was denied. The contribution of African cognition and thinking is especially disregarded. Sometimes culture and religion are both considered to be equally unacceptable and therefore there is exploitation on an unprecedented scale, especially in the field of labour; ethnic disputes were exploited and continued, authority relations were disturbed, artificial boundaries were established and people were artificially divided, cultures were destroyed, and political control has hampered the development of own government. However, there were also positive developments, namely the usage of Western medicine, creation of infrastructure, liberation and expansion of culture through the Christian gospel and control of communities that did set boundaries and restricted political violence. Post-colonial theology means that the global can be found in the similarities found of Jesus Christ and, for example, the beliefs of the African Traditional Religions. A reforming approach would emphasise a theology of respect for God. In addition, principles of exegesis in the light of the sola Scriptura also emphasise the principle of the priority of the text, with the reformed principle of *sacra Scriptura sui ipsius interpres est*. Mission would therefore call people to repent and the recognition of Jesus as the only Lord. He is not just the good teacher, the one among many. There can be no doubt that mission must be at the forefront of opposing discrimination, exploitation, and disregard, but also of confessing that Jesus truly is ONE with God. It is not only the Gospel of John that confesses this, but there are several theologians who recently confirmed that Jesus is considered to be ONE with God in the context of Jewish monotheism, such as Paul (See Van de Beek, NT Wright and Hurtado). The classical theoretical concept of God is analysed differently. Post-colonial and decolonial theology put important questions to mission of the past and present. However, a reforming approach will guard against the inherent abuse of power that appears in it and the denial of confessing that Jesus is the only Lord. Sometimes missionary theology must go against the growing general view to confess that Jesus is the Lord, the Mediator between God and Man.*

**KEY WORDS:** Colonialism; Hegemony of power; Eurocentrism; Africa; Jesus Christ; Reformational approach

**TREFWOORDE:** Kolonialisme; Magsoorheersing; Eurosentrisme; Afrika; Jesus Christus; Reformatoriese benadering

## OPSOMMING

Die heersende debat oor die postkoloniale teologie is vir die sending van groot belang. Die groot sendingprojek van die negentiende en twintigste eeu het dikwels ten nouste met kolonialisme, wat tans sterk gekritiseer word, saamgeloop. Alle vorme van magsoorheersing moet volgens verskeie denkers dus afgewys word. Die teologie sluit hierby aan deur aan te toon dat vorme van oorheersing en mag wat in die teologie voorkom, ook afgewys moet word. Eurosentrisme was essensieel deel van kolonialisme en daarmee is die eie stem van die kultuur van byvoorbeeld Afrika misken, word gereken. Die bydrae van Afrika-kognisie en -denke is veral misken. Postkoloniale teologie beteken dat die globale huis te vinde is in die ooreenkomste

wat gevind word tussen Jesus Christus en byvoorbeeld die oortuigings van die Afrika Tradisionele Godsdienste. 'n Reformatoriese benadering sal egter krities wees teenoor die postkoloniale teologie en huis 'n teologie van die respek van God beklemtoon, en ook mense oproep tot bekering en die erkennings van Jesus as enigste Here. Daar kan geen twyfel bestaan dat die sending op die voorpunt moet wees om diskriminasie, uitbuiting en miskenning teen te gaan nie, maar dan ook om te bely dat Jesus waarlik EEN met God is.

## **1. INLEIDING**

Die heersende debat oor die postkoloniale en dekoloniale teologie is van groot belang vir die sending. Verskeie stemme daag die sending vanuit hierdie perspektiewe uit (Martey 1993; Mugambi 1992; Oduyoye 2009; Pears 2010; Setiloane 1986). Dit is bekend dat die groot sendingprojek van die negentiende en twintigste eeu dikwels ten nouste met kolonialisme verweef was, al was daar soms sterk waarskuwende stemme. Post- en dekoloniale denke oorheers tans in 'n groot mate die theologiese debat in Afrika. Daar moet inderdaad ernstig daarvan kennis geneem word. Die onkritiese wyse waarop post- en dekoloniale teologie beoefen word, vra egter ook vir diepgaande besinning.

## **2. DIE DEBAT OOR KOLONIALISME**

Kolonialisme word tans uit vele oorde skerp gekritiseer. Dat verskillende perspektiewe en handelinge in verskillende lande voorgekom het, word soms uit die oog verloor. Onderdrukking, slawerny, uitbuiting en ongeregtigheid word egter as die sentrale erfenis van kolonialisme beskou.

Met die openbaarmaking van die argiewe van die vorige eeu word inderdaad ontstellende bewyse van misdade teen tradisionele inwoners deurgegee. Koning Leopold II van België se heerskappy oor die Kongo laat die hare rys (<https://www.britannica.com/biography/Leopold-II-king-of-Belgium>). Ongeveer 10 miljoen Kongolesse is uitgewis in 'n proses om ivoor, rubber en ander grondstowwe te ontgin deur van gedwonge arbeid gebruik te maak.

Helen Zille se vraag of kolonialisme net sleg was, moet deur wetenskaplikes en nie deur politici nie beantwoord word (Haar twitter opmerking het sterk reaksie uitgelok. Kyk <https://twitter.com/helenzille/status/842260539644497921?lang=en>). Sake wat ter sprake kom, is die oorgange van feodale bestaan na moderne geïndustrialiseerde gemeenskappe, van tradisionele geneeskunde, onderwys en politieke bestelle na moderne wetenskaplike geneeskunde, onderwys en politiek, en ook van beperkte infrastrukture tot ontwikkelende paaie, watervoorsiening en hospitale. Daarmee saam was daar egter magsmisbruik op 'n ongekende skaal. Die vraag is inderdaad of die oorgange in ontwikkeling nie sonder die magsmisbruik kon plaasgevind het nie.

Travis (2014:3) wys byvoorbeeld ook daarop dat die verhouding tussen die koloniseerders en gekoloniseerdes gekompliseerd was. Soms is bepaalde mag deur die gekoloniseerdes behou. Prosesse van dekolonialisering is ook nie so eenvoudig nie. Die voortgang van prosesse van negatiewe persoonlike en gemeenskaplike onderdrukking, waar regeerders diktatoriaal optree en waar armes misken word in die prosesse van verryking van enkeles, is vir Travis (2014:4) egter rede tot ernstige kritiek.

Juis alle vorme van magsoorheersing moet volgens verskeie denkers dus afgewys word (Martey 1993; Oduyoye 2009; Pears 2010). Die noue verband tussen godsdienst, onderdrukking en geweld word dikwels aangedui. Martin (2014:48-49) bevraagteken dit egter en wys daarop

dat talle onbewysbare stellings oor die verband tussen byvoorbeeld godsdienst en oorlog gemaak word. In hierdie verband is dit veral Dawkins (2006:294-295) wat poog om religie af te wys weens die verband tussen religie en vyandige optrede. Talle voorbeeld kan egter aangetoon word dat dit nie algemeen-geldend is nie (vergelyk die optrede van talle sendelinge in die geskiedenis, soos byvoorbeeld Suster Theresa).

Eurosentrisme was essensieel deel van kolonialisme en daarmee is die eie stem van die kultuur van byvoorbeeld Afrika misken. Die bydrae van Afrika-kognisie en -denke is veral misken. Daarmee saam is verskeie aspekte van die godsdienst van Afrika geheel afgewys. Soms is die kultuur en godsdienst beide as ewe onaanvaarbaar beskou en dus misken. Die filosofiese uitgangspunt van die moderniteit het nie ruimte vir eie Afrika-bydraes gelaat nie.

Vanuit Suid-Amerikaanse perspektief word veral teen kapitalisme, rassevooroordeel en politieke heerskappy as nalatenskap van kolonialisme gewaarsku. Nuwe vorme van ekonomiese bestaan moet gesoek word veral deur na inheemse stemme te luister (Grossfoguel 2011:s.p., Quijano 2007:s.p. en Quijano 2000:s.p.).

Van der Walt (2003:10-11) verwys na Khapoya (1994:145-147) wat oortuigend aantoon dat daar verskeie negatiewe aspekte aan kolonialisme in Afrika verbonde was, wat nie ontken kan word nie. Daar was uitbuiting op 'n ongekende skaal, veral op die terrein van arbeid; etniese twiste is uitgebuit en verder aangeblaas, gesagsverhoudinge is versteur, kunsmatige grense is getrek en mense is sodoende kunsmatig verdeel, kulture is verwoes en politieke beheer het die ontwikkeling van eie regering gestrem. Daar was egter ook positiewe ontwikkelinge, naamlik die aanwending van Westerse geneeskunde, die opbou van infrastruktuur, bevryding en verruiming van die kultuur deur die Christelike evangelie en beheer oor gemeenskappe wat tog grense daargestel en politieke geweld beperk het.

It is egter duidelik dat die vergryselle van kolonialisme die teologie in die postkoloniale fase beslissend bepaal. Hoe daarop gereageer moet word, is van groot belang. Daar is dus aangetoon dat kolonialisme gekenmerk is deur verskeie vergryselle, maar ook dat ontwikkeling soms noodsaaklik was. Die diepte van die ellende van die magsmisbruik en uitbuiting van kolonialisme kan moeilik oorskot word.

### **3. POSTKOLONIALISME EN DEKOLONISASIE**

Ashcroft, Griffiths en Tiffin (2000:14) verwys na sekere hooftemas wat in die debat oor kolonialisme voorkom. *Alteriteit* handel oor die ander en diversiteit en hoe die konsep binne die debat hanteer word (2000:56). *Dekolonisasie* dui op die openbaarmaking en vernietiging van koloniale mag in al sy vorme, ook die sogenoemde verborge elemente van institusionele en kulturele mag wat die koloniale magte in beheer gehou het (2000:94). *Fanonisme* handel oor die psigiater van Martinique, Frantz Fanon (1925-1961), wat hom bedien van Marxistiese ontleding van koloniale mag op die psige van gekoloniseerde deur sosiale en ekonomiese beheer. Die vernederende beheer oor die psige van die gekoloniseerde kan slegs deur geweld verbreek word (2000:118). *Hibriditeit* dui op nuwe transkulturele vorme wat as gevolg van kolonialisme na vore kom en die kruisbestuiwing wat op linguistiese, kulturele, politieke, en rassegebiede voorkom (2000:128). *Sending en kolonialisme* hanteer kritiek op sending se invloed wat tot kulturele verandering en uitbreiding van imperialisme geleei het. Alhoewel soms gekompliseerd, soos dat dit die buffer tussen koloniale en inheemse strydmagte en ook koloniale beheer oor inheemse groepe was, en mediese en opvoedkundige dienste gelewer het, teen slawerny gekant was en vroue en kinders bemagtig het, was dit dikwels ook vernietigend vir die kulturele bestaan van mense (2000:168). Postkolonialisme handel oor die

effek van kolonisering en die oorgange daarna, veral na die Tweede Wêreldoorlog waar veral die effek op kultuur na vore kom. Literatuur deur Afrika-skrywers het al hoe belangriker geword en het die heersende gedagtes oor kolonialisme en die inheemse bestaan uitgedaag en uiters krities begin beoordeel. Hierdie temas speel 'n beslissende rol maar word nie spesifiek behandel nie, maar daar word wel telkemale na die implikasies daarvan verwys.

Angie Pears (2010:134) beskryf postkolonialisme soos volg:

Postcolonialism challenges and rejects hierarchical systems of power which enable or result in some peoples within a community or country having access to power, wealth and privilege, whilst others are disenfranchised and in effect treated as non-persons or non-subjects.

Antonio (2006:5) bevraagteken egter postkoloniale terminologie. Hy wys op die gevaar van nuwe magstellinge, waar daar in die kritiek op kolonialisme nuwe vorme van beheer kom om mense in een denkpatroon in te dwing. Nog besware wat uitgelig word (2006:6), is dat dit homogeniserend, essensialiserend en universaliserend voorkom: homogeniserend, want dit misken verskeidenheid van koloniale geskiedenis; essensialiserend, want identiteite van alle koloniale groepe word as eenduidig aangedui en universaliserend, want 'n algemene begrip van generiese kolonialisme word voorgehou.

Postkoloniale teorie is verder ook nie 'n goed-uitgewerkte idee nie (Pears 2010:135). Dit dui meer op 'n losse groep gedagtes wat bymekaar gehou word deur verskeie onafhanklike faktore. Die kritiek teen kolonialisme en imperialisme word as uitgangspunt voorgehou (2010:137). 'n Belangrike aspek is egter wel dat die inheemse beklemtoon word. In daardie opsig vra die postkoloniale denkers vir nuwe respek vir die eiesortige van die kultuur en denke van byvoorbeeld Afrika.

Greffrath (2016:936) toon verder aan dat meer as net die tydperk na kolonialisme aangedui word:

Net soos met die postapartheidsbegrip, lê die betekenis van die postkoloniale veel dieper as bloot dít wat outomaties na kolonialisme ontstaan. Die postkoloniale het 'n doelbewuste, krities-konseptuele inhoud wat veel meer omvangryk is as die blote verloop van tyd. 'n Hele nuwe denkpatroon word dus gevestig.

Dirlik (2005:563) wys meer omvattend daarop dat die begrip postkoloniaal duï op die werklikhede in postkoloniale gebiede, die postkoloniale wyere wêreld en die diskouers wat oor hierdie omstandighede en uitdagings gevoer word. Kritiek teen postkoloniale denkers bly nie uit nie. Daar word daarop gewys dat die postkoloniale denkers hulle bedien van koloniale Westerse denke en begrippe om juis hulle postkoloniale standpunt te belig. Verder toon Dirlik (2005:572) aan dat die hibriditeit en "in betweenness" waarna die postkoloniale denkers verwys, net tussen die postkoloniale en die Eerste Wêreld aangedui word en nie onderling tussen die postkoloniale denkers self nie. Hulle eie ideologiese en institusionele strukture word misgekyk. So word dit self die slagoffer waarteen ditstry (2005:574).

Alhoewel McEwan (2009:61) van oortuiging is dat postkolonialisme nie slegs daarop teruggaan nie, duï hy tog ook aan dat daar Marxistiese wortels vir die politieke en ekonomiese denke is. McEwan (2009:71) duï ook verskeie besware aan; dat dit geïnstitutionaliseerd voorkom, intellektualisties en veral Westers is, en juis die denke uit die tradisionele gemeenskappe se denkers uitsluit, té teoreties word met min aandag aan die eiesortige probleme van

postkoloniale gebiede, en selfs nie altyd die verhouding met globale kapitalisme verreken nie. Verder kyk dit die lewe-en-dood-vraagstukke, soos onder andere volksmoord in postkoloniale gebiede, mis.

Sugirtharajah (1999:235) wys daarop dat postkolonialiteit huis die poging om beskawings, gewoontes, en om die hele narratiewe geskiedenis en literatuur bloot af te lei van die invloed en denkwyse van die globale wêreld, net nie houbaar is nie. Dit bevraagteken die Christendom, maar gebruik dit ook en meng dit met eie geloof. Dit verwerp egter Westerse mag (Sugirtharajah 1994:262).

Pears (2010:142) wys daarop dat Sugirtharajah verduidelik dat die postkoloniale denke huis die kontekstuele as hoofsaak beskou. Die welsyn van mense in hulle armoede en onderdrukking in spesifieke situasies word oorweeg en die beslissende diskourse wat dit onderlê, word vanuit 'n kontekstuele benadering oorweeg. Travis (2014:23 e.v.) wys op koloniale denke as dominasie, verdeling, homogeniteit en eensydigheid. Koloniale denke laat dus hiervolgens nie ruimte vir respek vir inheemse denke en vryheid van denke om huis die moontlikheid te skep om die beheer van die koloniale denke teen te werk nie. Dit is dus huis eensydig omdat dit beheer wil uitoefen en dus nie die bevraagtekening van die denke duld nie.

Die nuwe wêreld van nuwe ontdekings word ondersoek. Sugirtharajah (1999:238) stel dit dat die postkoloniale gedagte van hibriditeit nie alle verskille ophef nie, maar wel magstrukture wat in verskille ingebed word, bevraagteken. In hierdie verband word die meerderwaardigheid van die Christendom afgewys: "Living in multiple contexts means reforming the Christian identity. In this way it will be accepted as complementary to other religious discourses in India and as a companion in the search for truth and religious harmony."

Wat is die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word? Postkolonialisme wil op ingrypende wyse Westerse hegemonie bevraagteken en aantoon dat die bevryding van die koloniale eers voltooi sal wees indien die denke en kulture van vroeëre koloniale gebiede tot hulle reg sal kom. In die proses word egter verskeie aannames gemaak wat om besinning vra. Samevattend kan dus aangetoon word dat postkolonialisme magsmisbruik ten alle koste wil teenwerk. Daar word ook daarna gestreef om eenheid onder mense te bereik. Belangrike theologiese vrae kom ter sprake.

#### **4. SENDING EN IDENTITEIT**

Travis (2014:19) is van mening dat die sending huis ook "civilizing mission" voorgehou het en mense en groepe stelselmatig verwoes het deur groepe se eie kennissisteme te vernietig. In die poging om die beskawing oor te dra was daar min begrip vir inheemse kennissisteme. Sy erken dat daar wel 'n ander kant ook was (2014:20) en dat byvoorbeeld gekoloniseerde ook op verskeie terreine te hulp gekom is (2014:21).

Dit is egter belangrik om waar te neem hoe die kritiek op kolonialisme in die benadering van die sending verloop het. Duggan (2013:1-20) wys op die verskillende invalshoeke wat in die verlede ten opsigte van postkolonialisme in die theologiese benadering voorgekom het.

1. Die Anti-koloniale stryd: Soms word die invloed van Indiese teoloë van 1940 tot 1950 misgekyk.
2. Postkoloniale Bybelse kritiek, waar die Bybel kritisies oorweeg word om magsmisbruik aan te toon.
3. Postkoloniale teologieë waar die teologie self kritisies teenoor vroeë vorme van teologie staan (2013:14).

4. Inheemse, kontekstuele, transnasionale, multi-religieuse en inter-dissiplinêre teologieë word die uitgangspunt wat nou heersend is:

The historical role of Christianity as the colonial weapon of religious control and desired domination makes an emphasis on indigenous and multi-religious voices central to a robust postcolonial vision. (2013:15 e.v.)

En

If they are to be credible, postcolonial theologians must collaborate with the poor, marginalized and subalterns to retrieve colonial memories and decolonize the otherwise narrow denotative contours of postcolonial theologies. (2013:19)

Kaunda en Hewitt (2015:379) beklemtoon hoe die studie van die WRK “Together towards life” sending as stryd teen onreg, inklusiwiteit, genesing en heelheid beklemtoon. Hulle wys op die verwoestende effek van kolonialisme en imperialisme en tans globalisme. Hulle (2015:380) beklemtoon dus dat dekolonisering wil konfronter, denke verander, en verborge en geopenbaarde Eurosentriese monokulturele ideologiese diskosiese met sy koloniale onderbou wil oorkom. Hulle (2015:389) wil huis die lewens-ontkennende magte wat in die moderne lewe voorkom oorkom (2015:390). Huis daarom wil hulle tipiese Afrika-probleme aanraak soos Afrika-feminisme, Afrika-teologieë, Afrosentrisme, postkoloniale inheemswording, of postmodernisme van die grense wat steeds Westerse heerskappy oor kennis behou.

Die skrywers (Kaunda & Hewitt 2015:390) is van mening dat sending in 'n nuwe rigting kan beweeg indien daar groter klem op 'n praksis-georiënteerde model van solidariteit met die stryd van mense kan wees. Volgens hulle moet die sending verder beweeg as etnosentrisme en absolute relativisme; essensialisme en anti-essensialisme; dogmatiese kommunitariese en narsissistiese individualisme; en vaste teologiese idees oor die toekoms en dat alles in orde is (“everything goes” (2015:391)).

Dat die onderdrukker egter huis op pragmatiese wyse deur die taal van koloniste aangevat word, word aangetoon. Teoloë word dikwels huis deur koloniale denke beheers en die Bybel word as boek van onderdrukking gesien, maar verskaf ook hoop. Daar word krities met die Bybelse teks omgegaan (Pears 2010:144). Sending as sodanig word dan ook huis bevraagteken volgens Sugirtharajah (Pears 2010:154). Kaunda (2015:75) is van mening dat die sentrale vraag die dekolonialisering van die gees is en dat teologiese opleiding in Afrika dit huis moet veronderstel.

Wiredu (2006:291) is krities oor al die invloede wat vanuit die koloniale verlede na vore kom. Afrika-filosofie en -godsdiens moet daarvan bevry word. Hy toon aan dat diepgaande verskille ten opsigte van die Christelike evangelie en die Afrika Tradisionele Godsdienste voorkom en dat die Afrikaan 'n keuse moet maak. Hy wil dus nie die enigste ware God beperk tot die Christendom nie (2006:320). Wat nodig is, is: “Disentangling African frameworks from colonial impositions about God” (2006:329). Volgens hom is persoonlike begrip van God essensieel.

Die vraag waarom sendelinge soms onkrities teenoor kolonialisme gestaan het, word deur Rieger (2004:206) beantwoord as sou hulle geen ander keuse gehad het nie. Hulle was in geheel deel van die sisteem. Hy wil (2004:219): “mission as ‘Inreach’” beklemtoon:

If mission as outreach still harbors too many of the colonial sentiments, and if mission as relationship is too easily distorted by asymmetries of power supported by the new neocolonial world order, what other shape can mission take? How can we resist the

neocolonial models of power and authority and their impact on our mission projects and our theology?

Mission begins not, as is often assumed, with the conversion of the other. Mission begins with the conversion of the missionary self – in light of God's own mission. Such a conversion includes repentance, a confession of what distorts God's mission, and a turning away from these things, particularly from our own attempts to form the other in our own mirror image (neocolonial authority) and to direct economic and other affairs to our own exclusive benefit (neocolonial power). Mission as inreach gets us one step closer to challenging and overcoming the colonial/neocolonial heritage of mission.

Hoe moet teologies egter oor die wyse waarop die Christelike gemeenskap moet optree, gedink word?

Travis (2014:48) wys op die wyse waarop dekoloniserende prediking kan plaasvind. 1. Erken diversiteit, 2. Benoem kolonialisering en imperialisme as teenwoordige en historiese werklikhede, 3. Spreek uit teen die destruktiewe elemente van die prosesse, en 4. Erken kerk en staat ("Empire") se nabye verhouding. Prediking moet huis versoening tussen groepe bring. Travis meen dus (2014:48) dat eksegese aangepas moet word. Daar moet gesoek word na 'n wêreld vry van die koloniserende diskoeërs. Travis (2014:54) bevraagteken ook die tradisionele Triniteitsleer wat magsverhoudinge bevestig en kies vir die sosiale Trinitet van Moltmann. Daarvolgens word die klem nie op die synseenheid van die Trinitet gelê nie maar op die verhoudings tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die klem lê dus nie op magsverhoudinge wat bepaal word deur die Trinitet nie maar op moontlikhede wat geskep word wanneer die Seun aan die mens se kant gestel word in verhouding tot die Vader. Wat moet dan die dekoloniseringsgesprek kenmerk? Sy (2014:57) lys vryheid, gemeenskaplike self-prysgawe, self-differensiëring en openheid. Wanneer die teks ondersoek word, word na magsverhoudinge in die teks gekyk en moet dit daarvan bevry word.

Sugirtharajah (1996:16) verduidelik dat die postkoloniale teoloë Bybelse tekste selekteer en herskryf om hulle van hulle ideologiese bindinge te bevry en ook van hulle interpretasies wat inderdaad bevraagteken kan word. Dit wil ook tekste opnuut interpreteer. Hy toon aan dat die verhaal van die verlore seun byvoorbeeld vertel word vanuit die perspektief van die seun wat die vader nie as barmhartig beskou nie, maar huis as patriargaal, wat die seun se individualiteit misken, en hom inderdaad verbly in die seun se mislukking.

Postkoloniale lees van tekste is dus ook van belang. In aansluiting by Sugirtharajah (1996:16) sou die teks van die verlore seun dus postkoloniaal gelees kan word. (Die metode van Van Wolde 1989:80 e.v. waarin die aktante in die verhaal se verskillende rolle beskryf word, word aangewend om die verskil tussen 'n postkoloniale lees en 'n reformatoriese lees voor te dra). Aktante is die verskillende entiteite wat binne 'n teks optree en ook in verhouding tot mekaar staan.

Die aktante wat hier voorkom kan aangetoon word.

Die vader wat deur sy patriargie die een seun se individualiteit beperk deurdat hy sy vryheid beperk.

Die eerste seun vind huis vryheid van die vader se patriargie en die ander seun se inperkinge deur daarvan te ontsnap.

Hy ondervind wel ellende maar dit spruit uit sy eie vrye keuse.

Die vader moet huis die seun se individualiteit respekteer by sy terugkeer.

Die vader se ontvangs is dus nie die patriargale menslikheid van die vader nie maar die reg van die seun.

Die ander seun is verwerplik omdat hy nie na vryheid streef nie en voor patriargie buig.

'n Reformatoriese lees is anders.

Die vader is huis die toonbeeld van menslikheid. Hy onderdruk huis nie die seun nie maar gee hom sy erfpossie met die wete dat die seun dit dalk sal misbruik.

Die vader toon sy liefde huis deur nie te veroordeel nie, maar die seun terug te ontvang. Daarmee word gesonde menslike verhoudings bevestig. Daar is dus nie van patriargie wat 'n negatiewe konnotasie het hier sprake nie, maar van 'n buitengewoon goeie verhouding tussen vader en seun wat ruim menslikheid onderlê.

Die seun ondervind totale seën en vergifnis.

Dit bevestig die vader se totale liefde vir die seun wat nijs verdien nie, maar volgens die tydsgees die dood.

So word die gelykenis 'n bevraagtekening van oordeel onder mense en die toonbeeld van God se liefde vir hulle wat nijs verdien nie.

Die ander seun verstaan nie die liefde nie.

Nolland (2005:206) beklemtoon in geen onduidelike taal die betekenis van die vader se barmhartigheid nie. Hy vat dit goed saam:

Only the hearer who can be brought to see that the human father is acting in a commendable manner will be in a position to appreciate what is being asserted about God's action. God's action is made intelligible by being mirrored in the father's action.

Let ook op hoedat Bovon (2006:324) aandui dat die seun nijs het om vir die vader aan te bied nie. Hy kom tot inkeer om tot God te keer sonder enige waarde in homself.

Ook Matteus 28:19-20a word bevraagteken as teks waar daar nie ruimte is vir persone na wie die evangelie gebring word om self 'n invloed uit te oefen nie (Travis 2014:115). Daarmee word nie bedoel dat 'n eie Afrika-lees van die teks in 'n reformatoriese lees totaal misken moet word nie (vgl Naidoo 2016:s.p.). Respek vir die teks is onontbeerlik. Eie Afrika-interpretasie is inderdaad moontlik, maar dan altyd binne die raamwerk van respek vir God en respek vir die teks. West (2008:161) is wel krities oor die lees van tekste in dié verband. Hy vra of postkolonialisme wel 'n relevante hermeneutiek vir Afrika daarstel. Kan postkoloniale teologie die wêreld van drome beheers? vra hy.

Magsmisbruiken moet aangetoon en afgewys word. 'n Reformatoriese lees van die teks sal dit in ag neem, maar ook steeds luister na die essensiële aspekte wat deur die teks self na vore gebring word. Die teks self bevraagteken ook die vooronderstellinge van die postkoloniale lees. Dit beteken dat daar theologiese besware is teen die wyse waarop met die teks van die Bybel in die postkoloniale teologie omgegaan word. Die vrae wat aan die orde gestel word, bly egter van groot belang.

## 5. TEOLOGIE VAN POST- EN DEKOLONISASIE

Postkoloniale teologie toon aan dat vorme van oorheersing en mag wat in die teologie voorkom, afgewys moet word. Diskriminasie teen vroue, die LGBT-gemeenskap en inheemse groepe word as magsvergrype aangetoon. Rassisme, seksisme en uitbuiting en ongeregtigheid moet afgewys word. Die teologie se hooftaak is om die magsmisbruiken te oorkom. Die punt wat

beklemtoon word, is dat Eurosentrisme bevraagteken word. Lloyd (2016:246) toon aan hoedat Mbembe die Christelike boodskap huis wil verstaan as middel tot verset teen die Westerse oorheersing. Die simboliese moet huis in die verstaan van die denke oorkom word. Ware menslikheid is in hierdie verband essensieel. Godsdienst kan 'n funksie vervul om die sisteme van onderdrukking latent in Eurosentrisme te onthoop.

Segovia (2008:497), met verwysing na Jeremy Punt (2003), wys daarop dat godsdienste met hulle tekste wel meer aandag in postkoloniale denke moet kry, maar dan nie om bloot as voorbeeld van onderdrukking gebruik te word nie, maar om wel die kompleksiteite van bestaan aan te toon.

Maluleke (2015:157) waarsku veral teen 'n kerk wat in die magsgreep van die staat kom en nie in die postkoloniale tyd vry daarvan kan wees nie.

Sugirtharajah (1995:109) toon aan dat die kritiese hermeneutiese vraag vir byvoorbeeld Asiërs nie is hoe die historiese Jesus daar uitsien nie, maar wel wat Hy vir vandag beteken. Die uiterste betekenis van Jesus is te vind in sy voortdurende inkarnasie in 'n lewende gemeenskap. Daarom lê die spanning nie tussen Jesus en die ander godsdienstige leiers nie – soos in die sendingtyd aangetoon nie – maar huis tussen die godsdienstige leiers en valse oortuiginge van veral materialisme, en strukturele en ander onregte. Sugirtharajah (1993:64) wil huis kontekstuele ondersoek beklemtoon wat volgens hom nie wetenskaplike onderzoek misken nie.

Vanuit die post- en dekoloniale teologie word spesifiek sendelinge heftig gekritiseer. Hedges (2008:124-125) toon egter aan dat verskeie aspekte in ag geneem moet word. Hulle moet ook as kinders van hulle tyd beoordeel word. Dit is nie moontlik om hulle vanuit die perspektief van huidige filosofiese en theologiese uitgangspunte te beoordeel nie. Daar is ook deur sommige sendelinge gepoog om na 'n inklusiewe wêreldebekouing te beweeg. Daar is ook besef dat die verskille tussen die begrip van die wêrelde verstaan moet word en dat die gevare bestaan om negatief teenoor die eie erven te staan; ook dat sendelinge uiters baie gedoen het vir die begrip van ander gelowe.

Postkoloniale teologie gaan dus verder as om bloot Eurosentrisme af te wys. Die belydenis dat Jesus die **enigste** Verlosser is, word soms ook as koloniaal afgewys (Mbembe 1991:32). Mbembe (1991:34) wys ook op die samehang van monoteïsme met politieke beheer. Hierdie politieke beheer moet eweneens in postkoloniale teologie afgewys word. Verskille tussen godsdienste moet hiervolgens opgelos word deur gemeenskaplike grond te vind in diestryd teen onderdrukking, uitbuiting en diskriminasie. Postkoloniale teologie beteken dat die globale huis te vind is in die meervoudigheid van religieuze oortuiginge.

Daar kan geen twyfel bestaan dat die sending in reformatoriese verband op die voorpunt moet wees om diskriminasie, uitbuiting en miskenning teen te gaan nie. Oorheersing vanuit Eurosentristsiese denkvorme moet dus bevraagteken word. Afrikanisering word dus as uiters belangrik beskou. Die sending as totale en holistiese benadering van die mens in sy en haar bestaan vanuit die perspektief van die evangelie; die goeie nuus van God raak alle vorme van humaniteit en herstel. Die sending wil heelmaak en voltooi. Geregtigheid aan almal is essensieel. Sending moet ook in gebrokenheid beoefen word en nooit uit die perspektief van magsheerskappy nie. Die missio Dei lewer perspektiewe wat van groot belang is. Die mens self is nooit die primêre subjek van die sending nie. God stuur sy Seun en sy Seun stuur die kerk deur die Heilige Gees om totale vernuwing te bring. Die sending is dus uit God. Hy maak dit moontlik. Die hele kerk moet ook in daardie oopsig in diens van God staan. Die kerk bestaan nie op sigself nie. Die kerk is in diens van die sturende God. In daardie oopsig word aangesluit by die post- en dekoloniale voorstelle. Magsoorheersing is inderdaad nie te rym met die

boodskap van die sending nie. Postkoloniale teologie is egter self geneig om te faal in die soeke na 'n teologie van respek vir God en vryheid vir die mens. Magsmisbruik kom weer eens voor deurdat daar min ruimte vir verskil van mening toegelaat word. Die eensydige hantering van die geskiedenis wil nie diepgaande debat bevorder nie. Die volle betekenis van verskeie theologiese interpretasies word misken en die vryheid van denke ingeperk. Daar word teen homogeniteit gewaarsku maar daar word self daarin verval.

In die sending gaan dit om meer. Die sending moet radikaal getrou wees aan die belydenis dat Jesus waarlik EEN met God is en daarom die **enigste** Verlosser is.

Dit is ook nie slegs die Johannes-evangelie wat dit bely nie, maar daar is verskeie teoloë wat onlangs bevestig het dat Jesus binne die verband van Joodse monoteïsme, onder andere juis deur Paulus, as EEN met God beskou word (Kyk Hurtado 2003; Van de Beek 1998; NT Wright 2013). Soms sal die sendingteologie teen die groeiende algemene beskouing moet ingaan om te bely dat Jesus die Here is, die Middelaar tussen God en mens.

Rieger (2015:s.p.) dui aan dat die klassieke teistiese begrip van God anders ontleed word. Rieger is egter van mening dat daar wel kritiek op "Empire" moontlik is vanuit die belydenis van die Goddelikheid van Jesus. 'n Gebroke kerk wat in diens van die enigste Here staan sal ook kan getuig teen die misbruiken van die Ryke van die wêreld omdat die kerk inderdaad aantoon dat mag buite die heerskappy van die Here nooit absoluut is nie. Hierdie getuienis geskied deur profetiese prediking en gebroke weerstand. Ware medemenslikheid, diens, heling en versorging kom juis na vore in die belydenis dat Jesus die Here is. Juis so kan gemeenskappe ook vernuwe word sonder om geregtigheid eensydig te hanteer.

## 6. SLOT

Postkoloniale en dekoloniale teologie stel belangrike vrae aan die sending van die verlede en hede. 'n Reformatoriese benadering sal egter waak teen die inherente magsmisbruik wat juis daarin voorkom en die ontkenning van die belydenis dat Jesus die enigste Here is. Hierdie beskouing sal inderdaad beteken dat die heil in Jesus Christus die gemeenskap kan vernuwe met uitsig op die ewigheid.

## BIBLIOGRAFIE

- Antonio, E.P. 2006. Introduction: Inculcation and postcolonial discourse. In Antonio, E.P. (red.). *Inculcation and Postcolonial discourse in African theology*. New York: Peter Lang, pp. 1-29.
- Ashcroft, B, Griffiths, G & Tiffin, H. 2000. *Post-colonial studies: the key concepts* (2de uitg.). Londen: Routledge.
- Bovon, F. 2006. *Luke the theologian*. (2de hers. uitg.). Waco, TX: Baylor University Press.
- Dawkins, R. 2006. *The God delusion*. Londen: Black Swan.
- Dirlik, A. 2005. The postcolonial aura: Third World criticism in the age of global capitalism. In Desai, G. & Nair, S. (eds). *Postcolonialisms: An anthology of cultural theory and criticism*. Oxford: Berg, pp. 561-588.
- Duggan, J. 2013. Epistemological dissonance: Decolonizing the postcolonial theological 'canon'. *Concilium* (00105236), 2:13.
- Greffrath, W. 2016. Radikale postkolonialisme en die Suid-Afrikaanse universiteitswese/Radical post-colonialism and universities in South Africa. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-1):928-945 Desember. doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n4-1a4.
- Grossfoguel, R. 2011. Decolonizing post-colonial studies and paradigms of political economy: Transmodernity, decolonial thinking, and global coloniality. *Journal of Peripheral Cultural Production of the Luso-Hispanic World*, 1(1):37.

- Hedges, P.M. 2008. Post-colonialism, Orientalism, and understanding: Religious studies and the Christian missionary imperative. *The Journal of Religious History*, 32(1):55-75. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [18 Augustus 2017].
- Heleta, S. 2016. Decolonisation of higher education: Dismantling epistemic violence and Eurocentrism in South Africa. *Transformation in Higher Education*, 1(1). a9. <http://dx.doi.org/10.4102/the.v1i1.9>.
- Hochschild, A. Leopold II: King of Belgium. <https://www.britannica.com/biography/Leopold-II-king-of-Belgium>. [1 November 2017].
- Hurtado, L.W. 2003. *Lord Jesus Christ: Devotion to Jesus in earliest Christianity*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Kaunda, C.J. & Hewitt, R.R. 2015. Toward epistemic decolonial turn in missio-formation in African Christianity. *International Review of Mission*, 104:378-392. doi:10.1111/irom.12110
- Kaunda, C.J. 2015. The denial of African agency: A decolonial theological turn. *Black Theology*, 13(1):73-92.
- Khapoya, V.B. 1994. *The African experience: An introduction*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.
- Lloyd, V.W. 2016. Achille Mbembe as black theologian. *Modern Believing*, 57(3):241-251. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [20 September 2017].
- Maluleke, T.S. 2015. A postcolonial South African Church: Problems and promises. In Stinton, D.B. 2015. *African theology on the way: Current conversations*. Minneapolis, MN: Fortress, pp 150-160.
- Martey, E. 1993. *African theology: Inculturation and liberation*. Maryknoll, NY: Orbis Books.
- Martin, D. 2014. *Religion and power: No logos without mythos*. Farnham, Surrey: Ashgate.
- Mbembe, A.J. 1991. The issue of paganism in the post-colonial era: African perspectives. In Van Nieuwenhove, J. & Goldewijk, B.K. *Popular religion, liberation and contextual theology: Papers from a congress January 3-7, 1990, Nijmegen, The Netherlands, dedicated to Arnulf Camps OFM*. Kampen: Kok, pp 15-51.
- Mbembe, A.J. 2016. Decolonizing the university: New directions. *Arts & Humanities in Higher Education*, 15(1):29-45. doi: 10.1177/1474022215618513 [ahh.sagepub.com](http://ahh.sagepub.com).
- McEwan, C. 2009. *Postcolonialism and development*. Londen: Routledge.
- Mugambi, J.N.K. 1992. *African Christian theology: An introduction*. Nairobi: East African Educational Publishers.
- Naidoo, M. 2016. Overcoming alienation in Africanising theological education. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 72(1):Art. #3062, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i1.3062>.
- Nolland, J. 2005. The role of money and possessions in the parable of the prodigal son (Luke 15:11-32): A test case. In Bartholomew, C.G., Green, J.B., & Thiselton, A.C. (eds). *Reading Luke: Interpretation, reflection, formation*. Grand Rapids, MI: Zondervan, pp. 178-209.
- Oduyoye, M.A. 2009. *Hearing and knowing: theological reflections on Christianity in Africa*. Eugene, OR: Wipf & Stock.
- Pears, A. 2010. *Doing contextual theology*. Londen: Routledge.
- Punt, J. 2003. Postcolonial biblical criticism in South Africa: some mind and road mapping. *Neotestamentica* 37(1):58-84, ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [29 Januarie 2018.]
- Quijano, A. 2007. Coloniality and modernity/rationality. *Cultural Studies*, 21(2&3):168-178.
- Quijano, A. 2000. Coloniality of power, Eurocentrism, and Latin America. *Nepantla: Views from South*, 1(3):533-580.
- Rieger, J. 2004. Theology and mission between neocolonialism and postcolonialism. *Mission Studies*, 21(2):201-227.
- Rieger, J. 2015. Christianity and empire. *Southern Religion Compass*, 9:254-261. doi 10.1111/rec3.12158.
- Segovia, F.F. 2008. Postcolonial biblical criticism: Taking stock and looking ahead. *Journal for the Study of the New Testament*, 30(4):489-502. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [20 September 2017].
- Setiloane, G.M. 1986. *African theology: An introduction*. Johannesburg: Skotaville.
- Sugirtharajah, R.S. 1993. The Bible and its Asian readers. *Biblical Interpretation*, 1(1):54-66, ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [18 Augustus 2017].
- Sugirtharajah, R.S. 1994. Introduction, and some thoughts on Asian Biblical hermeneutics. *Biblical Interpretation*, 2(3):251-263. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [18 Augustus 2017].

- Sugirtharajah, R.S. 1995. Jesus in saffron robes?: the ‘other’ Jesus whom recent biographers forgot. *Studies in World Christianity*, 1(2):103-110. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [18 Augustus 2017].
- Sugirtharajah, R.S. 1996. Textual cleansing: A move from the colonial to the postcolonial version. *Semeia*, 76:7-19. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [18 Augustus 2017].
- Sugirtharajah, R.S. 1999. Postcolonialism and Indian Christian theology. *Studies in World Christianity*, 5(2):229-240. ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [18 Augustus 2017].
- Travis, S. 2014. *Decolonizing preaching: The pulpit as postcolonial space*. Eugene, OR: Cascade.
- Vellem, V.S. 2014. The task of urban Black public theology. *Hervormde Teologiese Studies*, 70(3):1-6, ATLA Religion Database with ATLASerials, EBSCOhost. [5 Junie 2017].
- Van de Beek, A. 1998. *Jezus Kurios: De Christologie als hart van de theologie*. Kampen: Kok. (Spreken over God 1.1).
- Van der Walt, B.J. 2003. *Understanding and rebuilding Africa: From desperation today to expectation for tomorrow*. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.
- Van Wolde, E.J. 1989. *A semiotic analysis of Genesis 2-3: A semiotic theory and method of analysis applied to the theory of the Garden of Eden*. Assen: Van Gorcum.
- West, G.O. 2008. Doing postcolonial biblical interpretation @home: ten years of (South) African ambivalence. *Neotestamentica*, 42(1):147-164.
- Wiredu, K. 2006. Towards decolonizing African philosophy and religion. In Antonio, E.P. (red.). *Inculuration and postcolonial discourse in African theology*. New York: Peter Lang, pp. 291-331.
- Wright, N.T. 2013. *Paul and the faithfulness of God: Christian origins and the question of God. (Parts I, II, III and IV)*. Londen: SPCK.
- Zille, H. For those claiming legacy of colonialism was ONLY negative, think of our independent judiciary, transport infrastructure, piped water etc. <https://twitter.com/helenzille/status/842260539644497921?lang=en>

# “n Tyd van oorvloed;’n tyd van skaarste”: Utopiese en distopiese impulse in Lien Botha se *Wonderboom*

*“A time of plenty; a time of want”: Utopian and dystopian elements in Lien Botha’s Wonderboom*

**THYS HUMAN**

Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale,  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
E-pos: Thys.Human@nwu.ac.za



Thys Human

**THYS HUMAN** is sedert Januarie 2016 voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands in die Skool vir Tale, aan die Noordwes-Universiteit (NWU), waar hy vanaf 2013 letterkunde doseer. Hy was voorheen verbonde aan die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Johannesburg (UJ). Thys is die redakteur van *Stilet* (die amptelike lyfblad van die Afrikaanse Letterkundevereniging) en lid van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is die skrywer van (i) profiele oor André P. Brink, Rachelle Greeff, Welma Odendaal en Eben Venter in die driebelige *Perspektief & Profiel* (2015/2016), van (ii) artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte en van (iii) resensies in dagblaaie soos *Beeld*, *Rapport*, *Die Burger* en vaktydskrifte soos *Tydskrif vir Letterkunde* en *Literator*. Hy dien op die keurpanele vir die WA Hofmeyr-prys, die ATKV-Veertjies en die nuut ingestelde kykNET-*Rapport*-Boekpryse.

**THYS HUMAN** has been chair of the Department of Afrikaans and Dutch in the School for Languages at the North West University since January 2016, where he lectures prose and drama. He was previously employed in the Department of Afrikaans at the University of Johannesburg (UJ). Thys is the editor of *Stilet* (the official journal of the Afrikaans Literature Society) and member of the Literature Commission of the South African Academy of Science and Art. He is the author of (i) profiles of André P. Brink, Rachelle Greeff, Welma Odendaal and Eben Venter in the three-part *Perspektief & Profiel* (2015/2016); (ii) articles in accredited journals and (iii) reviews in newspapers such as *Beeld*, *Rapport*, *Die Burger* and journals such as *Tydskrif vir Letterkunde* and *Literator*. He serves on the selection panels for the WA Hofmeyr Prize, the ATKV-Veertjies and the newly established kykNET-*Rapport* Book Prizes.

## ABSTRACT

### *“A time of plenty; a time of want”: Utopian and dystopian elements in Lien Botha’s Wonderboom*

In her debut novel, *Wonderboom* (2015), Lien Botha embraces established novelistic traditions such as the travel narrative and literary dystopia, but at the same time she succeeds in working within these genre boundaries in an innovative and expanding manner. Unlike many dystopian novels that have appeared in Afrikaans over the last three decades or so, *Wonderboom* is not dominated by a pessimistic or fatalistic attitude. The novel rather articulates the optimistic belief that things can be different from the bleak outlook portrayed at narrative level, despite the process of undoing that is present at the structural and content levels.

As Jaco Botha’s *Miskruier* (2005) and Deon Meyer’s *Koors* (2016), *Wonderboom* can be classified as a “critical dystopia” rather than a “classical dystopia” in that it contains at least one utopian enclave, as well as the hope that the described dystopia can be replaced by a utopia. Mohr (2005:10) calls these texts transgressive utopian dystopias, since they incorporate certain utopian elements into the chiefly dystopian narrative, often questioning, undermining and transcending the binary logic of the classical dystopia.

Although Botha’s novel can be seen as an example of such a transgressive utopian dystopia, it does not function in exactly the same way and does not use similar textual strategies than other critical dystopias. This article examines the manner in which Botha’s novel opens up a conversation with other classical and critical dystopias, as well as the novel’s unique undermining and transgression of boundaries. The way in which the novel confirms the conventions of the classical dystopia, but also challenges them with utopian perspectives, is subjected to scrutiny.

Like most literary dystopias, *Wonderboom* takes place in a social “somewhere else” that, to all outward appearances, looks much worse than the current society and which is the consequence of some or other post-apocalyptic event. Although the precise causes of the apocalypse are not clear, the socio-economic and political issues that South Africa are currently facing – poverty, crime and violence – are intensified in the novel. In the Western Cape, inhabitants like the main character Magriet Vos, are subjected to the dictatorship of Albino X, who strictly regulates and controls their thinking, behaviour and movement. Although Magriet and Joe Bloom initially enjoy Albino X’s favour as artists, they are well aware of the fact that their fate can change in a split second and that they will then be killed.

According to Gerhard (2012:17), resistance to control of the masses in dystopian texts often takes the form of a main character who makes every possible effort to call up, conserve and recount memories of the past. Throughout the novel, Magriet, for instance, keeps a diary of her personal memories and a record of the names of former friends, family members and acquaintances who can be of help on her expedition to the north. Baran (2013:27) points out that these memories can pose a possible threat to a dystopian regime, since they enable inhabitants to compare and to come to the conclusion that things can be different and better. However, Magriet’s personal memories reveal that a nostalgic longing for the past is not necessarily “healthy” or advantageous. For one, it is impossible to unconditionally classify a previous time or regime as “better” within the South African context. When readers become aware of the fact that memory loss is slowly setting in with Magriet and that she is systematically forgetting everything, the implication of this realization (especially for Magriet) is not singularly negative.

Hunt (1987:114-138) claims that ecological decay and environmental destruction are often portrayed with reference to the symbolic destruction of the paradisiac garden. Like in many other dystopian presentations of the future, this paradise-like garden had already been

*destroyed at the start of Wonderboom: animals are rare or completely absent, while even plants are unusual. At a textual level the absence of the natural world is underlined by chapter titles such as “Trees are wanting”, “Ghost Tree” and “Dismal, the dead tree”, and by the fact that the letters of the word Paradise on the cardboard box in the image sequence at the start of each chapter disappears bit by bit. The only way in which Magriet still has “unlimited access” to the paradise-like garden, is by way of recollection and imagination, which is fundamentally threatened by her gradual memory loss.*

*At the end of the novel it may seem to some readers as if Magriet’s journey was unsuccessful, or at least incomplete. In my view, the end of the novel is anything but overwhelmingly negative. It is rather deliberately open and ambiguous – as is the case with most critical dystopias. Not only did Magriet ultimately succeed in escaping Albino X’s control, but her amnesia to a large extent also frees her from the burden of memories and guilt that she as privileged South African and member of the Vos family carries throughout the novel. It makes a complete immersion into her desperate position impossible and serves as an important warning that the desire to return to her origins and her family was potentially misleading and even dangerously nostalgic. “[T]he Great Forgetting” therefore also offers Magriet a measure of grace and even facilitates a kind of rebirth, without the baggage of the past.*

*Unlike Magriet, the reader of the novel is ultimately comforted by (the presentation) of the Wonderboom’s leaf tapis and is left with the impression that an entire forest of “word trees” have been planted by the author in the unfolding landscape of the text. In this way, the paradisiac garden is won back while reading, even if it is only figuratively.*

**KEY WORDS:** Post-apocalyptic fiction, utopia, dystopia, dystopian literature, radical pessimism, hope, transgressive utopian dystopia, classical dystopia, critical dystopia, *Wonderboom*, Lien Botha, expedition, memory control, amnesia, resistance, imagination, rebirth, ecological decay

**TREFWOORDE:** Postapokaliptiese fiksie, utopie, distopie, distopiese letterkunde, radikale pessimisme, hoop, grensoorskrydende utopiese distopie, klassieke distopie, kritiese distopie, *Wonderboom*, Lien Botha, ekspedisie, gedagtebeheer, amnesie, verset, verbeelding, hergeboorte, ekologiese verval

## OPSOMMING

*Wonderboom* (2015), Lien Botha se debuutroman, speel soos Eben Venter se *Horrelpoot* (2006) en Deon Meyer se *Koors* (2016), in ’n postapokaliptiese Suid-Afrika af, met die gevolg dat dit teen die agtergrond van distopiese toekomsliteratuur in Afrikaans gelees kan word, maar dan as welkome vroulike bydrae tot ’n genre wat die afgelope paar jaar deur manskrywers gedomineer is. Barendse (2013:76) wys daarop dat hoewel hedendaagse internasionale distopiese literatuur ’n sterk feministiese inslag vertoon, die toekomsromans wat sedert die 1990’s in Afrikaans verskyn het, almal geskryf is “deur wit Afrikaanse manlike skrywers” en almal “wit manlike hoofkarakters” bevat. Met *Wonderboom* sluit Botha by tekste aan wat eerder onder die noemer “kritiese distopie” as “klassieke distopie” tuisgebring kan word. Volgens Mohr (2005:10) behoort hierdie tekste tot die eiesoortige genre wat sy “grensoorskrydende utopiese distopie” noem, aangesien dit bepaalde utopiese elemente by die oorwegend distopiese vertelling inkorporeer en die binêre logika van die klassieke distopie bevraagteken, ondermyn en oorstyg. In hierdie artikel word daar, in die lig van bogenoemde,

ondersoek ingestel na die wyses waarop *Wonderboom* die konvensies van die sogenaamde klassieke distopie bevestig, maar terselfdertyd ook aan die hand van utopiese perspektiewe uitdaag en op grensoorskrydende wyse ondermy.

## 1. INLEIDING

Kunstenaar-fotograaf Lien Botha se debuutroman, *Wonderboom* (2015), is in 2017 met die Eugène Marais-prys deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon. Hoewel Botha met dié roman by gevestigde romantradisies soos die reisverhaal en literêre distopie aansluit, daag sy terselfdertyd ook op eiesoortige wyse bestaande genregrense uit.

In talle resensies oor *Wonderboom* word melding gemaak van die uitsiglose omstandighede waarin die hoofkarakter, Magriet Vos, haar in die hede van die roman bevind. Snyman (2015) wys in hierdie verband daarop dat Magriet leef “in ’n land wat besig is om te verval”, terwyl hy die ontplooiing van die roman lees as “’n proses van ontbinding – by die mens en by die land, dalk selfs ook wat die roman as medium betref”. Greeff (2015:11) klassifiseer die roman pertinent as ’n “distopiese vertelling”, terwyl Koen (2015) tematiese ooreenkomste met ander distopiese toekomsromans soos “Karel Schoeman se *Afskeid en vertrek* (1990), Jaco Botha se *Miskruier* (2005), Koos Kombuis se *Raka – die Roman* (2005) en Eben Venter se *Horrelpoot* (2006)” aantoon.

Ten spyte hiervan is die algehele indruk wat die roman by genoemde resensente laat, nie ’n gevoel van uitsigloosheid of pessimisme nie. Greeff (2015) verwelkom byvoorbeeld die “flits van ’n glimlag in Magriet se wêreld vol gal”, terwyl Snyman (2015) veral waardering het vir die aardsheid en poëtiese sjarme van die vertelling. Burger (2015) vind die boek ’n “boeiende leeservaring wat ontstellend is weens die reliëf wat aan ons eietydse ervarings gegee word”, maar erken terselfdertyd dat dit ook baie snaaks is – “byna op ’n soort Ingrid Winterbach-manier”. Ondanks die pessimisme waarvan daar in die teks sprake is, is daar dus ook duidelike flitse van optimisme en hoop in *Wonderboom* te bespeur.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die wyses waarop *Wonderboom* die konvensies van die sogenaamde klassieke distopie bevestig, maar terselfdertyd ook aan die hand van utopiese perspektiewe (kenmerkend van die sogenaamde kritiese distopie) uitdaag en ondermy. In hierdie oopsig is dit veral die afwisseling van optimisme en pessimisme wat voorkeuraandag geniet. Voorts word die gesprek wat die teks met ander postmillenniale utopiese en distopiese tekste voer, onder die soeklig geplaas.

## 2. TUSSEN OPTIMISME EN PESSIMISME

Volgens Slaughter (1998:993) kan die meeste literêre uitbeeldings van toekomstige gebeure in een van twee groepe verdeel word, naamlik dié wat ’n optimistiese, meestal tegnofiele, inslag verraai; en dié waarin ’n uitsiglose toekoms uitgebeeld word waarin die droom van ekonomiese vooruitgang en progressie ingehaal en vervang word deur elemente van wanhoop, geweld en vertwyfeling. Eersgenoemde word meestal as *utopies*<sup>1</sup> geklassifiseer, terwyl daar

---

<sup>1</sup> Die term *utopie* is deur die Engelse humanis, Thomas More, gemunt en as titel gebruik vir sy werk *Utopia* (1516) – ’n kort Latynse boek waarin die verhaal vertel word van seereisigers wat ’n onbekende eiland ontdek waarop daar ’n ideale sosiopolitiese stelsel heers. Die woord utopie is ’n samestelling van die Griekse stamme *ou* *topos* (wat “geen plek” beteken) en *eutopos* (wat “goeie/gelukkige plek” beteken). Na aanleiding van hierdie etimologiese dubbelsinnigheid merk

na laasgenoemde as *distopies*<sup>2</sup> verwys word.

Kyk 'n mens egter na meer onlangse beskouings ten opsigte van toekoms- of spekulatiewe fiksie, wil dit voorkom asof dié tradisionele digotomiedenke (waarin óf optimisme óf pessimisme voorrang geniet) toenemend ten gunste van fyner nuansering gerelativeer word.

Aan die een kant is daar skrywers soos Charlton (2017) en Lepore (2017) wat die groeiende gewildheid van distopiese fiksie wêreldwyd, maar spesifiek in Amerika (na Donald Trump se inhuldiging as president), aan 'n gevoel van radikale pessimisme toeskryf. In haar *New York Times*-artikel getiteld "A golden age for dystopian fiction: What to make of our new literature of radical pessimism" beweer Lepore (2017) dat eietydse distopiese fiksie van alle elemente van optimisme en hoop gestroop is. Wanneer sy na nuwe Amerikaanse romans in dié genre verwys, maak sy die volgende opmerking:

This spring's blighted crop of dystopian novels is pessimistic about technology, about the economy, about politics, and about the planet, making it a more abundant harvest of unhappiness than most other heydays of downheartedness. (Lepore 2017:12)

Maar dit is veral in haar slotparagraaf wat sy dié gevoel van futiliteit en uitsigloosheid ondubbelsoeklik beklemtoon:

Dystopia used to be a fiction of resistance; it's become a fiction of submission, the fiction of an untrusting, lonely, sullen twenty-first century, the fiction of fake news and info-wars, the fiction of helplessness and hopelessness. It cannot imagine a better future, and it doesn't ask anyone to bother to make one. It nurses grievances and indulges resentments; it doesn't call for courage; it finds that cowardice suffices. Its only admonition is: Despair more. (Lepore 2017:12)

Teenoor dié navorsers wat distopiese fiksie met 'n oorwegend pessimistiese wêrld- en toekomsbeskouing in verband bring, is daar egter ook navorsers wat kies om eerder te fokus op die optimistiese elemente daarin. Alter (2017:C13) verskil byvoorbeeld van Lepore wanneer sy in 'n artikel in *The New Yorker* aantoon dat daar ook eietydse Amerikaanse toekomsromans is wat "a sliver of utopia" bevat, soos Stanley Robinson se *New York 2140* en Cory Doctorow se *Walkaway*, waarin 'n idealistiese man op donker-komiese wyse na sin en betekenis soek in 'n land geteister deur ekstreme weersomstandighede, ekonomiese ongelykheid en die ineenstorting van die burgerlike samelewing.

In 'n proefschrift getiteld "Notes toward a metamodernist aesthetic with reference to post-millennial literary works" bring Van der Merwe (2017) hierdie omhelsing van naïeve entoesiasme ten spyte van postmodernistiese sinisme in verband met 'n ontluikende gevoelstruktuur wat Vermeulen en Van den Akker (2010) "metamodernisme"<sup>3</sup> noem.

---

Caffrey (2016) die volgende op: "More was being ironic – by naming his ideal society Utopia, he meant that no place is a wholly good place. However, despite this jest, utopia came to represent striving for a greater good, and people began using the utopic model in both real and imaginary ways."

<sup>2</sup> *Distopie*, utopiese twintigste eeuse dubbelganger, is die eerste keer in 1747 deur Henry Lewis Younge in *Utopia: or, Apollo's Golden Days* gebruik om na 'n "slegte of siek plek" te verwys (Sargent 2010:27). Vieira (2010:16) beskryf 'n distopie as 'n nagmerrie-agtige verbeeldde samelewing.

<sup>3</sup> Visagie (2016:9) beskryf metamodernisme as 'n "ontwikkeling binne die moderniteit wat te midde van voorlopige begripsonsekerheid soms (ook) benoem word as laatpostmodernisme of selfs postpostmodernisme".

Van der Merwe (2017:100) merk op dat 'n belangrike aanduiding van metamodernistiese optimisme 'n herverskyning van die idee (en ideaal) van die "utopie" is, maar haas haar om – in navolging van Vermeulen en Van den Akker (2010:1-14; 2015:55-67) – by te voeg dat hierdie terugkeer tot die utopie en utopiese begeertes nie as 'n tipe ontsnappingsmeganisme beskou behoort te word nie. Die optimisme van die metamodernisme is allerminds 'n blinde geloof in die een of ander algehele utopie êrens in die toekoms, of 'n geloof in 'n historiese en teleologiese ontwikkeling; of een of ander grootskaalse transendentale mesternarratief. Dit is veel eerder 'n aansporing tot 'n beweging in die rigting van 'n (voortdurend uitgestelde) doelwit:

Metamodernism moves for the sake of moving, attempts in spite of its inevitable failure; it seeks forever a truth that it never expects to find. (Vermeulen & Van den Akker 2010:5)

### **3. KLASIEKE EN KRITIESE DISTOPIËË**

Volgens Cranny-Francis (1990) verwys distopiese fiksie na die tekstuele uitbeelding van 'n toekomstige samelewingsgelyke merk deur slegter omstandighede as waarvan daar in die huidige samelewings sprake is. Die verskil tussen 'n klassieke en kritiese distopie is daarin geleë dat laasgenoemde die beskrywing van 'n niebestaande samelewings is wat deur die eietydse leser as veel slegter as die werklike huidige samelewings beskou word, maar wat ten minste een utopiese enklawe het, of die hoop bevat dat die distopie met 'n utopie vervang kan word. Lefanu (1989:75) is van mening dat daar in kritiese distopieë dikwels 'n gaping ontstaan tussen 'n vertelde distopiese hede en 'n geantisiperde of moontlike utopiese toekoms. Sy beskryf dit as 'n "hidden utopian streak" (Lefanu 1989:75), terwyl Baccolini (2003:13) daarna as 'n "utopiese kern" of "'n lokus van hoop" verwys.

In 'n artikel getiteld "Transgressive Utopian Dystopias" identifiseer Mohr (2005:10) hierdie tekste as "grensoorskrydende utopiese distopieë", aangesien hulle (i) eerstens bepaalde utopiese elemente by die oorwegend distopiese vertelling inkorporeer en (ii) tweedens die bestaande binêre logika van die klassieke distopie bevraagteken, ondermy en oorstyg. Grensoorskryding durf egter, volgens Mohr (2005:11), nie beskou te word as 'n oplossing van binariteit nie, maar eerder as 'n doelbewuste uitdaging van opvattingen rakende ondubbel-sinnigheid en outentisiteit:

Transgression is a phenomenon of overlaps, of slippage, of the interdependence of relational concepts taken out of and diluting the hierarchizing binary order and the limiting principle of dualistic choice. (Mohr 2005:11)

### **4. POSTMILLENNIALE DISTOPIËË IN AFRIKAANS**

Met die eerste oogopslag wil dit lyk asof daar eerder sprake van 'n pessimistiese as 'n optimistiese ingesteldheid in postmillenniale tekste in Afrikaans is. In dié oopsig maak Van der Merwe byvoorbeeld melding van 'n komplekse spanning tussen "the perceived bleakness of the present – informed by the traumas of the past – and the 'impossible possibility' of an alternative future" (2017:101), terwyl Barendse (2013:233) en Visagie (2009:54) 'n rede vir dié pessimistiese ingesteldheid soek in die feit dat utopiese denke sedert die einde van apartheid – wat as voorbeeld van 'n modernistiese projek beskou kan word – in die politieke en kulturele lewe van Afrikaners met agterdog bejeën is. Hierbenewens is die utopiese droom van 'n vreesame en voorspoedige postapartheid Suid-Afrika vir tale Suid-Afrikaners ontluister wat tot 'n distopiese ingesteldheid by eietydse Suid-Afrikaanse skrywers aanleiding gegee het.

In haar proefskrif getiteld “Distopiese toekomsromans in die Afrikaanse literatuur ná 1990” wys Barendse (2013:76, 352) daarop dat hoewel hedendaagse internasionale distopiese literatuur ’n sterk feministiese inslag vertoon, die distopiese Afrikaanse toekomsromans wat tussen 1990 en 2013 (die inhoudingsdatum van haar proefskrif) verskyn het, almal geskryf is “deur wit Afrikaanse manlike skrywers” soos P.J. Haasbroek, Koos Kombuis, Jaco Botha, Eben Venter en Louis Krüger, en almal “wit manlike hoofkarakters” bevat (Barendse 2013:76). Die feit dat distopiese voorstellings spesifiek vanuit dié groep kom en oor hulle handel, word deur Barendse in verband gebring met die Afrikaneman se gewaande verlies aan mag en invloed binne postapartheid Suid-Afrika. Sy formuleer dit soos volg:

Die romans [...] kan dus beskou word as ’n uitdrukking van die misnoë van ’n spesifieke ‘verontregte’ groep binne ’n postkoloniale Suid-Afrika. Die romans handel dus nie net oor die toestand van die Nuwe Suid-Afrika van die toekoms nie, maar ook oor wit manlike Afrikaanssprekendes se ervaring daarvan en hulle plek in die samelewing. (Barendse 2013:76-77)

Teen dié agtergrond klassifiseer Barendse verreweg die meeste van bogenoemde romans as klassieke distopieë, aangesien daar weinig of geen hoop bestaan dat die distopiese elemente daarin met utopiese elemente vervang kan word nie. Hoop bestaan slegs buite die romans in dié sin dat sommige lesers kan verkies om dit as waarskuwings teen skrikwekkende toekomstige scenario’s te lees (Barendse 2013:353-354). Slegs een van die ondersoekte romans, naamlik Jaco Botha se *Miskruier* (2005), word deur Barendse as kritiese distopie beskou omrede die protagonis, Braam Fourie, se verset teen die status quo uiteindelik die optimistiese geloof verwoord dat dinge anders kan wees as die uitsiglose situasie waarvan daar op verhaalvlak sprake is. Hierdie utopiese optimisme kan ook in Lien Botha se *Wonderboom* en Deon Meyer se *Koors* (2016), twee distopiese romans wat ná Barendse se proefskrif verskyn het, aangetoon word.

Soos *Koors* speel *Wonderboom* in ’n postapokaliptiese Suid-Afrika af, met die gevolg dat dit – soos Koen tereg opmerk<sup>4</sup> – teen die agtergrond van distopiese toekomsliteratuur in Afrikaans gelees kan word, maar dan as interessante en welkomme vroulike bydrae tot ’n genre wat die afgeloop paar jaar deur manskrywers en manskarakters oorheers is.<sup>5</sup>

Meer nog as *Miskruier* en *Koors* kan *Wonderboom* as ’n voorbeeld van ’n grensoorskrydende utopiese distopie beskou word. Dit beteken egter nie dat dit op presies dieselfde wyse funksioneer óf van soortgelyke teksstrategieë as ander vroulike distopieë gebruik maak nie. Die oogmerk met hierdie artikel is juis om vas te stel tot watter mate Botha se roman met ander vroulike distopieë ooreenkoms én van hulle verskil, asook die unieke ondermynende en grensoorskrydende kenmerke wat ten opsigte van die roman aangetoon kan word.

<sup>4</sup> In sy artikel “Verlies en verval: Lien Botha se *Wonderboom* as distopiese roman” (2017:100-114) span Koen sy net wyd deur ondersoek in te stel na (i) die temas van verlies en verval “binne die distopiese milieu wat in die teks aan bod kom”; (ii) die fisieke, emosionele en geheueverlies van die hoofkarakter, Magriet Vos; (iii) die intertekstuele verbande wat met ander romans aangetoon kan word; en (iv) die simboliese belang en betekenis van bombe in die teks.

<sup>5</sup> Barendse (2013:77) wys daarop dat hoewel vroeëre Suid-Afrikaanse toekomsromans soos Gordimer se *July's People* (1981) en *A sport of nature* (1987), maar ook Beukes se postmillenniale romans *Moxyland* (2008) en *Zoo City* (2010), sterk vrouekarakters bevat, ’n soortgelyke tradisie in Afrikaanse distopiese tekste na 1999 ontbreek. Ofskoon Ingrid Winterbach se romans *Die aanspraak van lewende wesens* (2012) en *Vlakwater* (2015) duidelik elemente bevat wat as sowel “utopies as distopies” (Burges 2016) beskou kan word, speel nie een van die twee romans in die toekoms af nie, met die gevolg dat dit nie voldoen aan die vereistes wat in hierdie artikel aan distopiese tekste gestel word nie. ’n Volledige vergelyking tussen *Wonderboom*, andersyds, en *Die aanspraak van lewende wesens* en *Vlakwater*, andersyds, word in ’n opvolgartikel onderneem.

## 5. WONDERBOOM AS KRITIESE DISTOPIE

### 5.1 “Sal enige mens na die bottel dryf, hierdie fokken land”

Volgens Baccolini en Moylan (2003:5) speel literêre distopieë gewoonlik in ’n “sosiale êrens anders” af wat op die oog af heelwat slechter as die huidige werklike samelewing daar uitsien en meestal die direkte gevolg van die een of ander oorlog, rewolusie, opstand of natuurlike ramp is. *Wonderboom* speel in ’n postapokaliptiese era in Suid-Afrika af. Hoewel die presiese oorsake van dié apokalips nie duidelik is nie, word die sosio-ekonomiese en politieke onrus waarvan daar in die huidige Suid-Afrika sprake is, in Botha se roman tot die uiterste gevoer:

Daar is nie ’n presiese dag of tyd waarvan jy kan sê dit is wanneer die wiele begin afval het nie, maar sy kan wel terugblikkend sien hoe dit moontlik was. Digitale boorlinge in ’n handpalm van seine en inligting, flitse en bieps en twiets en die waansin van haves en have-nots. Voedselsekuriteit het gekantel, asof daar vergeet is om te plant – tussen plaasmoorde, droogtes en werklikheids-TV deur. (81)<sup>6</sup>

Reeds in die eerste hoofstuk getiteld “Bome ontbreek” (11-23) lees ’n mens dat Magriet “in die min of meer nikks, die tyd van die groot honger” (11) leef. In haar vervalle “nes” naby Bettysbaai, sewe-en-tachtig kilometer uit die Kaapse middestad, voer sy ’n relatief geïsoleerde bestaan. Die meeste mense wat eens in haar omgewing gewoon het, is “nou almal óf weg óf dood” (11). By geleentheid noem Magriet dat dit missien beter is om maar soos die MacPhersons met hulle emigrasieskippie die “hellesee van storms en vrybuiters” aan te durf as “om hier voort te vrek” (15).

Weens grootskaalse voedselskaarste is daar in die “buitepos” van die Wes-Kaap ’n duideliker skeiding tussen ryk en arm as ooit tevore. Dit is veral die lewenstandarde van die middel- en laerklassie wat beduidend slechter is as in die eietydse samelewing:

Die groep wat geld kon stoot en kon gatkruip, was veilig. Nie veel anders as soortgelyke grepe uit die geskiedenis nie. Net meer verregaande ten opsigte van die sukkelende burgers buite die stadsmure van vrywaring. (19)

’n Voorbeeld van dié “bevoorregte gatkruipers” is die Heydenrichs op wie se partytjies Magriet as “‘sukkelende’ musikant” (27) agtergrondmusiek met haar viool verskaf. As deel van die ryk elite wat binne die ringmuur bly voortbestaan, amuseer die Heydenrichs hulself met ’n verskeidenheid onderwerpe en aktiwiteite, en reël hulle van tyd tot tyd sosiale geleenthede uit “bekommernis oor die situasie in die land” (27). Hulle beskou die omringende armoede as ’n fenomeen wat ’n mens met afgrypse van ’n afstand kan besigtig net om dan huis toe te gaan en “jou galpille weg te sluk” (27). Magriet beskryf hulle as “[s]amesweerders van ’n bevorregte eendersheid” (37) en merk sinies op:

Binne die kokon moet dinge voortgaan soos altyd, en omdat mense binne hierdie papiebestaan oor die kapitaalkrag beskik, is dit vir hulle moontlik om ’n eersteklas-toestand te bly handhaaf. Hoe de hel hulle hul kopruiimtes om die ellende daar buite kry, is ’n raaisel (40).

---

<sup>6</sup> ’n Bladsynnommer tussen hakies, maar sonder outeursnaam en publikasiedatum, verwys telkens na Botha, L. 2015. *Wonderboom*. Kaapstad: Queillerie.

## 5.2 “Dit skep ’n goeie illusie en Albino X hou van illusies”

In bykans elke klassieke distopie word die gedrag en denke van inwoners streng gereguleer en beheer. Voorts word daar ook beperkings op liefde, spirituele ontwaking, kreatiwiteit en innovasie geplaas, wat dikwels tot ’n toestand van “innerlike distopie” (Gerhard 2012:15) aanleiding gee. Twee belangrike oogmerke met massabeheer is (i) konformiteit en (ii) ’n beperking van eie besluitneming en verset.

Met die hoofkarakters in ander (klassieke) distopieë deel Magriet ’n gevoel van magteloosheid in die aangesig van die totalitaire diktatorskap waaraan sy as Wes-Kapenaar uitgelewer is. In dié deel van die land voer Albino X – ’n bleek man “sonder ouderdom (moeilik om te bepaal as gevolg van sy kleurloosheid)” (18) met “ysblou oë en presies die regte kokkedoor-balans” (17) – die alleenheerskappy. Hy is ’n verpersoonliking van die byna stereotipe diktator wat ’n skrikbewind voer en sy invloed ten alle koste probeer uitbrei. As “swendelaar wie se ‘sagteware-programme’ hom gou een van die rykste mans op die kontinent gemaak het” (18-19), is hy duidelik ’n produk van die houvas wat tegnologie op die samelewning verkry het. Aanvanklik wil dit voorkom asof Albino X nie al sy onderdane oor dieselfde kam skeer nie en dat daar “bevoorregtes” is wat op voorkeurbehandeling aanspraak kan maak. Meer nog, dat dié behandeling huis in diens van die beveiliging en bevordering van kuns (veral musiek) staan. Magriet is byvoorbeeld een van ’n handjievol musikante wat die geleentheid kry om Albino X – wat “soos die berugte operasangeres Florence Foster Jenkins glo (...) dat hy geseen is met ’n stem van die gode” (17) – tydens swierige partytjies binne die ringmure van die stad te begelei. Vir haar optrede ontvang sy nie net ’n “ordentlike maaltyd” (27) nie, maar word daar ook ’n kontantbedrag van R1 000 aan haar betaal. Ten spyte hiervan word dit gou duidelik dat Albino X maar min geduld het met dié musikante wat hy van heinde en verre opkommandeer. Sodra hy, om watter rede ook al, nie meer met hulle uitvoerings beïndruk is nie, raak hy summier van hulle ontslae.

Albino X dulds dus geen teenspraak nie en stel slegs in mense belang solank hulle iets vir hom kan beteken. Ten einde beheer oor sy onderdane uit te oefen, kort hy hulle vryheid van beweging ernstig in. Magriet se “papiere” (85) beperk haar byvoorbeeld tot “n ysterhoef tussen Bettysbaai, Somerset-Wes en Kaapstad. Verder as dit en sy word as ’n krimineel beskou – Albino X se houvas op die mense wat hy in sy greep wil hou” (85-86). Oortree sy hierdie verbod, sal sy gevang, doodgemaak en vir Albino X se (perverse) diorama by sy hoofkwartier te Vergelegen gevoer word:

Sedert hy in die Franse hoofstad ’n tentoonstelling van gebalsemde lyke gesien het, is die heerser van die land gefassineer deur die skoonheid van taksidermie. Dit het in sy kop bly vassteek en kort voor lank begin manifesteer in die stelselmatige ontplooiing van ’n tablo van sy eie. (16)

Ten spyte van die vrees wat hierdie voortdurende monitering by haar ontketen, besluit Magriet om die lang, lewensgevaarlike reis vanaf die Wes-Kaap na haar familie in Wonderboom, aan die voet van die Magaliesberge, aan te durf. Hierdie “ekspedisie”, wat in meer as een oopsig aan die naamlose ek-verteller se reis in Wilma Stockenström se *Die Kremetartekspedisie* (1984) herinner, verteenwoordig die utopiese ideaal om van haar inperkende omstandighede te ontflug en weer toegang te verkry tot “kreatiwiteit, outonomie en kontak met ander” (Grobbelaar 1995:58):

Nou is dit net die lang tog noorde toe, terug na waar ek vandaan kom. My lewe weer by die begin, asof die tyd tussen-in net 'n droom was (...) Ek wil terug na my broers en my suster. Terug na die voet van die berg en onderstebo gaan hang aan die hoogste tak van die Wonderboom en wag tot die môre wanneer hulle my sal kom haal. Daar wil ek afkyk na 'n tapyt van blare, geweef deur die geeste van die amakosana wat onder die boom begrawe lê. (58)

Volgens Nel (2017:9) staan hierdie reis in die teken van 'n (utopiese) versugting na 'n moontlike tuiskoms, wat sy soos volg onder woorde bring:

Magriet se (...) begeerte om terug te keer na haar wêreld van oorsprong is onder andere 'n wens na geborgenheid, na veiligheid as gevolg van die bedreigende en distopiese ruimte waarin sy haar aan die begin van die roman bevind.

### **5.3 “Haar kop kantel na 'n era van oorvloed”**

In 'n distopiese bestel word daar nie net beheer oor beweging en gedrag uitgeoefen nie, maar ook oor kollektiewe en individuele geheue (herinneringe aan die verlede). Hierdie beheer oor die geheue (“memory control”) kan verskillende vorms aanneem: vanaf die doelbewuste wysiging van geskrewe data, soos boeke, argiewe en koerante, tot die letterlike uitwissing van mense se geheue deur middel van gevorderde tegnologie. Die afgetrede professor wat in die Argief in Roelandstraat navorsing oor kaptein Leander Boegies (voorste lid van die Hangklip-drosters) doen, kan byvoorbeeld slegs 'n soldy bly handhaaf deur sy navorsing “so lank as moontlik uit te rek” (28) en om Albino X se onthalwe 'n hele klomp feite oor die kaptein te versin:

Albino X glo vas dat die kaptein een van sy voorsate was (...). Magriet vermoed dat die professor al 'n aansienlike hoeveelheid bog oor Boegies kwytgeraak het en dat hy grotendeels vóórgee dat daar nog dokumente oor die droster bestaan. Maar om te oorleef, moet mens 'n bliksemse plan maak, al beteken dit dat jy gesofistikeerd begin lieg. (28)

Volgens Baccolini (2003:116) en Gerhard (2012:17) is direkte opposisie of verset teen die onderdrukende regime 'n algemene kenmerk van kritiese distopieë. Hierdie verset neem dikwels die vorm aan van 'n hoofkarakter wat alle pogings denkbaar aanwend om herinneringe aan die verlede op te roep, te vertel en te bewaar. Baran (2013:27) wys daarop dat herinneringe aan die verlede 'n bedreiging vir maghebbers in 'n distopiese bestel kan inhoud aangesien dit inwoners in staat stel om vergelykings te tref en sodoende tot die gevolgtrekking te kom dat dinge anders, en dus beter, kan wees. Boonop kan dit ook aanleiding gee tot 'n gees van individualisme; 'n bewuswording van menseregte en die kennis dat die verkeerde dinge aan die kaak gestel behoort te word.

Magriet se byhou van 'n dagboek is nie in die eerste plek 'n handeling van verset nie (hoewel dit inderdaad vergelykings tussen die hede en die verlede moontlik maak), maar eerder 'n praktiese poging om dinge te probeer onthou in die lig daarvan dat 'n groot vergeet in die vorm van amnesie oor haar toesak:

[D]it kom haar haal en is 'n bedreiging wat grens aan dié wat Albino X vir haar inhoud. Soos in die geval van haar oorlede moeder se sibbe, is amnesie besig om in te tree. (...) Sy moet vlug voor die vergeet haar heeltemal inhaal. (20)

Derhalwe skryf sy die name van eertydse vriende, familielede en kennisse neer wat haar tydens haar tog na die noorde ter wille kan wees. Haar dagboekinskrywings is dus net soveel op die toekoms gerig as wat dit op die (bewaring van die) verlede afgestem is:

Mense moet dadelik vasgepen word alvorens hulle vervaag en nie weer terug gevind kan word nie. Die klein swart boekie is die kaart van haar bewussyn. Dit herinner haar aan wie sy is elke keer wanneer sy die draad kwytraak. (86)

Ofskoon hierdie woorde van Magriet bevestig dat persoonlike herinneringe nodig is vir 'n konsep van die self ('n selfidentiteit), besef sy mettertyd dat nie alle herinneringe noodwendig aangenaam of positief is nie. Barendse (2013:73-74) wys daarop dat herinneringe aan die verlede in klassieke distopieë dikwels met 'n gevoel van nostalgie en terughunkering gepaardgaan. In *Wonderboom* is dit meestal juis nie die geval nie. Wanneer Magriet byvoorbeeld aan die begin van die roman 'n porsie spreeu "ongeveer gelyk aan 'n dessertlepel" (12) eet, "begin haar kop kantel na 'n era van oorvloed. Kerstafels gedek met kalkoen en brandewynpoeding. Sy sien dit helder voor haar: familie en vriende wat lag en ligweg kommentaar lewer oor 'n bietjie oproer hier en daar, en die blinde geloof dat hierdie land nooit die slagoffer van 'n rewolusie sal wees nie" (12-13). Wanneer sy egter aan haar oorgrootjies se plaas buite Vaalharts dink, relativeer sy hierdie aanvanklike gedagte: "Dit was 'n tyd van genoeg. Genoeg vir sommige *en te min vir ander*" (21) (eie kursivering – TH). Hierdeur gee sy te kenne dat daar nog altyd sprake van sosiale en ekonomiese ongelykheid in Suid-Afrika was en dat sy haar, in vergelyking met ander, nog altyd in 'n relatief bevoorregte posisie bevind het. Sekere herinneringe aan haar oorsprong (as wit Suid-Afrikaner) en haar verhouding met haar familie (en veral haar politkuspa), staan in die teken van dinge wat sy eerder nie sou wou onthou nie. In hierdie verband merk Magriet by geleentheid op dat sy reeds as tiener besef het dat dit dekades sou neem "om die afbakening van Jan van Riebeeck se heining" (156) in sowel haar eie lewe as dié van Suid-Afrika uit te wis. Op veelseggende wyse beskryf sy haar kollektiewe geskiedenis as "[d]ie verkeerdenis. Die helder en teenwoordige gemors van ons verkeerdenis" (156) – iets wat sy veel eerder uit haar geheue sou wou weer, en waarvoor amnesie selfs 'n tipe genade kan wees (in dié sin dat dit die traumatische verlede vir almal meer hanteerbaar maak).

#### **5.4     " Wonderboom is, soos wat die kraai sou vlieg, sewe kilometer weg"**

In 'n artikel getiteld "Ecology and dystopia" beweer Stableford (2010:259-281) dat ekologiese vraagstukke in eietydse distopiese romans sentraal staan. Volgens hom is een van die kerneienskappe van die klassieke distopie die gebroke verhouding tussen die mens en die natuur. Die kwessie van omgewingsvernietiging word in hierdie tekste dikwels in verband gebring met 'n onlangse of komende apokalips. In *Wonderboom* is die Wes-Kaapse ruimte vanweë sommige se magshonger en ander se verbete drang tot oorlewing in 'n braakland omskep: meeste inwoners is óf weg óf dood, die landskap is kaalgestroop en bykans al die diere is uitgeroei vir die pot of uit sadistiese behae, soos die uil wat deur die seuns as sokkerbal gebruik word (48) en die koperkapel wat sonder enige rede deur die "addergebroedsels" (186) op die bakkie verbrysel word. Een rede vir hierdie vernietiging is, volgens die roman, die mens se naïewe geloof dat die oorvloed ten spyte van grootskaalse vernietiging sal bly voortbestaan. By geleentheid gee Magriet toe dat selfs sy en haar man, Wim, hulle aan sodanige gedrag skuldig gemaak het:

En: *Later gaan ry ons fiets, en alhoewel ons bottels en plastieksakke langs die pad sien lê, ry ons eenvoudig aan.* (75)

Magriet en Wim het self soms stilgehou en armsvol gepluk, al was dit teen die wet – asof die oordadigheid van die veld nooit sou ophou nie. (91)

Kommentaar op die mens se vernietigingsdrang bereik 'n ironiese hoogtepunt wanneer een van die sterrekykers op Sutherland, ene Dusty, Magriet-hulle inlig dat die Vlieërfees [bestaande uit "n dosyn of meer, helder drake, rooi visse en reuse-insekte"] (119) befonds word deur "n organisasie wat hoop om skaliegas (in die omgewing) te kom ontgin". (121)

Volgens Hunt (1987:114-138) en Atkinson (2007:238) word ekologiese verval in distopiese literatuur dikwels aan die hand van die simboliese vernietiging van 'n paradyslike tuin – as proto-utopie – uitgebeeld. Soos in talle ander distopiese voorstellings van die toekoms, is die "paradyslike tuin" reeds met die aanvang van *Wonderboom* vernietig: nie net is diere skaars of heeltemal afwesig nie, selfs bome en plante is vreemd. Op tekstuele vlak word hierdie afwesigheid van die natuurlike wêreld (en veral plantegroei) deur hoofstuktitels soos "Bome ontbreek", "Spookboom" en "Troosteloos, die dooie boom" onderstreep, asook deur die feit dat die letters van die woord *Paradise* wat in die beeldsekvens vooraan elke hoofstuk op die kartondoos/-houer geskryf staan, mettertyd stuk-stuk verdwyn<sup>7</sup> – 'n semiotiese spel wat in die roman tot die uiterste gevoer word.

Nel (2017:10) wys byvoorbeeld daarop dat hoewel die beeld op die voorblad van die roman 'n "paradyslike bestaan of 'n natuurlike staat" oproep, dit "op paradoksale wyse 'n vergestalting van die dood – 'n verwysing na dit wat afwesig is, of eens lewend was" – is, aangesien die helderkleurige afbeelding in der waarheid 'n foto van opgestopte voëls in die Suid-Afrikaanse museum in Kaapstad is.

Die enigste toegang wat karakters (en veral Magriet) in *Wonderboom* tot die "paradyslike tuin" het, is by wyse van herinneringe en die verbeelding. Wat Magriet daagliks om haar gewaar en tydens haar besoek aan die Kompaniestuin waarneem, staan byvoorbeeld in skrille kontras met haar paradyslike herinneringe aan die Harold Porter Botaniese Tuin en die Luiperdkloof 'n paar kilometer van haar vervalle woonplek af:

Sy onthou die uitstappies langs kronkelende paadjies, verby die enorme waaier-aalwyn en onder die boekenhoutwoud deur, hoe hulle geswem het in die poel by Luiperdkloof waarvan die water so donker was van minerale dat hulle dit die Coca-Cola-fabriek genoem het. Teen die hange van die kloof was die disas rooi in die blom in die somermaande, blosende wange al met die kranse af, jy kon die rooi nooit vergeet as jy dit eenmaal gesien het nie. (12)

En wanneer sy by geleentheid op die uitgedorde gras "[l]angs die ruïnes van die teetuin en 'nligtingskantoortjie" (33) van die Kompaniestuin gaan lê, verbel sy haar op bykans utopiese wyse 'n hele lugruim vol fauna en flora wat in die werklikheid rondom haar afwesig is:

Die wolke word pluimende bome. Hulle blare val en begin soos sirkels tol, hulle stamme bult, dan gaan daar deurtjes in die stamme oop en binne-in verskyn diere wat eens op 'n tyd hier gewei het. Hulle knik en groet haar.

<sup>7</sup> Die geleidelike verdwyning van dié letters dui ook op die gedagte van onskuld en oorvloed wat toenemend wegwyfer, maar ook op Magriet se amnesie en die aftakeling van alles wat mooi en kosbaar is.

“Hallo, Leeu.” Sy vleg haar vingers deur die oker maanhaar. Leeu is enorm, sy druk haar kop teen sy nek en wil op hom klim en wegry, maar hy brul en sy skrik want sy onthou dat ’n leeu haar niggie Berta se been amper afgebyt het.

“Hallo, Renoster, waarom is jou oë so klein?” Renoster spits sy ore, want hy kan klanke hoor wat slegs vir dowes verstaanbaar is.

“Hallo, Olifant, kom blaas jou trompet vir die dirigent.” Die reus is vandag te swaar om eens sy slurp te lig.

“Buffel, waar is jou kudde, hoe loop jy dan so alleen?” Buffel staar in die niet en droom van soet grasvelde waar hy eens op ’n tyd gewei het.

“Luiperd, leen vir my net een van die rosette op jou pels, asseblief, sodat ek vanaand in die geheim kan skitter.” Luiperd is reeds vort, hy het in sy wildste drome ’n vlakvark gewaar. (34-35)

Magriet se geheueverlies (wat op die laaste bladsy van die roman algeheel is) dien egter as ’n wesenlike bedreiging vir dié oproep van herinneringe en verbeeldingsvlugte, met die gevolg dat dit wil voorkom asof sy uiteindelik geen toegang tot of tuiskoms in die “paradyslike tuin” van haar oorsprong verkry nie. Dit is veral veelseggend dat sy (die) Wonderboom – as geografiese merker,<sup>8</sup> maar ook as simbool van haar familiestamboom, kennis van goed en kwaad en die versugting na ’n bepaalde geworteldheid in ’n andersins vyandigesinde en onherbergsame omgewing – by implikasie nooit bereik nie:

Magriet herken en onthou (...) nijs (...) nie. Sy het finaal en onteenseglik alles vergeet, want die sandsteen in haar brein het elke herinnering opgesuig en verorber. Wonderboom is, soos wat die kraai vlieg, sewe kilometer weg. (218)

Volgens Nel (2017:25) is dit uiteindelik “gebrokenheid, afwesigheid en verlies wat die laaste woord spreek, want alle spore, letterlik en figuurlik, loop dood as haar vioolrugsakkie as laaste verbintenis met haar geheue verdwyn. Sewe is die voltal, die volmaakte getal waar die Wonderboom te vind is, maar dit is vir Magriet finaal onbereikbaar.”

Myns insiens is die romanslot, soos wat dit in meeste kritiese distopieë die geval is, nie eenduidig negatief nie, maar doelbewus oop en dubbelsinnig. Dit is byvoorbeeld belangrik om op te merk dat Magriet se volskaalse amnesie – treffend versigbaar deur die verdwynende beeldsekewens “as ’n leitmotief vir die tema van verlies en afwesigheid in die roman” (Nel 2017:7) – haar tog ook bevry van die herinnerings- én skuldlas waaronder sy as bevoorgegte wit Suid-Afrikaner en as lid van die Vos-familie in die roman gebuk gaan. Bowendien maak dit ’n volledige inskatting van haar benarde posisie aan die einde van die verhaal onmoontlik. Voorts dien dit ook as waarskuwing dat die begeerte om na haar familie en haar oorsprong terug te keer, dalk misleidend en selfs gevaarlik nostalgies was. By geleentheid merk Magriet byvoorbeeld die volgende op:

<sup>8</sup> Die Wonderboom is ’n unieke, duisendjaaroue vyeboom (*Ficus salicifolia*) aan die noordekant van die Magaliesberge in Pretoria. Die boom, tans ’n nasionale gedenkwaardigheid, is 25 meter hoog en die hoofstam het ’n omtrek van 5,5 meter. Die boom het ’n ongewone groepatroon in dié oopsig dat namate die takke van die hoofstam langer geword het, dit na die grond afgebuiig en opnuut begin wortel skiet het. Op dié wyse het ’n sirkel van “dogter”stamme rondom die “moeder”stam gevorm. Daar is tans 13 stamme en die kolossale boom beslaan ’n gebied van 55 vierkante meter. Die boom is deur die inheemse inwoners van die omgewing as heilig beskou en in 1836 deur Hendrik Potgieter en die Voortrekkers “ontdek” en amptelik benoem. (Kleijn 2014)

Die genade van die Groot Vergeet. Amnesie laat jou toe om 'n ander identiteit aan te neem en algaande vergeet jy wie jy is en waar jy vandaan kom. (136)

En: Magriet onthou nou alles wat sy begin vergeet het, maar sy dink sy verkies dit om kort van geheue te wees. Dis beter, die vergeetboek. Die gewig daarvan is soveel lichter as hierdie gedagtes wat nou in 'n trop om haar bondel en haar verward laat voel. (154)

So beskou, hou die slot vir Magriet die moontlikheid van 'n tipe hergeboorte, 'n weerbegin – sonder die bagasie van die verlede – in. Die feit dat dit haar nie beskore is om onderstebo aan die hoogste tak van die Wonderboom te hang en af te kyk na 'n tapyt van blare nie, hoof nie eensydig pessimisties/negatief geïnterpreteer te word nie. Sodanige versugting na die vereniging met die familiestamboom en die geeste van die voorgeslagte duï immers op 'n tipe doodsbegerte.

Uiteindelik is daar vir die leser van die roman, wat anders as Magriet die volle implikasies en omvang van die distopiese slot kan inskat, nie net die troos van 'n visuele afbeelding van 'n blaremat nie, maar ook 'n hele woud (woord) "bome" wat gaandeweg deur die skrywer in die ontplooiende landskap van die teks geplant is. Op dié wyse word die paradyslike tuin op tekstuele vlak – al is dit slegs gedeeltelik – al lesende teruggewen.

## 6. SAMEVATTING

Anders as soveel van die distopiese romans wat die afgelope drietal dekades in Afrikaans verskyn het, word Lien Botha se *Wonderboom* uiteindelik nie oorheers deur 'n gevoel van pessimisme en hopeloosheid nie. Die roman verwoord, ten spyte van die proses van ontbinding waarvan daar op strukturele en inhoudsvlak sprake is, die optimistiese (utopiese) geloof dat dinge anders kan wees as die uitsiglose situasie wat op verhaalvlak uitgebeeld word. In dié opsig sluit *Wonderboom* by die grensoorskrydende utopiese distopieë van skrywers soos, onder andere, Botha, Beukes en Meyer aan, wat meer geredelik onder die noemer "kritiese distopieë" as "klassieke distopieë" tuisgebring kan word. Nie alleen bevat hierdie post-apokaliptiese vertelling bepaalde utopiese elemente wat by die oorwegend distopiese vertelling geïnkorporeer word nie; dit bevraagteken en ondermy ook die binêre logika wat talle klassieke distopieë onderlê. Die opvallendste verskille wat *Wonderboom* ten opsigte van ander klassieke distopieë vertoon, is die wisselvallige aard waarop beheer uitgeoefen word, die openlike verset wat karakters teen hul geografiese inperking lewer, en die feit dat die grootste bedreiging van persoonlike vryheid nie soseer van buite nie, maar eerder van binne kom. Al kom dit op inhoudsvlak voor of die sogenaamde "paradyslike tuin" soos in ander klassieke distopieë vernietig word, nooi die skrywer die leser wel op verbeeldingryke wyse aan die hand van beskrywings, simbole en selfs visuele afbeeldings uit om hierdie verlore paradys, al is dit dan net op figuurlike vlak, al lesende terug te wen.

## BIBLIOGRAFIE

- Alter, A. 2017. Boom Times for New Dystopians. *The New Yorker*, March 31: C13.
- Alter, A. 2017. Fears of the Future Prompt a Boon for Dystopian Fiction. *The New York Times*, 28 January: B1.
- Atkinson, J. 2007. Seeds of Change: The New Place of Gardens in Contemporary Utopia. *Utopian Studies*, 18(2):237-260.
- Baccolini, R. & Moylan, T. 2003. Introduction. Dystopia and Histories. In: Baccolini, R. & Moylan, T. (eds). *Dark Horizons. Science Fiction and the Dystopian Imagination*. New York & Londen: Routledge, pp. 1-12.

- Baran, K. 2013. Past effaced, past recovered. Dreams and memory control in recent dystopian cinema. *University of Bucharest Review*, 3(2):26-34.
- Barendse, J.-M. 2013. Distopiese toekomsromans in die Afrikaanse literatuur na 1999. Ongepubliseerde proefskef. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Botha, L. 2015. *Wonderboom*. Kaapstad: Queillerie.
- Burger, W. 2015. Kies 'n boek: *Wonderboom* deur Lien Botha. *Vrouekeur*. <https://www.vrouekeur.co.za/unclassified/kies-n-boek-wonderboom-deur-lien-botha>. [22 Februarie 2017].
- Caffrey, C. 2016. Utopia (Concept). *Salem Press Encyclopedia*. <http://eds.b.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/detail/detail?sid=d5db49ee-6489-4cde-a416-373c3eb3180a%40sessionmgr102&vid=1&hid=120&bdata=JnNpdGU9ZWRzLWxpdmU%3d#AN=98402232&db=ers>. [22 Februarie 2017].
- Claeys, G. 2010. The origins of dystopia: Wells, Huxley and Orwell. In: Claeys, G. (ed.). *The Cambridge Companion to Utopian Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cranny-Francis, A. 1990. *Feminist Fiction: Feminist Uses of Generic Fiction*. New York: St. Martin's.
- Gerhard, J. 2012. Control and resistance in the dystopian novel: A comparative analysis. Unpublished Master's thesis. Chico: California State University.
- Greeff, R. 2015. Debuit adem poëtiese sjarme. *Rapport Weekliks*. <http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/Debuut-adem-poetiese-sjarme-20150920>. [22 Februarie 2017].
- Grobbaal, M. 1995. Verskyningsvorme van estetisme en dekadensie in *Sy kom met die sekelaan en Kaapse rekwisiete*. *Literator*, 16(1):51-66.
- Hunt, J. D. 1987. Gardens in Utopia: Utopia in the Garden. In: Baker-Smith, D. & Barfoot, C. C. (eds). *Between Dream and Nature: Essays on Utopia and Dystopia*. Amsterdam: Rodopi, pp.114-138.
- Kleijn, A. 2014. Wonderboom sedert Steentydperk al 'n uitspanplek. <http://www.bronberger.co.za>. [22 Februarie 2017].
- Koen, D. 2015. Wonderboom: Met dié sterk debuut verrig Lien wondere met woorde. *Beeld*. <http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/Wonderboom-Met-die-sterk-debuut-verrig-Lien-wondere-met-woorde-20150706>. [22 Februarie 2017].
- Koen, D. 2017. Verlies en verval: Lien Botha se *Wonderboom* as distopiese roman. *Stilet*, 29(1):100-114.
- Lefanu, S. 1986. In the Chinks of the World Machine: Feminism and Science Fiction. In: Eagleton, M. (ed.). *Feminist Literary Theory: A Reader*. Oxford: Blackwell Publishing, pp.187-188.
- Lefanu, S. 1989. *Feminism and Science Fiction*. Bloomington: Indiana University Press.
- Lepore, J. 2017. A Golden Age for Dystopian Fiction: What to make of our new literature of radical pessimism. *The New Yorker*, June 5: 12.
- Mohr, D.M. 2005. *Worlds Apart? Dualism and Transgression in Contemporary Female Dystopias*. Jefferson, NC: Farland.
- Nel, A. 2017. Om wêrelde te verbeel(d): tekstuele relationaliteit in *Wonderboom* (Lien Botha). *LitNet Akademies*, 14(2):1-32. <http://www.litnet.co.za/om-werelde-te-verbeeld-tekstuele-relationaliteit-in-wonderboom-lien-botha/>. [28 Julie 2017].
- Sargent, L.T. 2010. Colonial and postcolonial utopias. In: Claeys, G. (ed.). *The Cambridge Companion to Utopian Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Slaughter, R. A. 1998. Futures beyond Dystopia. *Futures*, 30(10):993-1002.
- Snyman, H. 2015. LitNet Akademies-resensie-essay: *Wonderboom* deur Lien Botha. <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-wonderboom>. [22 Februarie 2017].
- Stableford, B. 2010. Ecology and dystopia. In: Claeys, G. (ed.). *The Cambridge Companion to Utopian Literature*. Cambridge: Cambridge University Press, pp.259-281.
- Van der Merwe, J. 2017. Notes towards a metamodernist aesthetic with reference to post-millennial works. Unpublished PhD Thesis. Potchefstroom: North-West University.
- Vermeulen, T. & Van den Akker, R. 2010. Notes on Metamodernism. *Journal of Aesthetics and Culture*, 2:1-14.
- Vermeulen, T. & Van den Akker, R. 2015. Utopia, Sort of: A Case Study in Metamodernism. *Studia Neophilologica*, 87:55-67.
- Visagie, A. 2009. *Horrelpoot* (2006) van Eben Venter: 'n Verkenning van die grense tussen utopie en distopie. *Stilet* 21(2):52-68.
- Visagie, A. 2016. Moderniteit en die Afrikaanse literatuur. Ongepubliseerde professorale intreerede. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

# **Statistiese evaluering en voorspelling van woordherkenning-toetstellings van die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA)**

*Statistical evaluation and prediction of word recognition test scores of the Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA)*

**ALIDA NAUDÉ**

Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie  
Universiteit van Pretoria  
E-pos: alida@amtronix.co.za



Alida Naudé

**ALIDA NAUDÉ** is 'n korporatiewe opleidingsoudioloog met 'n wye kliniese ervaring in privaat praktyk sowel as in hoër onderwys as 'n senior lektor en navorser. Gedurende haar loopbaan het sy kliniese en akademiese audiologieposisies by die Mediese Universiteit van Suid-Afrika asook die Universiteit van die Witwatersrand beklee. Sy het beide studente en gekwalifiseerde professionele persone opgeleei in verskeie areas in audiologie asook verskeie honneurs- en meestersvlak-navorsingsprojekte begelei. Sy het haar Ph.D. en nagraadse genootskap aan die Universiteit van Pretoria onder leiding van professor Juan Bornman voltooi. Haar belangrikste kliniese en navorsingsbelange sluit vestibulêre audiologie en rehabilitasie, ototoksiteit, infeksiebeheer, beste praktyk in diagnostiese audiologie, asook etiese sensitiwiteit en persoonlike ontwikkeling van gesondheidswerkers in. Alida het verskeie werkswinkels aangebied en bied haar navorsing sowel plaaslik as internasionaal aan. Sy is die skrywer van meer as tien portuurbeoordeelde tydskrifartikels en het onlangs, as mede-outeur, 'n boek oor die ontwerp van meetinstrumente vir navorsingsdoelendes gepubliseer.

**ALIDA NAUDÉ** is a corporate training audiologist with wide clinical experience of private practice and higher education as a senior lecturer and researcher. During her career, she has held clinical and academic audiology positions at the Medical University of Southern Africa as well as the University of the Witwatersrand. She has trained students and qualified professionals in a variety of areas in audiology and supervised a number of honours and masters level research projects. She completed her Ph.D. and postdoctorate fellowship at the University of Pretoria under the supervision of Professor Juan Bornman. Her major clinical and research interests are vestibular audiology and rehabilitation, ototoxicity, infection control, diagnostic audiology best practice as well as ethical sensitivity and personal development of healthcare professionals. Alida hosted various workshops and presents her research both locally and internationally. She is the author of over ten peer-reviewed journal articles and recently co-authored a book on designing measuring instrument for research purposes.

## ABSTRACT

**Statistical evaluation and prediction of word recognition test scores of the Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA)**

*Theoretical framework: In audiology, speech audiometry is generally accepted as clinically more sensitive than pure tone audiometry to detect reduced auditory analytical skill in terms of complex acoustic structure, as it includes higher-level linguistic function in the evaluation. Although speech audiometry is considered to be an integral part of the audiometric test battery, there is currently no phonetically balanced Afrikaans speech material available to measure speech recognition. In order to obtain an accurate picture of an individual's speech recognition abilities of monosyllabic words, it is important to perform speech recognition tests in a person's first language.*

*Aim: The purpose of this study was to determine the reliability of the Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA) to measure speech recognition abilities in members of an Afrikaans-speaking population.*

*Methodology: The research is based on a quantitative retrospective study of audiological records of participants assessed at a private audiology practice. The FVEWA is evaluated in terms of interlist equivalence as well as performance-intensity or psychometric function for use in clinical practice.*

*Results: The six FVEWA wordlists were found to be statistically equivalent in terms of difficulty level. The average intensity at which participants obtained 50% word recognition was 14.2 dBGP. The slope, at 50% (%/dB), of the wordlists used in the FVEWA was 3.1%/dB.*

**KEY WORDS:** Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA) – *Phonetically Representative Monosyllabic Wordlists in Afrikaans*, performance-intensity function, speech audiometry, speech understanding, word recognition

**TREFWOORDE:** Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA), psigometriese funksie, spraakoudiometrie, spraakherkenning, woordherkenning

## OPSOMMING

*Teoretiese raamwerk: In die oudiologiese toetsbattery word spraakoudiometrie klinies meer sensitief as suiertoon-oudiometrie geag om verlaagde ouditiewe analitiese vaardigheid in terme van komplekse akoestiese strukture in individue te identifiseer, omdat dit ook hoër vlak linguistiese funksie in die evaluering insluit. Hoewel spraakoudiometrie dus as 'n belangrike komponent geag word, is daar tot op hede geen foneties gebalanseerde Afrikaanse spraakmateriaal beskikbaar om woordherkenning mee te meet nie. Woordherkenning moet in individue se eerste taal bepaal word ten einde 'n meer veteenwoordigende beeld van hul daagliks kommunikasie funksionering te verkry.*

*Doel: Die hoofdoel van hierdie navorsing was om die geldigheid van die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA) statisties te bepaal om woordherkenning in 'n bepaalde Afrikaanse populasie te meet.*

*Metodiek: Die navorsing is gebaseer op 'n kwantitatiewe retrospektiewe studie van die oudiologierekords van deelnemers wat by 'n privaat oudiologiepraktyk geassesseer is. Die FVEWA is geëvalueer in terme van interlys-ekwivalensie en prestasie-intensiteit funksie vir gebruik in kliniese praktyk.*

Be vindings: Daar is bevind dat die ses FVEWA-woordlyste statisties ekwivalent is wat moeilikheidsgraad betref. Die gemiddeld waar deelnemers 50% korrekte woordherkenning bereik het, was 14.2 dBGP. Die helling van die woordlyste wat in die FVEWA gebruik is, was 3.1%/dB by 50% (%/dB).

## 1. INLEIDING

In kliniese praktyk gebruik audioloë spesifieke diagnostiese audiologieprosedures om inligting aangaande 'n individu se vermoë om te hoor in te win. Hierdie prosedures moet op bewysgebaseerde praktyk berus (Wong & Hickson 2012). Spraakoudiometrie word internasionaal erken as 'n noodsaklike komponent van die basiese audiologiese evaluering (Guthrie & Mackersie 2009). Die gebruik van klankopnames vir spraakmateriaal word reeds sedert 1949 aanbeveel (Carhart 1951) en 'n audiometriese toetsbattery kan slegs as volledig beskou word indien dit komponente van spraakoudiometrie bevat (Lawson & Peterson 2011). Woordherkenning van monosyllabiese woorde is een van die mees algemeen gebruikte maatreëls in spraakoudiometrie en bepaal die mate waartoe 'n verandering in gehoordrempels die persepsie van komplekse seine ontwrig (Thibodeau 2007).

Woordherkenning is 'n bo-drempel toets, wat beteken dat die intensiteit van die spraakstimuli wat aangebied word gewoonlik verteenwoordigend is van 'n tipiese gespreksvlak (Stach 2010). Die toetsmateriaal wat gebruik word kan uit woorde of sinne, met of sonder agtergrondsgeraas, bestaan (Thibodeau 2007). Oor die algemeen word verskeie monosyllabiese oop stel woordlyste met 'n soortgelyke moeilikheidsgraad gedurende spraakoudiometrie gebruik om die woordherkenningstelling van 'n individu te bepaal. Die kliënt word deur middel van 'n draerfrase versoek om die woorde wat aangebied word, te herhaal, byvoorbeeld "Sê vir my kas" (Schoepflin 2012). Die hoofdoel van hierdie toets is dus om die individu se optimale funksionering tydens woordherkenning onder gekontroleerde en gestandaardiseerde toestande te bepaal (Hornsby & Mueller 2013). Vervolgens word bepaal of die individu se vermoë om woorde te herken met sy/haar suiwerstoorn-toetsresultate en gevalsgeskiedenis korreleer of nie, wat waardevolle inligting bydra in terme van differensiaal diagnose. Woordherkenningstellings word ook gebruik om beduidende asimmetrie in die toetsresultate te identifiseer, om verandering in die individu se vermoë om woorde te herken deur opeenvolgende toetsing te monitor, asook om te help met die motivering, seleksie en passing van gehoorapparate (Stach 2010).

Die toepassing van woordherkenningstoetsresultate is egter slegs geldig indien dit op 'n betroubare wyse ingesamel is. Meer as 50 jaar gelede reeds het Carhart audioloë gewaarsku dat die geldigheid van spraaktoetsresultate deur die individue se eerste taal beïnvloed word (Carhart 1965). In 1978 het Davis ouerdom en vlak van opvoeding bygevoeg as verdere faktore wat tot die geldigheid van die gebruik van toetsmateriaal en -resultate bydra. Daarbenewens word die gebruik van spraakkopnames as toetsstimuli beskou as die hoogste standaard vir die betroubare aanbieding van spraakstimuli wat akkurate diagnose, aanbevelings en behandeling beïnvloed in teenstelling met lewendige stemaanbiedinge (Roeser & Clark 2008).

In 2008 het Roeser en Clark 'n artikel gepubliseer getiteld "Stop the madness" oor die onderwerp van lewendigestem-woordherkenningstoetsing en hoe dit tot resultate met lae geldigheid kan lei (Roeser & Clark 2008). Roets (2005) het bevind dat al die Suid-Afrikaanse audioloë in haar studie (100%; n=84) deurgaans gebruik maak van lewendige stem tydens woordherkenningstoetsing. Desondanks duur die wydverspreide kliniese gebruik van lewendige stem deur die meerderheid audioloë egter voort. Sewe jaar na die publikasie van Roets (2005) se studie het Finan (2012) se navorsing oor gewilde kliniese prosedures tot die gevolgtrekking

gekom dat die meerderheid (58%) van die respondentie voortgaan om lewendige stem eerder as spraakopnames te gebruik.

Voor die ontwikkeling van die FVEWA was die enigste beskikbare Afrikaanse woordherkenningslys die Afrikaanse Foneties Gebalanseerde Woordelys (Laubscher & Tesner 1969). Van Heerden (1999) het egter vasgestel dat dié lyste nie foneties gebalanseerd is volgens die frekwensie van klankverspreiding van Standaardafrikaans nie. Foneties gebalanseerd beteken dat die frekwensieverspreiding van elke foneem so na as moontlik moet ooreenstem met die frekwensieverspreiding van Standaardafrikaans (van Heerden 1999). Die gebrek aan gestandaardiseerde materiaal vir die meertalige Suid-Afrikaanse bevolking is een van die redes waarom Suid-Afrikaanse audioloë nie spraakopnames gebruik nie.

Afrikaans, met 6,8 miljoen sprekers, is die derde grootste taal wat in Suid-Afrika as eerste taal gespesifieer word, naas isiZulu en isiXhosa (Sensus 2011). Nogtans bestaan daar tans steeds nie 'n Afrikaanse foneties gebalanseerde woordherkenningsstoets vir audioloë wat hul in staat stel om gehoorverlies akkuraat te diagnostiseer en spraakverstaanbaarheid te kwantifiseer nie. Van Heerden het in 1999, met behulp van 'n doelgeskryfde sagteware program (Phonetic Calculator), 'n fonetiese analyse van die foneme van Standaardafrikaans uitgevoer om sodoende die frekwensieverspreiding van klanke in Standaardafrikaans vas te stel. Rozelle Roets het dié data gebruik om die 6 lyste van 25 woorde waarvan elk foneties gebalanseerd is te ontwikkel as toetsitems van die FVEWA (Mendes et al. 2012). Hall (2017) verskaf riglyne vir 'n effektiewe en doeltreffende moderne toetsbattery waarin die gebruik van 'n 25-woordlys vir woordherkenningsstoetsing aanbeveel word. Foneties gebalanseerde woordlyste beteken dat die verspreiding van die foneme verteenwoordigend is van standaard Afrikaans. Die FVEWA is 'n vooraf-opgeneemde<sup>1</sup> foneties gebalanseerde woordherkenningsstoets wat audioloë in staat stel om geldige woordherkenningsresultate vir Afrikaanssprekende individue te bepaal. Die geldigheid van die FVEWA word tydens hierdie studie geëvalueer.

## 2. METODOLOGIE

Die huidige navorsing is gebaseer op 'n kwantitatiewe retrospektiewe studie van die audiologierekords van deelnemers wat by 'n privaat audiologiepraktyk in Pretoria geassesseer is. Toestemming vir die uitvoer van die studie is van die Etiekkomitee in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria verkry. Die doel van die studie was om die Foneties Verteenwoordigende Eenlettergrepige Woordlyste in Afrikaans (FVEWA) te evalueer in terme van interlyss-ekwivalensie en die psigometriese prestasie-intensiteitsfunksie vir gebruik in die kliniese praktyk. Ten einde die hoofdoel van die studie te bereik is twee subdoelstellings geformuleer: eerstens om die statistiese ekwivalensie in terme van moeilikhedsgraad tussen die ses woordlyste met 25 woorde elk van die FVEWA te bepaal, en tweedens om die psigometriese funksie van woordherkenningsresultate in terme van die kurwe vir prestasie-intensiteit vir die FVEWA-woordlyste te bepaal.

---

<sup>1</sup> Die woordlyste is opgeneem deur Jozua Loots, Hoof van Skool Filmkuns by Open Window Institute for Arts and Digital Sciences, volgens die EBU R128 weergawe 3.0 uitsaai-standaard.

## 2.1 Deelnemers en data-insameling

'n Doelgerigte steekproef is getrek om die deelnemers in te sluit wat aan bepaalde seleksiekriteria voldoen het (McMillan & Schumacher 2010). Deelnemers was kliënte van 'n bepaalde audiologiepraktyk wat verantwoordelik is vir die samestelling van die ses woordlyste van die FWEVA, en wat die FWEVA in hul praktyk toegepas het. Die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika het reeds in 2002 spraakopnames beskou as deel van standaardpraktyk in die audiologietoetsbattery (HPCSA 2002). Die audioloë in die praktyk het inlyn met die bestaande standaard vir beste praktykprotokol besluit om van lewendige spraak na spraakopnames oor te skakel. Die tekort aan spraakmateriaal in Afrikaans het hulle aangemoedig om die FWEVA te ontwikkel. Alle kliënte is hieroor ingelig en het ingeligte toestemming gegee om hulself aan addisionele audiologietoets te onderwerp. Dit het geïmpliseer dat hul toets 10 minute langer geduur het, maar dit het geen addisionele koste vir die kliënte behels nie.

Gedurende Januarie 2017 is die kliënterekords vir Oktober 2015 tot Desember 2015 gesif vir moontlike deelnemers wat aan die insluitingskriteria voldoen. Moontlike deelnemers moes aan die kriteria vir normale gehoor voldoen, aangesien 'n normaalkurwe vir spraakherkenning vir individue met normale gehoor en dié met gehoorverlies verskil. Normale gehoor word tussen die ouderdomme 10 en 20 jaar oud verwag. Ouditiewe prossesseringsvermoë neem toe met ouderdom, maar kan teen tienjarige ouderdom met dié van 'n volwassene vergelyk word (Vaillancourt et al. 2008). 'n Afname in buitenste haarselle in die koglea wat tot gehoorverlies lei, begin op twintigjarige ouderdom (Gray 1997). Die deelnemers se ouderdom, geslag, asook hul audiogramresultate (wat suiwertoondempels en woordherkenningstellings ingesluit het) is by wyse van retrospektiewe ondersoek uit die kliënterekords versamel en op 'n elektroniese sigblad aangeteken om die data vir analise te organiseer.

'n Totaal van 39 deelnemers het aan die seleksiekriteria voldoen. Negentien van hierdie deelnemers se data is gebruik om die statistiese ekwivalensie tussen die ses woordlyste van die FVEWA te bepaal. In hierdie deelnemers se lêers is aangedui dat die praktykoudioloog elke lys van 25 woorde teen 40 dBGP aangebied het. Dit beteken dat vir hierdie groep kliënte in totaal  $25 \times 19 = 475$  woorde per woordelys aangebied is. Die persentasie van woorde wat korrek en foutief deur die individu herhaal is, is in elke deelnemer se lêer aangeteken.

Die oorblywende 20 deelnemers se data is gebruik om 'n kurwe van prestasie-intensiteitfunksie vir die woordherkenningsresultate te bepaal. Die steekproef is op hierdie wyse opgedeel na aanleiding van die spesifieke intensiteit waarteen die audioloog die spraakopname tydens die toetsprocedure vir die kliënt aangebied het. Elke een van die ses lyste wat in die FVEWA verteenwoordig word, is teen die volgende ses intensiteitsvlakke aangebied, naamlik 10, 15, 20, 25, 30, en 35 dBGP. Hierdie intensiteitsvlakke is deur die Latynse Vierkant-ontwerp geselekteer (Guenther 1964) om te verseker dat die woordlyste teen verskillende intensiteite aan verskillende individue aangebied is. Die Latynse Vierkant-ontwerp laat statistiese analise toe wat fokus op die FVEWA-woordlyste as 'n geheel, in plaas van per woordlysy. Dit beteken dat al ses woordlyste aan elk van die 20 deelnemers aangebied is, maar elkeen teen een van die gespesifiseerde intensiteitsvlakke. Tabel 1 bied 'n beskrywing van die deelnemers wat by die bepaling van die statistiese ekwivalensie sowel as die prestasie-intensiteitspsigometriese funksie betrek is.

**TABEL 1:** Beskrywing van deelnemers (N=39)

<b>Biografiese inligting</b>	<b>Frekwensie / Persentasieverspreiding</b>
<b>Deelnemers vir statistiese ekwivalensie</b>	<b>(n=19)</b>
Geslag	4 manlik (21%) 15 vroulik (79%)
Gemiddelde ouderdom	15 jaar (Omvang 13 – 18 jaar, SD 1.003)
<b>Deelnemers vir psigometriese funksie</b>	<b>(n=20)</b>
Geslag	4 manlik (20%) 16 vroulik (80%)
Gemiddelde ouderdom	16 jaar (Omvang 14 – 20 jaar, SD 1.06)

Die meerderheid van die deelnemers aan die studie was vroulik (n=31). Deelnemers se gemiddelde ouderdom was 15,5 jaar, wat in lyn is met die seleksiekriteria van individue met normale gehoor (Ferraro 1995).

## 2.2 Data-ontleding

### 2.2.1 Statistiese ekwivalensie


Die interlys-ekwivalensie in terme van moeilikhedsgraad is bereken deur toepassing van die Shapiro-Wilk-toets vir normaliteit.

### 2.2.2 Psigometriese funksie

Die psigometriese funksie vir woordherkenning kan in 'n s-kurve uitgedruk word (Figuur 1). Die s-kurve beskryf die verhouding tussen 'n individu se woordherkenning (uitgedruk as 'n persentasie) en die intensiteit van die spraakstimuli (uitgedruk in dBGP).

Die kurwe word in die literatuur aan die hand van twee sleutelparameters opgesom, naamlik die drempel (die stimulusintensiteit wat nodig is om 'n sekerevlak van woordherkenning te bereik, bv. 50% korrek) en die helling (die maksimum tempo waarteen woordherkenning met verandering in die stimulusintensiteit verhoog) (Halpin 2008). Ten einde die s-kurve en gradiëntpersentasie (% per dB) uit te beeld om normale woordherkenning te voorspel, is lineêre interpolasie, gemiddelde waardes en standaardafwyking bereken.

Die psigometriese funksie vir 'n Mongoolse woordelys word in Figuur 1 uitgebeeld. Die s-kurve maak dit moontlik om die prestasie-intensiteitfunksie grafies voor te stel. Die persentasie woorde wat korrek herken is, kan gevisualiseer word in verhouding tot die intensiteitsvlak waarteen die woorde aangebied is.



**Figuur 1:** Grafiese voorstelling van die s-kurwe vir 'n monosyllabiese woordelys in Mongools (Haslam 2009)

### 3. RESULTATE

'n Hoofdoel van die huidige navorsing was om die FVEWA statisties te evalueer om die geldigheid daarvan vir gebruik in kliniese praktyk te bepaal. Die resultate word aan die hand van twee subdoelstellings bespreek.

#### 3.1 Statistiese ekwivalensie

Die berekening van interlys-ekwivalensie was noodsaaklik om te bepaal of die ses lysste van die FWEVA uitgeruil en onafhanklik gebruik kan word. Die woordherkenningsstellings (uitgedruk in persentasie) vir elke lys wat teen 40 dBGP aangebied is, is eerstens vir 'n totaal van 475 woorde in Tabel 2 opgesom.

Alhoewel die gebruik van slegs ses woordlyste relatief min materiaal vir ontleding verskaf, het die persentasies van woorde wat foutiewelik en korrek herhaal is, aan die vereiste van die Shapiro-Wilk-toets vir normale verspreiding van data voldoen ( $p=0.776$ ). Vir 'n normaal verspreide veranderlike is daar 'n 95%-waarskynlikheid om 'n waarde in die interval ( $m-1.96s$ ;  $m+1.96s$ ) te kry. Dit beteken dat vir die ses lysste wat in die FVEWA gebruik word, daar 'n 95%-waarskynlikheid is dat tussen 2.4% en 4.5% van die woorde verkeerd herhaal is (met ander woorde <5%) en dat tussen 95.5% en 97.6% van die woorde korrek herhaal is ( $dus>95\%$ ).

Ekwivalensie tussen die verskillende lysste is ontleed deur die gemiddelde en standaardafwyking vir elke lys te bepaal (sien Tabel 2) en daar is gevind dat die gemiddelde moeilikheidsgraad ten opsigte van die ses afsonderlike lysste vergelykbaar is met 'n standaardafwyking van 1.33. ANOVA is gebruik om te bepaal of die gemiddelde telling van die ses lysste statisties beduidend verskil ( $p\leq 0.5$ ). Die resultaat het bevestig dat daar geen statisties beduidende verskille tussen die gemiddelde tellings van die ses lysste is nie ( $p=1$ ). Hieruit kan afgelei word dat die ses lysste se moeilikheidsgraad vergelykbaar is en dat enigeen dus vir die bepaling van psigometriese funksie gebruik kan word.

**TABEL 2:** Woordherkenningsstellings teen 40 dBGP vir elke lys wat in die FVEWA verteenwoordig word (n=19)

Lysnommer	Persentasiewoordherkenning	
	Korrek	Foutief
L1	96.4%	3.6%
L2	94.7%	5.3%
L3	96.8%	3.2%
L4	96.8%	3.2%
L5	98.7%	1.3%
L6	95.8%	4.2%
Gemiddeld (m)	96.6%	3.4%
Standaardafwyking (s)	1.33	1.33
(m-1.96s; m+1.96s)	(95.5; 97.6)	(2.4; 4.5)
p-waarde (L1-L6)	p=1	p=1

### 3.2 Prestasie-intensiteitfunksie

Die s-kurve is bepaal deur die hoogste, gemiddelde en laagste woordherkenningsstellings te identifiseer, asook deur die helling van die kurwe te bereken. Die persentasie korrekte woordherkennings van 20 deelnemers vir ses intensiteite (10, 15, 20, 25, 30 en 35 dBGP) verskyn in Tabel 3.

Elkeen van die 20 deelnemers se persentasie korrekte woordherkennings word weerspieël in Tabel 3, byvoorbeeld: deelnemer 1 se woordherkenningsstelling by 10 dBGP was 12%, en by 'n aanbiedingsvlak van 35 dBGP was dit 100%. Die gemiddelde persentasie korrekte woordherkennings per intensiteit is in die onderste lyn van Tabel 3 ingesluit. Die data toon duidelik hoe die persentasie woordherkennings toeneem namate die intensiteit van aanbieding toeneem. Die laagste en hoogste persentasie korrekte woordherkennings is duidelik in Tabel 3 uitgebeeld. 'n Vlak van 50% korrekte woordherkennings is statisties bepaal en word vervolgens bespreek.

#### 3.2.1 Berekening van die 50%-vlak van woordherkennings vir die FWEVA

Die 50%-vlak van korrekte woordherkennings is met die gebruik van lineêre interpolasie vir elke deelnemer bepaal deur die volgende formule toe te pas:

$$P50 = \frac{(50-PI)(X2-X1)}{(P2-P1)} + X1$$

**TABEL 3:** Persentasie woordherkenningstellings(%) van deelnemers (n=20) teen ses verskillende intensiteite

Deelnemer	Intensiteite					
	10dBGP	15dBGP	20dBGP	25dBGP	30dBGP	35dBGP
1	12%	44%	56%	76%	88%	100%
2	48%	64%	88%	92%	92%	100%
3	12%	40%	60%	92%	88%	100%
4	0%	44%	48%	88%	88%	100%
5	52%	80%	84%	92%	100%	100%
6	48%	68%	84%	100%	100%	100%
7	4%	52%	80%	80%	100%	100%
8	0%	0%	40%	60%	92%	92%
9	32%	52%	68%	88%	92%	92%
10	48%	68%	88%	88%	88%	88%
11	27%	56%	88%	92%	92%	96%
12	28%	56%	64%	80%	88%	92%
13	32%	56%	76%	88%	96%	96%
14	56%	84%	96%	96%	96%	100%
15	32%	32%	84%	96%	100%	100%
16	20%	36%	80%	88%	96%	100%
17	20%	52%	96%	96%	96%	100%
18	16%	48%	96%	100%	100%	100%
19	52%	64%	92%	92%	100%	100%
20	48%	72%	84%	84%	96%	96%
<b>Gemiddelde %</b>	<b>29.4</b>	<b>53.4</b>	<b>77.6</b>	<b>88</b>	<b>94</b>	<b>97.6</b>

Gestel die 50%-korrekte woordherkenning het voorgekom in die interval X1 tot X2 dBGP. P1 verteenwoordig die persentasie woordherkenning by X1 en P2 die woordherkenning by X2. P50 sal dan die intensiteit verteenwoordig waar 50% woordherkenning voorgekom het. Die verwerkte resultaat vir elke deelnemer word in Tabel 4 aangedui, en die gemiddelde waarde en standaardafwyking (SD) is ook vir die 30 interpolêre waardes bereken. Met die hoogste, gemiddelde en laagste woordherkenningstellings wat beskikbaar is, is die helling vir woordher-

kenning per deelnemer bepaal en ook in Tabel 4 ingesluit. Die helling is bepaal deur die verskil tussen die hoogste en laagste persentasie woordherkenning per deelnemer te deel deur die verskil tussen die ooreenstemmende intensiteitswaardes. Met ander woorde, indien die minimum persentasie woordherkenning teen die intensiteit XmindBGP voorgekom het en die maksimum persentasie woordherkenning by XmaxdBGP voorgekom het, kan die helling soos volg beskryf word:


$$\frac{P_{\max} - P_{\min}}{X_{\max} - X_{\min}}$$

**TABEL 4:** 50%-korrekte woordherkenningstelling en helling vir deelnemers(n=20)

Deelnemer	50%-telling in dBGP	Helling (% per dB)
1	17.5	3.5 %/dB
2	10.6	2.1 %/dB
3	17.5	3.5 %/dB
4	20.2	3.7 %/dB
5	9.6	2.4 %/dB
6	10.5	3.5 %/dB
7	14.8	4.8 %/dB
8	22.5	4.6 %/dB
9	14.5	2.4 %/dB
10	10.5	1.6 %/dB
11	14.0	2.8 %/dB
12	13.9	2.6 %/dB
13	13.8	3.2 %/dB
14	10.0	1.8 %/dB
15	16.7	3.4 %/dB
16	16.6	3.2 %/dB
17	14.7	3.2 %/dB
18	15.2	5.6 %/dB
19	10.0	2.4 %/dB
20	10.4	2.4 %/dB
<b>Gemiddeld</b>	<b>14.2</b>	<b>3.1%/dB</b>
<b>Standaardafwyking</b>	<b>1.2</b>	<b>0.9%/dB</b>

Die FVEWA-woordlyste het 'n 50%-korrekte woordherkenningstelling by 14.2 dBGP gelewer. 'n Normale waarde word geag as tussen -10 en 25 dBGP(Stach 2010).

Die helling van die psigometriese funksie, oftewel die tempo waarteen woordherkenning in verhouding tot die intensiteit van aanbieding verander, is van fundamentele belang, aangesien dit kliniese inligting ten opsigte van verbetering in woordherkenning bevat. Die s-kurwe word in Figuur 2 uitgebeeld.



*Figuur 2: Grafiese voorstelling van die s-kurwe vir die FVEWA*

Die helling van die woordlyste in die FVEWA by 50% (%/dB) is dieselfde as in die CID W-22 woordlyste, naamlik 3.1%/dB (Hirsh et al. 1952). Die variasie in die helling is egter minder vir die FVEWA (0.9%/dB) as vir die CID W-22 woordlyste (1.2%/dB), wat daarop dui dat die materiaal van die FVEWA meer homogeen is as dié van die CID W-22.

#### 4. GEVOLGTREKKINGS

Die ses FVEWA-woordlyste is vergelykbaar wat moeilikheidsgraad betref. Die intensiteit waarby deelnemers 50% woordherkenning bereik, is binne normale perke en die helling van die psigometriese funksie is vergelykbaar met ander beskikbare woordlyste insluitend die CID W-22, Sprakkateriaal in Rajasthani (Kharia 2010) en die Foneties balanseerde toetsmateriaal in Tamil (Dayalan 1976). Die gevolgtrekking word gemaak dat die FVEWA-toetsmateriaal geldig is vir kliniese gebruik om woordherkenning by Afrikaanssprekende persone te bepaal. Alhoewel die gebruik van slegs ses woordlyste relatief min materiaal vir analise verskaf, het die data aan die vereiste van die Shapiro-Wilk-toets vir normale verspreiding voldoen en kan die FWEVA as vertrekpunt vir die daarstelling van 'n Afrikaanse woordherkenningstoets beskou word. Die toekoms van enige taal word bepaal deur die amptelike gebruik daarvan, insluitend in die werkplek. 'n Lewende taal met 'n toekoms is 'n taal wat 'n volledige funksionele taal is en nie net vir sekere funksies gebruik word nie (Giliomee et al. 2001).

## 5. VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Verdere navorsing oor die FVEWA-spraakmateriaal kan poog om die doeltreffendheid van die toepassing van hierdie woordlyste op persone met verskillende grade van gehoorverlies te bepaal. Die data kan ook verder ontleed word deur die helling vir die psigometriese funksie by ander persentasies (bv. 20% en 80%) te bepaal, aangesien die literatuur na moontlike veranderings in die helling verwys, gegewe bepaalde persentasies korrekte spraakherkenningstellings (Wilson & Strouse Carter 2001).

Die toetsmateriaal kan ook gebruik word om die effek van verskillende gehoorapparate op woordherkenning te ondersoek. 'n Verskeidenheid gehoorapparate met verskillende vlakke van tegnologie is beskikbaar en dit is belangrik om die mees gesikte apparaat vir elke kliënt volgens sy/haar individuele behoeftes te bepaal (Sydlowski 2014). Geldige woordlyste kan 'n waardevolle bydrae gedurende die besluitnemingsproses lewer. Dieselfde toetsmateriaal kan gebruik word om 'n spraak-in-geraas-toets en ander spesiale toetse vir ouditiewe prosessering te ontwikkel.

## BIBLIOGRAFIE

- Carhart, R. 1951. Basic principles of speech audiometry. *Acta Oto-Laryngologica*, 40:62-71.
- Carhart, R. 1965. Problems in the measurement of speech discrimination. *Archives of otolaryngology*, 82:253-260.
- Davis, H. 1978. Audiometry: Pure tone and simple speech tests. In H. Davis & S. Silverman, eds. *Hearing and Deafness*. Austin: Holt, Rinehart and Winston, pp. 183-221.
- Dayalan, S. 1976. *Development and Standardization of Phonetically Balanced Test Materials in Tamil Language*. University of Mysore. Unpublished Master's Thesis.
- Ferraro, F. 1995. Aging, Alzheimer's disease, and word recognition. In P. Allen & T. Bashore, eds. *Age differences in word and language processing*. Amsterdam: Elsevier.
- Finan, R. 2012. *Survey of audiometric practices in the United States*. University of Northern Colorado, Greeley, CO.
- Giliomee, H. et al. 2001. *Kruispad: Die toekoms van Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, beperkte uitgawe.
- Gray, L. 1997. Auditory system: Structure and function. J. Byrne, ed. *Neuroscience Online*, p.Section 2. Available at: <http://neuroscience.uth.tmc.edu/s2/chapter12.html> [Accessed April 19, 2017].
- Guenther, W. 1964. *Analysis of variance*. Michigan: Prentice-Hall.
- Guthrie, L. & Mackersie, C. 2009. No Title. *Journal of American Academy of Audiology*, 20:381–390.
- Hall, J. 2017. Rethinking your diagnostic audiology battery: Using value added tests. *Audiology Online*, September (20463). Available at: <https://www.audiologyonline.com/articles/rethinking-your-diagnostic-audiology-battery-20463>.
- Halpin, C. 2008. Measuring audiometric outcomes. In J. Shin, C. Hartnick, & G. Randolph, eds. *Evidence-based otolaryngology*. Massachusetts: Springer, p. 234.
- Haslam, V. 2009. *Psychometrically equivalent monosyllabic words for word recognition testing in Mongolian*. Brigham Young University.
- Hirsh, I. et al. 1952. Development of materials for speech audiometry. *Journal of speech and hearing disorders*, 17:321-337.
- Hornsby, W. & Mueller, H. 2013. Monosyllabic Word Testing: Five Simple Steps to Improve Accuracy and Efficiency. *AudiologyOnline*, July. Available at: <http://audiologyonline.com>.
- HPCSA, 2002. Standards of practice in audiology. *Guidelines for the health care professionals*, December. Available at: [http://www.hpcsa.co.za/Uploads/editor/UserFiles/downloads/conduct\\_ethics/audiology\\_standards\\_for\\_slh.pdf](http://www.hpcsa.co.za/Uploads/editor/UserFiles/downloads/conduct_ethics/audiology_standards_for_slh.pdf).
- Kholia, L. 2010. *Development and Standardization of Speech Material in Rajasthani Language*. University of Mysore. Unpublished Master's Thesis.

- Laubscher, A.M.U. & Tesner, H. 1969. *Afrikaanse foneties gebalanseerde woordelyste: Enkellettergrepige woordelyste in Afrikaans*. Onafhanklike werk.
- Lawson, G. & Peterson, M. 2011. *Speech audiometry*, San Diego: Plural Publishing Inc.
- McMillan, J. & Schumacher, S. 2010. *Research in education: evidence-based inquiry* 7th ed. Boston: Pearson Inc.
- Mendes, A. et al. 2012. Contributions to the elaboration of a phonetically balanced text for the European-Portuguese. *Revista CEFAC*, 14(5):910-917.
- Roeser, R.J. & Clark, J. 2008. Live voice speech recognition audiometry -- stop the madness. *Audiology today*, 20(1):32(2). Available at: <http://trove.nla.gov.au/version/92539083>.
- Roets, R. 2005. *Spraakoudiometrie in Suid-Afrika: Ideale kriteria teenoor kliniese praktyk*. University of Pretoria.
- Schoepflin, J. 2012. Back to Basics: Speech Audiometry. *AudiologyOnline*, (July 30).
- Sensus, 2011. Statistics Southern Africa. Available at: <http://www.statssa.gov.za> [Accessed April 19, 2017].
- Stach, B.A. 2010. *Clinical Audiology: An Introduction*, Stamford, CT: Delmar Cengage Learning.
- Sydlowski, S. 2014. Hearing loss and latest hearing aid technology. *Patient education* 216.444.3771. Available at: [https://my.clevelandclinic.org/health/transcripts/1689\\_hearing-loss-and-the-latest-hearing-aid-technology](https://my.clevelandclinic.org/health/transcripts/1689_hearing-loss-and-the-latest-hearing-aid-technology) [Accessed April 19, 2017].
- Thibodeau, L. 2007. Speech Audiometry. In R. Roeser, M. Valent, & H. Hosgford-Dunn, eds. *Audiology Diagnosis*. New York, NY: Thieme Medical Publishers Inc, pp. 288-313.
- Vaillancourt, V. et al. 2008. Establishment of age-specific normative data for the Canadian French version of the hearing in noise test for children. *Ear and hearing*, 29(3):453-466.
- Van Heerden, R. 1999. *Die voorkomsfrekwensie van die spraakklanke van Afrikaans met die oog op fonetiese balansering van audiologie woordelyste*. University of Pretoria.
- Wilson, R. & Strouse Carter, A. 2001. Relation between slopes of word recognition psychometric functions and homogeneity of the stimulus materials. *Journal of the American Academy of Audiology*, 12(1):7-14.
- Wong, L. & Hickson, L. 2012. *Evidence-based practice in audiology evaluating intervention for children and adults with hearing impairment*, Plural Publishing Inc.

## Aktueel: Debat

### Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (2)

---

## Redakteursnota

In hierdie uitgawe lewer Danie Strauss en Andries Raath die sluitstukke in hulle kritiese lees van die werk van Danie Goosen en Koos Malan in die debat oor staat en samelewing. Soos gestel in die Desember 2017-uitgawe, bespreek Strauss die implikasies van die *geheel-dele-relasies* vir 'n begrip van sosiale omgang en verkeer in 'n gedifferensieerde samelewing. Andries Raath, daarenteen, besin op sy beurt opnuut oor die grondslae van politokratiese kommunitarisme, met spesifieke aandag aan die vermeende belang van Johannes Althusius vir die begrip polis.

Ter inligting word die vorige bydraes tot die debat hieronder kortlik geskets:

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath, in 'n diskous met Danie Goosen en Koos Malan, die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme van nader bekijk.

In die September 2016-nommer tree Danie Strauss toe tot die debat deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word "indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van soewereiniteit-in-eie-kring en universaliteit-in-eie-kring".

In Desember 2016, in die tweede boek, lewer sowel Danie Goosen as Koos Malan repliek op die vorige twee standpunte, soos verwoord deur Andries Raath (Junie 2016) en Danie Strauss (September 2016) onderskeidelik.

In Junie 2017, in die tweede boek, reageer Danie Strauss op veral Danie Goosen se repliek wat in die Desemberuitgawe van 2016 verskyn het. Die outeur beplan om in opvolgbydrae bepaalde raak- en verskilpunte met sowel Danie Goosen as Koos Malan se standpunte breër uit te werk.

In September 2017 beredeneer sowel Andries Raath as Danie Strauss spesifieke filosofiese vooropstellings in die voortgesette debat rondom staat en samelewing. Andries Raath bepleit 'n diepgaande gesprek oor grondslagkwessies – vir hom is dit essensieel dat voldoende aandag geskenk word aan "die grondmotiewe, grondidees en ideologiese ladings van wetenskaplike begrippe in die antieke Griekse politieke denke". Eweneens beredeneer Danie Strauss in sy artikel, met spesifieke verwysing na Koos Malan se *Politokrasie*, "wysgerige onderskeidinge relevant vir 'n besinning oor staat en samelewing".

In Desember 2017 gee Danie Strauss, as wegbereider vir sy analise van aspekte van 'n gedifferensieerde samelewing, 'n uiteensetting van die *geheel-dele-relasie*, gesien vanuit 'n algemeen-wysgerige sowel as 'n vakfilosofiese perspektief.

Hierdie aktuele debat, wat deurgaans op 'n gesofistikeerd-beredeneerde wyse gevoer is, word afgesluit met beoogde bydraes deur Danie Goosen en Koos Malan in die Junie-nommer van die tydskrif. Lees ook, in hierdie uitgawe, Denis Venter se meningstuk, oor "demokratiese regering en die rol van etiek en integriteit in die politiek en openbare lewe" as nog 'n perspektief op staat en samelewing.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Februarie 2018

# Gemeenskappe in 'n gedifferensieerde samelewing

*Communities within a differentiated society*

DANIE STRAUSS

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom Kampus

E-pos: dfms@cknet.co.za



Danie Strauss

**DANIE STRAUSS** word in 1971 as senior lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. Vanaf Januarie 1976 is hy bevorder tot mede-professor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek by na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf April 1998 tot 31 Desember 2001 aangeer hy as Dekaan van die nuwe Fakulteit van Geesteswetenskappe aan die UVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 42 internasionale konferensievoordrage en 20 bydraes tot versamelde werke het meer as 290 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer Peter Lang gepubliseer, *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford: New York). In 2009 het sy werk, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* by Paideia Press, Grand Rapids, USA verskyn (715 pp.). In 2011 is dit in Amsterdam deur die *Stichting Reformatrice Filosofie* beloon as die mees omvattende uitbouing van die sistematische erfenis van hierdie filosofie. Sedert 2013 is Danie Strauss Navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus.

**DANIE STRAUSS** was appointed as senior lecturer in Philosophy at the then University of the Orange Free State (UOFS) in 1971. He was promoted to associate professor in January 1976 and in October 1977 he became professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where as the first Director of the *Dooyeweerd Centre*, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UFS. Apart from 15 independent publications, 42 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published 290 articles in national and international journals. In 2005 his work on the philosophical foundations of the modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang published his work *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford New York). In 2009 his work, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* was published by Paideia Press, Grand Rapids, USA (715 pp.). In 2011 this book received the award for work in the fields of systematic philosophy or the history of philosophy for advancing the cause of the “Philosophy of the Cosmonomic Idea”. Since 2013 Danie Strauss is a Research Fellow at the School of Philosophy, North West University, Potchefstroom Campus, South Africa.

## ABSTRACT

### *Communities within a differentiated society*

*As modes of existence and modes of explanation the aspects of reality call for an idea of what is unique and mutually cohering. Two mutually exclusive ismic orientations, known as individualism (atomism) and universalism (holism) dominated theoretical reflection on human society since ancient Greece. Goosen's preference for community brings to expression a positive appreciation of the main traits of the Greek city state (the polis) as well as a positive inclination towards the ideas on state and society in the thought of Plato and Aristotle. Jellinek even depicts these two isms as opposing world views.*

*In addition the history of reflecting about human society knows attempts to understand societal entities as imitating living organisms. Vitalism faced the obstacle of closed physical systems only allowing for a stasis or increase of entropy, until Schrödinger pointed out that a living entity, as an open system, can extract more order from its environment than what it can built up internally within itself. Multiple societal entities exist on the basis of a similar continuous exchange of their members. Analogies of the most basic aspects of reality are indeed constitutive for the meaning of the social intercourse. Physical entities exist, plants are alive, animals are experiencing their world, while humans lead a life, guided by normative points of view.*

*The interconnections between entities, as they are manifested in enkaptic relations and subject-object relations, shed a different light on the way in which Goosen speaks about things as "mere objects," particularly when the opening-up of object-functions is contemplated. In addition it should be realized that terms derived from any modal aspect could be employed in a conceptual as well as a concept-transcending manner. For example, concept-transcending (idea-)statements exploring the first four aspects are: (i) everything is unique; (ii) everything coheres with everything else; (iii) everything is constant and (iv) everything changes. It is applied to what Goosen holds regarding the "incomprehensibility" but at once "beaming fullness" of things.*

*The different ways in which we can classify social interaction depend on all the constitutive (modal analogical) structural elements within the social aspect. An analysis of these total concepts enables a classification of social forms of interaction into three distinct categories, identified on the basis of two structurally specified features, namely (a) a solidary unity character (the coming and going of members do not affect the enduring identity of the social form of life) and (b) a permanent relation of super- and subordination.*

*When both of the features are present we encounter societal collectivities (Afrikaans: "verbande") – such as the state, a church or mosque, a firm, a university or a nuclear family. If only one of them is present communities are at stake and when both are absent co-ordinational (co-ordinated) relationships are encountered. Rousseau is used to illustrate a distorted application of the whole-parts scheme which resulted in the idea of "forcing people to be free." The idea of the political whole (the state) as the community of communities misunderstands the nature of citizenship and at once eliminates the sphere-sovereignty of the non-political communities and societal collectivities. Johannes Althusius was the first legal scholar who realized that churches, business enterprises and the like are not parts of the state, because genuine parts could only be provinces and municipalities.*

*Acknowledging the principle of sphere-sovereignty underlies an account of the differences between civil and non-civil private law, as well as public law while acknowledging public legal freedoms, civil freedoms and societal freedoms. A human being can assume multiple social roles without ever being fully absorbed by anyone of them.*

*Goosen has the sound insight that constancy and change should both be acknowledged. Unfortunately some of his formulations still contain elements of the space metaphysics of Parmenides. This is rather strange because he objects to a spatializing method of thinking, but does not realize that he then should also steer clear of employing the whole-parts relation, because in its original sense it has a spatial meaning as well.*

*The problematic idea of Goosen regarding a “rational order” is questioned because it contradicts his correct principled stance against the conception of the construction of reality. It still reflects the idea of logical creation – an idea found in the thought of Hobbes. This element of nominalism reached its rationalistic peak in the view of Kant according to which human understanding is the formal law-giver of nature. The God-given creational order is intelligible but not rational.*

*The so-called “transcendentalia” of Greek-Medieval philosophy, namely unity, truth, beauty and goodness, are actually a poor, one-sided and extremely reductionist account of the multiple modal aspects of reality. Their selection ultimately depends upon die ground-motive of form and matter directing Greek philosophy.*

*There does not exist an all-encompassing human community, and if it is contemplated, for example the political domain as a community of communities, the inevitable consequence will be that the principle of sphere-sovereignty is jeopardized and that no limits could be set to the authority of government.*

**KEY WORDS:** Whole-parts, individualism, atomism, universalism, holism, *polis*, form-matter motive, elementary basic concepts, compound basic concepts, type concepts, concept-transcending knowledge, solidary unitary character, permanent authority structure, co-ordinational relationships, communities, societal collectivities, sphere-sovereignty, logical creation, rational order

**TREFWOORDE:** Geheel-dele, individualisme, atomisme, universalisme, holisme, *polis*, vorm-materie motief, elementaire grondbegrippe, saamgestelde grondbegrippe, tipe begrippe, begripstransenderende kennis, solidêre eenheidskarakter, permanente gesagstruktuur, maatskapsbetrekkinge, gemeenskappe, verbande, soewereiniteit-in-eie-kring, logiese skepping, redelike orde

## OPSUMMING

Op die basis van verskillende tipes grondbegrippe ondersoek hierdie artikel die aard van verskillende wyses van omgang en verkeer in 'n gedifferensieerde samelewing – as alternatief op die eensydighede van individualistiese en universalistiese samelewingsbeskouings. Jellinek verwys selfs na hierdie twee sienings as *wêreldbeskouings*. Dit verantwoord die aard van maatskapsverhoudinge, gemeenskapsverhoudinge en verbandsverhoudinge en sluit af met 'n saaklike bespreking van enkele grondmomente van die wysgerige grondidee waarmee Goosen opereer.

## 1. VOORKEUR VIR DIE AARD VAN 'N GEMEENSKAP

Goosen en Malan staan tereg krities teenoor die individualistiese (atomistiese) erfenis. As alternatief bejeën hulle die geheel-dele relasie positief. In sy werk oor *gemeenskap en plek* stel Goosen tewens pertinent dat hy nie “die gemeenskapsgedagte slegs op 'n neutrale wyse”

wil “beskryf” nie, aangesien hy “eerder ’n voorkeur vir die gemeenskapsgedagte” wil uitoefen (Goosen 2015:115).

Daarmee word teruggegryp na die Griekse gemeenskapsidee, soos wat dit vergestalt is in die *polis* (stadstaat) en in die wysgerige denke van Plato en Aristoteles. Hul verstaan van die moderne territoriale staat word weliswaar negatief gekleur deur dit as “staatlikheid” te tipeer – wat vir hul besef impliseer dat “staatlikheid” *staatsideologies* verstaan moet word – in die negiewe sin van die woord.

## 2. TWEE TEËGESTELDE WÉRELDGESKOUINGS

Die teenoorstelling van atomistiese en holistiese (individualistiese en universalistiese) sienings is uiteraard nie nuut nie want dit gryp enersyds terug na die Griekse denke (Kallikles en Protagoras) en andersyds na Plato en Aristoteles. Die universalistiese erfenis is feitlik deurgaans tegelyk aan ’n *organiese* perspektief verbind, soos tewens ook blyk uit Gunnar Myrdal se kensketsing daarvan – die utilitaries-liberalistiese atomisme aan die een kant en die toenemend heterogeen-organiese benadering aan die ander kant.<sup>1</sup> Van groter belang is wat Jellinek (1966:174) uitlig, naamlik dat dit ten diepste oor twee *wéreldgeskouings* handel.

Onderliggend aan hierdie stellingnames is die algemeen-wysgerige probleem van *eenheid en verskeidenheid*. Goosen duï selfs die “aard van die politieke werklikheid” aan as “die spel tussen eenheid en veelheid” (Goosen 2016:223). Die ewe fundamentele relasie tusssen ’n geheel en sy dele vind sy “modale tuiste”<sup>2</sup> in die ruimte-aspek, hoewel dit tegelyk in getalsverhoudinge (die *ene* en die *vele*) gefundeer is – soos duidelik blyk uit die (suksessief-) oneindige verdeelbaarheid van ’n kontinu-samehangende geheel – soos wat dit deur Zeno uit die skool van Parmenides ontdek is en deur Aristoteles opnuut verder gevoer is. Dink bloot aan Aristoteles se waardering van die *polis* wat as politieke geheel aan die familie en die enkeling voorafgaan, ’n gevolgtrekking wat daaruit voortvloeи dat die geheel aan die deel voorafgaan:<sup>3</sup>

Daarom gaan die staat, kragtens sy natuur, vooraf aan die familie en die individu, aangesien die geheel aan die deel moet voorafgaan.<sup>4</sup>

Die algemeen-wysgerige probleem wat hier na vore tree, kan ook beskou word as die vraag na ’n *grondnoemer* of *vergelykingsnoemer* met behulp waarvan sinvol van die verskeidenheid in die werklikheid rekenskap gegee kan word.

Wanneer getals- of ruimte-verhoudinge tewens tot die allesomvattende verklaringsbeginsel (vergelykingsnoemer) verhef word, betree ons die domein van die twee teëgestelde eensydige *isme*-oriëntasies wat ons sopas met verwysing na Jellinek vermeld het. In die loop van die 20ste eeu kan ook tussen *metodologiese individualisme (atomisme)* en *metodologiese universalisme (holisme)* onderskei word. Let egter daarop dat die term *universalisme* hier verwys na ’n oorspanning van die ruimtelike geheel-dele relasie want dit bevat ’n antwoord op die bogemelde vraag na ’n *grondnoemer* of *vergelykingsnoemer*.<sup>5</sup>

<sup>1</sup> Myrdal (1932:87). [Vertalings is deurgaans deur die Outeur.]

<sup>2</sup> Die term “modaal” verwys na ’n *modus* of *wyse van bestaan*.

<sup>3</sup> Die vermeende algemene opvatting dat *die geheel meer as die som van die dele daarvan is* – of *dat die geheel groter as ’n deel daarvan is* – is deur die versamelingsleer weerlê. By ’n oneindige versameling is die geheel ekwivalent aan enige egte deel daarvan.

<sup>4</sup> καὶ πρότερον δὲ τῇ φύσει πόλις ἡ οἰκία καὶ ἔκαστος ἡμῶν ἐστίν. τὸ γὰρ ὅλον πρότερον ἀναγκαῖον εἶναι τοῦ μέρους – Aristoteles, *Politica*, 1253 a 19-20 (Aristoteles 1894:149).

<sup>5</sup> Die universalisme kan ook op die oorbeklemtoning van dit wat universeel is duï.

Die bedoeling is dat hierdie artikel nader ingaan op die aard van sosiale omgangsvorme (maatskaps-, gemeenskaps- en verbandsverhoudinge – teen die agtergrond van Strauss 2017a). Enersyds vra hierdie argumentasielyn aandag vir die rol van die verskillende analogiese grondbegrippe wat binne die struktuur van alle werklikheidsaspekte aangetref word en wat hier in die besonder binne die sosiale aspek na vore tree. Andersyds sal dit blyk dat dit oor saamgestelde grondbegrippe handel wat hierdie besinning sal rig op die plek en aard van gemeenskappe in 'n gedifferensieerde samelewing. Globaal gesien moet derhalwe rekenskap gegee word

- (i) van elementêre (analogiese) modale begrippe (funksie-begrippe)
- (ii) van modale totaal-begrippe (saamgestelde grondbegrippe) en
- (iii) van struktuur-tipiese (entiteits-)begrippe.

### 3. FUNKSIE-BEGRIFFE EN ANALOGIESE GRONDBEGRIFFE

Gödel het begryp dat die verband tussen verskillende unieke aspekte op "primitiewe terme" appelleer wat slegs met behulp van 'n *intuitiewe insig* (skou) verstaan kan word – en dat die sin van sulke primitiewe terme tot openbaring kom in die konneksies of relasies wat tussen hulle bestaan (Yourgrau 2005:169). Bedink byvoorbeeld dat in die ooreenstemmende moment van *uitgebreidheid* tegelyk die verskil tussen fisiese ruimte en matematiese ruimte na vore tree – waarmee die aard van 'n *analogie* belangrik word.<sup>6</sup>

Hoewel die begrip *afstand* in die eerste plek 'n ruimte-term is, het Bogardus in 'n ander konteks die frase *sosiale afstand* vir die eerste keer in 1928 gebruik.<sup>7</sup> Hierdie begrip berus op die ruimte-analogie binne die struktuur van die sosiale aspek. Dink byvoorbeeld aan die lyfwag van die President van 'n land wat normaalweg *naby* aan die President is, hoe seer daar tegelyk 'n groot *sosiale afstand* tussen beide bestaan.

Wanneer Goosen oor verskillende gemeenskappe skryf, verwys hy onder meer na matriargale ordes wat "hulself as onlosmaaklik deel van 'n oer-eenheid ten grondslag van alle dingeervaar" sodanig dat "'n afstand met betrekking tot die oer-eenheid toe nog ontbreek het" – en tesame daarmee die moontlikheid van wetenskaplike denke. In wetenskaplike denke word tewens afstand geneem van die geheel "om dit as't ware van 'buite af' te beskryf" (Goosen 2015:122). Sodanige "gebrek aan afstand" staan ook in die weg van "beheer oor die werklikheid" meen Goosen (2015:122-123). Dit gaan duidelik vir Goosen nie bloot oor "sosiale afstand" nie. Hy sluit immers by die "tradies" aan waarvolgens "die geheel as 'n gemeenskapsgebeureervaar" is (Goosen 2015:86). Die terme "geheel" en "gemeenskap" vervul duidelik 'n sleutel-rol in Goosen se denke.

<sup>6</sup> Hou in gedagte dat daar onderskei moet word tussen terugwysende analogieë (retrosipasies) en vooruitwysende analogieë (antisipasies). Terloops wys ons daarop dat Goosen se tipering van analogiese denke as paradoksaal (met verwysing na A=A en krygers as leeu – Goosen 2015:129) van hierdie las bevry kan word indien die uniekheid en samehang tussen die logies-analitiese en teken-aspekte van die werklikheid verreken word – sien Strauss 2012a in sy geheel. ("Die moontlikheidsvoorraarde van metafoorgebruik").

<sup>7</sup> "Social distance is a term that has been used in the social science literature since at least Bogardus (1928). The idea is that people are expected to act more favorably toward those with a higher degree of social kinship. Typical determinants of social distance are nationality, occupation, race, religion; the weights assigned to each category vary somewhat across cultures" (Charness & Gneezy 2000:3).

#### 4. BEPERKINGS VAN DIE GEHEEL-DELE RELASIE

Bedink hierby dat 'n ruimtelike geheel *homogeen* is want elke deel openbaar dieselfde eienskappe as die geheel – dit is ook kontinu en oneindig verdeelbaar. Die *baan* of *trajek* van 'n bewegende liggaam belig 'n ruimte-analogie in die kinematische aspek. Die toepaslikheid van die geheel-dele relasie kan egter nie toereikend van die verhouding tussen atoom en molekuul rekenskap gee nie (Strauss 2017a).

'n Biotiese geheel is nie meer homogeen nie, terwyl 'n fisiese geheel dit wel is. Nogtans besit elke egte sout-deeltjie steeds dieselfde sout-struktuur, *NaCl* – maar nie *Na* apart en *Cl* apart nie. Oeing-Hanoff (1976:306) verwys na *water* (fisies homogeen) en 'n *perd* (bioties heterogeen): "elke deel van 'n individuele druppel water is water, maar elke deel van 'n perd is nie 'n perd nie". *Organiese lewe* dui op die teenwoordigheid van 'n *menigvuldigheid organe* wat saamgebind word in die *eenheid* van lewende dinge.<sup>8</sup>

In die lig van die feit dat lewende dinge 'n menigvuldigheid organe duursaam saambind, is dit begrypplik dat sienings van die menslike samelewing van oudsher af na analogie van lewende "organismes" beskryf is. Telkens, wanneer hierdie analogie nie as 'n analogie verstaan word nie, lei hierdie benadering tot 'n *identifisering* van die samelewing en 'n organisme. Auguste Comte verteenwoordig 'n universalistiese-organisistiese denkwyse<sup>9</sup> terwyl Herbert Spencer 'n individualistiese organisisme voorstaan (Spencer 1968:22).

#### 5. ORGANIESE STABILITEIT BERUS OP FISIESE ONSTABILITEIT

Die vitalistiese agtergrond van "organisistiese" benaderings het nog aan die idee van *geslote* sisteme vasgehou – waardeur 'n vermeende immateriële lewenskrag die tweede hoofwet van die termodynamika sou *suspender* (die wet van *nie-afnemende entropie* wat bepaal dat in 'n geslote sisteem steeds die mees waarskynlike toestand bereik sal word).

Die toenemende orde wat in lewende dinge na vore tree beteken dus (skynbaar) dat lewende dinge die tweede hoofwet oortree. Von Bertalanffy het egter hierdie wet tot *oop sisteme* veralgemeen wat hy as 'n *vloeiente ewewig [Fließgleichgewicht]* aandui.

In sy geskrif oor die *Fisiese Aspekte van die Lewende Sel* praat Schrödinger van "negatiewe entropie". Schrödinger wys daarop dat lewende dinge die snelle verval tot 'n inerte toestand van ekwilibrium probeer vermy en wel deur negatiewe entropie as voedsel te gebruik (WEB weergawe bladsye 46-47). Vanuit 'n biochemiese en biofisiiese gesigspunt beredeneer Trincher die *tipiese* wyse waarop lewende entiteite in die fisies-chemiese aspek van die werklikheid funksioneer en belangrike implikasies van die insig dat lewende dinge, termodynamies gesien, *oop sisteme* is.<sup>10</sup>

<sup>8</sup> Die proporsionele verhouding tussen die kern en sitoplasma van 'n lewende sel is konstant (sien De Robertis, Nowinski & Saez 1965:205-206) en besoek die WEB by "NUCLEOPLASMIC INDEX" (besoek op 12 Oktober 2017).

<sup>9</sup> Martindale (1973:7) wys daarop dat *sosiale organisasie* deur die "organisme" werk met die gedagte van die samelewing se organe.

<sup>10</sup> Die vier eienskappe is: (i) ruimtelike-afgrensing; (ii) begrensde lewensduur; (iii) egalig-konstante sel-temperatuur en (iv) die hoëre sel-temperatuur as die onmiddellik-aangrensende omgewing (Trincher 1985:336).

## 6. LEDE-WISSELING – DIE FISIESE ANALOGIE VAN OOP SISTEEME IN DIE SOSIALE ASPEK

Binne die struktuur van die sosiale aspek tref ons uiteraard ook 'n *analogie* van termodinamiese oop sisteme aan – met name wanneer verreken moet word dat talte samelewingsvorme eweseer berus op die uitwisseling van individuele lede sonder dat dit die duursaamheid of identiteit van die betrokke samelewingsvorme ophef. Hierdie analogie verwys dus na wat in die biofisika en die biologie as *stofwisselingsprosesse* aangedui word.

In die besonder kan ons dink aan samelewingsvorme soos die staat, volk, kerk, universiteit, sosiale klub, kunsvereniging en bedryf, want in almal wissel die individuele lede voortdurend. Persone wat tot openbare ampte verkies (of benoem) is, maak mettertyd plek vir ander ampsdraers en funksionarisse, terwyl die individuele onderdane van 'n staat ook voortdurend wissel. Dit geskied deur immigrasie en emigrasie, asook deur sterfgevalle en nuut-gebore kinders wat eventueel aan die vereistes vir burgerskap beantwoord. Insgelyks wissel kerklike ampsdraers en kerklidmate, dosente en studente, werkgewers en werknemers, en so meer.<sup>11</sup>

Samelewingsvorme waarin daar 'n voortdurende wisseling van lede plaasvind omvat hierdie lede as *deel* van 'n groter *geheel* en nie ongedifferensieerd bloot as *individue* nie. Goosen maak daarom tereg beswaar teen die idee van 'n "vryswewende individu" waar "gemeenskap" slegs 'n "kunsmatige byvoegsel tot die individu is" (Goosen 2015:39, 81, 89). Hoewel Luckmann en Berger (1967:51) dit nie in terme van basiese ontologiese onderskeidinge verduidelik nie, beklemtoon hulle dieselfde perspektief.

Die lede-wisseling van bepaalde samelewingsvorme hef nie die *duursaamheid* of *identiteit* daarvan op nie. Ons kan verkiekslik van die *solidêre eenheidskarakter* van 'n samelewingsvorm praat.

Benewens die gebruik van kinematiese en fisiese analogieë (sosiale *konstansie* en sosiale *dynamiek*), is *biotiese analogieë* eweseer onvermydelik. Dink bloot aan die reeds vermelde frase "sosiale lewe" en verwante uitdrukings soos *sosiale differensiasie* en *integrasie*, *sosiale groei*, *sosiale aanpassing* en *sosiale organisasie*. Selfs een van die leidende hedendaagse sosioloë, Anthony Giddens (1986:163), begryp nie dat dergelike analogiese grondbegrippe *onvermydelik* is nie, hoeseer hy die frase "social life" gebruik.

## 7. RELEVANTE ONDERSKEIDINGE VAN 'N NIE-REDUKSIONISTIESE ONTOLOGIE

Die ruimtelike geheel-dele relasie is 'n modale funksiebegrip wat betrekking het op alle moontlike klasse van dinge. Aspekveelsydige entiteite het daarenteen altyd bloot op 'n beperkte klas van (of tipe van) dinge betrekking. Wanneer byvoorbeeld van *lewensruimte* gepraat word het dit slegs op lewende dinge betrekking en nie alle moontlike dinge nie. Lewensruimte staan ook as die *habitat* van lewende dinge bekend, of as die *bio-milieu* daarvan (*Umwelt*). Tog is die relasie tussen 'n dier en die *Umwelt* daarvan verskillend van dit wat ons by die mens en sy *Umwelt* vind. Gostonyi (1976:902) merk op dat die dier ingebied in sy *Umwelt* gebore word, terwyl die mens sy "wêreld" "verower". Stoflike dinge *bestaan*, plante *leef*, diere *beleef*(ervaar) en mense *voer* hul lewe (onder leiding van *normatiewe gesigspunte* wat 'n *keusevryheid* veronderstel).

<sup>11</sup> Bedink slegs dat alle atome in die menslike liggaam elke sewe jaar volkome uitgewissel word en dat 98% van die proteïn in die brein elke 24 uur hernu word (sien Jones 1998:40).

Die struktuurtipiese wyse waarop entiteite in die verskillende aspekte funksioneer sluit Goosen (2015) se spreke van “plek” in. Elke gemeenskap en verband funksioneer tewens op ’n tipies-gespesifiseerde wyse in die ruimte-aspek. Goosen (2016:242) verwys instemmend na MacIntire waar hy verkieslik van “deelname aan die lokale gemeenskap” praat “eerder as onderhorigheid aan die sentrum-soekende staat”. Hier ontbreek die insig dat die mens *gelykydig* deel het aan dit wat ons later as maatskaps-, gemeenskaps- en verbandsverhoudinge sal tipeer.

Goosen (2015:85) lê vervolgens daarop klem dat die “aangewese-wees-op-mekaar” van die dinge nie opgeskort en verskraal moet word tot “stof” nie. Dan “word die dinge blote objekte, voorhande goed wat na willekeur ingespan, gebruik en misbruik kan word” (Goosen 2015:89). Sy beswaar sal aan effektiwiteit win indien hy kennis neem van die lig wat ’n nie-reduksionistiese ontologie op hierdie problematiek werp.

Dink byvoorbeeld aan die vervlewing van atoom en molekuul waar die interne werkingsfeer van atome nie deur chemiese verbindinge opgehef word nie. Die lewende sel bestaan op die basis van atome, moleküle en makro-moleküle – en natuurwetenskaplike weet dat moleküle en makro-moleküle nie lééf nie.<sup>12</sup>

Von Bertalanffy (1973:146) wys ook daarop dat vanuit ’n fisiese-chemiese perspektief gesien ’n lewende organisme ’n aggregaat van ’n groot aantal prosesse is wat omskryf kan word met behulp van chemiese formules, wiskundige vergelykings en natuurwette – hy wys treffend op die verskil tussen fisiese en biotiese entiteite: fisiese wette “are not interested in whether dogs are alive or dead” want “[O]ne DNA molecule, protein, enzyme or hormonal process is as good as another; each is determined by physical and chemical laws, none is better, healthier or more normal than the other”.

Fisiese gestempelde entiteite besit tegelyk *latente objekfunksies* in alle na-fisiese aspekte. Water word byvoorbeeld as ’n lewensmiddel deur lewende dinge bioties geobjektiveer. Entiteite soos voëlnessies, spinnerakke en so meer is objektiewe natuurdinge. Objektivering is egter altyd die aktiwiteit van ’n *subjek*. Die sintuiglike waarneembaarheid van fisiese entiteite is *latent* en word eers *patent* gemaak wanneer ’n waarnemingssubjek dergelike entiteite *sien, voel, proe of hoor*. Alle objektivering veronderstel dus ’n primêr-gegewe *subjek*. Modale subjekte duï op modale subjeksfunksies wat aan modale wette of norme onderworpe is, terwyl verskillende tipes entiteite aan *tipiese natuurwette* en *tipiese normerende struktuurbeginsels onderworpe* is.

Die gemelde opmerking van Goosen, naamlik dat dinge “blote objekte” word, verg derhalwe ’n nadere presisering. Wanneer natuursubjekte in latere aspekte geobjektiveer word, gaan hul oorspronklike subjekfunksies nie verlore nie, dit word slegs *ontsluit* en *verdiep* (patent gemaak). Wanneer kultuur-historiese beheersende vorming (kultuurvorming) plaasvind, ontstaan kultuurobjekte wat in die kultuur-historiese aspek gefundeer is. Daarom verskil ’n mooi sonsondergang (’n natuurverskynsel wat deur mens en dier sintuiglik waargeneem kan word) van ’n skildery daarvan (laasgenoemde resulteer in ’n kultuur-histories gefundeerde en objektief-esteties-gestempelde kultuurproduk).<sup>13</sup> Objektivering maak dus nie van dinge “blote objekte” nie, want dit berus op oorspronklike subjeksfunksies wat intakt bly.

<sup>12</sup> Omdat moleküle nie leef nie is dit volgens Simpson (1969:6) “selfcontradictory” om van *molekuläre Biologie* te praat, terwyl Dobzhansky (1965:310) tereg byvoeg: “Pre-biological natural selection is a contradiction in terms”. Wanneer vervlewing met behoud van ’n interne werkingsfeer geskied, staan dit as *enkaptiese vervlewing* bekend.

<sup>13</sup> Tegniek (insluitende gereedskap) is kultuur-histories gefundeer én kultuur-histories gekwalifiseer – dit is immers *gemaak* (funderingsfunksie) om iets anders *mee te maak* (kwalifiseringsfunksie).

## 8. DINGE EN SUBJEK-OBJEK RELASIES

Vanuit 'n ruimte-perspektief vorm natuur- en kultuurentiteite almal egte *gehele* of *totaliteit*. Daarom open dit die weg tot 'n ryke verskeidenheid van dinge wat sinvol met behulp van die geheel-dele relasie kan word.

Dit is ook moontlik om na alles wat bestaan met behulp van terme uit die eerste twee werklikheidsaspekte te verwys, byvoorbeeld wanneer daar van die *heelal* gepraat word – dit is die *geheel van alles*. Elke *ding* is 'n *individuele geheel* en kan daarom sinvol met gebruikmaking van 'n besef van *onderskeidenheid* (getal) en *geheelheid* (ruimte) beskryf word.

## 9. BEGRIPSKENNIS EN BEGRIPSTRANSENDERENDE KENNIS

Die menslike getalsintuïsie<sup>14</sup> en ruimte-intuïsie kan (i) *begripsmatig toegespits* asook (ii) *begripstransenderend* gebruik word. In geval (i) word modale terme (funksiebegrippe) aangewend om na gevloeiende binne die grense van die aspek waaruit die terme kom te verwys (soos wanneer die getal *vier* ons begrip van die getalsfunksie van 'n stoel aandui of wanneer die ruimtelike afmetings van 'n stoel – *lengte*, *breedte*, *hoogte* – op ons begrip van ruimtelike figure appelleer). In geval (ii) word modale terme gebruik om na gevloeiende te verwys wat die grense van die betrokke aspek te bowe gaan maar desnietemin met behulp van terme aangedui word wat nog steeds in 'n bepaalde modale aspek hul oorspronklike tuiste vind.

Die uniekheid van 'n stoel berus dus op die arimetiese kern-sin van *diskrete kwantiteit*. Wanneer vanuit ons getalsintuïsie oor *uniekheid* gepraat word, beteken dit nie dat daar bloot oor getalseienskappe gepraat word nie, want die uniekheid van die stoel kom in alle aspekte van 'n stoel tot uitdrukking. Die idee van uniekheid berus met ander woorde op 'n *begripstransenderende* (of: *idee-matige*) gebruik van getalsterme.

Ten opsigte van die ruimte-aspek kan ons begripsmatig van die *grootte* en *vorm* van 'n stoel praat en idee-matig oor die *totaliteit* van die stoel handel. Dit gaan dan oor 'n idee van die stoel as geheel, in sy *totaliteit* en nie bloot oor die ruimte-funksie daarvan of die ruimtelike herkoms van die term *totaliteit* nie.

Hieruit vloeи voort dat ons kategoriees kan stel dat *alles uniek is* en dat *alles met alles saamhang*. Deur die kinematische en fisiese aspekte ook te betrek kan ons bykomend stel dat *alles konstant is* en dat *alles verander*.

Waar Goosen (2015:85) oor die "intrinsieke aangewese-wees-op-mekaar" van die dinge skryf, beklemtoon hy tegelyk dat die "dinge self deur 'n onpeilbare maar glansende volheid gekenmerk is". Die term "onpeilbaar" suggereer iets van wat ons pas as begripstransenderende kennis aangedui het. Dit is ook verwant aan die verduideliking wat Dooyeweerd (2016-III:65)<sup>15</sup> van die grondleggende idee van die identiteit van 'n konkreet-individuale entiteit gee wanneer hy skryf: "The philosophy of the cosmonomic Idea does not first break up a thing's unity into modal law-spheres, and then, in retrospect, seek unity in a thing. The transcendental Idea of the individual whole precedes the theoretical analysis of its modal functions. It is its pre-supposition, its cosmological a-priori".

<sup>14</sup> Die term "intuïsie" dui hier op 'n onmiddellike insig wat nie nader gedefinieer kan word nie. So 'n intuïtiewe insig in die unieke sin-kern van elke aspek belig tegelyk die *onherleibaarheid* daarvan.

<sup>15</sup> Let daarop dat Dooyeweerd die term "transendentaal" hier in 'n *ontiese* sin en nie in 'n *epistemiese* sin gebruik nie.

Goosen (2015:85) gebruik die frase “onpeilbaar maar glansende volheid” drie keer op dieselfde bladsy. As ’n gegewe “onpeilbaar” is, moet verduidelik word waarom dit desnie-teenstaande tegelyk ook *positief* as ’n “glansende volheid” aangedui kan word. Dit is immers dan tog gedeeltelik “peilbaar”, naamlik in die *glansende volheid* daarvan. Hierdie laaste res van bevestigende karakteriseringen benut op ’n idee-matige wyse ’n lig-metafoor (dof/glansend) en ’n fisiese ruimte-metafoor (vol/leeg).

Let daarop dat egte metafore verwisselbaar is en relasies tussen aspekte en dinge, dinge en aspekte of dinge en dinge betref. Modale analogieë is daarenteen *onverwisselbaar* en is derhalwe nie metafore nie – die uitdrukkings *kontinuitet*, *samehang*, *gekonnekeerd-wees* en die *geheel-dele relasie* is bloot modaal-ruimtelike wissel terme (kyk Strauss 2012a en 2017a).

Die gegewe dat die entiteitsdimensie in die dimensie van modale aspekte *gefundeer* is, maak dit moontlik om telkens na die *tipiese funderingsfunksie* en *tipiese kwalifiseringsfunksie* van bepaalde entiteite te vra. Dieselfde aantal atome [ $C_4H_4O_4$ ] lewer byvoorbeeld deur middel van alternatiewe *ruimtelike rangskikkings* chemies gesien twee verskillende sure (*maleïensuur* en *fumaarsuur*) – waaruit ons ondubbelssinnig kan aflei dat hierdie chemiese strukture ’n ruimtelike funderingsfunksie besit en derhalwe nie arimetries of kinematis gesundeer kan wees nie. Dieselfde insig onderlê die wyse waarop ons later tussen verskillende maatskaps-verhoudinge, gemeenskapsverhoudinge en verbandsverhoudinge gaan onderskei, met name deur na hul onderskeie funderings- en kwalifiseringsfunksies te verwys.

Slegs wanneer iets reël opgemerk is kan dit teoreties skeefgetrek word. Die Pythagoreërs moes byvoorbeeld iets van die aard van getal raakgesien het om tot die reduksionistiese konklusie te kom dat alles getal *is*. Alles word sodoende tot ’n blote *optelsom* herlei.

## **10. ‘N SINVOLLE GEBRUIK VAN DIE GEHEEL-DELE RELASIE TEENOOR ‘N OORSPANDE BENUTTING DAARVAN**

Presies die teenoorgestelde gebeur in die teoretiese werklikheidsbeeld van *universalistiese* denkers. Hulle het wel die ruimtelike geheel-dele relasie raakgesien, maar toe ten onregte daartoe oorgegaan om die ganse werklikheid in ’n geheel-dele skema in te wring. Sinvolle idee-gebruiken van ruimte-terme het sodoende in die slag gebly.

Hierdie twee uiterstes het die westerse denke oor die menslike samelewing gedurende die afgelope twee millennia oorheers. Onder meer is nie daarin geslaag om die bevoegdheid van die *staat* en die aard van *reg* sinvol te begrens nie.<sup>16</sup>

Wat egter treffend en tegelyk verbasend is, is dat beide Goosen en Malan enersyds skerp krities teenoor individualistiese (atomistiese) sienings staan, maar andersyds nie enige blyke daarvan gee dat hulle op hoogte is met die *isme* wat teenoor die individualisme staan nie, naamlik die *universalisme* of *holisme*. Dat hulle ’n positiewe inhoud aan die geheel-dele relasie gee moet uiteraard waardeer word, maar ongelukkig het hulle geen antenna vir die *skeeftrekking* en *verwrinking* wat in universalistiese sienings opgesluit lê nie. Die verheffing van die geheel-dele relasie tot universele vergelykingsnoemer soos wat dit in universalistiese teoretiese ontwerpe gestalte kry, het beide hierdie denkers nie alleen ontgaan nie, maar belig die gegewe dat hulle ook nog vashou aan elemente van ’n egte universalistiese benadering.

Malan (2011:12) gebruik die term “*universalisme*” ses keer in sy boek – in verband met universaliteit. Die teenstelling waaroor dit vir hom gaan, is eintlik dié tussen universeel en

<sup>16</sup> Verskeie kante van hierdie problematiek is diepgrypend in verskeie publikasies aan die orde gestel – vergelyk met name Strauss (2006a), (2012), (2013) en (2014).

individueel. Dat 'n teoretiese skeeftrekking van hierdie relasie aanleiding tot rasionalistiese en irrasionalistiese opvattings gee laat ons in hierdie konteks daar (die rasionalisme verabsoluutte universaliteit en die irrasionalisme dit wat individueel is).

Ek het nie die term *universalisme* in Goosen se 2015-werk raakgeloop nie. Malan en Goosen het dus klaarblyklik geen erkenning aan die keersy of korrelaat van die individualisme (atomisme) verleen nie, met name van die *universalisme*.

## **11. SOSIALE DIFFERENSIASIE EN INTEGRASIE**

Tradisionele samelewings is ongedifferensieerd in die sin dat dit telkens in verskillende hoedanighede optree, nou as 'n ekonomiese bedryfseenheid (het sy deur jag of landbou), dan as 'n kulties-godsdiestige eenheid en daarna weer as 'n groot-familie of as 'n politieke eenheid.

Veral in die nalewing van (universalisties-)organistiese sosiologiese teorieë word die ruimtelike geheel-dele relasie omvorm deur te onderskei tusssen sosiale *sisteme* en *subsisteme*. In die sogenaamde *funktionalisme* van Parsons, Merton, Alexander en ander is die samelewingsdilemma veronderstel om funksioneel te wees en wel deur 'n positiewe bydrae te lewer tot die voortbestaan van die *hele* sisteem. Parsons se bekende AGIL-paradigma is 'n bekende voorbeeld daarvan (A = Adaptation; G = Goal-attainment; I = Integration; en L = Latency).

Münch (1990: 444, 437) praat van die "own inner laws" van sosiale sisteme, terwyl selfs Rawls (1996:262) eweseer van "different principles for distinct kinds of subjects" praat.

## **12. VIER VERDERE (KONSTITUTIEWE) ANALOGIESE GRONDBEGRIFFE**

Wanneer die menslike samelewing sodanig differensieer dat selfstandige sosiale entiteite na vore tree, verwerf die lede daarvan 'n gevoel van *behoort*, gerugsteun deur 'n *sosiale bewussyn* van *ons* en *hulle*. Dit lei dus vanself daartoe dat sosiale *identifisering* en *sosiale onderskeid* plaasvind – die logies-analitiese analogie. Hierdie twee elemente het as gevolg van eensydige beklemtonings aanleiding gegee tot *konsensusteorieë* (die sisteemteorie) en *konflikteorieë* (Simmel, Rex & Dahrendorff en die neo-Marxisme).

Die aard van sosiale mag, kontrole en beheer wat in elke samelewing voorkom, betref beide sosiale subjek-objek-relasies (mag oor dinge) en sosiale subjek-subjek-relasies (mag oor mense).

Laasgenoemde word in 'n *amp* beliggaam omdat dit die kompetensie tot die toepassing van beginsels bevat. Beginsels geld nie vanself nie, dit moet deur die tussenkom van 'n menslike subjek van *krag* gemaak, tot *gelding* gebring of gepositiveer word. Net soos natuurdinge aan natuurwette onderworpe is, is menslike samelewingsvorme en handelinge aan modale en tipiese beginsels onderworpe.

Sosiale omgang en verkeer bevat nog 'n konstitutiewe bou-element, met name die teken-analogie, wat allereers impliseer dat menslike (sosiale) handelinge interpretasie verg en met sosiale status-simbole gepaardgaan. Onderskeie beklemtonings is deur twee verskillende denk-skole binne die simboliese interaksionisme ontgin: die Chicago en Iowa denkskole.

## **13. ELEMENTËRE GRONDBEGRIFFE VERG 'N KOMPLEKSE ANALISE**

Sosiale *konflik* (teësprak) behoort tot sosiale ooreenstemming (instemming) te lei (*konsensus*). Samelewingsvorme wat 'n relasie van bowe- en onderskikking besit mag nie as sodanig as

*antinormatief* gesien word nie. Gesagsverhoudinge stel immers 'n taak aan die ampsbekleer wat beter of slechter (norm-gehoorsaam of antinormatief) ten uitvoer gebring kan word. Volgens Dahrendorf (1961:126) genereer die grens tussen gesagsdraer en gesagsonderworpene egter konflik. Zeitlin (1973:119) meld ook dat konflik eerder die gevolg van "oppression, exploitation, abuse of authority, and other substantive uses" is. Ook Bühl (1976:24-25) stel krities dat Dahrendorf nie aandag aan die "component of legitimacy of power" skenk nie.

Sosiale interaksie berus derhalwe altyd op die verbale en a-verbale *tekens* van deelgenote wat op hul beurt *interpretasie* verg. Tipiese sosiale handelinge – soos die wuif met 'n hand, 'n hoflike groet of die terugstaan om 'n meerder te laat voorgaan, word almal in sosiale handelinge beliggaam wat bepaalde sosiale konvensies aandui.

Eers wanneer ons al hierdie *konstitutiewe bou-elemente* van die sosiale aspek verreken (al die terugwysende analogieë), is dit moontlik om tot 'n genuanseerde verstaan van die verskillende wyses van omgang en verkeer in 'n gedifferensieerde samelewing te kom.

## 14. SOSIALE VERKEER IN 'N GEDIFFERENSIEERDE SAMELEWING

### 14.1 'n Kategorie-fout

Ons wys allereers vlugtig daarop dat die naas-mekaar-stelling van "individu" en "gemeenskap" op 'n "kategorie-fout" berus en wel in soverre daarin 'n vergelyking van appels met pere plaasvind. 'n Individu is immers nie self 'n bepaalde samelewingsvorm nie en moet gevoglik op 'n onderskeie manier betrek word by hierdie debat. Die kern-taak is om rekenskap van omgang en verkeer te gee sonder om in die impasse wat in die eensydige aard van atomistiese of holistiese benaderings opgesluit lê vasgevang te word.<sup>17</sup>

Die mens kan afwisselend onder leiding van verskillende normatiewe gesigspunte optree. Die een oomblik akademies, die volgende een ekonomies en daarna gesellig met vriende by 'n klub verkeer. Dit impliseer dat die bestaan van die mens ook ewemin volledig in enige werklikheidsaspek kan *opgaan*. Vanuit die hoek van die sosiale aspek gesien kan die mens veelvuldige sosiale rolle vervul sonder om ooit volledig deur enige daarvan *omvat* te word. Dink aan Aristoteles wat die mens 'n *politieke dier* noem wat sy lewensvervulling in die lewensomvattende *polis* vind.

### 14.2 Tönnies se bydrae tot die (mis-)verstaan van gemeenskap en maatskap

'n Meer geartikuleerde besinning oor verskillende wyses van omgang en verkeer is veral aan Tönnies (1787:5 e.v.) te danke. In 1887 onderskei hy tussen *Gemeinschaft* en *Gesellschaft* (wat mekaar opvolg) en tipeer hy eersgenoemde as 'n *organiese geheel* en laasgenoemde as 'n *meganiese aggregaat*. Dit belig die gelyktydige aanwesigheid van 'n individualistiese en 'n universalistiese oriëntasie in sy denke.<sup>18</sup> Uiteindelik onderskei hy tussen *Verhältnisse*, *Samtschaften* en *Körperschaften* (sy nuwe term vir verbindinge – afgelei van 'n korporasie of organisasie).

<sup>17</sup> Vergelyk die ontleding van hierdie eensydige sienings in die denke van sosioloë soos Comte, Spencer, Tönnies, Von Wiese, Durkheim, Spann, Weber, Parsons, Sorokin, MacIver, Alexander, Münch, Sztompka, Habermas en Giddens in Strauss (2002), (2004), (2006), (2007).

<sup>18</sup> Goosen (2015:11) sluit nog implisiet by hierdie opvatting van Tönnies aan wanneer hy die relasie tussen beide as 'n historiese proses sien: "Van 'n gestempel-wees-deur die ou gemeenskappe is daar steeds minder sprake".

Tönnies benut slegs enkele analogieë in die struktuur van die sosiale aspek. Hy vertrek vanuit 'n besef van sosiale eenheid en menigvuldigheid. Sosiale eenheid bring 'n *liggaam* (*Körperschaft*) na vore. Vervolgens benut hy twee pare analogieë. 'n *Gemeinschaft* word tewens as 'n *organiese geheel* beskryf en 'n *Gesellschaft* as 'n *meganiese aggregaat*. Eersgenoemde word derhalwe in *bio-ruimtelike* terme beskryf en laasgenoemde in *kinematics-aritmietiese* terme. Dat beide *Gemeinschaft* en *Gesellschaft* gelyklik deur analogieë van al die pre-sosiale aspekte gekonstitueer word, ontaan Tönnies omdat sy kensketsing die onverbreeklike samehang tussen die sosiale en ander aspekte van die werklikheid uiteenbreek. Konstitutiewe analogiese elemente *opponeer* mekaar nie.

#### 14.3 Die kritiese reaksie van Sorokin

Die feit dat Tönnies nie sosiale teëspraak (sosiale konflik) in sy ontleding betrek nie sou latere denkers tot kritiese nadenke stem. Sorokin (1962:106, asook 113) verval weliswaar meer as vyftig jaar later in die ander uiterste wanneer hy vorme van sosiale konflik, wat uit antinormatiewe gedrag voortvloei, as basis van sy sosiale klassifikasie gebruik, soos gegee in die teenstelling tussen *antagonisme* en *solidariteit* (bloot 'n beklemtoning van psigo-fisiese analogieë). Vorme van sosiale interaksie waar *solidariteit* domineer noem hy "familistic" (1962:99 en verder); wanneer beide pole aanwesig is noem hy dit "mixed" of "contractual" (1962:102 en verder); terwyl vorme wat oorwegend antagonisties is deur hom as "compulsory" bestempel word (1962:106 en verder). Hoewel die "familistic" tipe Tönnies se *Gemeinschaft* bedoel relativeer hy dit tog deur gesagsverhoudinge daarin te elimineer: "... in a truly familialistic interaction or group ... there is no formal domination and subordination, no master and servant, no arbitrary government and suppressed subjects" (Sorokin 1962:100-101). Wat Sorokin "compulsory" noem, vertoon treffende raakpunte met die betreklik negatiewe omskrywing van die moderne staat wat ons by Malan (2011) aantref.

#### 14.4 Die sosiale betrekingsleer van Von Wiese

Omgang en verkeer tussen mense spesifieer altyd op een of ander wyse die komplekse strukturele opbou van die sosiale aspek. Leopold von Wiese (1959:19) skenk tereg in sy "Beziehungssoziologie" ("sosiologie as betrekingsleer") allereers aandag aan (sosiale) *eenheid* en *menigvuldigheid* en wel in 'n tweërlei (*opponerende*) sin: *eenheid* en *veelheid* en *uniekheid* en *meervoudigheid*. Volgens hom moet die sosiale wetenskappe dikwels hul probleme tot die laaste abstraksie terugvoer, dit is tot "die verhouding van die ene tot die vele". Wie egter 'n *werklikheidskarakter* aan sosiale samelewingsvorme wil toeskryf, in die sin van *bo-individuele totaliteit*, word volgens Von Wiese die slagoffer van die *universalisme* (holisme) (Von Wiese 1959:25; sien ook Von Wiese 1966:114-117).

Von Wiese (1959:76-77) is selfs van mening dat die (gesags-)relasie van bowe- en onderskikkking nooit die *basis* van sosiologiese ontleding kan vorm nie. Hy is oortuig dat die wesenlike eienskap van die sosiale in die *naas-mekaar-staan* van mense gevind word. Hoewel daar ongetwyfeld tussen horizontale en vertikale sosiale relasies onderskei moet word, is dit nogtans foutief om een van hierdie twee relasies te verhef tot die verklaringsbeginsel van alle sosiale relasies.

In die lig van hierdie oorwegings blyk dit dat daar alternatiewe moontlikhede bestaan om analogieë van die eerste paar aspekte nader te presiseer. Die getals- en ruimte-analogieë kan betrekking hê op aksies wat binne 'n samelewingsvorm plaasvind wat tot 'n *egte geheel*

geïntegreer is. Die kritieke vraag is egter hoe die *deel*-genootskap van hierdie *geheel* verstaan moet word.

#### 14.5 Rousseau – voorbeeld van 'n onspoerde waardering van die geheel-dele relasie

Rousseau (1975:244) meen dat wanneer voorheen-outonome individue tot die sosiale kontrak toetree hulle *onafskeibare dele* van hierdie nuwe *geheel* word: "Elkeen van ons plaas onself en al ons mag kollektief onder die finale leiding van die algemene wil (*volonté générale*) – en ons ontvang elke lid as 'n onafskeibare deel van die geheel." Rousseau meen voorts dat geen mens van nature enige gesag oor enige ander mens besit nie – wat impliseer dat alle gesagsrelasies (tussenmenslike bowe- en onderskikking) op *konvensies* gebaseer is. Die eerste en mees basiese konvensie is die maatskaplike verdrag (Rousseau 1975:239). Elkeen wat deel het aan die orent-bring van die kontrak moet alle regte oordra aan die *gemeenskap as geheel* (Rousseau 1975:244).

Hierdie "assosiasie bring onmiddellik, in die plek van die partikuliere persoon van elke deelgenoot, 'n morele en kollektiewe liggaam na vore, wat uit net soveel lede as die stemme van die vergadering saamgestel is en vanuit hierdie handeling ontvang dit sy eenheid, gemeenskaplike [kommunale] self, lewe en wil" (Rousseau 1975:244).<sup>19</sup>

Aangesien die staat "met betrekking tot die lede daarvan, die meester van al hul goedere deur die sosiale verdrag is" (Rousseau 1975:347) besit dit 'n absolute mag oor almal (1975:253).

Op hierdie punt blyk die *al-magtige* konsekwensies van die universalistiese resultaat van die sosiale verdrag onverhuld. Deur die verdrag ontvang die soewerein (die staatkundige liggaam) 'n absolute mag oor al die lede daarvan. Daarom behoort die minderheid saam met die meerderheid gehoorsaam te wees aan die algemene wil (wat veronderstel is om hul *eie wil* te wees) – vryheid is immers vir Rousseau (1975:247) gehoorsaamheid aan dié wet wat die mens vir sigself stel.

Diegene wat gevolglik nie die algemene (meerderheids-)wil gehoorsaam nie, is eintlik ongehoorsaam aan hul eie wil – en derhalwe *onvry*. Rousseau (1975:246) trek die konklusie: die sosiale verdrag bevat die implisierte onderneming dat "wie ook al weier om die algemene wil te gehoorsaam sal daartoe gedwing word deur die hele liggaam". "Dit beteken niks minder nie as dat so 'n persoon gedwing sal word om vry te wees nie"!

Dit is duidelik dat die geheel-dele relasie nie sonder die nodige presisering op samelewingsvorme toegepas kan word nie. Samelewingsvorme omvat tewens nie enige individu wat daaraan deel het *volledig* nie – hoeseer dit korrek is om te beklemtoon dat individue slegs ooreenkomsdig 'n gedifferensieerde menigvuldigheid parsiële funksies (rolle) binne samelewingsvorme optree.<sup>20</sup> Dit is daarom misleidend om van "integrale dele" te praat, want dan bestaan die gevaar dat die sosiale funksies van individue volledig in een of ander samelewingsvorm opgeslurp en afgesluit word – soos wat dit in die universalistiese resultaat van Rousseau se verdragsleer ondubbelsoek na vore tree.

<sup>19</sup> Hierdie merkwaardige resultaat van die sosiale verdrag gryp vooruit op die transpersonalistiese inset van die *Romantiek* – waar die *bo-individuale volksgeheel* 'n sentrale plek verwerf (vergelyk die denke van Schelling, Fichte en Hegel – vgl ook Popper 1966-II:52).

<sup>20</sup> Terloops wys ons daarop dat die *geheel-dele relasie* by Rousseau die bowe- en onderskikkende relasie van owerheid en onderdaan vervang.

## 14.6 Horisontale en vertikale relasies

Allereers moet die geheel-dele relasie onderskei word beide van bowe- en onderskikkende relasies en van neweskikkende verhoudinge. In samelewingsvorme soos die staat, die gesin, die skool en universiteit, die sake-onderneming en geloofsgenootskappe tref ons steeds 'n duursame relasie van bowe- en onderskikkking aan. 'n Alternatief hiervoor vind ons in losser en selfs bloot incidentele relasies wat van neweskikkende aard is – gegee in die naas- en teenoor-mekaar-staan van (mede-)mense. Beide hierdie vertikale en horisontale ruimte-analogieë moet in hul eie reg erken word sonder om die een ondergeskik aan die ander te maak.

Hierdie opmerkings veronderstel die aard van 'n *gedifferensieerde* samelewing waarin onderskeie samelewingsvorme elk op 'n *tipiese* wyse die aktiwiteite daarvan *integreer*. Daarsonder sal 'n gesonde samehorigheidsgevoel ontbrek wat op sy beurt belemmerend sal inwerk op 'n positiewe *identifisering* gerig deur 'n saambindende wyse van kulturele *stylvorming*.

## 15. 'N DRIEVOUDIGE KLASSEFIKASIE VAN SOSIALE OMGANGSVORME

Tans kan ons twee kriteria formuleer met behulp waarvan tussen drie basiese wyses van omgang en verkeer in 'n *gedifferensieerde* samelewing onderskei kan word.

Eerstens gaan dit om die aard van 'n *solidêre eenheidskarakter*. Hoewel hierdie kondisie betrekking het op al die funderende bou-elemente in die struktuur van die sosiale aspek spesifieer dit veral die eerste vyf analogiese struktuurmomente, met name die analogieë van getal, ruimte, beweging, die energetiese en die biotiese – telkens gekursiveer in die volgende sin.

'n *Solidêre eenheidskarakter* betref 'n *menigvuldigheid* sosiale subjekte wat tot 'n sosiale *geheel geïntegreer* is en wat 'n bepaalde sosiale *duursaamheid* besit ongeag die *wisseling* (kom en gaan) van die lede daarvan.

'n *Solidêre eenheidskarakter* as sodanig spesifieer egter nie watter ruimte-analogieë uitgelig moet word om ook sosiale gesagsverhoudinge te betrek nie. Daarom word nog 'n kondisiële benodig om gesagsverhoudinge te verantwoord. 'n Gesagsdraer of ampsbekleer verwys na die oorspronklike sin van die kultuur-historiese aspek wat bepaalde tipiese *kompetensies* behels. Soos reeds vermeld val mag, kontrole en beheer uiteen in mag oor dinge (subjek-objek-relasies) en mag oor mede-mense (subjek-subjek-relasies). Hoewel sommige magsverhoudinge derhalwe beslag kry in die aard van vertikale gesagsverhoudinge, bestaan daar ook neweskikkende (horisontale) subjek-subjek-relasies tussen mense.

Wanneer beide 'n solidêre eenheidskarakter en 'n permanente gesagstruktuur *afwesig* is, word die sfeer van *maatskapsverhoudinge* betree. Maatskapsverhoudinge word derhalwe deur neweskikkende (horisontale sosiale) relasies gekenmerk – op voet van gelykheid naas en teenoor mekaar.

Indien sosiale omgang en verkeer slegs 'n solidêre eenheidskarakter of slegs 'n permanente gesagstruktuur vertoon kan van 'n *gemeenskap* gepraat word, terwyl die term *verband* toepaslik is op alle gevalle waar beide 'n solidêre eenheidskarakter en 'n permanente gesagstruktuur aangetref word. Maatskapsverhoudinge vorm die keersy van verbands- en gemeenskaps-verhoudinge en word ook in inter-individuele verhoudinge aangetref. Weliswaar kan gemeenskappe en verbande ook maatskapsverhoudinge beliggaam en wel in soverre hulle op voet van gelykheid neweskikkend optree – ook teenoor individue, ander gemeenskappe en verbande.

Geen mens bestaan slegs in maatskapsverhoudinge of slegs in verbands- en gemeenskapsverhoudinge nie. Maatskapsverhoudinge aan die een kant en verbands- en gemeenskapsverhoudinge aan die ander kant is altyd *onverbreeklik gekorreleer*. Terloops moet daarop gewys word dat Dooyeweerd (1917-III:178 en verder) *verbande* as georganiseerde (dit is: histories-gefundeerde) *gemeenskappe* beskou. Hiervolgens is beide die huwelik en die gesin bioties gefundeerde en eties gekwalifiseerde gemeenskappe, terwyl 'n siening wat hierdie modale totaalbegrippe losmaak van enige verwysing na 'n funderings- of bestemmingsfunksie die huwelik as *gemeenskap* sal onderskei van die gesin as 'n *verband*.

## 16. 'N NUWE DEFINISIE VAN INDIVIDUALISME EN UNIVERSALISME

- 1) Die *individualisme* verselfstandig maatskapsverhoudinge ten koste van verbands- en gemeenskapsverhoudinge, terwyl
- 2) die *universalisme* verbands- of gemeenskapsverhoudinge eensydig beklemtoon – ten koste van maatskapsverhoudinge.

Samelewingsvorme soos die staat, 'n geloofsverband, 'n bedryfsonderneming, 'n sosiale klub, 'n kunsvereniging, 'n gesin, 'n skool, 'n universiteit en 'n kultuurvereniging besit almal 'n relasie van bowe- en onderskikking asook 'n solidêre eenheidskarakter. Dosente en studente by 'n universiteit verwissel ook voortdurend. Insgelyks kom en gaan owerheidspersone én die onderdane van 'n staat. Langs hierdie weg kan die verbandskenmerke van al die bogemelde samelewingsvorme aangetoon word. Voorbeeld van egte gemeenskappe is die volk, die uitgebreide familie (groot familie) 'n taalgemeenskap, 'n tussen-staatlike gemenebes (gemeenskap) van state en die huwelik. Sogenaamde "lokale gemeenskappe" is óf egte dele van die staat, óf nie-staatlik van aard ('n boere-gemeenskap, 'n taalgemeenskap of 'n kultuurgemeenskap).

Modale totaal-begrippe is nodig om hierdie tipiese verhoudinge te tipeer. Die blote identifisering van maatskapsverhoudinge gee egter nog nie uitsluitsel oor die verskillend-gearde sosiale verhoudinge wat ons in 'n gedifferensieerde samelewning aantref nie.

## 17. DIE VRUGBAARHEID VAN 'N BEGRENSDE GEMEENSKAPSBEGRIP

Maatskapsverhoudinge kan voltrek word onder leiding van enige normatiewe aspek. Gesien in samehang met gemeenskaps- en verbandsverhoudinge bied hierdie benadering duidelike kriteria om weg te beweeg van 'n ongenuanseerde gebruik van die term "gemeenskap". Let byvoorbeeld op alles wat Goosen (2015:81) as *gemeenskappe* tipeer: familie, geslag, dorp, streek, taal, kultuur, staat, ensovoorts. Indien 'n "dorp" 'n plaaslike munisipaliteit is, vorm dit deel van die staat as *verband*.

Die spreke van "tussenliggende instellings" (Goosen 2016:247, 248), van *eie instellings* (2016:243, 245) van *subsidiariteit*<sup>21</sup> en van die politieke geheel as gemeenskap van die gemeenskappe (2016:247) is problematies. Hy verwys ook na die Griekse *polis* as "voltooide gemeenskap" (Goosen 2015:52). In die gedagtegang van Aristoteles, waarby Goosen aansluit, gaan dit oor die Griekse opvoedingsideaal van die volmaakte (perfekte) samelewing, in die middeleeue aangedui as die *societas perfecta* – hoeseer die politieke sfeer as laere voortrap

<sup>21</sup> Sien Goosen (2016: 247-248). In Strauss (2013) word krities gekyk na die tekortkominge van die beginsel van subsidiariteit in vergelyking met die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring.

diensbaar aan die kerk as bonatuurlike genade-instituut gemaak is waar laasgenoemde die mens tot ewige geluksaligheid sal voer. In die middeleeuse denke is die Griekse grondmotief van materie en vorm getransformeer tot die grondmotief van natuur en genade waarin 'n poging aangewend is om die antieke Griekse heidendom met die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing te versoen.

## **18. DIE ALTERNATIEF VAN JOHANNES ALTHUSIUS**

Althusius (1603:16) het eerste die insig geopenbaar dat kerke, bedrywe en gesinne nie *dele* van die staat is nie – slegs provinsies en munisipaliteite kan dele van die staat wees. Sy spreke van assosiasies met hul toepaslike wette (*leges propriae*) vorm die vertrekpunt van wat later in die lyn van Groen van Prinsterer, Abraham Kuyper en Herman Dooyeweerd as die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring aangedui is.<sup>22</sup> Habermas (1995:437) praat in hierdie verband van “die sogenaamde eiewetlikheid van die individuele sosiale sfere”.

Dit is verskralend om gemeenskappe bloot in terme van enkele “eienskappe” te beskryf – soos Malan (2011:298) dit doen wanneer hy verduidelik: “Gemeenskappe is 'n omvattende konsep met kulturele, historiese, sosiale en ekonomiese eienskappe”. Volgens Malan (2011:280) loop die “dwanglogika van staatsbou” uit op “'n onverskoonbare vergryp teen individuele vryheid en menswaardigheid en die integriteit van kulturele, taal- en dergelike nie-staatlike gemeenskappe”. Wanneer hy byvoorbeeld van die “regeringsfunksies van [plaaslike] tuistelike gemeenskappe” praat is dit nie meer duidelik in watter mate sy prinsipeel-korrekte onderskeiding tussen die staat en nie-staatlike gemeenskappe in die slag bly nie (Malan 2011:286).

Hierdie uitsprake laat ongelukkig nie die aard van die funksie wat die mens in sy hoedanigheid as staatsgenoot (burgers en nie-burgers) binne die staat het, tot sy reg kom nie. Deelgenootskap aan die staat, wat owerheid en onderdane op 'n begrensde kultuur-gebied (territorium) saambind, sien huis af van dergelike nie-staatlike verbintenis, met name van volkskulturele verbintenis, van godsdiestige affiliasie, van ekonomiese posisie, sosiale stand, intellektuele gevormdheid en familie-agtergrond, sodat effektief juridies na die regbelange wat daarin opgesluit lê *omgesien* kan word!

## **19. SOEWEREINITEIT-IN-EIE-KRING AS BASIS**

Die idee van eie-geaarde verbanne, gemeenskappe en maatskapsverhoudinge veronderstel die idee van kring-soewereine modale aspekte. Slegs op die basis daarvan kan 'n unieke funderingsfunksie en 'n unieke kwalifiseringsfunksie geïdentifiseer word. Indien hierdie twee tipiese funksies nie soewereiniteit-in-eie-kring besit het nie, sou geen aspek funderend en kwalifiserend ten opsigte van onderskeie samelewingsvorme kon optree nie.

Waar Malan se omskrywing van die “kenmerke” van 'n gemeenskap dig nader tot die idee dat elke samelewingsvorm binne al die aspekte van die werklikheid funksioneer, bevat Goosen se benadering 'n intuïtiewe greep op onderskeie kwalifiseringsfunksies van gemeenskappe. By geleentheid praat hy byvoorbeeld van kultuurgemeenskappe, taalgemeenskappe (Goosen 2015:61), van 'n politieke gemeenskap (2015:53) en van 'n ekonomiese gemeenskap (2015:61). Die sistematis-wysgerige idee van 'n tipiese funderings- en kwalifiseringsfunksies

<sup>22</sup> Althusius Hoofstuk IX van die 1610 Groningen-uitgawe, bladsy 115. Hy stel hier dat “aparte individuele mense” of “families” nie dele van die staat is nie.

verskaf bloot 'n nadere presisering aan die wyse waarop gemeenskappe onderling onderskei kan word. Weliswaar bevat die geskrifte van Goosen en Malan nie 'n insig in die verskil tussen algemene modale en struktuur-tipiese begrippe nie. Die "politieke" sfeer kan ook duideliker verhelder word indien die kring-soewereine aard van die juridiese aspek van die werklikheid erken word en bykomend besef word dat nie-staatlike lewensvorme ook tipiese funksies in die regsaspek besit nie.

Die regsgeselskap van al hierdie sfere behoort deur die owerheid van 'n regstaat in een openbare (publieke) regsgeselskap saamgebind te word. Die politieke domein sluit tewens onder meer die volgende in: (a) publieke regsgeselskappe (soos die integriteit van die menslike liggaam en eiendomsreg); (b) die regsgeselskappe van niestaatlike samelewingsvorme (soos bedrywe, skole en universiteite, sosiale verenigings, taal- en kultuurgemeenskappe en geloofgenootskappe) asook (c) die persoonlike regsgeselskappe van individue (die burg en asiel van persoonlike vryheid).

## **20. SOLIDÉR-KRITIESE KANTTEKENINGE BY ENKELE ONTOLOGIESE AANNAMES VAN GOOSEN**

### **(a) *Die werklikheid as 'n samehangende "gemeenskapsgebeure"***

Goosen (2016:223) verwys na die "werklikheid" as "deelnemende gebeure". Hy praat ook van die werklikheid as 'n samehangende "gemeenskapsgebeure"; van "gemeenskap" as 'n "dinamiese gebeure" (2016:55); en van die geheel as 'n "gemeenskapsgebeure" (2016:86). Dit konstitueer sy (wysgerige) grondidee van die werklikheid:

*die werklikheid is 'n samehangende, dinamies-deelnemende gemeenskapsgebeure van die geheel.<sup>23</sup>*

Die moderne sosioloog wat 'n soortgelyke weg ingeslaan het as Goosen is Giddens. Hy stel dat sy teorie van "strukturering" gesien moet word as 'n poging om weg te kom van die problematiese verhouding van individu en samelewing. Daarom neem hy sy vertrekpunt in die dinamiese vloei van "recurrent social practices" – waaraan hy toevoeg: "I wanted to place an emphasis on the active flow of social life" (Giddens 1998:75-76).<sup>24</sup>

### **(b) *Goosen erken die samehang tussen duursaamheid en verandering***

Anders as Sztompka en Giddens wil Goosen nogtans terug vashou aan iets wat sowel duursaam as onderworpe aan verandering is. Hy verwoord dit op uiteenlopende wyses. So onderskei hy byvoorbeeld tussen twee kragte – "die aktiewe doen en die konstante" (2015:49). Vervolgens praat hy, in die konteks van 'n gemeenskap wat gebeur, van "sowel die veranderlike as die stabiele" sowel "die historiese as die tydlose" (2015:55). Later handel hy, met verwysing na Parmenides en Herakleitos, oor dit wat *onveranderlik* en *veranderlik* is (2015:176). Ons het egter gesien dat hierdie relasie teruggevoer kan word na die oorspronklike unieke en onherleibare sin van die kinematiese en fisiese aspekte van die werklikheid en na Plato wat duidelik ingesien het dat verandering (in moderne terme: *energie-werking*) slegs op die basis van duursaamheid (kontinuiteit of konstansie) vasgestel kan word. Die eerste hoofwet van die termodinamika berus tewens op 'n kinematiese analogie aan die wetsy van die fisiese aspek wat ten beste as *energie-konstansie* aangedui kan word.

<sup>23</sup> Goosen gebruik die terme *samehangend*, *deelnemend*, *geheel* en *dynamies* in 'n begripstransenderende sin. Ongelukkig bevat hierdie grondidee 'n universalistiese skadukant. Dit verklaar ook waarom hy so gemaklik by Aristoteles se universalistiese denkwyse aansluiting kon vind.

<sup>24</sup> Ook Sztompka (1993:9) ontwikkel 'n teorie van sosiale verandering ten koste van konstansie.

(c) *Die nalewende ruimte-metafisika in die denke van Goosen*

Wanneer Goosen egter duursaamheid (konstansie) identifiseer met *onveranderlikheid* en *tydloosheid*, openbaar sy spreekwyse iets van die ruimte-metafisika van die skool van Parmenides. Hierdie spreekwyse moet ook saam met Goosen se beswaar teen “verruimteliking” gelees word. Binne die kader van die dialektiese grondmotief van natuur en vryheid het die primaat wat aan die vryheidspool (die persoonlikheidsideaal) toegeken is daartoe gelei dat die “geesteswetenskaplike” metode awysend teenoor die objektiverende metode van daardie natuurwetenskappe staan wat hul studie-gebied in ’n “verruimtelikende” (“spatializing”) metode vind.

Dooyeweerd vat dit bondig saam:

Alongside the rationalistic phenomenological line there is an irrationalistic phenomenological school strongly influenced by ...Wilhelm Dilthey (1833–1911, professor at Berlin) and his followers (Martin Heidegger, Theodor Litt, Max Scheler, Eduard Spranger, Hans Freyer and others). They demand a so-called “*geistewissenschaftliche*” [humanities] method for legal theory and political science, as opposed to the objectifying method of those natural-scientific disciplines that find their field of study in a spatializing method. (Dooyeweerd 2018:105-106)

(d) *Die kontradiksie in Goosen se siening*

As “verruimteliking” (Goosen 2015:381, 383) problematies is, sluip daar ’n dialektiese denkwyse in wat die onverbreeklike samehang tussen al die werklikheidsaspekte misken. Bykomend veroorsaak die gegewe dat die geheel-dele relasie sy oorspronklike tuiste huis in die ruimte-aspek vind ’n onverwagse teenspraak in Goosen se denke – gebruikmakend van die geheel-dele relasie is hy dan self aan ’n *verruimtelikende* denkwyse skuldig.

Goosen (2015:378) waarsku tereg teen die “verabsolutering van immanente” gegewens “soos volk en staat”. Hy neem gevvolglik ook prinsipiell stelling in teen enige *vergoddeliking* want God transendeer die geheel – wat daaruit blyk dat “die geheel van dinge deur God te bowe gegaan word” (2015:84).

(e) *Die status van wette in Goosen se denke*

Gemeenskapsgebeure is gefundeer in die “wet van eksessiewe méér-wees” (Goosen 2015:89-90). Omdat “eksessie” op iets inherent antinormatief dui, *oondaad*, kan dit liefs met ’n positiewe term vervang word. Hy gebruik wel die term “(natuurlike) orde” met verwysing na Aristoteles (2015:53).

Goosen gebruik nie die idee van ’n *wetsorde* of *skeppingsorde* nie. Hy benader dit wel deur te praat van die “wyse waarop God sy skepping onderhou en die redelike orde wat Hyself geskep het”. Hy sien God as die krag “waarvan die spore in ’n geordende, rasionele en daarom ook betroubare geheel opgespoor kan word” (2015:87). Hierdie opvatting staan op gespanne voet met sy korrekte pleidooi vir die nie-gekonstrueerde aard van dinge – hy verwys krities na die “oproep om die werklikheid nuut te skep” (2016:235). Die ontiese gegewenheid van wat is, is sekerlik (rasioneel-redelik) kenbaar, maar die gegewe werklikheid is nie self *rasioneel* nie.

Die motief van logiese (rasioneel-redelike) *skepping* tref ons reeds by Hobbes aan en dit bereik sy rasionalistiese hoogtepunt by Kant wat die menslike verstand verhef tot apriories-formele wetgewer van die natuur: “Die verstand skep sy wette (apriori) nie uit die natuur nie, maar skryf dit aan die natuur voor” (Kant 1783, II:320; § 36). Sedertdien verneem ons vanuit verskillende oorde dat die werklikheid self ’n *rasionale* struktuur besit.

'n Ondersoek na die reikwydte van die skeppingsbeginsel van soewereiniteit-in-eie-kring sou Goosen sekerlik meer krities ingestel het teenoor die pagane religieuse<sup>25</sup> grondmotief van *vorm* en *materie* wat aan die wortel van die Griekse kultuurontwikkeling en ook aan Plato en Aristoteles se denke lê. Enersyds is hierdie grondmotief vir die totalitaire siening van die *polis* verantwoordelik en andersyds belig dit die afwesigheid van die idee van soewereiniteit-in-eie-kring in ons verstaan van die aard van 'n gedifferensieerde samelewingsorde. Dit kan toegelig word met verwysing na Dooyeweerd se tipering van Plato se ideëleer in *Politeia* in verband met die *polis* asook na die tradisie wat deur Protagoras ingelei is. Dooyeweerd skryf:

In books II through X of the *Republic*, the theory of ideas is placed in relation to the *polis*, as the center of Greek life. The *polis*, as the bearer of the religion of culture, thereby again takes the central position in Plato's thought that it had occupied from the very beginning, as is clear from his seventh letter. Further, it is precisely through its being applied to the organization of the *polis* that this theory receives its most far-reaching application to all areas of life. For, as the vehicle of the culture religion, the *polis* is simultaneously the earthly vehicle of the form principle, which governs this religion. *Paideia*, in the sense of the forming of the free Greek into a citizen, meant for the popular Greek mind of classical times, and for Plato as well, the cultural formation of a person in all areas of life. Indeed, according to this view, the *polis* is the all-encompassing sphere of human society, which lays claim to all terrains of human life. The notion that each distinct component of society possesses a sovereignty in its own sphere that is rooted in its internal nature and created structure, a view that arose only from the ground-motive of the Christian religion, is completely foreign to the world of classical antiquity. (Dooyeweerd 2012:I:164-165)

Die aanvanklike Griekse siening aanvaar 'n kosmiese wêreldorde ('n "natuurlike orde") waarin die aanneem van 'n vaste individuele vorm deur die *Anangkē* gedoen is om kragtens 'n wet van geregtigheid weer tot die vormlose oorsprong daarvan terug te keer. Protagoras meen daarenteen dat die natuur geen wet ken nie – alle reg ontstaan uit die *nomos* van die staat. Slegs die *polis* ontgin die menslike aanleg tot kultuur en tegniek. Dooyeweerd skryf: "For this reason those who live outside the Greek city-state, the *barbaroi*, are viewed as not fully human. This view became characteristic for the entire classical theory of state and law" (Dooyeweerd 2017:211-212).<sup>26</sup>

#### (f) Die kritiek op die nominalisme

Goosen (2015:87) is tereg krities ten opsigte van die nominalistiese opvatting van God se vermeende willekeurige relasie tot die skepping. God word 'n "duistere wilsmag wat die ganse werklikheid op 'n willekeurige wyse kan maak". Indien hy op hierdie punt die wet as (kreatuurlik-onoorskrybare) grens tussen God en skepsel sou betrek, sou hy kon argumenteer dat *willekeur* 'n normatiewe orde veronderstel en op grond daarvan as iets *antinormatief* gesien moet word. Alleen dit wat aan die wet onderworpe is kan egter antinormatief handel, wat beteken dat Ockham met sy siening eintlik – teen sy eie bedoeling in – God onder die wet ingetrek het, wat die vertrekpunt van 'n sekularisasie-proses ingelei het waarvan ons nog steeds die gevolge dra.

<sup>25</sup> Met die woord "religieus" word nie *godsdiens* in engere sin bedoel nie, maar die diepste bewegende kragte in die lewe van mense en samelewings.

<sup>26</sup> Let daarop dat MacIntire (1988:122,126) wel die totalitaire aard van die *polis* raakgesien het.

(g) *Eenheid, waarheid, skoonheid en goedheid*

Uit die “tradisie” aanvaar Goosen (2015:90) hierdie “transcendentalia” as “belangrike eienskappe” van “die geheel”. Dooyeweerd (2012 en 2013) het uitvoerig op die agtergrond van hierdie *transcendentalia* ingegaan. Hy skryf:

We also saw how the first two determinations – those of unity and truth – go back to the Eleatic concept of being, which could only grasp being in a naturalistic form: as the spatial shape of a ball, the all-encompassing celestial sphere.

The second pair of transcendentals, those of beauty and goodness, is entirely governed by the form principle of the culture religion which deepened it theoretically and ethically and proceeded to guide the entire formation of concepts along the Socratic idea of the “kalokagathon.” In all four transcendentals the analogical concept of being remains the correlate of the activity of theoretic thought which is made independent – autonomous – and oriented to the form principle. As such, it (*ousia* in Aristotle) is proclaimed to be entirely independent of the matter principle. (Dooyeweerd 2013:285-286)

## 21. SLOTOPMERKING

In hierdie artikel word gefokus op die elementêre (analogiese) begrippe, op modale totaalbegrippe en op struktuur-tipiese (entiteits-)begrippe om te kom tot 'n genuanseerde plasing van die begrip “gemeenskap” binne die konteks van die onderskeiding tussen maatskapsverhoudinge, gemeenskapsverhoudinge en verbandsverhoudinge in 'n gedifferensieerde samelewing.

## BIBLIOGRAFIE

- Alexander, J.C. & Seidman, S. (Eds). 1990. *Culture and Society, Contemporary Debates*. New York: Cambridge University Press.
- Althusius, J. 1603. *Politica Methodice Digesta* [Collection of Systematic Political Views] (1603, 3rd ed. 1614).
- Aristotle 1894. *Politica*, Teks Uitgawe deur F. Susemihl & R.D. Hicks: *The Politics of Aristotle*, 'n Hersiene teks, New York: McMillan & Co.
- Aristotle. 2001. *The Basic Works of Aristotle*. Edited by Richard McKeon met 'n Inleiding deur C.D.C. Reeve. (Random House in 1941). New York: The Modern Library.
- Bühl, W.L. (1976): *Theorien sozialer Konflikte*. Darmstadt 1976.
- Charness, G. & Gneezy, U. 2000. *What's in a Name? Anonymity and Social Distance in Dictator and Ultimatum Games*. 5 November: JEL classification: [A13, B49, C91, D63, D64 (pp.1-21). [http://dlx.b-ok.org/genesis/115000/604525a54bb2e0b2af6d1792eb5607a0/\\_as/\[Charness\]\\_Anonymity\\_and\\_Social\\_Distance\(b-ok.org\).pdf](http://dlx.b-ok.org/genesis/115000/604525a54bb2e0b2af6d1792eb5607a0/_as/[Charness]_Anonymity_and_Social_Distance(b-ok.org).pdf)]
- Dahrendorf, R. 1961. *Gesellschaft und Freiheit: Zur soziologischen Analyse der Gegenwart*. München: Piper.
- De Robertis, E.D.P., Nowinski, W., & Saez, F.A. 1965. *Cell Biology*. London: W. B. Saunders Co.
- Dobzhansky, T. 1965. Discussion of Schramm's Paper. In: *The Origins of Prebiological Systems and their Molecular Matrices*, Ed. S.W. Fox. New York: Academic, pp. 309-315.
- Dobzhansky, Th. 1967. *The Biology of Ultimate Concern*. New York: New American Library.
- Dooyeweerd, H. 2003. *Roots of Western Culture, Pagan, Secular and Christian Options*, B Series, Volume 3, General Editor [GE] D.F.M. Strauss, Lewiston: Edwin Mellen.
- Dooyeweerd, H. 2012. *Reformation and Scholasticism in Philosophy*, Vol. I, Collected Works of Herman Dooyeweerd, A Series, Volume 5, GE D.F.M. Strauss, Grand Rapids: Paideia Press.

- Dooyeweerd, H. 2016. *A New Critique of Theoretical Thought*. 4 Bande. Series A (1-4), GE D.F.M. Strauss, Grand Rapids: Paideia Press.
- Dooyeweerd, H. 2017. *Time, Law, and History*, Collected Works of Herman Dooyeweerd, B Series, Volume 14, GE D.F.M. Strauss, Grand Rapids: Paideia Press.
- Dooyeweerd, H. 2018 [in proses]. *Encyclopaedia of the Science of Law*, A Series, Volume 10, Grand Rapids: Paideia Press.
- Duvenhage, P. 2016. *Afrikaanse Filosofie. Perspektiewe en Dialoë*. Bloemfontein: SUN MeDIA.
- Giddens, A. 1986. *The Constitution of Society*, Berkeley: University of California Press (eerste uitgawe 1984).
- Giddens, A. 1998. Interview Three – Structuration Theory (with C. Pierson). In: Pierson (1998:75-93).
- Goosen, D. 2015. *Oor Gemeenskap en Plek*. Pretoria: FAK.
- Goosen, D. 2016. Die werklikheid as deelnemende gebeure, of die verwikkeld samehang van eenheid en veelheid. In: Duvenhage (2016:221-248).
- Gosztonyi, A. 1976. *Der Raum: Geschichte seiner Probleme in Philosophie und Wissenschaften*. Volume I, Freiburg: Alber.
- Habermas, J. 1995-1 & 1995-2. *Theorie des kommunikativen Handelns*. [Theory of Communicative Action] Volume 1 & Volume 2. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Jellinek, G. 1966. *Allgemeine Staatslehre* (Dritte Auflage). Berlin: Verlag Dr. Max Gehlen.
- Jones, A. 1998. Ed. *Science in Faith, A Christian Perspective on Teaching Science*, Essex: Romford.
- Kant, I. 1783. *Prolegomena zu einer jeden künftigen Metaphysik die als Wissenschaft wird auftreten können*. Hamburg: Felix Meiner edition (1969).
- Luckmann, T. & Berger, P.L. 1969. *The social construction of reality; a treatise in the sociology of knowledge*, London: Allen Lane.
- MacIntire, A. 1988. *Whose Justice? Which Rationality?* Notre Dame: University of Notre Dame Press.
- Martindale, R. 1975. *Prominent Sociologists Since World War II*, Columbus: Charles E. Merrill Publishing Company.
- Münch, R. 1990. Differentiation, Rationalization, Interpenetration: The Emergence of Modern Society, in: Alexander (1990a:441-464).
- Myrdal, G. 1932. *Das politische Element in der National ökonomischen Doktrinbildung*. Berlin: Junker und Dünnhaupt Verlag.
- Nisbet, R.A. 1962. *Community and Power*, formerly “The Quest for Community”. New York: Oxford University Press
- Oeing-Hanoff, L. 1976. Individuum, Individualität – Hoch- und Spätskolaistik. In: *Historisches Wörterbuch der Philosophie*, Volume 4. Basel-Stuttgart: Schwabe & Co, pp. 304-310.
- Parsons, T., Bales, R.F. & Shills, E.A. 1953. *Working Papers in the Theory of Action*. New York: Free Press.
- Pierson, C. 1998. *Conversations with Anthony Giddens: Making Sense of Modernity*. Cambridge: Polity Press.
- Rawls, J. 1996. *Political Liberalism. Revised Edition*. Cambridge: Harvard University Press.
- Rousseau, J.J. 1975. *Du Contrat Social et Autres Oeuvres Politiques*. Paris: Editions Garnier Frères.
- Schrödinger, E. 1955. *What is Life? The Physical Aspect of the Living Cell*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Simpson, G.G. 1969. *Biology and Man*. New York: Harcourt.
- Sorokin, P.A. 1962. *Society, Culture and Personality*, New York: Cooper Square publishers.
- Spencer, H. 1968. *Reasons for Dissenting from the Philosophy of Comte and other Essays*, Berkely: Glendessary press.
- Stegmüller, W. 1987. *Hauptströmungen der Gegenwartsphilosophie*. Vol.III. Stuttgart: Alfred Krüger Verlag.
- Strauss, D.F.M. 2002. Is it meaningful to juxtapose “individual” and “society”? *Society in Transition*, 33(1):96-115.
- Strauss, D.F.M. 2004. Transcending the impasse of individualism and universalism in sociological theory? *Society in Transition*, 35(1):1-18.

- Strauss, D.F.M. 2006. Beyond the opposition of individual and society, Part I: Acknowledging the constitutive social function of being an individual and ‘de-totalizing’ the idea of ‘society’. *South African Review of Sociology*, 37(2):143-164.
- Strauss, D.F.M. 2006a. The Rise of the Modern (Idea of the) State. *Politikon*, 33(2):183–195.
- Strauss, D.F.M. 2007. Beyond the opposition of individual and society, Part II: The ‘category-mistake’ entailed in this opposition. *South African Review of Sociology* 2007, 38(1):1-19.
- Strauss, D.F.M. 2008. Philosophy in the Context of our Time – IV: The perennial question concerning “(metaphysical) categories”. *Journal for Christian Scholarship*, 47(2):35-51.
- Strauss, D.F.M. 2012. A history of attempts to delimit (state) law. *Journal for Juridical Science*, 37(2):35-64.
- Strauss, D.F.M. 2012a. Die moontlikheidsvoorwaardes van metafoorgebruik. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(4):613-628.
- Strauss, D.F.M. 2013. Sphere sovereignty, solidarity and subsidiarity. *Journal for Christian Scholarship* (93-123).
- Strauss, D.F.M. 2014. The Place of the State in a Differentiated Society: Historical and Systematic Perspectives. *Politikon: South African Journal of Political Studies*, 41(1):121-139.
- Strauss, D.F.M. 2017. Wysgerige onderskeidinge relevant vir ’n besinning oor staat en samelewing met besondere verwysing na Koos Malan se *Politokrasie*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(3):852-870.
- Strauss, D.F.M. Strauss. 2017a. Die aard en plek van die *geheel-dele relasie* – gesien vanuit ’n algemeen-wysgerige sowel as ’n vakfilosofiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(4):1078-1092.
- Sztompka, P. 1993. *The Sociology of Social Change*. Cambridge, Massachusetts: Blackwell.
- Tönnies, F. 1972. *Gemeinschaft und Gesellschaft*, Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft (first edition, 1887).
- Trincher, K. 1985. Die Dualität der Materie. In: *Philosophia Naturalis*, Vol.22(3):329-342.
- Von Bertalanffy, L. 1973. *General System Theory, Foundations Development Applications*. Middle Sex: Harmondsworth.
- Von Gierke, O 1968. *Johannes Althusius und die Entwicklung der naturrechtlichen Staatstheorien*. Aalen: Scientia.
- Von Wiese, L. 1959. *Philosophie und Soziologie*, Berlin: Duncker & Humblot.
- Von Wiese, L. 1966. *System der Allgemeinen Soziologie als Lehre von den sozialen prozessen und den sozialen Gebilden der Menschen (Beziehungslehre)*. Berlin: Duncker & Humblot.
- Yourgrau, P. 2005. *A World Without Time. The forgotten Legacy of Gödel and Einstein*. London: Penguin Books.
- Zeitlin, I.M. 1973. *Rethinking Sociology, A Critique of Contemporary Theory*. New Jersey.

# Kan Althusius die politokrate red?

*Can Althusius save the politocrats?*

**ANDRIES RAATH**

Departement Geskiedenis  
Universiteit van die Vrystaat  
E-pos: raatha@ufs.ac.za



Andries Raath

**ANDRIES RAATH** is 'n navorsingsgenoot in die Departemente Publiekreg en Geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy begin sy akademiese loopbaan in 1980 as senior lektor in regsfilosofie aan die Universiteit van Bophuthatswana. Vanaf 1984 is hy verbonde aan die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Vanaf 2004 tot 2012 was hy senior professor in dié departement. Die fokusareas van sy navorsing sluit in kontemporêre politieke strominge met besondere verwysing na kommunitêre reggs- en staatsteorieë sowel as Suid-Afrikaanse godsdiensgeskiedenis.

**ANDRIES RAATH** is a research fellow in the Departments of Public Law and History at the University of the Free State. He started his academic career in 1980 as senior lecturer in philosophy of law at the University of Bophuthatswana. Since 1984 he is attached to the Department of Constitutional Law and Philosophy of Law at the University of the Free State; and from 2004 to 2012 he was senior professor in the same department. The focal areas of his research include contemporary political approaches with particular reference to communitarian legal and state theories as well as South African religious history.

## ABSTRACT

*Can Althusius save the politocrats?*

In a contribution to the debate on the fundamentals of politocratic communitarianism, Danie Goosen in the December 2016-issue of this journal remarked that the idea of the Greek polis continued through Johannes Althusius' modern federal political theory of the seventeenth century. This article investigates the tenability of Goosen's views in the light of Althusius' application of and subscription to the Ramist logic and dialectical methodology. Ramus' logic was not rooted in the Aristotelian syllogism but in definitions and postulates, the material of which was found in the empirical sciences themselves. Althusius added a distinct Reformational flavour to the Ramist method, thereby developing an approach to the field of political philosophy which could be described as a rudimentary form of transcendental-empirical methodology. In this article it is argued that the philosophical roots of politocratic communitarianism stand diametrically opposed to Althusius' theory. The upshot is that for politocrats to subscribe to and accommodate Althusius' political views demand departing from Aristotle's universalistic statism and his underlying idea of serving the interests (and needs) of the organic state.

*Althusius' insight into the distinction between the structures of civil society and the state as a public legal institution demands bidding farewell to the core-ideas of politocratic communitarianism to the measure that it is a manifestation of abstract trans-individual life, it embraces a totalitarian (and absolutistic) form of political community; it vehemently opposes fundamental civil rights and it reflects an inner-dialectical and undifferentiated form of political association.*

**KEY WORDS:** Althusius, Aristotle, federalism, Goosen, politocratic communitarianism

**TREFWOORDE:** Althusius, Aristoteles, federalisme, Goosen, politokratiese kommunitarisme

## OPSUMMING

In 'n bydrae tot die debat oor die grondslae van politokratiese kommunitarisme, het Danie Goosen in die Desember 2016-uitgawe van hierdie tydskrif beweer dat die idee van die Griekse polis voortlewe deur Johannes Althusius se moderne federale politieke teorie van die sewentiende eeu. In hierdie artikel word die houdbaarheid van Goosen se standpunt in die lig van Althusius se onderskrywing en toepassing van die Ramistiese logika en dialektiese metodologie ondersoek. Ramus se logika was nie gewortel in die Aristoteliese sillogisme nie, maar in definisies en stellings behorende tot die betrokke empiriese wetenskapsterreine. Althusius het 'n duidelik onderskeibare Reformatoriële inslag aan die Ramistiese metodologie verleen. Dié metodologie sou as 'n beperkte vorm van transendentaal-empiriese metodologie beskryf kon word. In hierdie artikel word geargumenteer dat die filosofiese wortels van politokratiese kommunitarisme in direkte teenstelling staan tot Althusius se politieke teorie. Die implikasie is dat die politokratiese onderskrywing en akkommodering van Althusius se politieke standpunte vereis dat die Aristotelies-universalistiese statisme en die onderliggende idee van diensbaarheid aan die belang (en behoeftes) van die organismiese staat waarwel toegeroep sal word. Althusius se insig in die onderskeid tussen die strukture van die burgerlike samelewing en die staat as publiekregtelike instelling, noodsak die verwerping van die kern-idees van politokratiese kommunitarisme tot die mate dat laasgenoemde 'n vergestalting van abstrakte gemeenskapslewe is, dit 'n totalitaire (en absolutistiese) vorm van politieke gemeenskap omhels, dit fundamentele burgerregte verwerp en 'n innerlik teenstrydige en ongedifferensieerde vorm van politieke assosiasie weerspieël.

## 1. INLEIDING

In die Desemberuitgawe (2016) van die Tydskrif vir Geesteswetenskappe maak Danie Goosen verskeie prikkelende opmerkings oor die grondslae van politokratiese kommunitarisme: Eerstens verwyt hy "Dooyeweerdse respondente" dat hul nie voldoende raaksien dat die begrip "gemeenskap" in sy werk nie "eensydig en ten koste van die 'individu' bedink word nie"; "(i)nteendeel, uit talle tekste moes dit duidelik gewees het dat daar telkens na 'n wederkerigheid tussen individu en gemeenskap gesoek word" (Goosen 2016:1247). Goosen se tweede gedagte sluit hierby aan: met behulp van 'n beroep op die *polis*-gedagte word die moderne staat telkens in sy werk aan 'n ander moontlikheid herinner, "naamlik die federatiewe tradisie soos wat dit onder meer deur die Calvinistiese denker, Althusius, aan die begin van die sewentiende eeu ontwikkel is ..." (Goosen 2016:1248). Goosen voeg by: "Volgens die federatiewe gedagte soos wat dit by Althusius aangetref word, behoort gemeenskappe oor die institusionele ruimtes te beskik waarbinne hulle so 'n groot as moontlike inspraak in dié sake het waarvoor hulself

inderdaad verantwoordelikheid kan aanvaar” (Goosen 2016:1248). Volgens Goosen word gemeenskappe so nie net van die neerdrukkende gevolge van staatscentralisme vrygestel nie, maar die gedagte van demokratiese deelname kom ook eers so tot haar reg (Goosen 2016:1248). Aangaande die verband tussen die Aristotelies-politokratiese tradisie en Althusius se federalisme maak Goosen die volgende stelling: “Ons kan sê dat die polis-gedagte in en deur die moderne federatiewe tradisie voortlewe. As sodanig verskil dit grondig van die klassieke *polis*. Daarom ook die hedendaagse belangrikheid daarvan” (Goosen 2016:1248). Die feit dat Goosen ’n verband tussen die Aristoteliese *polis* en Althusius se simbiotiese staatsteorie postuleer, verdien vervolgens indringende aandag.

Goosen se opmerkings roep verskeie vrae na vore: Doen Althusius se “federatiewe tradisie” ’n beroep op die *polis*-gedagte? Is dit waar dat die polis-gedagte in en deur die federatiewe tradisie voortlewe? Eenvoudig gestel: Was Althusius ’n Aristoteliese politokraat? In hierdie bydrae tot die voortgaande debat oor die staatsfilosofiese grondslae van politokratiese kommunitarisme word die genoemde kwessies aan die orde gestel met besondere klem op die vraag of politokrate se beroep op Althusius binne die voëë van die grondslae-diskoers regverdigbaar is – ’n beroep waarvoor Robert Nisbet (1953:126, 144) se ongenuanseerde verwysings in sy werk *The Quest for Community* (1953) waarskynlik deels verantwoordelik is.

## 2. WAS DIE PLATONIESE EN ARISTOTELIESE STAATSFilosOFIE FEDERALISTIES?

Plato was geen federalis nie. Sy hiërargies geordende sentralistiese staatsopvatting staan lynreg teenoor die idee van ’n politieke gemeenskap wat op ooreenkoms berus. Die idee van ’n sosiale kontrak wat die basis van morele verhoudinge in die *polis* vorm, was egter nie aan Plato onbekend nie. In sy *Politeia* doen sy gespreksgenoot Glaucon ’n beroep op morele verbintenis (byvoorbeeld geregtigheid) tussen individue in die samelewning wat uit ooreenkoms voortspruit (Plato 1979:104 (I, 2, 359b)).<sup>1</sup> Glaucon is egter eerder in die morele bande geïnteresseerd wat individue saambind, as wat hy – soos federaliste van die 17de en 18de eeu poog om te doen – ’n verklaring vir gehoorsaamheid aan die politieke gesaghebbers probeer vind (Plato 1979:104 (I, 2, 359a)).<sup>2</sup> Teenoor Glaucon se standpunt vind Plato die oorsprong van die menslike samelewning in die ekonomiese behoeftes wat bevredig en die dienste wat in dié verband gelewer moet word. Die individu se posisie in die samelewning word bygevolg deur die behoeftes en dienste wat met die oog op die politieke gemeenskap gelewer moet word, bepaal (Plato 1979:117 e.v.).<sup>3</sup> Karl Popper (1966:106 e.v.) kom tot die gevolg trekking dat Plato se politieke filosofie in wese totalitêr was, terwyl Otto von Gierke (1881 III:14-21) Plato en Aristoteles se politieke filosofieë as beide behorende tot die organismies-universalistiese staatsdenke beskryf.

Die Aristoteliese politieke tradisie staan nader aan die Platoniese universalistiese *polis* as wat dit federaal van inslag is: volgens Aristoteles is die mens by uitstek ’n politieke wese;<sup>4</sup> die staat vervolmaak die individu;<sup>5</sup> die staat is die volkomne gemeenskap;<sup>6</sup> die staat is die

<sup>1</sup> Plato (1979: 104 (I, 359)). Verwysings na Plato se werke is na die jaartal, gevolg deur die betrokke bladsy en die bladsynommers volgens die Stephanus-uitgawe van 1578.

<sup>2</sup> Plato (1979: 104 (I, 359)).

<sup>3</sup> Plato (1979: 117 (2, 369)).

<sup>4</sup> Aristoteles (1921: Boek I, hoofstuk 2 (1253a)). Verwysings na Aristoteles se *Politica* bevat die publikasiedatum gevolg deur die geyekte verwysings.

<sup>5</sup> Aristoteles (1921: Boek I, hoofstuk 3 (1094b)).

<sup>6</sup> Aristoteles (1921: Boek I, hoofstuk 2 (1252b)).

afgesloten en selfgenoegsame samelewingsvorm;<sup>7</sup> niestaatlike samelewingsentiteite staan tot die staat in die verhouding van die dele tot die geheel;<sup>8</sup> die deug van die dele word volgens die deug van die geheel bepaal;<sup>9</sup> geen mens behoort aan hom-/haarself nie, maar aan die staat;<sup>10</sup> die sorg vir die individu moet geskik word volgens die sorg vir die geheel.<sup>11</sup> In sy *Politica* vat Aristoteles dit bondig saam: "Further, the state is by nature clearly prior to the family and to the individual, since the whole is of necessity prior to the part ... The proof that the state is a creation of nature and prior to the individual is that the individual, when isolated, is not self-sufficing; and therefore he is like a part in relation to the whole ..." (Aristoteles 1921: Boek I, hoofstuk 2, 15-23 (1253a)).<sup>12</sup> In sy *Ethica Nicomachea* (Aristoteles, 1869: Boek I, hoofstuk 3 (1094b)) gee Aristoteles onverbloemd uiting aan sy staatsuniversalisme: "For, although the end of the individual and of the State may perhaps be identical, yet that of the State is evidently a grander and more complete object to win and to preserve. Choiceworthy as perfection may be for the individual, far more noble and divine is it for Nations and for (City) States. Such then is the object of our treatise, which may consequently be described as political." Carl J. Friedrich (1965:viii) stel die voortspruitende a-federatiewe inslag van die Platoniese en Aristoteliese politieke denke soos volg: "Neither Plato nor Aristotle, nor the many political writers following in their footsteps in classical antiquity, including the Stoics, developed a concept of federalism. This failure is as striking as the more frequently mentioned failure to elaborate the notion of representation."

### 3. WAS JOHANNES ALTHUSIUS (1557–1638) 'N ARISTOTELIAAN?

Die Franse filosoof Petrus Ramus (1515–1572) het geen doekies omgedraai oor sy anti-Aristoteliese sentimente nie. Sy skripsie dra die titel: "Alles wat Aristoteles kwytgeraak het, is fabrisering" (McCoy & Baker 1991:145). As alternatief tot die Aristoteliese metode van deduksie ontwikkel Ramus 'n induktiewe metodologiese sisteem (Stinzing 1884 I:145-150). As vertrekpunt neem hy die mens se sintuiglike waarnemings en die kontinue kategorisering en interpretasie daarvan aan die hand van Plato se dialoë (Wyduckel 2002:12 e.v.). Hy ontwikkel 'n hermeneutiek in reaksie teen Aristoteles se leer van substantiewe vorme en die daarin gewortelde Aristoteliese dialektiek (Dooyeweerd 1946–1966 I: 23-24). Volgens Ramus se retoriiese sisteem is die metodologiese vertrekpunt vir alle menslike kennis die sintuiglik waarneembare en die induktiewe ordening van kennis op grond van spesifieke gevalle (Ramus 1632:97 e.v.).

Frederick S. Carney beskryf die metodologiese wendinge wat die Ramisme tot gevolg gehad het as synde 'n nuwe sistematisiese benaderingswyse tot akademiese dissiplines: "The change that has occurred is one in which logic is used to clarify not only what may be said for or against propositions and combinations of propositions, but also how a field of study may be 'logically' organized. An assumption inherent in Ramism is that proper organization of materials is valuable not only for teaching and learning purposes, but also for the discovery and clarification of knowledge" (Carney 1965:xvii).

<sup>7</sup> Aristoteles (1921: Boek I, hoofstuk 2 (1252b)).

<sup>8</sup> Aristoteles (1921: Boek I, hoofstuk 13 (1260b)).

<sup>9</sup> Aristoteles (1921: Boek I, hoofstuk 13 (1260b)).

<sup>10</sup> Aristoteles (1921: Boek VIII, hoofstuk 1 (1337a)).

<sup>11</sup> Aristoteles (1921: Boek VIII, hoofstuk 1 (1337a)).

<sup>12</sup> Aristoteles 1921: Boek I, hoofstuk 2, 15-23 (1253a)).

Vir doeleindes van die politieke wetenskap, is veral drie aspekte van Ramus se nuwe metodologie relevant: eerstens, behoort slegs relevante materiaal tot 'n bepaalde terrein van ondersoek geselekteer te word (*lex justitiae*); tweedens, moet die universele en noodsaklike beginsels van dié wat tydgebonden en spesifiek is onderskei te word (*lex veritatis*); derdens, behoort proposisies by die verbandhoudende kategorieë van wetenskaplike materiaal geplaas te word eerder as wat dit volgens hoër of laer vlakke van algemeenheid geklassifiseer word (Carney 1965:xviii).<sup>13</sup>

Die Reformatoriese politieke filosoof Johannes Althusius, outeur van die invloedryke werk *Politica methodice digesta* (1603), volg Ramus se metodologie as 'n bloudruk vir sy politieke en regsdenke (Dooyeweerd 1946–1966 I: 22).<sup>14</sup> Laasgenoemde se benadering vanaf die algemene na die onderskeie afdelings daarvan, vind by Althusius aanklank. Sy werk begin met 'n omskrywing van politieke wetenskap as akademiese dissipline. Vervolgens onderskei hy die onderafdelings van dié terrein en wys deurlopend op die verband wat dit met die omskrywing daarvan handhaaf. Die Ramistiese benadering onderlê Althusius se hele werk: "He pursues this method with a tiresome regularity throughout the entire volume until the full implications of the opening proposition have been diligently sought out in their application to all forms and activities of political association" (Carney 1965:xix). Aan die hand van die Ramistiese metode van induksie probeer Althusius om die indringing van die Romeinsregtelike beginsels op die terrein van die staatsfilosofie – wat onder Bodinus en Gregorius 'n hoogtepunt bereik het – uit te suiwer (Althusius 1965:3). In sowel die eerste (1603) as derde (1614) uitgawes van sy *Politica* bespreek Althusius die onderskeie wetenskaplike terreine met besondere verwysing na die politieke wetenskap: "Where the moralist leaves off, there the theologian begins; where the physicist ends, the physician begins; and where the political scientist ceases, the jurist begins" (Althusius 1965:3). Hy waarsku voorts teen oorskryding van wetenskaplike terreine ten koste van die akademiese inslag van 'n betrokke wetenskaplike dissipline (*in casu* die politieke wetenskap): "For reasons of homogeneity, we must not leap readily across boundaries and limits, carrying from cognate arts what is only peripheral to our own. ... We should make sure that we render to each science its due (*suum cuique*) and not claim for our own what is alien to it. How many juridical questions taken from the midst of jurisprudence do you find in the political writings of Bodin and Gregory? What can the beginning student of politics, who is not trained in the science of politics, make of these questions, and how can he pass judgment upon them? I say the same about the theological and philosophical questions that others have added to politics" (Althusius 1965:3).

Aan die hand van die Ramistiese benadering pas Althusius drie metodologiese kriteria konsekwent toe: eerstens sluit hy regs-, teologiese en etiese materiaal wat hy as oorbodig vir die politieke wetenskap ag, van sy terrein van ondersoek uit; tweedens skenk hy minder aandag aan polities-kontingente aangeleenthede, en derdens behandel hy spesifieke politieke konsepte by die aangewese plekke. Die resultate van dié metodologiese benadering verleen aan Althusius se *Politica* wat Carney noem "a highly architectonic quality" hoewel dit nie noodwendig vir die hedendaagse leser deurlopend sinvol is nie (Carney 1965:xviii). Op sy beurt tipeer John

<sup>13</sup> Ramus se afwysing van die Skolastiese wetenskapsbeoefening lei daartoe dat hy tydens die Bartholomeusnagmoorde in 1572 deur die Skolastici wreng om die lewe gebring word. Vir Ramus se invloed in veral die Duitse reg van die 17de eeu kyk Stinzing (1884 I: 468, 477; II: 24, 25, 43).

<sup>14</sup> Reeds Althusius se vroeë werk dra die titel: *Jurisprudentiae Romanae libri duo ad leges methodi Ramae conformati et tabellis illustrata* (1586). Vir biografiese inligting oor Althusius kyk Dahm (1988: 23 e.v.).

Witte (2002:162) Althusius se politieke metodologie as synde 'n "taksonomie" van teenoorstaandes met die oog daarop om die inhoud van die politieke wetenskap te verduidelik.

#### **4. JOHANNES ALTHUSIUS SE POLITIEKE SIMBIOSETEORIE**

##### **4.1 Assosiasie en simbiose**

Volgens P.S. Gerbrandy (1944:7) is die sentrale tema van Aristoteles, die Middeleeuse en Jean-Jacques Rousseau (1712–1778) se denke by Johannes Althusius afwesig: die natuurlike mens: "If one follows the thread of Althusius' thought one perceives clearly that there is one conception familiar to Aristotle, the Middle Ages, and Rousseau, which is alien to him. I mean man in the state of nature (*natuurmensch*). He knows only complete man (*cultuurmensch*) for the Bible has the decisive word here." Die mens se beheerde kultuurvorming op politieke terrein geskied volgens die beginsels van assosiasie en simbiose. Assosiasie kan voorts onderskei word in die *lex communis* en die *lex propria*. Die *lex communis* duï op die onveranderlike orde ingevolge waarvan sommige mense as ampsdraers en ander as onderdane in assosiasievorme onderskei word. Die *leges propria* is dié wette ingevolge waarvan spesifieke assosiasies onder gesagsvorme funksioneer. Dié assosiasievorme verskil volgens die spesifieke aard van elk: "The laws by which the communication of things, occupations, services, and actions is accomplished are those that distribute and assign advantages and responsibilities among the symbiotes according to the nature and necessities of each association" (Althusius 1965:17). Althusius lê die klem hier op die wetmatigheid wat die eie aard van elke samelewingsvorm bepaal (*prout natura cuiuscum consociationis*). Benewens die ordelikheid wat die menslike ervaringshorison begrens, is hier 'n belangrike afwyking van die Aristoteliese samelewingshiërargie soos deur Aristoteles in sy *Politica* beskryf. Teenoor die Aristoteliese samelewingshiërargie gee Althusius blyke van 'n pionierinsig in 'n transendentale wetsidee wat benewens die ordelikheid van die skepping ook die onderskeieordes van samelewingsvorme (die gesin, collegia, stad, en so meer) bepaal.<sup>15</sup> Volgens die Aristoteliese benadering vind elke samelewingsvorm sy doel en verwesenliking in die *polis*; vir Althusius beskik elke samelewingsvorm oor sy eie doel en aard ongeag die verhouding waarin dit tot ander samelewingsvorme staan. Althusius se rudimentêre orientasie aan 'n transendentaal-empiriese insig in die wetsorde wat samelewingsstrukture onderlê, word deur Merio Scattola (2002:368) beskryf as synde Althusius se nabootsing van 'n orde wat die empiries-waarneembare strukture in die samelewings voorafgaan.

##### **4.2 Die private lewensvorme in die samelewings**

In hoofstukke 2 en 3 van sy *Politica* tref Althusius 'n wesenlike onderskeid tussen private en publieke assosiasievorme. Wat private assosiasievorme betref, noem Althusius eksplisiet die familieverband en die *collegium*. Eersgenoemde is van 'n natuurlike en private aard, terwyl laasgenoemde 'n burgerlike en private inslag vertoon (Althusius 1965:23). Die regte waaroor die onderskeie private assosiasies beskik, verskil volgens die aard van elke assosiasievorm (Althusius 1965:22 e.v.). Die natuurlike private assosiasievorme is tweërlei: die huwelik (*conjugalis*) en die huisgemeenskap (*propinquus*) (Althusius 1965:25). Volgens Althusius gaan

<sup>15</sup> Dooyeweerd (1946-1966 III: 82) verwys na Althusius se wetsidee gegrond in "de belijdenis der souvereiniteit Gods".

hierdie samelewingsvorme nie op in die politieke gemeenskap (soos by Aristoteles) nie; die publieke assosiasievorme veronderstel en kom tot stand na aanleiding van die private assosiasievorme.

Die familie- en stamverbande beskik byvoorbeeld elkeen oor 'n eie interne gesagsorde en terrein van verantwoordelikhede volgens die skeppingsaard van elk. Die gesagsverhoudinge binne dié assosiasievorm vloeи uit die *jura sanguinis* en word nie van staatsweи aan dié vorm van natuurlike assosiasie gedelegeer nie: "He is called the leader (*princeps*) of the family, or of any tribe of people, who is placed over such a family or tribe, and who has the right to coerce (*jus coercendi*) the persons of his family individually and collectively" (Althusius 1965:25). Die familie-assosiasie beskik oor 'n wye reeks kompetensies ter verwesenliking van die doelstellings daarvan. Die eiesoortige aard van dié assosiasie gee beslag aan die gesagsvorme op dié terrein, die funksionering daarvan en die uitoefening van gesag volgens die strukturele aard van die betrokke kompetensiesfeer: "Intimate and familiar companionship, mutual love, fidelity, patience, mutual service, communication of all goods and right (*jus*) ... management of the family, administration of the household duties, education of children in the true religion, protection against and liberation from perils, and mourning of the dead ... Parents should educate their children, instruct them in the true knowledge of God, govern and defend them, even lay up treasures for them, make them participants in everything they themselves have, including their family and station in life ..." (Althusius 1965:25, 26).

Die tweede private vorm van assosiasie is dié van die *collegium* – 'n burgerlike private vorm van assosiasie georganiseer op kontraktuele basis deur private individue, "a spontaneous and merely voluntary society, granted that a certain necessity can be said to have brought it into existence" (Althusius 1965:28; kyk Elazar 1996a:318). Bettina Koch (2009) se opmerkings te dien effekte dat Althusius se behandeling van die *collegium* 'n oorgang vanaf die private na die publieke sfeer verteenwoordig, kan nie onderskryf word nie. Die private en publieke sfere word deur Althusius prinsipeel onderskei en die *collegium* word konsekwent as private assosiasievorm beskryf. *Collegia* was burgerlike instellings vir beroepsgroepe soos bakkers, kleremakers, bouers, handelaars, teoloë en regeringsamptenare – opgerig ter bevordering van gemeenskaplike doelwitte. Dit is opvallend dat Althusius die lede van die *collegia* as deelnemers binne 'n gemeenskaplike regstruktuur (oftewel liggaam) beskou en nie as individue nie (Althusius 1965:30). Die interne seggenskap van die *collegia* berus by die intra-ordelike funksionarisie van dié assosiasies en nie by die publieke regeergesag nie: "The communication of right among the colleagues is achieved when they live, are ruled, and are obligated in their collegium by the same right and laws (*jus et leges*), and are even punished for proper cause according to them provided this is done without infringing upon the magistrate or usurping an alien jurisdiction ... Certainly the colleagues may establish statutes obligating them in whatever pertains to the administration of their goods, to their craft and profession, and to their private business. Their jurisdiction, however, must not infringe on the public jurisdiction, nor extend to those matters that are rightfully prohibited" (Althusius 1965:431). Voorts beteken dit dat die private assosiasievorme (families, *collegia* ensvoorts) nie staatlike entiteite is nie en as sodanig oor eie nie-staatlike strukturele eienskappe beskik (vgl. Strauss 1978:208).

Die aanduiding van die kompetensieterreine van burgerlike samelewingsvorme wat "jurisdiksioneel" van dié van publieke gesagsdraers onderskeibaar is, verteenwoordig 'n radikale breuk met die voorgaande Aristoteliese tradisie. James W. Skillen beskryf hierdie insig as 'n deurbraak by die formulering van die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring: "A clearer statement of internal 'sphere-sovereignty' could not be written. Collegia come into existence and sustain themselves by no other human authority than that of their own internal

associational purposes. Of course such sovereignty is limited and of a distinct character. It may not, for instance, impinge on public sovereignty or on the internal sovereignty of the family. But the same must be said in reverse. It is not as head of his household that the ‘president’ of the collegium exercises authority. Nor may a collegium of bakers attempt to ‘legislate’ for a collegium of ‘philosophers’. Likewise, a government official in a city or a province has no authority over the internal affairs of a family or a collegium” (Skillen 1974:181).<sup>16</sup> Soos die groter familieverband beskik die collegium oor jurisdiksie op sy eie terrein, dit vind sy doel nie buite sigself nie en beskik oor die seggenskap om sy eie intra-ordelike aangeleenthede en belangte behartig (vgl. Skillen 1974:182; kyk ook Hall 1996:367). Vir sover daar by Althusius nie sprake is van kompetensies wat vanaf een sosiale instelling aan ’n ander gedelegeer word nie, maar elke samelewingsvorm oor ’n oorspronklike en struktureel unieke kompetensieterrein beskik, moet Bettina Koch se subsidiariteitsinterpretasie van Althusius se verbandsteorie afgewys word (Koch 2009:76). Tereg wys Dooyeweerd (1946-1966 III: 80) daarop dat Althusius – uitgaande van die verbandsbegrip – se oogmerk bly om die simbiose (die menslike samelewing) in die hele regslewe te ondersoek as ’n trapsgewyse opbou van verbande, waar familie en genootskap (*collegium*) die publiekregtelike grondslag van die regslewe vorm. Elke enger verband is as’t ware ’n oorspronklike gemeenskap met ’n eie doel en ’n eie nie aan die staat ontleende regsfear en van regsgesag slegs soveel aan die staat afstaan, as wat nodig is ter bereiking van laasgenoemde se spesifieke doel: die verwesenliking van ’n regsgemeenskap bo alle verbandsverskeidenheid (Dooyeweerd 1946-1966 III:80). Alhoewel private assosiasies nie dele van ’n staatlike geheel vorm nie, is die partikuliere publieke assosiasies soos stede en provinsies wel staatlike strukture: “It can be said that individual citizens, families, and collegia are not members of a realm (dus staat) ... On the other hand, cities, urban communities, and provinces are members of a realm” (Althusius 1965:62).

### **4.3 Die publieke lewensvorme in die samelewing**

#### *4.3.1 Die partikuliere publieke assosiasies*

Teenoor die publieke assosiasies wat territoriaal van aard is, is private assosiasies nie gebiedsgebonden nie (Elazar 1996a:319). In hoofstukke vyf tot agt van sy *Politica* bespreek Althusius dié publieke assosiasies – sowel die partikuliere as die universele vorme daarvan. Tot dié sosiale vorme reken Althusius dorpe, stede en provinsies. Die publieke assosiasies veronderstel die private assosiatiewe vorme. Die politieke gemeenskap is ’n *universitas* – ’n assosiatiewe liggaam wat ingevolge die *ius gentium* bestaan. Althusius laat die kollig val op die verskeidenheid simbiotiese vorme van assosiasie wat bykomend tot die private assosiasies bestaan. Burgerskap van die publieke assosiasies wis nie die soewereiniteit van die private assosiatiewe vorme uit nie. Soewereiniteit kom aan die hele assosiatiewe vorm toe en nie aan die regeergesag nie. Voorts funksioneer die regeergesag van die publieke assosiasie nie “bokant” die betrokke assosiatiewe vorm nie maar funksioneer as ampsdraer aangewys deur die burgery (Althusius 1965:56).

Op die vlak van “partikuliere” publieke assosiasies bespreek Althusius ook die kerklike en sekulêre owerhede. Althusius beklemtoon dat die publieke gesaghebbers oor geen inspraak

---

<sup>16</sup> Althusius dui die *lex propria* vir elke lewengemeenskap aan. Kyk Dooyeweerd (1946-1966 III: 82) en Strauss (1978: 208-209).

in interne kerklike aangeleenthede beskik nie maar dat dit wel aan die *collegium* van kerklike gesagdraers toekom. Van die ampsbeperkinge wat inmenging van politieke owerhede in interne kerklike aangeleenthede verhoed, skryf Skillen: “This does not mean that the public secular authority can meddle in the internal affairs of the church any more than it can meddle in the internal affairs of private associations. But neither does it mean that the ‘secular’ authority is without responsibility to God as a holy office” (Skillen 1974:183). Bygevolg is die verhouding tussen kerklike en politieke instellings nie dié van die Aristotelies-hiérargiese samelewingsordening nie: sowel kerk as staat beskik oor beperkte afgeleide soewereiniteit: “... God grants the limited sovereignty to church and state, each in its own sphere, and each with responsibility not just to the other but to God according to His Word” (Skillen 1974:184).

#### 4.3.2 Die universele publieke assosiasies

In hoofstuk nege van sy *Politica* bespreek Althusius die universele publieke assosiasie – die mees omvattende van al die assosiatiewe vorme in ’n bepaalde territorium. Althusius beklemtoon dat die universele publieke assosiasie deur alle ander assosiasies beperk word, dat alle individuele regte beskerming moet geniet en dat die universele politieke gemeenskap moontlik gemaak word deur die bestaan van die private en ander publieke assosiasies: “For as each member of the body was created and constituted for its duty, and yet each and every member has the same end, namely the conservation of the whole body, so each of us has been ordained to his proper and individual role in life, but nevertheless all of us to the glory of God and the welfare of our neighbor” (Althusius 1965:79). Die universele publieke assosiasie beskik oor geen kompetensies ten aansien van die bevoegdhede in-eie-kring van families, gildes, boere, handelaars, stede, dorpe ensovoorts. Alle publieke gesag is onderhewig aan grensbeperkinge en wette; geen gesag is absoluut, onbeperk, ongebonde, arbitrêr en wetteloos nie; alle gesag is gebind aan die reg, regte en billikheid – soortgelyk as by ander vorme van assosiasie. Staatlike soewereiniteit is beperk tot seggenskap-in-eie-kring en gesagdraers beskik nie oor dié soewereiniteit nie maar is blate administrateurs wat ampshalwe gesag uitoefen (Mesnard 1936:612).<sup>17</sup>

Benewens sy anti-Aristoteliese uitgangspunte, staan Althusius se standpunte oor soewereiniteit-in-eie-kring ook teenoor Jean Bodinus se ongebredelde vorstelike soewereiniteitsleer vir sover laasgenoemde soewereiniteit beskou as onbeperkte gesag om wette te maak sonder instemming van enige persoon of instansie (Hüglin 1997:220; Duso 1997:73). Bygevolg huldig Bodinus die standpunt dat soewereiniteit geen grensbeperkings van ander sosiale entiteite ken nie, self deur geen wette gebind is nie en geen regsgrense deur ander sosiale entiteite opgelê kan word nie (Chevallier: 1966:44). Teenoor Bodinus se soewereiniteitsopvatting is Althusius van oortuiging dat soewereiniteit nie onbeperk of bo die reg verhewe is nie; voorts is dit nie die “eiendom” van konings of regeerders waaroor hulle alleen besikkingsreg het nie (Althusius 1965:103). Althusius se konsepse van soewereiniteit-in-eie-kring as antwoord op Bodinus se absolutistiese soewereiniteitsbeskouing, was ’n revolusionêre stap in die Europese politieke denke: “In Europe the Althusian idea that sovereignty can be shared among covenanted partners (oftewel assosiatiewe vorme) was a revolutionary conception of the commonwealth

<sup>17</sup> “Non seulement le souverain n'est pas possesseur légitime de la majesté, mais il n'en est pas même usufrutier, comme le veulent les monarchistes modérés. La propriété, aussi bien dans son fonds que dans son usage, appartient au peuple: mais ce peuple est considéré comme une *Genossenschaft* formée du collège des membres fédérés.”

that contradicted traditional organic (Aristoteliese) and hierarchic (Skolastieke) understandings of the right order of things" (Elazar 1998:21).

Die soewereiniteit-in-eie-kring van die universele publieke assosiasie is aan drie belangrike kompetensiebeperkings onderhewig: Eerstens is alle soewereine gesag vorme van aangeleide ampgesag wat deur God aan die regeerlui toevertrou word; tweedens, is die staat 'n universele, publieke assosiasie met 'n beperkte doel met die oog waarop dit reg kan neerlê; soewereiniteit is nie die persoonlike eiendom van aangewese publieke gesagsdraers nie, maar die uitoefening van ampgesag wat ingevolge die reg uitgeoefen moet word (Althusius 1965:16 e.v.). Twee belangrike vrae tree na vore: Indien gesag vanaf die staatsvolk aan die regeergesag oorgedra word, welke voorsorg tref Althusius dat sy regstaatteorie nie in die impasse van volksoewereiniteit (soos dit byvoorbeeld by Jean-Jacques Rousseau manifesteer) beland nie? Beskik die onderdane oor enige burger- (of ander) regte wat die beskerming van individue en niestaatlike samelewingssterreine se regsbelange in die oog het?

## 5. ALTHUSIUS, REGSPERSOONLIKHEID EN VOLKSOEWEREINITEIT

Sowel die Griekse as Romeinse regsdenke het nie vir regsubjektiwiteit van die staat voorsiening gemaak nie. In die Platoniese en Aristoteliese staatsdenke tree die stadstaat (*polis*) na vore as 'n selfstandige geheel, met 'n eie wese, waarin die individuele menslike persoonlikheid sy hoogste beliggaming vind en wat met die menslike samelewing saamval. Hoewel dié Griekse denke reeds die algemene van die individuele kon onderskei, het dit nooit tot die begrip van regspersoonlikheid gekom nie. Die staat is as 'n lewende organisme voorgehou wat deur Plato voorgestel is as die mens in die groot,<sup>18</sup> deur Aristoteles meer abstrak as 'n saamgestelde kollektiewe wese, wat bo die enkeling verhewe is, al die verhoudinge van individue omvat en waarvan die bestaan en funksies deur 'n konstitusie gereël word.<sup>19</sup> Tot die begrip van 'n regspersoon kon hul nie deurdring nie, al is die waarneembare persone met staatsgesag beklee. Dié Griekse denke oor die staat tref ons ook by die Romeinse staatsfilosowe aan. Cicero (1991: Boek I, hoofstuk 25, paragraaf 85) beskryf byvoorbeeld die staat as 'n organisme met 'n eie wese, maar onderskeie wat die eenheid van die gesamentlike staatsliggaam en die veelheid van individuele konstituente daarvan betrek.<sup>20</sup> Ook by Cicero word geen persoonlikheid aan die *civis* toegeken nie en die *populus* word met staatsregte beklee.

Hoewel die Romeinse reg die onderskeid tussen *ius publicum* en *ius privatum*, gehandhaaf het, is geen persoonlikheid aan die Romeinse staat toegeskryf nie (Gierke 1881 III: 3). Vanaf 'n vroeë stadium het die staat met die *singuli* vermoënsregtelik kon handel, maar oor geen regspersoonlikheid beskik nie. Die bevoegdheid van die owerheid om in sulke verhoudinge te tree, is beskou as deel van die staat se publiekregtelike funksies en die aangegane regsverhoudinge was self nie geklee in die formaliteit van die *negotia inter vivos* wat geld vir individue nie, terwyl die verkreeë regte ook 'n eksplisiete publiekregtelike inhoud had, verskilend van die regte van persone soos bekend in die privaatreg. Hoewel die staat dus teenoor individue as subjek kon optree, is dit nie as gemeenskapspersoonlikheid beskou nie, die persoonsbegrip wat privaatregtelik ontwikkel het, is nie op hierdie publiekregtelike entiteite oorgedra nie en die Romeinse juriste het gestaan by die teenstelling tussen private individue

<sup>18</sup> Plato (1997: 140 (III, 386 e.v.), 224 (V, 449); 356 (VIII, 543); 399 (IX, 577) en 1978: 136 (III, 689); 322 (VIII, 828)).

<sup>19</sup> Aristoteles (1921 Boek I, hoofstuk 2).

<sup>20</sup> Hy had op die oog die *utilitas civium* en andersyds die *totum corpus reipublicae*.

personen en hierdie eenheid van 'n veelheid van individuele persones.<sup>21</sup> Dit was ook nie by die staat nie, maar by die Romeinse stadsgemeentes (*municipia*) as selfstandige dele van die staat, dat die begrip regpersoonlikheid eerste op die voorgrond tree (Savigny 1884:183).<sup>22</sup> Die *municipia* het oor geen *jus publicum* beskik nie, maar had hul bestaan te danke aan die staat, hoewel hul oor 'n eie vermoë beskik het. Die verhouding van die *municipia* tot hierdie vermoë was privaatregtelik van aard. Ingevolge die publiekreg was dit moontlik omdat die *municipia* van staatsweë in die lewe geroep en as staatsterrein 'n administratief selfstandige deel van die staatsvermoë was. Ten einde dié implikasie te vermy, is die gemeenskapsgeheel as persoon en sodoende privaatregtelik beskou, ingevolge waarvan 'n eie vermoë toegeken is wat nie aan die *populus Romanus* behoort nie, maar aan die *singuli* individueel wat tesame die gemeente uitmaak omdat die *municipium* as afsonderlike subjek behandel is – synde nog die staat nog die *singuli*. Aan dié subjek wat ondanks die wisseling van lede dieselfde gebly het, is wils- en handelingsbevoegdheid toegeken. Daaruit het die stadsgemeentes tot regspersone ontwikkel waarvan die lede regtens van staatsweë regeer is.<sup>23</sup> Mettertyd word dié begrippe uitgebred en op ander gemeenskappe toegepas: *curiae*, *provinciae*, *collegiae* ensovoorts. Op die gebied van die staatsreg ontwikkel die staat ook mettertyd tot 'n regspersoon. Dié ontwikkeling het daartoe aanleiding gegee dat die Middeleeuse staat nie 'n geïndividualiseerde staat was en die landowerheid nie oor die swaardmagmonopolie op die staatsteritorium beskik het nie – ook die mindere of volksowerhede bestaan met hul eie swaardmag soos die Middeleeuse stede en die feodale landadel. Ten einde die spanning tussen die geïndividualiseerde staat en die stadsowerhede te oorkom, lê Althusius die verbondsidee aan ingevolge waarvan die sosiale vorme onderling tot 'n politieke orde saamgebind word.

Althusius se kennis (en toepassing) van die Romeinse reg speel 'n belangrike rol in sy analise van die private en publieke assosiasies – veral die verhouding tussen die partikuliere en universele publieke assosiasies. By Althusius is die volk en die regeerder afsonderlike entiteite. Die volk as oorspronklike gesaghebber beskik oor publieke mag en dra dit deur middel van kontrak oor aan die regeergesag. Otonome individue verbind hulself deur middel van ooreenkoms tot 'n assosiatiewe vorm. Die oorspronklike mag setel by 'n volkspersoonlikheid. Dié persoonlikheid dra die gesag oor aan die *universitas*, *communitas* ensovoorts. Die volkspersoonlikheid is 'n korporatiewe entiteit wat beskryf word as 'n *consociatio publica universitas*. Die volksentiteit beskik kollektief oor die regte van die individue waaruit dit saamgestel is. Alle regte van die regeergesag vloeи voort uit die samelewingskontrak wat die

<sup>21</sup> Die *populus Romanus* is bygevolg nie vereenselwig met die staat nie. In Justinianus (1928, *Digesta* 43, 8, 2) word bv. van die publiek as geheel en privaat persone as synde twee verskillende entiteite gepraat. Volgens Justinianus (1928, *Digesta* 43, 8, 2) word die reg afgedwing deur 'n privaat persoon beskou as 'n reg van die *publicum*, ook deur die *actiones populares* (Justinianus 1928, *Digesta* 2, 1, 7 pr.) ter versekerung van voorskrifte in die openbare belang, ter beskerming van die *jus populi*, dus as die reg van die volk as eenheid: "Eam popularem actiones dicimus quae suum jus populi tuerit" (Justinianus 1928, *Digesta*, 47, 23, 1). Otto von Gierke (1881: III: 50) vat saam: "Den Römern blieb der gedanke fern das auch das Verhältnisz zwischen einem organisierten Verbundsganzen und seinem Gliede als solchen nicht blos als objektives Ordnungsverhältnisz sondern als wares und gegenseitiges subjektives Rechtsverhältnisz aufgesaszt werden könne."

<sup>22</sup> "It was in regard to the dependent Communities (Municipalities and Colonies), by expansion of the State, that the notion of Juristical Persons at first obtained a remarkable application, and also a more definite development, because these Communities, like Natural Persons, had, on the one hand, need of Property and the opportunity for its acquisition, but, on the other hand, such a dependent character that they could be arraigned before a Court of Justice."

<sup>23</sup> Die *municipium* is as aparte subjek behandel, wat nog die staat nog die *singuli* was (Justinianus 1928, *Digesta* 3, 4, 7).

*communicatio* van stoflike en geestelike voordele en middele nastreef. Die regeerders is bloot die “administrateurs” van sodanige aangeleenthede wat die objekte van dié *communicatio* uitmaak. Die volkseenheid is die oorspronklike *consociatio multitudo; homines conjuncti; consociati et cohaerentes; universa membra conjunctum; popules universus; consociatio universalis; totum corpus*. Aan die universele publieke assosiasie (staat) word die majestas toegeken.

Hoewel Althusius dus in beginsel die wetsy van die staat as samelewingsvorm erken, ken hy die voorrang aan die subjeksy van dié samelewingsvorm toe. Die gesag waaroor die volkseenheid beskik, is die bron waaruit die partikuliere en universele publieke assosiasies se gesag spruit. Die volkseenheid as konstituerende liggaam gaan *tempore prior et superior* tot die assosiasies wat daaruit voortspruit vooraf vir sover dit die *ipsa Respublica* uitmaak. Bygevolg ontstaan ’n spanning in Althusius se denke tussen die identiteit van die staat as ’n soewerein-in-eie-kring publieke assosiasievorm en die volkseenheid wat as gesagsbron van die staat (as publieke samelewingsvorm) fungeer; oftewel ’n wesenlike spanning tussen *ordo* en *contractio* (kyk Althusius 1614: Hoofstuk I, paragraaf 29). Dit is dus begryplik dat by negering van Althusius se insig in die transendentale wetskarakter van die staat, skrywers (soos Duso 1997:73) ten onregte soms aspekte van die volksoewereiniteit in Althusius se denke oorbeklemtoon en selfs parallelle met die volksoewereiniteitsleer van Jean-Jacques Rousseau (1712–1778) bespeur (Dooyeweerd 1946–1966 III:80). Dit is wel waar dat by Althusius die latere beskouing van ’n tweeledige kontrak – ’n *pactum unionis* en *pactum subjectionis* – reeds in beginsel teenwoordig is (De Freitas & Raath 2009:55). Dié privaat-regtelike kontrak word nou op problematiese wyse aangewend om die publieke regslewe te konstitueer. Bygevolg verkeer die privaatregtelike en publiekregtelike aspekte van die regslewe soms in ’n onverkwiklike onderlinge spanning.

## 6. BURGER- EN ANDER REGTE TER BESKERMING VAN DIE INDIVIDU EN NIESTAATLIKE SAMELEWINGSKRINGE TEEN STAATLIKE MAGSMISBRIUK

Althusius se insig in die transendentale wetskarakter van die kosmos stel hom in staat om tot twee fundamentele insigte in die regslewe te kom: eerstens identifiseer hy die regsbeginsels van ’n konstitutiewe en regulatiewe aard wat die positiewe reg onderlê (Hommes 1983:211–232; 1988:371–390). Tweedens is dit vir Althusius moontlik om benewens staatlike en niestaatlike samelewingsentiteite en die daarmee saamhangende kompetensieterreine, ook ’n prinsipiële onderskeid tussen enersyds die staatlike publiek- en burgerlike privaatreg en andersyds die nieburgerlike privaatreg te handhaaf. Voorts toon hy reeds ’n fundamentele insig in die juridiese subjek-objekverhouding wat die grondslag van subjektiewe regte van natuurlike en regspersone vorm. Hoewel die Romeinsregtelike invloede op Althusius se regsbeskouing hom van ’n indringende insig in die transendentale sin van die reg weerhou, stel sy fundering van die reg- en staatsleer in die gedifferensieerde aard van die regslewe hom in staat om die struktuur van die reg in sig te kry, dit in verband met die interne struktuur van die verbande te stel en in beginsel die materiële terreine van privaat- en publiekreg te onderskei. Die Romeinsregtelike impak op Althusius se regsteorie lei egter tot verskeie gekunstelde toepassings: Die strafreg word as ’n tweede spesie van die *causae acquirendae obligationis* beskou, wat in *conventio* en *delictum* uiteenval. Hy vleg die strafprosesreg by die siviele prosesreg in en die *jus publicum* behandel hy onder die *potestas*, wat weer in *potestas privata* en *publica* uiteenval (Dooyeweerd 1946–1966 I: 27). In sy *Dicaeologica* word die *ius publicum* byvoorbeeld onder die gesigspunt van die *potestas* in die personereg ingesluit.

Ten spye van dié ongeraffineerde plasings van sommige materiële registerreine, vertoon Althusius se teorie die winspunt dat die positiewe reg nie identiek met die staatlike owerheidsreg is nie. Die insig dat die reg 'n funksie van die tydelike werklikheid is wat 'n nadere tipering ontvang van die verskillende strukture waarin dit funksioneer, open Althusius se oog vir die onderskeiding van die hoof-materiële regsgebiede: daar bestaan byvoorbeeld tipiese verbands- en maatskapsreg, waarvan ons *à priori* kan sê dat dit nie in die staatlike regsgorde opgaan nie, wat op sy beurt sou beteken dat die reg gekwalifiseer word deur die struktuur van die staatsverband. Dit is veral Althusius se insig in die burgerlike en nieburgerlike privaatreg en die onderskeiding van burgerlike vryhede wat getuig van die magistrale insig wat sy (weliswaar onverfynde) transendentaal-empiriese oriëntasie bied.

Althusius onderskei eerstens 'n wye verskeidenheid regte en burgerlike vryhede in die regsgorde: die vryheid om as regsubjek in die regsvaart op te tree (*ius, libertas, et potestas sui ipsius*) en 'n wye verskeidenheid ander vryhede (*iura libertates*).<sup>24</sup> Aan die hand van 'n juridiese interpretasie van die Dekaloog identifiseer Althusius twee kategorieë van burgerlike regte: (1) godsdiensregte en vryhede (*iura et libertates religionis*); en (2) tydelike of burgerlike regte en vryhede (*iura et libertates civile*). Enersyds beskryf hy die "regte van die menslike gees" (*iura animae*) en andersyds die "regte van die samelewing" (*iura societatis*) – dus enersyds die mens se verpligte teenoor God ingevolge die Eerste Tafel van die Dekaloog; andersyds die verpligte teenoor die naaste ingevolge die Tweede Tafel. Vir Althusius is beide kategorieë van regte fundamenteel vir die voortbestaan van die menslike persoonlikheid en funksionering in die samelewing.<sup>25</sup>

Wat die burgerlike godsdiensregte betref is Althusius van oortuiging dat alle mense oor die basiese reg op vryheid van aanbidding beskik. Dít sluit in die reg op die nakoming van godsdienstige verpligte ingevolge 'n persoon se godsdienstige oortuigings; die vryheid van dwang om in stryd met jou gewete ander gode te aanbid; die vryheid om die Sabbat te onderhou en van jou sesdaagse arbeid te rus. Staatsowerhede wat inbreuk op dié fundamentele regte maak, is aan tirannie skuldig en kan weerstaan word. Indien ander private assosiasies of persone (insluitend die kerk) dié regte aantas pleeg hul 'n misdryf wat vervolgbaar is.<sup>26</sup>

Aan die wortel van dié godsdiensregte lê die reg op vryheid van gewete (*libertas conscientiae*) wat 'n gekwalifiseerde reg op godsdiensbeoefening (*ius religionis exercitium*) verleen.<sup>27</sup> Die onaantastbaarheid van die vryheid van gewete geld dermate dat die uitoefening daarvan nie verhoed kan word deur "bevel, opdrag, vrees of dwang" nie.<sup>28</sup> Dié regte kom alle staatsonderdane toe.<sup>29</sup> Voorts staan staatsowerhede onder verpligting om alle vorme van geloofsbeoefening te duld vir sover dit nie die eer van God aantas, die integriteit van die kerk

<sup>24</sup> Althusius (1649: Boek I, hoofstuk 25, paragraaf 1-8); Althusius (1614: Hoofstuk XXI, paragrawe 22-28).

<sup>25</sup> Vir Althusius se oriëntasie aan Hebraïese sosiale beginsels in die Ou Testament kyk Koch (2009:75) en Hall (1996: 46, 233). Vir sy aansluiting by die Israelitiese wetgewing onder die Ou Verbond kyk Nelson (2010:73, 173 vn. 65).

<sup>26</sup> Althusius (1614: Hoofstuk XX, paragrawe 12-13, 20-21; XXXVII, paragrawe 22-23, 33-34, 36; XXVIII, paragrawe 10-14, 77-78); Althusius (1649: Boek I, hoofstuk 101, paragrawe 32-33, 42-43; Boek I, hoofstuk 113, paragrawe 8-9, 12).

<sup>27</sup> Althusius (1649: Boek I, hoofstuk 25, paragraaf 8); Althusius (1614: Hoofstuk XXVIII, paragraaf 62).

<sup>28</sup> Althusius (1614: Hoofstuk VII, paragrawe 4-7; Hoofstuk XI, paragrawe 33-45; Hoofstuk XXVIII, paragrawe 14, 37-73, 62-66); Althusius (1649: Boek I, hoofstuk 25, paragrawe 8-10).

<sup>29</sup> Althusius (1649: Boek I, hoofstuk 25, paragrawe 8-10); Althusius (1614: Hoofstuk XXVIII, paragrawe 14, 62-66).

bedreig of die openbare orde van die gemeenskap in die gedrang bring nie.<sup>30</sup> Die burgerlike owerheid is dus geroepe om die uiteenlopende godsdiensete binne die staatsteritorium te duld – ’n standpunt wat besonder liberêr vir dié tyd was: “Judged not by our standards but by the standards of his own day ... Althusius’s theory of religious liberty and toleration was rather generous. This was a day of firm religious establishments by law, where government officials gave little pause about slaugthering or banishing the religious wayward or impure” (Skillen 1974:174).

Op die terrein van die sosiale regte en vryhede maak Althusius melding van die basiese reg op lewe en liggaamlike integriteit en beskerming. Dié “belangrikste reg” sluit in die vryheid om jou liggaam te voed, te versorg en daarna om te sien; die reg om ter beskerming wapens te dra; die reg op beskerming van lewe, die afweer van doodslag, aanvalle, persoonlike leedberokkering, asook die vryheid van onregverdige straf, aanhouding, onderdrukking en gevangesetting. Tweedens onderskei Althusius ’n basiese reg op reinheid en kuisheid (*ius castilus et pudicitia*). Derdens die reg op eiendom (*ius dominium*), die vrugte van jou arbeid en op goedere ter gebruik en genieting daarvan. Vierdens is daar die regte op ’n goeie naam en persoonlike eer, status, prestasie, aansien (oftewel regte van die “burgerlike persoonlikheid”). Vyfdens maak Althusius gewag van die reg op ’n familielewe (*ius familiae*) waarby inbegrepe is die reg op huweliksluiting, die verwekking van ’n nageslag en om kinders te versorg en op te voed.<sup>31</sup>

Aan dié publieke, private en prosedurele regte moet deur die staatlike positiewe reg uitvoering gegee word. Publieke regte is dié wat teen staatsowerhede geld; private regte behels dié wat ’n private party (of instansie) teen ander private persone of instellings kan afdwing; prosedurele regte omvat die regte van toepassing op howe en ander regeringsinstansies by die behandeling van partye betrokke by private gedinge of strafregtelike vervolgings – die sogenaamde burgerlike en strafprosesregtelike regte. Ook “publieke” regte figureer in Althusius se werke: die regte op domisilie, stemreg, verteenwoordiging en billike behandeling. Elke persoon wat in ’n stad gebore word of regmatig daarheen emigreer beskik oor die “regte en bevoegdhede om daar te vernoef, ’n huishouing op te rig/te vestig, sy/haar familie en besittings daarheen te neem, om daar te werk, lid van die private assosiasië wat by sy/haar beroep en professie pas te wees, en aan die ekonomiese verkeer daar deel te neem. Voorts beskik elke persoon oor die bevoegdheid om al sy/haar regte, voorregte en voordele wat die stadslewe vir alle burgers bied, te geniet, vir sover dit deur gemeenskaplike instemming goedgekeur word. Van dié regte is stemreg die belangrikste (*ius suffragii*) in die gemeenskaplike besigheid en optrede ter bestuur en administrasie van die stad, en die vorm en wyse waarop die stad gereël en regeer word ingevolge die wette wat daarvoor goedgekeur word en die regeergesag wat dit met die instemming van die burgers instel. Elke persoon het ’n algemene reg op “billike behandeling” deur die publieke gesagsdraers: Vrede word bevorder en billikhed beskerm wanneer die regte, vryhede, en eer na elke burger uitgebrei word volgens die orde en tekens/profiel van sy/haar waarde en status.<sup>32</sup>

Wat private subjektiewe regte betref, pleit Althusius vir die staatlike beskerming van sodanige regte deur middel van wetgewing. Hy onderskei wat die privaatreg betref tussen drie

<sup>30</sup> Althusius (1614 Hoofstuk XI, paragraawe 33-45; Hoofstuk XXVIII, paragraawe 60-66; Hoofstuk XXVIII, paragraaf 66).

<sup>31</sup> Althusius (1649: Boek I, hoofstukke 25-26; Boek I, hoofstukke 117-122); Althusius (1614: Hoofstuk X, paragraawe 5-7).

<sup>32</sup> Althusius (1614: Hoofstuk VI, paragraawe 43-44; 1614: Hoofstuk IX, paragraawe 5-9); Althusius (1649: Boek I, hoofstuk 81, paragraawe 8-15).

*loci:* (1) eiendom of sake – hetsy universeel of partikulier, liggaamlik of onliggaamlik, roerend of onroerend; (2) persone – hetsy enkel of gesamentlik, hetsy hul self optree of namens groepe of in ampshoedanigheid, en (3) die handelinge wat persone verrig of pleeg – vrywillig of onvrywillig – die eerbiediging van sake, persone of kombinasies van sake en persone. Private regte is in twee groepe te onderskei wat die genoemde drie loci deurkruis. Dié regte is gesetel in hetsy (1) eiendom of sake (dominium), of (2) vrywillige of onvrywillige verbintenis (obligatio).

Althusius beskryf die fundamentele beginsel van burgerlike gelykheid soos volg: “Alle mense is gelyk en aan geen mens onderworpe nie, mits hy/sy hom-/haarself onderwerp aan die gesag van ’n ander deur vrye instemming of vrywillige handeling en hy/sy hom/haar regte aan andere oordra.”<sup>33</sup> Vir Althusius staan onderdane met betrekking tot godsdiens, taal, spraak, gewoontes, finansies, mate en gewigte onder dieselfde wette – met ander woorde gelykheid voor die reg (Koch 2009:79). Althusius se bydrae tot die ontwikkeling van die teoretiese raamwerk van die regstaat-teorie sou as magistraal beskryf kon word. De Freitas en Raath (2009:63) vat dit soos volg saam: “The idea of theologico-political federalism formulated by Bullinger was developed by Reformed thinkers in Europe (Althusius) and Scotland (Rutherford) into a powerful tradition of limited government, it shifted the political focus from secular sovereignty to the Reformed idea of office limited by law, and transferred the emphasis from unlimited government to magisterial power subject to the law of God” – gedagtes wat nie in die verwysingsraamwerke van politokratiese kommunitariërs voorkom nie.<sup>34</sup>

## 7. GEVOLGTREKKING

Aristoteles was nie ’n federalis nie, Althusius was nie ’n Aristoteliaan nie en Althusius se federalisme was nie ’n voortsetting van die *polis*-gedagte nie. Kan Althusius die politokrate uit hul staatsfilosofiese doolhowe en politologiese doodloopstrate red? Die antwoord is “ja” en “nee”. “Ja” mits politokrate van die Aristoteliese teleologie afsien, van die Aristoteliese-hiërargiese *polis*-sentralisme afskeid neem en hulself van die universalistiese staatsteorie van Aristoteles distansieer. Dit beteken egter ’n radikale ommekeer in politokratiese denke deur die identifisering van die grondmotief van vorm en materie onderliggend tot Aristoteles se *polis* en die implikasies daarvan vir die politieke denke. Dit impliseer die verwerping van die *polis* as organismiese staatsvorm synde die trans-individuele utopie van ’n abstrakte gemeenskapslewe. Dit bring voorts mee dat die *polis* as ’n totalitaire (en absolutistiese) vorm van verstaatlike politieke gemeenskap uitgewys moet word. Dit vereis ook die insig dat dit ’n politieke gemeenskap is wat funksioneer sonder erkenning van fundamentele regte. Voorts bring dit die insig mee dat die omarming van die *polis* ’n onderskrywing van ’n innerlik-teenstrydige en ongedifferensieerde vorm van verstaatlike assosiasie is. Dit vereis dus die verwerping van dié politieke gemeenskap waarheen nie weer teruggekeer kan word nie, maar waarvan Goosen en Malan tot dusver ook nie wil afskeid neem nie!

Die onderskrywing van Althusius se metodologiese benadering tot die politieke lewe beteken inderdaad die aanvaarding van die transendentaal-empiriese metode, die insig in die implikasies van die transendentale wetsidee vir die politieke lewe en die konkrete toepassing van die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring as alternatief tot die hiërargiese magsdenke

<sup>33</sup> Althusius (1614: Hoofstuk I, paragrafe 10-18; 1614: Hoofstuk XVIII, paragraaf 18).

<sup>34</sup> Vir Althusius se regstaatdenke kyk ook Hall (1996: 175 (oor die regsgebondenheid van die owerheid)).

wat politokrate met entoesiasme verkondig. Politokratiese komunitariërs word tot dusver in die debat deur die Aristotelies-hiërargiese politieke ideologie in sleutelopsigte verhinder om tot 'n diepte-insig in die aard van 'n normatief-georiënteerde politieke gemeenskapsvisie te kom: burgervryhede wat van die kant van die owerheid erkenning eis; die staatsowerheid wat die grense van sy gesag moet eerbiedig binne die kader van die owerheidsamp en 'n gebondenheid aan die normatiewe gesagstruktuur van die staat as regsverband; die waarborg van niestaatlike lewensvryhede (oftewel burgervryhede) wat primêr begrepe lê in die eie-aard en begrensheid van die owerheid se heerskapsgesag synde 'n eis wat tot die owerheid kom om die gesagsgrense in ere te hou – insigte wat getuig van die verskil tussen universele en totalitaire regsbelange-integrering en dat algemene belang nie staatsbelang is nie.

Die beroep op Althusius se staatsdenke stel politokratiese komunitariërs voor die eis om die ongedifferensieerde Aristoteliese samelewingsvaarwel toe te roep. Althusius het immers reeds die insig van die gedifferensieerde aard van die samelewings- en staatsfilosofie gehad. Dít stel hom in staat om 'n veelheid en verskeidenheid van strukture in die burgerlike lewe van die interne publiekreg van die staat te onderskei. Althusius vestig die burgerlike reg op die grondslag van die burgerlike menseregte, ingevolge waarvan die burgerlike reg die juridiese integrering vir die private maatskapsverhoudinge binne die staatsterritorium verwesenlik. Die interne publiekreg van die staat daarenteen doen dieselfde vir die intern-staatlike gemeenskapsverhoudinge op die grondslag van die *res publica*, waarin reeds opgesluit lê dat dit nooit die *totale* – wat die sfere van die private gemeenskapsreg omvat – integrering kan verwesenlik nie. Voorts veronderstel die burgerlike reg die publiekregtelike organisasienorme vir die wetgewing, regsspraak en die uitvoering van hofbevele en vonnis. Die idee van die *res publica* impliseer die strewe van die owerheid om alle mense wat hul op die staatsterritorium bevind op voet van gelykheid voor die reg te behandel. Daarom beteken dié strewe noodsaklike wyls 'n onversoenlike stryd teen die ongedifferensieerde gesagskringe wat poog om onderdane van die staat te onttrek: die ou gentielverbande, die Middeleeuse kerk, dieleenverband, die ongedifferensieerde buurtskapsorganisasies, vroomhowe en die Aristoteliese *polis*. Juis hierdie ongedifferensieerde gesagskringe was die grootste struikelblokke vir die erkenning van die beginsels van die burgerlike vryheid en gelykheid wat in die algemeen fundamentele menseregte as grondbeginsels van die burgerlike privaatreg aanvaar.

Die teenkant is egter ook waar. Vir solank as wat politokrate die grondmotief van vorm en materie in een van sy gestalte handhaaf, implisiet en eksplisiet die *polis* as die androgene verwesenliking van politieke meerderwaardigheid onderskryf, die staat as toppunt van goddelike Syn beskou en Parmenides se statiese synsbegrip koester, sal Aristoteliese komunitarisme vasgevang wees in onoorkombare konflikte en teenstrydighede met betrekking tot die politieke "plek" van die Griekse *polis* en die konseptuele "ruimte" van die sogenaamde "territoriale" staat. Om die rug op die totalitaire *polis*-orde van Aristoteles te keer, vereis 'n skerp onderskeiding tussen die burgerlike privaatreg en die interne publiekreg van die staat as noodsaklike gevolg van die differensiëeringsproses in die regsonderhoud; dit vereis die erkenning dat politokrasie nie die magiese blaashoring is wat die kontemporêre Narnia van ondergang kan red nie, maar eerder die sug na die hinterland van Aristoteliese magspolitiek verteenvoudig wat politokratiese gemoedere op sleeptou het.

## BIBLIOGRAFIE

- Althusius, J. 1614 [faksimilee-uitgawe 1961]. *Politica*. Aalen: Scientia.  
 Althusius, J. 1649. *Dicæologicae*. Francofurti: Christophori Corvini.  
 Althusius, J. 1965. *The Politics*. Engelse vertaling deur Friedrich S. Carney. London: Eyre & Spottiswoode.

- Aristoteles, 1869. *Nicomachean Ethics*. Engelse vertaling deur Robert Williams. Oxford: Longmans, Green & Co.
- Aristoteles. 1921. *Politica*. Engelse vertaling deur B. Jowett. Oxford: Clarendon Press.
- Chevallier, J.-J. 1966. *Les Grandes Oeuvres Politiques*. Paris: Librairie Armand Colin.
- Cicero, M.T. 1991. *De Officiis*. Engelse vertaling deur E.M. Atkins. Cambridge: Cambridge University Press.
- Dahm, K.-W. 1988. "Johannes Althusius – ein Herborner Rechtsgelehrter als Vordenker der Demokratie" in Dahm, K.-W., Krawietz, W. & Wyduckel, D. (eds). *Rechtstheorie Beiheft 7: Politische Theorie des Johannes Althusius*. Berlin: Duncker & Humblot, pp. 21-41.
- De Freitas, S. & Raath, A.W.G. 2009. "The Reformational Legacy of Theologico-political Federalism" in Ward, A. & Ward, L. (eds). *Ashgate Research Companion to Federalism*. Farnham, Surrey: Ashgate, pp. 49-68.
- Dooyeweerd, H. 1946–1966. *Encyclopaedie der Rechtswetenschap, dle. I-IV*. S.R.V.U.-uitgawe / Bureau Studentenraad. Amsterdam: Vrije Universiteit.
- Duso, G. 1997. "Mandatskontrakt, Konsoziation und Pluralismus bei Althusius" in Duso, G., Krawietz, W. & Wyduckel, D. (eds). *Rechtstheorie Beiheft 16: Konsens und Konsoziation in der politischen Theorie des frühen Föderalismus*. Berlin: Duncker & Humblot, pp. 65-81.
- Elazar, D.J. 1996a. *Covenant and Commonwealth*. New Brunswick: Transaction Publishers.
- Elazar, D.J. 1996b. *Covenant & Constitutionalism*. New Brunswick: Transaction Publishers.
- Elazar, D.J. 1998. *Covenant & Civil Society*. New Brunswick: Transaction Publishers.
- Friedrich, C.J. 1965. "Preface" in Althusius, J., *Politics*. London: Eyre & Spottiswoode, pp. i-xii.
- Gerbrandy, P.S. 1944. *National and International Stability: Althusius, Grotius, Van Vollenhoven*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.
- Gierke, O. Von. 1881. *Das deutsche Genossenschaftsrecht, dl. III*. Berlin: Weidmannsche Buchhandlung.
- Goosen, D. 2016. Hermeneutiek, sisteme en state. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56/4:1246-1251.
- Hall, D.W. 1996. *Saviour or Servant?* Tennessee: Kuyper Institute.
- Hommes, H.J. van Eikema. 1983. "Die Bedeutung der Staats- und Gesellschaftslehre des Johannes Althusius für unsere Zeit" in Achterberg, N., Krawietz, W. & Wyduckel, D. (eds). *Recht und Staat im sozialen Wandel. Festschrift für Hans Ulrich Scupin zum 80. Geburtstag*. Berlin: Ducker & Humblot, pp. 211-232.
- Hommes, H.J. van Eikema. 1988. "Naturrecht und Positives Recht bei Johannes Althusius" in Dahm, K.-W., Krawietz, W. & Wyduckel, D. (eds.), *Rechtstheorie Beiheft 7: Politische Theorie des Johannes Althusius*. Berlin: Ducker & Humblot, pp. 371-390.
- Hüglin, T.O. 1997. "Have we studied the Wrong Authors?", in Duso, G., Krawietz, W. & Wyduckel, D. (eds.). *Rechtstheorie Beiheft 16: Konsens und Konsoziation in der politischen Theorie des frühen Föderalismus*, Berlin: Duncker & Humblot, pp. 219-240.
- Justinianus. 1928. *Corpus Juris Civilis. Volumen Digesta, Institutiones, Novellae, Codex*, Vol. I. Berolini: Apud Weidemannos.
- Koch, B. 2009. "Johannes Althusius: Between Secular Federalism and the Religious State" in Ward, A. & Ward, L. (eds). *The Ashgate Research Companion to Federalism*. Farnham: Ashgate, pp. 75-90.
- McCoy, C.S. & Baker, J.W. 1991. *Fountainhead of Federalism. Heinrich Bullinger and the Covenantal Tradition*. Louisville: John Knox Press.
- Mesnard, P. 1936. *L'erreur de la Philosophie Politique au XVIe Siècle*. Paris: Bowen & Cie.
- Nelson, E. 2010. *The Hebrew Republic*. Cambridge: Harvard University Press.
- Nisbet, R.A. 1953. *The Quest for Community*. New York: Oxford University Press.
- Plato. 1978. *The Laws*. Engelse vertaling deur T.J. Saunders. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.
- Plato. 1979. *The Republic*. Engelse vertaling deur D. Lee. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.
- Popper, K.R. 1966. *The Open Society and Its Enemies*, Vol. I. *The Spell of Plato*. Princeton: Princeton University Press.
- Ramus, P. 1632. *Dialecticae*. Engelse vertaling deur R.F. Gent. London: W.J.
- Scattola, M. 2002. "Subsidiarität und gerechte Ordnung in der politischen Lehre des Johannes Althusius" in Blickle, P., Hüglin, T. & Wyduckel, D. (eds). *Rechtstheorie Beiheft 20: Subsidiarität als rechtliches und politisches Ordnungsprinzip in Kirche, Staat und Gesellschaft*. Berlin: Duncker & Humblot, pp. 337-367.

- Skillen, W.S. 1974. "The political thought of Johannes Althusius". *Philosophia Reformata*, 39:170-190.
- Stinzing, R. 1884. *Geschichte der deutschen Rechtswissenschaft, dle. I & II*. München & Leipzig: Verlag von R. Oldenbourg.
- Strauss, D.F.M. 1978. *Inleiding tot die Kosmologie*. Bloemfontein: Sacum.
- Van Gelderen, M. 2002. "Aristotelianism, Monarchomachs and Republicans: Sovereignty and res publica mixta in Dutch and German Political Thought, 1580-1650" in Van Gelderen, M. & Skinner, Q. (eds). *Republicanism. A Shared European Heritage*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 195-217.
- Von Savigny, F.K. 1884. *Jural Relations; or the Roman Law of Persons as Subjects of Jural Relations*. In Engels vertaal deur W.H. Rattigan. Westport, Connecticut: Hyperion Press, Inc.
- Witte, J. 2007. *The Reformation of Rights*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Wyduckel, D. 2002. "Recht und Jurisprudentz im Bereich des Reformierten Protestantismus" in Strohm, C. & Jürgens, H.P. (eds). *Martin Bucer und das Recht*. Genève: Librairie Droz S.A., pp. 1-28.

# Girardin se Etiese Heksagoon: Demokratiese regering en die rol van etiek en integriteit in die politiek en openbare lewe

*Girardin's Ethical Hexagon: Democratic government and the role of ethics and integrity in politics and public life*

**DENIS VENTER**

Navorsingsgenoot: Politieke Studies en Regeerkunde

Universiteit van Johannesburg; Universiteit van die Vrystaat

E-pos: denisventer@gmail.com

**DENIS VENTER** was tussen 1978 en 1999 die Hoofnavorser in Politiek en Internasionale Betrekkinge en, voor sy uititrede, Uitvoerende Direkteur aan die Afrika-Instituut van Suid-Afrika. Na voor- en nagraadse studie aan die Universiteit van Pretoria, behaal hy die DLitt et Phil-graad in Politieke Wetenskappe aan die Universiteit van Suid-Afrika in Pretoria. Sedert 2000 bedryf hy 'n eenheid vir politieke en ekonomiese risiko-analise, *Africa Consultancy & Research*. Vir 'n dekade (1995–2005) dien hy as Vise-Voorsitter van die Raad van die Internasionale Afrika-Instituut (IAI) in London. Van Augustus 2010 tot Junie 2011 beklee hy die Nelson Mandela-Leerstoel in die Sentrum vir Afrikastudies, Skool vir Internasionale Studies aan die Jawaharlal Nehru-Universiteit, New Delhi, Indië. Met sy terugkeer na Suid-Afrika word hy aangestel as Senior Navorsingsgenoot in Politiek en Regeerkunde (2012-) aan die Universiteit van Johannesburg (UJ), en Navorsingsgenoot in Politieke Studies en Regeerkunde (2013-) aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) in Bloemfontein. Hy publiseer talle vak-kundige artikels en boekbydraes: een van die mees onlangse is "Tackling Corruption in Politics and Public Service: Instruments to Enhance Integrity in Governance", in Davis, Brenda (ed.). 2016. *Corruption: Political, Economic and Social Issues*. Hauppauge (NY): Nova Science Publishers, pp. 61-91.

Between 1978 and 1999, **DENIS VENTER** was Chief Researcher in Politics and International Relations and, prior to his retirement, Executive Director at the Africa Institute of South Africa. After graduate and post-graduate studies at the University of Pretoria, he obtained a DLitt et Phil degree in Political Sciences at the University of South Africa in Pretoria. Since 2000, he has been managing a political and economic risk analysis unit, *Africa Consultancy & Research*. For a decade (1995–2005) he served as Vice-Chairman of the Council of the International African Institute (IAI) based in London. From August 2010 to June 2011 he was the Nelson Mandela Chair Professor in the Centre for African Studies, School of International Studies at Jawaharlal Nehru University, New Delhi, India. Upon his return to South Africa he was appointed Senior Research Fellow in Politics and Governance (2012-) at the University of Johannesburg (UJ), and Research Associate in Political Studies and Governance (2013-) at the University of the Free State (UFS) in Bloemfontein. He has published numerous scholarly articles and book contributions, one of the most recent being "Tackling Corruption in Politics and Public Service: Instruments to Enhance Integrity in Governance", in Davis, Brenda (ed.). 2016. *Corruption: Political, Economic and Social Issues*. Hauppauge (NY): Nova Science Publishers, pp. 61-91.

## INLEIDING

Hierdie meningstuk is 'n breë teoretiese uiteensetting van relevante konsepte, gebaseer op 'n wydlopige literatuurstudie. Dit behandel die essensie van demokratiese regering, die intrinsiese aard en kwaliteit van integriteit en etiese optrede, die noodsaak vir deursigtigheid en verantwoordbaarheid in die politiek en openbare lewe, en die enorme uitdagings wat korruksie vir openbare dienslewering inhoud. Die politiek en openbare diens kan nie langer integriteit en etiese implikasies of uitdagings ignoreer of afwywend daarteenoor staan nie, hoe dit ook al hanteer mag word, want daar is vier fundamentele waardes wat voortdurend in die praktiese politiek verwesenlik moet word: (1) die beperking van gesag; (2) en (3) die doeltreffendheid (bevoegdheid) en verantwoordbaarheid (deursigtigheid) van regering; en (4) geregtigheid. Inderdaad, etiek en integriteit in die politiek is nie alleen wenslik nie, maar ook moontlik – dit is nie 'n naiewe droom nie. Etiek en integriteit is, metafories gesproke, twee kante van dieselfde munstuk. Die ses waardebondels in Benoît Girardin se *Ethical Tree* – hierdie skrywer noem dit die Etiese Heksagoon – staan in noue verband met en word gerugsteun deur die vyf faktore onderliggend aan integriteit.

## DEMOKRASIE, DEMOKRATIESE REGERING, EN GOEIE REGERING: KRIPTIESE DEFINISIES

**Demokrasie** gaan essensieel, in wese, oor die aanwending van mag en die hantering van konflik, 'n stel politieke instellings en prosesse gegrond op die beginsels van kiesersbeheer oor openbare besluite en besluitnemers, en die gelyke stem van burgers in die uitoefening van daardie beheer.

Daar is geen bloudruk vir demokrasie nie, want elke land se politieke instellings en gebruikte word gesmee deur sy eie geskiedkundige, kulturele, maatskaplike en ekonomiese agtergrond. Demokrasie kan nie floreer sonder die basiese voorwaardes vir menslike veiligheid nie, 'n burgerlike politieke kultuur wat vir die oppergesag van die reg en die beskerming van basiese vryhede voorsiening maak, 'n gemeenskaplike gevoel van nasionale soewereiniteit, burgerskap en nasionale identiteit, en 'n ondersteunende streeks- en internasionale omgewing.

**Demokratiese regering** vereis werkende, funksioneerende instellings: 'n onafhanklike regbank wat die oppergesag van die reg handhaaf, en waar elke burger gelyk voor die reg is; 'n parlement of wetgewer wat die burgery verteenwoordig, nie een wat deur die Presidensie, of die uitvoerende gesag, of die burokrasie beheer word nie; werkende, goed-funksioneerende politieke partye; toeganklike media wat vry, onafhanklik, onpartydig, en onbevooroordelik optree, en wat nie deur die staat of deur korporatiewe belang beheer word nie; en 'n lewendige, dinamiese burgerlike samelewing, een wat as 'n waghond oor die regering en belangegroepe kan optree, en wat alternatiewe of ander vorme van politieke deelname bied.

Die karaktereinskappe van **goeie regering** is heel moeilik om te omskryf. Dog dit kan gedefinieer word as sou dit die volgende insluit: wydverspreide deelname deur die burgery in regeringsprosesse, besluitneming deur middel van die oppergesag van die reg, deursigtigheid in die optrede van regeringsinstellings, deelnemende interaksie met betrekking tot die behoeftes en verwagtinge van die burgery, 'n oriëntasie tot konsensus, billikheid en onpartydigheid in die hantering van alle burgers, doeltreffendheid en bekwaamheid in die gebruik van openbare hulpbronne, openbare verantwoordbaarheid, en die aanwending van strategiese visie in beplanning vir ontwikkeling.

## ETIEK EN INTEGRITEIT: TWEE KANTE VAN DIESELFDE MUNTSTUK

**Etos** is die morele opvattinge eie aan 'n bepaalde samelewning, soos om 'n etos van openbare diens aan die dag te lê. **Etiek** is die morele beginsels wat die doen-en-late, die gedrag, die optrede van politici en staatsamptenare moet bepaal met betrekking tot wat reg, eerlik, moreel korrek en aanvaarbaar, of verkeerd, oneerlik, moreel onbillik en onaanvaarbaar is. Dit is om bepaalde reëls van etiese optrede en 'n onuitgesproke of geskrewe etiese kode na te kom. Dit voeg deurslaggewende waarde tot die politieke lewe toe deur die regverdige behandeling van alle belanghebbendes te waarborg, nadruk op billikhed te lê, te beklemtoon dat die inperking van regeringsmag van absolute en wesenlike belang is, en 'n langtermynperspektief of visie te bied.

**Integriteit** is die absolute en onwrikbare nakoming van 'n kode van etiese waardes. Dit behels die eienskap om eerlik en onkruikbaar te wees, om karaktertrekke met 'n nougesette, eerbare en opregte houding te vertoon, om streng morele beginsels aan die dag te lê, en om in alle aangeleenthede wat die openbare lewe raak met 'n sterk sin vir integriteit op te tree. Die kern van integriteit is om geloofwaardig, openhartig, deursigtig, en getrou aan die waarheid te wees, met 'n absolute verbintenis tot die saak voorhande; om 'n tersaaklike doelgerigtheid en onpartydigheid in besluitneming te toon; en om te verseker dat besluite nie beïnvloed word deur nepotisme, begunstiging, ander onbehoorlike motiewe, of korrupte praktyke en gebruik nie. Integriteit word dus gekenmerk deur onselfsugtige diens, gegrond enkel en alleen in die openbare belang, eerlikheid in die lewering van openbare diens, die verklaring van enige persoonlike belang wat in konflik mag kom met die uitvoering van openbare pligte (oftewel deursigtigheid), en verantwoordbaarheid aan die publiek vir besluite en optrede.

Onderliggend aan integriteit is daar vyf faktore, voorgestel deur die formule:

$$I = E + V + B + D - K$$

$$\begin{aligned} \text{Integriteit} = & \text{Etiek} + \text{Verantwoordbaarheid} + \text{Bevoegdheid} + \text{Deursigtigheid} \\ & - \text{Korrupsie} \end{aligned}$$

**Deursigtigheid** vereis van die regering om nie iets te verdoesel of met 'n kleed van geheimhouding te bedek in 'n poging om die goedkeuring van die burgery te verkry, óf om die afkeuring van dit wat dit doen te ontwyk nie. Daar bestaan 'n gebrek aan deursigtigheid wanneer politici of openbare amptenare poog om korrupte optrede te verskuil agter die gebruik van staatsmasjinerie om toegang tot inligting te ontsê of te onderdruk; daarin misluk om die volle omvang, aard en gevolge van deurlopende regeringsprogramme of gereelde regeringsake wat alle burgers raak, openbaar te maak; of blootlegging doelbewus vaag en ondeursigtig maak deur misleidende statistieke en versinde of gefabriseerde verduidelikings, asook pogings tot regverdiging.

**Verantwoordbaarheid** beteken dat politici en openbare amptenare volle verantwoordelikheid moet aanvaar vir besluite of optredes wat hulle neem en ondersteun, en vir die gevolge van geformuleerde en aanvaarde beleidsrigtings, asook van geïmplementeerde wetgewing. Hulle moet verwag om nie net alleen verantwoordbaar gehou te word nie, maar ook om besluite en optredes te verduidelik wanneer hulle daarom gevra word, en sodoende 'n bereidwilligheid openbaar om te reageer op geldige of geregverdigde navrae. Die vlak van verantwoordbaarheid mag wissel. Dit kan beperk word tot 'n klein en vertroulike groep van tegnokrate; óf dit kan toeganklik en in die ope wees met inligting wat wydverspreid beskikbaar gestel word; óf dit kan in redelike besonderhede gaan; óf dit kan taamlik algemeen wees.

Vir goeie regering is die kwaliteit van verantwoordbaarheid en deursigtigheid, asook geloofwaardigheid, van kritieke belang. Dit pas soos sluitstukke inmekaar en kan selfs as die vernaamste en mees onderskeidende kenmerke van etiek in die politiek beskou word. Oplaas, in die politiek en openbare lewe moet politici en openbare amptenare aan die kieserskorps en belastingbetalers verantwoordbaar wees, en moet hulle deurgaans deursigtig in hul optrede wees.

’n Goed-funksionerende demokrasie is daarom verantwoordbaar en deursigtig, en gee gehoor aan die verwagtings, somtyds die versugtings, van sy surgery. Wat in bedwang gehou moet word, is die feitlik algemene voorkoms van onverantwoordbare en ondeursigtige regering, wat duidelik blyk uit ’n tendens om onafhanklike politieke ondersoek, soos deur nieregeringsorganisasies (NROs) en die media (buite die institusionele netwerk van die regerende party-staat), te beperk.

Wetgewing kan egter nie etiek voorskryf nie. Daarom moet ’n pragmatiese benadering gevolg word wat nie te teoreties en te moralisties is nie. Politieke etiek kan nie in motivering en voorname alleen gegrond wees nie. Dus moet besluitnemers kennis neem van die gevolge en uitkomste van besluite en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar, selfs as dit strydig is met die aanvanklik-gestelde doelwit, óf daardie doelwit verydel of tot niet maak.

Inderdaad word die waarde van etiek in ’n maatskaplike konteks hoofsaaklik gemeet aan gevolge en uitkomste. *Wette word gerespekteer of gekritiseer vanweë hul uitkomste en impak, hul gevolge, nie hul breë doelwitte nie.* ’n Sprekende voorbeeld is die sage rondom die *South African National Roads Agency Limited* (SANRAL) se Gauteng e-tol padnetwerk. Duidelik was dit die eerste tekens van passiewe verset, gevolg deur heelwat ander, wat óf openlik óf verskuil plaasvind.

In alle politieke tradisies word etiese verantwoordelikheid in die politiek voortdurend aangespreek. Die pendulum swaai voortdurend tussen twee uiterstes: etiek as ’n verwysing-ramwerk vir die politiek, en politiek geheel en al ontkoppel aan enige etiese verantwoordbaarheid.

**Korrupsie** is die misbruik van openbare ampte, of toevertroude gesag, vir persoonlike wins. Dit ondermyn instellings, vernietig lewens en gemeenskappe, bring menslike lyding mee (burgers wat afgepers word vir omkoopgeld om toegang tot openbare dienste te verkry), lei tot mislukking in die levering van basiese dienste (soos skoon water, sanitasie, onderwys, gesondheidsorg, openbare vervoer, en persoonlike veiligheid), ontspoor die bou van noodsaklike infrastruktuur, en ontketen algemene woede onder die bevolking. Dit lei daartoe dat gemeenskappe gedestabiliseer en gewelddadige konflik aangewakker word. Voorbeeld van hiervan is die voortdurende diensleweringsproteste in verskeie dele van die land, wat heel dikwels in geweld ontaard.

Mense is korrup wanneer hulle gewillig is om toe te gee aan oneerlike, immorele of onwettige gedrag in ruil vir finansiële gewin, óf om ’n voordeel te verkry. Korrupsie verwys na prakteke en optrede, veral van mense in gesagsposisies, wanneer hulle die mag of vermoë het om korrup te wees, die geleentheid hom voordeel om korrup te wees, en die motivering bestaan om korrup te wees. Korrupsie floreer omdat die staat gebruik kan word as ’n meganisme om opwaartse mobiliteit of patronaatskap te verseker, en sodoende die weg te baan vir private toegang tot openbare hulpbronne. Sodoende word staatsmasjinerie die weg deur middel waarvan elites rykdom bekom, eerder as om te dien as ’n regstellende meganisme om maatskaplike geregtigheid en volhoubare ontwikkeling te bevorder. Daar bestaan daarom ’n behoefte om strategieë te ontwikkel wat die privateakkumulasie van rykdom deur middel van korrupsie ontkoppel aan toegang tot openbare ampte deur middel van die politiek.

## DIE ETIESE HEKSAGOON

Drie faktore is van fundamentele belang in die politiek en lê aan die kern van Benoît Girardin se Etiese Heksagoon (hy stel dit voor as 'n *Ethical Tree*): ***die inperking van regeringsgesag of mag, doeltreffende, maar bevoegde, bekwame regering, en die verantwoordbaarheid of deursigtigheid van regering***. Sodra politieke maghebbers die inperking van gesag aanvaar en dit sien as positief en noodsaaklik, stelsels soepel, doeltreffend en oplossingsgeoriënteerd is, en besluitnemers verantwoordbaar gehou word, staan beleidsrigtings 'n veel beter kans om stabiel, aanvaarbaar en volhoubaar te wees, en kan moontlike risiko's voorsien en voorkom word (sien Diagram 1).

**Geregtigheid** lê aan die wortel van etiese politiek en etiese beleidsrigtings. 'n Billike vlak van geregtigheid werk soos messelklei, soos gom wat 'n samelewing saambind. Geregtigheid, veral as dit as sodanig gesien word, voed vertroue in gesag en politieke mag onder die burgery – veel meer nog, as burgers oortuig is dat die oppergesag van die reg geld en op een en almal, ongeag status of posisie, van toepassing is. Geregtigheid vorm ook die basis van die etiese heksagoon, verskaf aan regimes 'n betroubare en vasstaande fondament, en bied aan die burgery die geleentheid om in vrede in 'n pluralistiese samelewing te lewe.


Die etiese heksagoon bestaan uit ***ses bondels van kardinale waardes*** – dit hou verband met inwaartse en uitwaartse perspektiewe en basiese politieke vereistes vir maatskaplike samehorigheid. Die oorhoofse sambreelterme vir hierdie bondels is *Verantwoordelikheid en Vryheid; Vrede en Veiligheid; Identiteit en/in Verskeidenheid (Diversiteit); Volhoubaarheid; Samehorigheid (Solidariteit); en Billikheid en die Oppergesag van die Reg*.

Politieke gesag loop 'n groot risiko as dit nie daarin slaag om 'n minimum kwalitatiewe drempeltelling in al ses waardebondels te bereik nie, of ten minste in sommige van die ses waardebondels, soos in die geval van "mislukte" state wat uiter broos is en op die punt van ineenstorting staan. 'n Gemiddelde telling is nie voldoende nie. Wanneer goeie tellings in sommige waardebondels behaal word teenoor besondere swak tellings in ander, is 'n regime uiter ongebalanceerd en daarom in gevaar. Dit is beter om voldoende tellings in elk van die ses waardebondels te behaal, eerder as om slegs in sommige van die ses goed te vertoon.

Heel dikwels ontstaan omstandighede waarin waardes in stryd met mekaar verkeer en elkeen op voorkeurbehandeling aanspraak maak. Veiligheid, geregtigheid en volhoubaarheid kan nie bereik word sonder 'n kompromis met billikheid nie. In handelsaangeleenthede vind state dit moeilik om 'n keuse te maak tussen verantwoordelikheid en billikheid (vrye toegang vir landbouprodukte, geen verskuilde geldelike steun of subsidies vir besighede, en so meer). Oor die omgewing is daar 'n voortdurende noodsaak vir kompromieë tussen volhoubaarheid en samehorigheid, verantwoordelikheid, billikheid, veiligheid, en identiteit. Binnelandse konflikte met internasionale implikasies word vasgevang in besluitloosheid tussen veiligheid, identiteit en verskeidenheid, vryheid en verantwoordelikheid, tot op 'n punt dat billikheid en samehorigheid op die spel geplaas word. Om inskiklik te wees teenoor minderhede en etniese spanning te ondervang, vereis dat nie net alleen billikheid en veiligheid nie, maar ook eenheid en/in verskeidenheid verseker moet word.

Morele dilemmas is die daagliksbrood en botter van die politiek: die vermindering van voertuiguitlaatgas teenoor die ontwikkeling van vervoerstelsels, besuinigingsmaatreëls teenoor ekonomiese groei, doeltreffendheid teenoor vryheid, samehorigheid (solidariteit) teenoor verantwoordelikheid, en daadwerklike optrede teenoor besluitloosheid. Die vraag is of dit toelaatbaar, moreel regverdigbaar is om growwe menseregte-vergrype ongehinderd of ongestraf te laat voortgaan? Hier kan verwys word na hedendaagse gevalle soos dié in Sirië,

Diagram 1: Girardin se Etiese Heksagoon van Waardes\*



\*Die outeur se voorstelling van Girardin se *Ethical Tree* op bladsy 66 van sy werk, aangevul met inligting wat verskyn in 'n tabel wat strek oor drie bladsye – 76, 77 & 78; sien Girardin, Benoît. (2012). *Ethics in Politics: Why It Matters More than Ever and How It Can Make a Difference*, Geneva: Globethics.net Focus No. 5 – aanlynweergawe.


die Soedan, en Myanmar, om maar net 'n paar te noem. Dog, politieke besluite word heel dikwels vasgevang tussen doeltreffendheid en vinnige optreden onder leiding van sterk leierskap, of legitimiteit (regmatigheid) en 'n langdurige proses van raadpleging en onderhandeling.

## WAARDES EN BELANGE IN INTERAKTIEWE REGERING

Waardes wys op wat paslik, beter, meer doelmatig is, 'n "bestel of orde van die goeie", en is dié soort beginsels waarop mense nie bereid is om te kompromitteer nie. Waardes (etiek) en belang (politiek) is kruissnydend en oorvleuel (sien Diagram 2). In die politiek is waardes sonder belang netso gevaarlik as belang sonder waardes. Albei is noodsaaklik en hulle bestaan in 'n kreatiewe, skeppende spanning met mekaar. Die samevalling van, of die konver-

gensie tussen, die politiek en etiek bly altyd broos en is nooit, indien ooit, vanselfsprekend of verseker nie (norme, aan die ander kant, verwys na voorskrifte en gebiedende noodsaaklikhede).

**Diagram 2: Die Oorvleueling/Kruissnyding tussen Waardes en Belange\***




\*Gebaseer op 'n diagram op bladsy 85 van Girardin se werk.

Weens uiteenlopende etiese standpunte en perspektiewe is die deel van waardes absoluut noodsaaklik vir interaktiewe regering om gemeenskaplike belangte dien. Vorme van interaksie is oop, kompleks en veranderlik óf wisselvallig. Regerings mag bepaalde kort- of langtermynperspektiewe hê, besigheidskorporasies sal oor die langer termyn daarna strewe om hulpbronne en markte te verseker, vakbonde sal die belangte van hul werkers wil bevorder, die burgerlike samelewing (verenigings, die media, dinkskrums) mag op emosionele kitsoplossings aandring óf 'n bewustheid vir langtermynvolhoubaarheid openbaar, en multilaterale instellings en internasionale NRO's mag vêrsiende doelstellings hê, óf bloot die speelbal van konflikterende partye word. Hoewel politiek hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die staat (die regering, beleidsformuleerders, die burokrasie) is wat leierskap moet voorsien, is die private sakesektor, die burgerlike samelewing (georganiseerde verenigings, die media, dinkskrums), en vakbonde toenemend invloedryk, geniet hulle meer en meer geleenthede om insette te lewer, en is hulle in staat om hul eie belangte en waardes te bevorder. Van deurslaggewende belang is om ontvanklik te wees vir 'n verskeidenheid van perspektiewe en belangte, en om kompromis te smee sonder om een stel belangte onderspel of te verwerp (sien Diagramme 3 en 4).

Die kompleksiteit en onvoorspelbaarheid van uitkomste, gevolge en trefkrag (die impak) van besluite beteken dat alle rolspelers moet kan staatmaak op gedeelde waardes, gevorm deur 'n proses waarin alle akteurs die riglyne of grondreëls eerbiedig. Te dikwels vergeet menige openbare amptenare die werklike doel waarvoor hulle deur die belastingbetaler in diens geneem en betaal word. Sodoende word die gebrek aan, of die verlies van, 'n openbare diensleweringsetiek die doodsteek vir openbare diens self. Dis daarom ook nie verbasend nie dat regerings merendeels burokraties, oudmodies, ondoeltreffend, onbuigsaam (rigged), opgeblase, en verkwistend geword het.


Die belangrikste eienskap van interaktiewe regering (in wese, die herskepping daarvan) is dat dit die mens, die individu, as die middelpunt, die spil sien waarom alles moet draai. In werklikheid het die erkenning, die besef dat regerings bestaan om die burgery te dien, die soeke na 'n nuwe regeringsparadigma gedryf. Soos die sfeer van regeringsaktiwiteite mettertyd verbreed het, het die openbare amptenare meer soos meesters en heersers begin optree; en namate die burokrasie 'n feitlike monopolie oor dienslewering verkry het, het die beheptheid met reëlgebondenheid stelsels ondoeltreffend en ongevoelig teenoor die belangte en behoeftes

Diagram 3: Die Deel van Waardes in Interaktiewe Regering\*



\*Gebaseer op 'n diagram op bladsy 91 van Girardin se werk.

Diagram 4: Waardes teenoor Belange\*



\*Gebaseer op 'n diagram op bladsy 91 van Girardin se werk.

van die algemene publiek gemaak. In die proses is die etos van openbare diens verwring, indien nie 'n noodlottige doodsteek toegedien nie, en dienslewering vind plaas op 'n wyse wat op die wense en gerief van die regering gefokus is, eerder as op die behoeftes en voorkeure van die publiek. Dus het die lewering van 'n beter en meer doeltreffende diens aan die burgery in vele opsigte die toets vir die regering se vermoë geword om sy legitimiteit (wettigheid) te hervestig en die vertroue van die publiek terug te wen. Dit sal tyd neem om die heersende burokratiese kultuur te verander, asook die oorgang na 'n nuwe regeringsparadigma te bestuur. Inderdaad, om 'n regulatoriese regime en struktuur te skep wat eerlik, betroubaar, ongekompliseerd en terselfdertyd streng afdwingbaar is, is miskien die grootste uitdaging vir enige regering. Vir 'n regulatoriese regime om doeltreffend te funksioneer, is 'n dwingende voorwaarde 'n kerngesonde regbank en regstelsel, asook die bestaan van 'n regsorte (die oppergesag van die reg, regsoewereiniteit) –waarvan nie een van die twee in ontwikkelende lande as vanselfsprekend aanvaar kan word nie.

## SLOTOPMERKINGS

Dit word nog steeds betwissel of die vernaamste dryfkrag van etiek in die politiek die algemene nut, openbare welsyn, geregtigheid, billikheid, gedeelde waardes, of gemeenskaplike gekontrakteerde belang is. Inderdaad, weifel die verhouding tussen die politiek en etiek meestal tussen 'n baie noue verbintenis en 'n bykans algehele, wedersydse uitsluiting. Daarom duur skeptisisme oor die toepaslikheid van etiek in die politiek gevvolglik voort. Dit word gevoed nie net alleen deur die belewenis van menslike onvermoë, tekortkominge en rampspoed nie, maar ook deur die voortdurende kloof tussen verklaarde voorneme en praktiese uitvoering (implementering), belofte en volvoering (realisering).

Terwyl 'n intense herlewning van etiek vandag waargeneem kan word op terreine soos gesondheidsorg en mediese ingrepe, ekonomiese en korporatiewe sakepraktyke, en in omgewingsaangeleenthede, bly die politieke sfeer grootliks onaangeraak deur enige etiese oorwegings, óf word dit doodeenvoudig geïgnoreer. Politieke en staatsdiens (burokratiese) elites wat die vernaamste besluitnemers is, sal daarom moet bewys dat hulle die nodige politieke wil het om bestaande wette af te dwing, om die stelsels van deursigtigheid, integriteit en verantwoordbaarheid te versterk, en om meer in terme van almal se belang (die samelewing as geheel) te dink, ***nie*** in terme van die bevordering van hul eie, persoonlike belang nie.

Dit is duidelik dat die wêreld en Afrika, ook Suid-Afrika, by 'n kruispad staan. Die politiek en openbare diens kan nie langer etiese uitdagings ignoreer of afwyses daar teenoor staan nie, hoe dit ook al hanteer mag word. Wat vandag in die politiek en openbare lewe voorgehou word as integriteit, etiek, deursigtigheid en verantwoordbaarheid is grootliks afgewater. Daar is minder van 'n verwagting dat eerlikheid, openhartigheid en morele optrede sal geld, en daarom word al hoe minder ag daarop geslaan as hierdie deugde afwesig is. Die burgery word gewoond gemaak aan beeldpoetsing, die glibberige uitlatings van woordvoerders, oppervlakkige frases en eufemismes, en die verdoeseling (verskansing, geheimhouding) en vertragingstaktiek wat die politiek en openbare lewe kenmerk.

Die klaarblyklike gevolge vir 'n demokratiese samelewing en regering is daarom geensins bemoedigend nie.

**NOTA**

Hierdie stuk is 'n verwerking van die kragpuntvoordrag wat op 4 Mei 2017 gelewer is tydens die Eerste Afrikaanse Politieke Wetenskappe-Kollokwium op die Potchefstroomse Kampus van Noordwes-Universiteit (NWU), in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK). Dit is 'n vertaling uit Engels van 'n kragpuntvoordrag (ongepubliseerd) wat aangebied is tydens 'n konferensie in Kigali, Rwanda op 26 Junie 2014. Hierdie teks kan dus gesien word as 'n opsomming (in Afrikaans) van 'n onlangs gepubliseerde boekbydrae deur die outeur – vir 'n breedvoerige hantering van die onderwerp, sien Venter, Denis. "Girardin's 'Ethical Hexagon': Democratic Governance and the Role of Ethics in Politics and Public Service", in Haque, Shamsul, Shyaka, Anastase & Mudacumura, Gedeon (eds). 2017. *Democratizing Public Governance in Developing Nations*. London: Routledge, pp. 84-108.

## Op de radio flonkerde het Afrikaans

# De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2017

Vorig jaar moest ik het aftreden melden van Ena Jansen als hoogleraar Afrikaanse literatuur aan de Universiteit van Amsterdam. Met daarbij het goede nieuws dat zij zou worden opgevolgd. Door wie was toen nog een geheim, maar is inmiddels *oud* nieuws geworden, want Margriet van der Waal is allang aan het werk. Zij blijft verbonden aan de Rijksuniversiteit Groningen, haar bijzondere leerstoel in Amsterdam beslaat de Zuid-Afrikaanse letterkunde, cultuur en geschiedenis. Gelukkig brengt de trein haar tegenwoordig dankzij een klein stukje nieuw spoor in de Flevopolder in twee uur van Groningen naar Amsterdam.

Tijdschriften treden niet af maar kunnen wel verdwijnen. Dat gebeurde nu zelfs met het *Maandblad Zuid-Afrika*, vierennegentig jaargangen lang betrouwbare informatiebron voor wie Nederlands kan lezen. In december 2017 kwam het laatste nummer. Maar om dit een beetje goed te maken is er een kwartaalblad *Zuid-Afrika Spectrum* ter vervanging. En de teugels blijven in handen van Ingrid Glorie.

In 2017 draaide het *Maandblad* nog op volle toeren. De “Agenda” meldde een avond met “Ek hoor die vryheid sing”, de documentaire van Abraham de Vries over Adam Small, ingeleid door Hein Viljoen (Zuid-Afrikahuis, Amsterdam, 4 april). De lezer kon rekenen op de boekenlijst voor de maandelijkse Afrikaanse Leeskring. Jaco Fouché publiceerde een “oor-spronklike storie”. Hans Ester oordeelde genuanceerd over *Dit is mijn land (Die sideboard)* van Simon Bruinders en vervolgde zijn kroniek van de Zuid-Afrikaanse literatuur met Hester Kruger, Mathews Phosa, Piet van Rooyen en Dan Sleigh. Ook was er aandacht voor Amy Jeptha, Rudie van Rensburg, Hein Willemse, Ingrid Winterbach en vele anderen. Voor Debbie Loots bijvoorbeeld, in het Zuid-Afrikahuis geïnterviewd op 21 juni.

In het begin van het jaar had het Rijksmuseum zijn schijnwerper gericht op de band tussen Nederland en Zuid-Afrika met een grote tentoonstelling: “Goede Hoop”, en een gelijknamig boek (Rijksmuseum/Van Tilt 34,50). Voor de literatuur was daar niet veel aandacht. Maar in de tiendelige televisie-serie “Goede Hoop” die de historicus en tv-presentator Hans Goedkoop over 400 jaar Nederland en Zuid-Afrika maakte, was de kijker getuige van een indrukwekkend optreden van de dichteres Diana Ferrus, die uitdrukking gaf aan haar band met Saartjie Baartman. Deze serie kreeg een (uitstekend) begeleidend boek, van Bas Kromhout, dat – hoe komen ze erop? – *Goede Hoop* heet (verschenen in 2016 bij NTR/Walburg Pers, €24,95).

Beslist niet verdwenen maar wel in beweging is de “Week van de Afrikaanse roman”, die in 2017 voor de derde keer werd georganiseerd. Willem Anker, Andries Bezuidenhout, Amy Jeptha, Suzie Matlhola, Rudie van Rensburg en Ingrid Winterbach traden dikwijls op in Vlaanderen, al werd Nederland allerminst vergeten. Anker bereikte zelfs het hoogste noorden, toen hij met de grote veerboot zee koos voor een leeskring op het Waddeneiland Schiermonnikoog. In het *Boekblad* (4 oktober) staat een vraaggesprek met Anker door Maarten Dassing. De schrijver zegt daar over zijn held Coenraad de Buys dat die “staat voor iets groters: de mentaliteit van iemand die op de grens leeft. Wat hij meemaakt is hetzelfde als wat kolonisten in Amerika meemaakten. Zo gaat *Buys* over vragen die in de hele wereld actueel zijn. Vragen als: van wie is het land eigenlijk? En hoe kunnen mensen met verschillende culturen met elkaar leven?”

Een definitief verlies voor de Afrikaanse literatuur is het overlijden van Karel Schoeman. Hoewel zijn reeks "Stemme" in de laatste jaren helemaal in het Nederlands vertaald is, hoort hij hier niet tot de beroemdste Afrikaanse schrijvers. Toch is zijn dood in de Nederlandse pers wel gememoreerd (*Nederlands Dagblad* en *Reformatorisch dagblad* op 3 mei, Peter Swanborn in *De Volkskrant* op 4 mei). In een persoonlijke necrologie in *NRC Handelsblad* van 20 mei zei Roelof van Gelder over zijn eigen briefwisseling met de schrijver: "Hij bleef op afstand, maar tussen de regels las je dat er iets hunkerde naar nader contact." De Maatschappij der Nederlandse Letterkunde nam het initiatief voor een herdenking in het Zuid-Afrikahuis (14 oktober). Bij die gelegenheid vertelde ik hoe ik in 2013, in gezelschap van Olf Praamstra, Schoeman in een stationskoffietentje niet als de strenge afstandelijke kluizenaar leerde kennen maar eerder als een gezellige kletser. Schoemans uitgever Pieter Rouwendal presenteerde een nieuwe uitgave van *Een ander land*. Hans Ester, de vertaler Rob van der Veer, Carroll Clarkson (UvA) en de historicus Robert Ross schetsten Schoemans betekenis. Ena Jansen ontroerde het gehoor met een inkijkje in haar jarenlange privé-correspondentie met Schoeman. Ze wisselden gedachten uit over uiteenlopende onderwerpen, van literaire kwesties tot een vergelijking tussen hun beider dagelijkse uitzicht vanuit de werkamer. Een ontmoeting van twee fijnzinnige geesten, met veel eerbied voor elkaars "eigen terrein".

## MEER OPTREDENS

Het jaar kende een bescheiden intocht van Zuid-Afrikaanse podiumkunstenaars. De rapdichter Hemelbesem en de comédienne Mariette Loubser zijn hier anno 2017 op verschillende bühnes gesigneerd. Vaste bezoeker Chris Chameleon vormde bij zijn tour door Nederland en België een duo met Leoni Jansen, een ervaren Nederlandse zangeres en theatervrouw. Jannie du Toit bracht naast "Bonjour Monsieur Brel" ook zijn concert: "Doep is nie dood nie". Een moedige keuze van hem, want Doep noch Koos du Plessis zijn in Nederland namen die veel belletjes laten rinkelen.

Sinds het succes van de vertaling van *Eilande* is Dan Sleigh hier voor de doorgewinterde literatuurlezer wel een vertrouwde naam. Op 31 mei nam hij deel aan de Tong Tong Fair op het Malieveld in Den Haag. Dat is de vroegere Pasar Malam, het culturele festival met veel muziek en veel kookkunst voor en door Indo-Nederlanders, dat jaarlijks zo'n honderduizend bezoekers trekt. Sleights lezing "Gedeeld verleden, gemengde cultuur" ging over de invloed van de Indonesische immigratie op de cultuur van de Kaap. Hij haakte prachtig aan bij de groeiende aandacht voor Indonesische trekken in de Nederlandse cultuur en ook bij de geest van het Haagse festival.

De volgende avond sprak Sleigh in het Zuid-Afrikahuis over *1795*. Inleider was de historicus Luc Panhuysen, de schrijver van *Een Nederlander in de wildernis*, over R.J. Gordon, de omstreken militaire bevelhebber bij de eerste overgave van de Kaap in 1795. Sleigh beklemtoonde dat *1795* een roman is, geen geschiedwerk als dat van Panhuysen. Maar daarmee legt hij wel een vraag op het bord van de lezer. Want Sleights roman geeft een *interpretatie* van de geschiedenis van Gordon, ter beoordeling waarvan historische feiten onmisbaar zijn.

Ook Diana Ferrus trad hier en daar op. Op 27 juni vertelde zij in het Zuid-Afrikahuis over de schipbreuk van een Portugees slavenschip voor de Kaapse kust in 1794. Ook stond zij aangekondigd voor een Eerste Wereld Verhalen Festival in de badplaats Noordwijk. Op 1 juli droeg zij "Ons kom vandaan" voor tijdens de jaarlijkse nationale herdenking van het Nederlandse slavernijverleden in het Amsterdamse Oosterpark – direct uitgezonden op NPO 1 (televisie) met Nederlandse ondertiteling. Volgens Ferrus mocht zij haar gedicht voordragen

dankzij een beroemde Surinaamse voetballer die een toespraak had beloofd en die belofte niet nakwam. Maar dat klinkt wel erg bescheiden.

Antjie Krog kwam naar Nederland voor een Engelstalig symposium “Good hope for a new generation” van het Rijksmuseum en de Vrije Universiteit, waar ook Mamokgethi Phaken (UvK) sprak (5 april), H. Meulemans doet daarvan verslag op Litnet. Eerder was zij in het zondagse tv-discussieprogramma “Buitenhof” in gesprek met Paul Witteman, een van onze beste interviewers (NPO 1 op 2 april). Zijn vragen gingen meer over de Afrikaanse taal en over de politieke situatie in Zuid-Afrika dan over poëzie. Ernst en vrolijkheid wisselden elkaar af. Aan wie zou Krog de voorkeur geven, Zuma of Trump? “Heel zeker Zuma, want wat is erger dan een witte man met veel macht, en dan ook nog zo’n lelijke man...” Krog vatte Zuma’s corruptie op als navolging van blanken die ook zoveel mogelijk inpikken. Van belang, beklemtoonde ze, zijn intussen de armen. Het gaat er vooral om dat die almaar arm blijven.

Kort tevoren, op 11 maart, was Krogs poëzie, met die van onder meer Ingrid Jonker en Ronelda S. Kamfer, te horen op een Afrikaanse muziek- en poëzieavond in de serie “Paraula”, in Splendor, Amsterdam. Op 16 september was Krog opnieuw in persoon hier, nu voor “De Nacht van de Poëzie” in Tivoli, Utrecht. Haar voorlezing kreeg daar veel applaus (te zien op YouTube). Eerder op de dag was zij de hoofdgast in “De Taalstaat”, het geliefde radio-taalprogramma op NPO 1 van de presentator Frits Spits. Die begon, minder gelukkig, met de vraag of Krog misschien ook iets wist van de Nederlandse literatuur, maar het werd toch een mooi gesprek, met een lyrische lofpreisning van Krog voor Hugo Claus (“‘n berg van ‘n man”) en dito van Spits voor zijn gast (“uw Afrikaans flonkert op de radio, mevrouw Krog”). Zij las ook poëzie.

Een ander dichterlijk hoogtepunt vormde de presentatie van Breyten Breytenbachs bundel *De zingende hand* in een dik uitverkocht Zuid-Afrikahuis (18 april). Het gaat hier om een keuze uit de Afrikaanse verzamelbundel *Die singende hand*, aangevuld met ongepubliceerd werk en met de Nederlandse vertaling van Laurens van Krevelen. Behalve voor de bundel waren de mensen ook naar de Keizersgracht gekomen voor wat volgde: een samenspraak van Breytenbach met Remco Campert, de laatste overlevende dichter van de Beweging van Vijftig.

Wanneer hadden zij elkaar ontmoet? “‘n Paar eeuwen geleden op een bergtop in China. Ik ben Remco toen gevolgd op een voettocht naar Nederland”. De dichter mag natuurlijk altijd gelijk hebben, maar historisch bleek het op “Poetry International” in Rotterdam geweest te zijn. Spraken zij toen over poëzie? Campert: “Dichters praten nooit over poëzie.” Ook dat bleek niet waar. Nadat zij gedichten van elkaar hadden voorgelezen, ging het gesprek over de lichtheid in hun beider werk – ook als de dood het thema vormt – en over het door allebei volop uitgebuite motief van de vogel. En over de kleine boekjes waarmee Campert en andere Vijftigers opriepen tot steun aan Breytenbach, toen hij gevangen zat. Hij had ze pas veel later gezien, “gelukkig, want als je het meteen zou horen is het moeilijker”, en waardeerde ze als discreet blijk van “echte solidariteit” van Campert en diens generatie.

Campert heeft zijn protestgedicht “Aan Breyten”, dat oorspronkelijk in een boekje *Aan Breyten Breytenbach* stond, later opgenomen in een eigen bundel. Zonder titel, waarmee zijn gelegenheidsgedicht een groter bereik kreeg. Maar toen hij het op deze mooie avond voordroeg, werd het opnieuw: voor Breytenbach. “Poëzie is een voorbeeldige daad / je kunt wel je leven lang elegant / er doorheen zwijnen / maar eens gebeurt het toch: / die afrekening met anderen / en die met jezelf // nu heb je het gedaan / en je bent hoop ik fier en ongebroken / nu kan niemand er meer omheen / nu heb je het voor jezelf zeker gemaakt / en daarmee voor ons // het is een lang pad naar de dood die vlakbij is // als je er uitkomt / uit de rose klauwen van het bijkeldom / weet ik: nooit / zien we je terug in je oude gedaante // wij in het moederland / dat aan jouw vermomming eens geboorte gaf”.

## DEON MEYER

Thrillers doen het in onze boekwinkels het best, dus Deon Meyer is daar de grootste held van Zuid-Afrika. Hij was in de “Spannende-Boekenweken” de schrijver van het cadeauboekje *De vrouw in de blauwe mantel*, gratis voor wie aan een Nederlands boek (spannend of niet) € 12,50 uitgaf. Zijn uitgever Bruna zorgde voor veel meer nieuws van Meyer: een vertaling van *Koorts* (ook van Martine Vosmaer en Karina van Santen, € 22,50) en herdrukken van *Feniks*, *Icarus*, *Orion* en *Duivelspiek*. Nieuwe fans konden hun achterstand op die manier meteen inhalen. In een interview noemde Meyer *Koorts* “omdat het dit keer niet ging om een misdaadverhaal … de plezierigste schrijfervaring van mijn leven” (Anouk Abels in de *Boekenkrant* van juni). Maar ook over het schrijven in het algemeen ging hij los: “een enorme vreugde … als ’s nachts autorijden: je ziet alleen wat er in het licht van je koplampen is.” Zijn tweede interviewer, Bertjan ter Braak, vroeg niet waarom Meyer juist daarvan zo blij wordt (*Leidsch Dagblad* 10 juli).

## MEER VERTAALD

Zetten we de thrillers buiten haakjes, dan verzorgen twee uitgevers de laatste jaren de meeste vertalingen uit het Afrikaans: Mozaïek, tegenwoordig in Utrecht, zich richtend op de protestants-christelijke boekenwereld, en Podium.

Hans Ester beoordeelde van Mozaïek de roman *Als de wind draait* van Hans du Plessis (2016) als “te zeer op de automatische piloot geschreven”, maar toch boeiende leesstof (*Zuid-Afrika* april). Mozaïek kwam met *Voetpad naar Vergelegen* van Chris Barnard, in een vertaling van Michiel Angenent (€ 18,90). Barnard eindelijk in het Nederlands! In *Visie*, het programmablad van de Evangelische Omroep, sprak Stella de Rijcke van een “mooi geschreven roman” waarin het geloof een rol speelt. “Maar geen nadrukkelijke”, voegde ze daaraan toe – kennelijk ter geruststelling. Ook Marianne Hoksbergen is lovend: “Barnard neemt je mee naar een vreemde plaats in een vervlogen tijd, naar een tiener van wie je gaat houden.” (*Nederlands Dagblad* 15 maart).

En dan was er ook weer een nieuwe Irma Joubert: *Het meisje uit het verscholen dorp*, een titel die de kandidaat-koper meteen moet doen denken aan haar grote bestseller *Het meisje uit de trein*. Het nieuwe boek is een vertaling van *Mentje, kind van Pas-Opkamp*, zoals steeds van de hand van Doriane de Vries (€ 22,99). Voor het al genoemde blad *Visie* heeft Lisette van der Heg de auteur geïnterviewd, ten huize van Jouberts zoon in de stad Delft. Hier schonk de schrijfster tot Van der Heks verbazing thee met “een flinke scheut melk”, wat in Nederland geldt als een gewoonte van Engelse arbeiders. Joubert vertelde over de geschiedenis van haar schrijverschap. De naam Mentje heeft zij gekozen ter herinnering aan een overleden vriendin van Nederlandse origine. Zij bezoekt altijd alle plaatsen van handeling voor haar romans en is dus ook bij het vroegere Pas-Opkamp in het bos bij het Gelderse dorp Nunspeet gaan kijken, waar tijdens de oorlog honderdtwintig onderduikers zich, deels onder de grond, verborgen hielden voor de Duitse bezetters.

Lezeressen in de “Leesclub” van het befaamde damesblad *Libelle* (sinds 1934) gaven het boek een wisselende ontvangst. Een prees het “onopgesmukte taalgebruik” maar een ander sprak over: “de wat houterige schrijfstijl”. Stella de Rijcke (*Visie*) hield het op: “een heerlijk leesbaar, spannend en boeiend verhaal”. Het succes van *Het meisje uit de trein (Tussen stasies)* groeide intussen verder. De uitgever meldt een veertiende druk voor de gewone uitgave (€ 15). Voor het eerst verscheen het daarnaast als “Dwarsligger” (€ 12,99) waarmee nu misschien ook het publiek in de algemene boekhandel wordt bereikt.

Podium is de uitgever van Breytenbach, ook van *De zingende hand*. Op *Reactor*, het digitale “platform voor literaire kritiek”, schreef Piet Gerbrandy, dichter en classicus van aanzien, een substantiële kritiek die het niveau van de gewone recensie overstijgt. Hij gaf een afgewogen beoordeling waaruit waardering spreekt, maar ook een zeker verwijt aan Breytenbach, van achteloosheid, van een te afstandelijke houding tegenover dichterlijk vakmanschap. Gerbrandy noemde Breytenbach tenslotte “op zijn beste momenten een aanstekelijk zanger”. Over de Nederlandse vertaling was hij slecht te spreken.

Helemaal nieuw was de bundel *Mammie* van Ronelda S. Kamfer (vert. Alfred Schaffer € 21,50), met juichende recensies van Maria Barnas (*Volkskrant* 23 september), Dieuwertje Mertens (*Het Parool* 23 september), Janita Monna (*Trouw* 24 september) en de *Gooi- en Eemlander* (11 december, ook in andere regionale kranten van de Hollandse Dagbladcombinatie). Kamfer kreeg steeds lof voor de onnadrukkelijke verwoording die ze voor haar schokkende stof heeft gevonden. Mertens schreef over “luchthartige anekdotes” bij een ernstige achtergrond en noemde haar taalgebruik: “zonder opsmuk. In elk gedicht schuilt het gevaar net onder de oppervlakte.”

Ook *Waar ik jou word* van Krog verscheen bij Podium, een tweetalige bloemlezing uit haar poëzie onder het motto: “gedichten die iedereen gelezen moet hebben” (€ 15). Volgens sommigen ter gelegenheid van “De Nacht van de Poëzie”, volgens anderen voor haar vijfenzestigste verjaardag – het kan ook allebei. In een miniem stukje in *De Telegraaf* noemde Paola van der Velde Krogs gedichten: “in het Nederlands al ontroerend, maar in het Afrikaans helemaal onweerstaanbaar” en Janita Monna verwacht voor haar de Nobelprijs (*Trouw* 24 december).

*Buys van Anker* (vert. Karina van Santen en Rob van der Veer, Podium € 25), kreeg een interessante recensie van Peter Swanborn in de *Volkskrant* (27 mei). Aan de ene kant toonde Swanborn zich overrompeld door dit “portret van een onuitstaanbare ruziezoeker en vrouwenversierder”, maar aan de andere kant miste hij een tegenstem, die het eenzijdige perspectief van de held, als man die nooit twijfelt, had kunnen nuanceren. Anker had aan de “scherpe commentaren” van Maria meer ruimte moeten geven. Uiteindelijk bestempelde de criticus de roman tot “smeuig … testosteronproza”, waarvan de grootste waarde ligt “in het oproepen van een verdwenen wereld.”

Brevier in Kampen kwam met twee heruitgaven van oude vertalingen, onder de fondsnaam Manuzio. Peter Swanborn prees in *De Volkskrant* (9 december) de “nog altijd prachtige vertaling” van Riet de Jong-Goossens van Schoemans *Een ander land* (€ 24,95) en toonde zich ook goed te spreken over *Expeditie naar de baobab* van Wilma Stockenström (vert. Gerrit de Blauw € 17,50): “De taal is zo mooi dat je na lezing direct opnieuw wilt beginnen.” Haar werk doet volgens hem niet onder voor dat van de grote namen Coetzee, Breytenbach of Krog (*Volkskrant* 16 september).

Bijna tenslotte uitgeverij Bint in Amersfoort, een piepjonge specialist in klassiekers. Die koos, nog net in 2017, voor het eerst een Afrikaanse klassieker. En doordat de auteur in Nederland woont en werkt en ook in het Nederlands schrijft, kon die zijn eigen boek vertalen. De grensroman *Een basis over de grens* van Louis Krüger werd door Nels Fahner voorzien van de voor Nederlanders wenselijke (literair-)historische informatie (€ 18,95). In het *Friesch Dagblad* (9 december) stipte Tjerk de Reus de beroemde vertelsituatie van dit boek aan, de dode verteller. Maar hij wees ook op de combinatie van aan de ene kant avontuur en spanning door hardheid en geweld, met aan de andere kant: “het mysterie van het mens-zijn in dergelijke omstandigheden.” Kortom: een spannend boek waarin bij herlezing “diepte” schuilgaat.

## DOCUMENT

Ik sluit af met Uys Krige. Kort voor 1940 en kort na 1945 heeft hij in Nederland Afrikaanse gedichten gepubliceerd, maar zijn boeken zijn in Nederland nooit vertaald. Hij is hier dan ook onbekend, maar in de Leidse Universiteitsbibliotheek en het Literatuurmuseum in Den Haag (vroeger Letterkundig Museum) zijn van de “goue seun” wel handschriften bewaard. Zo kon Roman Helinski zowel digitaal ([literatuurmuseum.nl](http://literatuurmuseum.nl)) als in een ongedateerde papieren uitgave (in de reeks *Goede papieren*) een briefkaart van Krige uit het museumbezit presenteren, verzonden uit een Italiaans krijgsgevangenenkamp. Gericht aan Greshoff in Kaapstad, Africa del Sud: “In ’n vreeslike tenkgeveg ... is ek gevang ... Skrywe my tog asb. gereeld. Briewe is een van die weinige dinge wat hierdie lewe draaglijk maak ... Kan jy nie aan Vestdijk skrywe om my Nederlandse boeke en tydskrifte uit Holland te stuur nie? Wat is Van Schendel se adres hier? ... My gesondheid is eersteklas, ek is vol moed en optimisme. Nous maintiendrons!”

We zagen het al bij Breytenbach en Campert: barre tijden versterken af en toe de band tussen de Nederlandse en de Afrikaanse literatuur.

EEP FRANCKEN

A.A.P.Francken@hum.LeidenUniv.nl

## Boekbespreking / Book Review

---

<b>Titel:</b>	<i>Die Dorslandtrek 1874–1881</i>
<b>Outeur:</b>	Nicol Stassen
<b>Uitgwerf:</b>	Protea Boekhuis, Pretoria, 2015
<b>ISBN:</b>	978-1-4853-0105-9

Afgesien daarvan dat Pretoriase uitgewer en geskiedkundige Nicol Stassen instrumenteel is in die publikasie van belangrike Suid-Afrikaanse historiese werke, het hy vir hom naam gemaak as 'n deskundige op die gebied van die geskiedenis van die Transvaalse republiek in die 19de eeu en die trekke van Afrikaner-grensboere in die dorre gebiede van die Botswana-Kalahari, Namibië en Angola in. Hy spesialiseer in die diaspora van Europeërs van Nederlandse afkoms aan die Kaap in die 17de eeu en hulle migrasie en vestiging in die Suider-Afrikaanse binneland. Daar was al verskeie historici wat op hierdie terrein gewerk het, by name PJ van der Merwe, CFJ Mulder en L Hattingh. Stassen verteenwoordig 'n vierde generasie van diesulkes.

Stassen se werk bring hierdie verskynsel van migrasie in die hoofstroom van geskiedskrywing. Terwyl die Groot Trek 'n ryk voedingsbron vir die Afrikaner se groeiende nasionale bewussyn was, het ons kennis van die migrasies van mense van Europese afkoms na die voormalige Duits-Suidwes-Afrika, Mosambiek en Angola, Oos-Afrika, die Britse gebiede van Noord- en Suid-Rhodesië, en selfs Argentinië grotendeels vaag gebly en het dit hoofsaaklik berus op kort narratiewe oor die wit stam van Afrika, die Afrikaners.

Stassen se werk staan daarenteen uit weens die deeglike en omvattende ondersoek van bronmateriaal oor die Transvaalse Afrikaners – hoofsaaklik uit die ou Wes-Transvaal en lidmate van die Gereformeerde Kerk – wat dit in ander dele van Afrika in gewaag het. Soos hulle voorsate was hulle op soek na die ideale plek om hulle te vestig, maar hulle het ook gestreef na 'n kulturele ruimte waarin hulle die waardes kon uitleef van 'n pioniersvolk wat nie aan 'n owerheid met imperiale oogmerke onderdanig wou wees nie. Hattingh het reeds in die 1970's daarop gewys dat die Britse planne vir 'n Suider-Afrikaanse konfederasie gedurende die 1870's klaarblyklik daarop gemik was om die Britse teenwoordigheid deur die hele suidelike Afrika te versprei. Vir baie Transvaalse Afrikaners het dit na Britse gesag geruik. Stassen wys egter daarop dat dit nie die belangrikste dryfkrag agter die trek was nie. Ook godsdiens, politiek, ekonomiese oorwegings en die gebruiklike trekgees het 'n beduidende rol gespeel.

*Die Dorslandtrek* is in die eerste plek 'n vertelling oor die trekke, in verskeie opeenvolgende emigrantegroepe Transvalers, uit die westelike en noordwestelike grensgebiede van Transvaal na die dor Suider-Afrikaanse binneland wat deur hoofsaaklik San, Khoi en Bantoesprekende Afrikaners bewoon is voordat die Britte, kort ná die Berlynse Konferensie (1880–1884), van Betsjoeanaland (Botswana), Swaziland en Basoetoland (Lesotho) as protektorate besit geneem het.

Stassen se werk dra by tot ons begrip van die wyse waarop groepe en individue die binneland van die subkontinent ingetrek het en ons begrip van hulle daagliksle lewe. Hy gee inligting oor hoe geloofskwessies of plaaslike en soms baie persoonlike vetes of vriendskappe die mobiliteit aan die gang gesit het. Daar is ook 'n rykdom aan beskrywings, nougeset uit die beskikbare bronmateriaal geneem, wat vertel van hoe die jagter-grensbewoners aanhou soek en swerf het, en gegroepeer en gehergroeppe het voordat hulle togte diep die binneland in aangepak het.

'n Uitstekende bydrae van die studie is die verslag van hoe hierdie trekkermense omgewings-vlugtelinge geword het, grotendeels as gevolg van hul onvermoë om aan te pas by 'n tekort aan plaaslike waterbronne. Migrasie is tans 'n belangrike studieveld in sowel die noordelike as die

suidelike halfrond. Die dryfvere en weerhoudingsfaktore van die prosesse van menslike mobiliteit vorm steeds samelewings in talle dele van die wêreld. Omdat Stassen 'n narratiewe geskiedkundige is, is sy fokus op besonderhede en min aandag word gewy aan die breër verskynsel van migrasie as sodanig. Vir die leser wat graag die hedendaagse gevolge van die migrasie van mense uit die Midde-Ooste en Afrika na Wes-Europa wil begryp, bied *Die Dorslandtrek* 'n interessante mikrohistoriese beeld van wat gebeur as mense deur klimaats-, ekonomiese en geopolitieke kragte gedwing word om ter wille van beter vooruitsigte na verre plekke te verhuis.

Die skrywer het klaarblyklik reeds die meeste van die harde werk van 'n deurtastende ondersoek van die beskikbare bronne oor die Dorslandtrekkers gedoen, wat dit vir navorsers uit ander dissiplines moontlik maak om 'n indruk te kry van die migrasieproses wat in die laaste kwart van die 19de eeu momentum gekry het. Van besondere belang is die vraag van hoe om die voortdurende gebrek aan toereikende waterbronne te hanteer. Die dorheid van die binneland van Suider-Afrika in die 19de eeu is 'n sleutelaanduiding van die skrikwekkende toestande wat die geharde grensboere moes deurmaak. Dit is redelik om aan te neem dat die toestande wat geheers het gedurende die globale klein ystyd wat in die 1850's geëindig het en waarskynlik die vorm van wit nedersetting omstreeks die middel van die 19de eeu beïnvloed het, reeds beduidend verander het teen die 1870's, toe die migrasie van die Dorslandtrekkers weswaarts begin het.

Hulle migrasie is grotendeels bepaal deur 'n soeke na plekke wat gunstig vir nedersetting was – verkieslik in die Portugese kolonie Angola in die verre noordwste. Die grensgebied, die vuurwapens en perde as ry- en trekdiere, waarmee hulle sedert die 1830's bekend was, was teen die 1870's vinnig aan die verander. Die ontdekking van minerale en die ontwikkeling van myne by Kimberley en in die Oos-Transvaal het deel uitgemaak van die kommersialisering en industrialisering van die grensgebied. Watter grond mense ook al besit het, het deel geword van 'n land waarin die brose ekonomie van 'n pioniersrepubliek voortdurend onderwerp is aan die ekonomiese eise van handelaars en togangers. Hulle het 'n nuwe soort koloniale ekonomie verteenwoordig wat nie byval gevind het nie in die protostedelike grensnedersettings waar kerk, handeldryf en die staat histories bepalend was. Stassen versag die talmende rigjede beeld van die vroeëre grensboer wat slawe besit het. Hy spits hom toe daarop om die "vrye volk" op 'n meer genuanseerde en komplekse wyse as vroeëre geskiedskrywers oor die 19de-eeuse Suid-Afrikaanse grensgebiede te vertolk en te kontekstualiseer.

Stassen ontluister baie van die mitologie rakende Afrikanerleierskap en die "heroïese" rol van geselecteerde individue uit die Groot Trek, wat die belangrikste diskouers van Afrikanermigrasie na die binneland van Suid-Afrika was. In plaas daarvan bring hy 'n versameling pensketse byeen van gewone mense wat darem op 'n manier 'n bestaan kon maak in van die barste dele van Suider-Afrika danksy die vaardighede wat hulle bekom het sedert die eerste Europeërs in die laat 18de eeu die binneland van die subkontinent begin inbeweeg het. Die beliggaming van goeie leierskap het geblyk die vermoë te wees om in buitengewoon ongunstige toestande leiding en rigting te gee. Aan die grensgebied van die Dorslandtrek was die goeie leier iemand wat ons vandag 'n doeltreffende rampbestuurder sou noem.

Baie soos die Louis Tregardt-ekspedisie voor die Groot Trek in die 1830's wat handelsbande met die buitewêreld in die noordoostelike dele van die hedendaagse Suid-Afrika wou smee, was die Dorslandtrekkers reisigers in ongerepte gebied waar min Europeërs vantevore al was. Hulle was maar te dikwels swak ingelig oor die plaaslike stand van sake. Dit was moeilik vir die geharde Afrikanergrensboere uit die Transvaalse republiek om die vertroue van die plaaslike inheemse mense te wen. Die reputasie van 'n strydlustige Transvaalse volk het die trekkers in die landstreke wat hulle potensieel kon verken, vooruitgeloop.

Materieel en intellektueel gesproke het die Dorslandtrekkers voor vele uitdagings gestaan. Hul geïsoleerde omstandighede in die Transvaalse republiek ná 1852 het hulle ekonomies en intellektueel die kennis ontsê wat deur ander (buitelandse) reisigers in die binneland van die subkontinent in boeke en artikels gepubliseer is. Voorts was daar aansienlike ontwikkelings op die gebied van die tegnologie, die medisyne en strategieë om met die inheemse gemeenskappe in die binneland om te gaan. Ten slotte het die “onsigbare hand” van ’n opkomende merkantilistiese ryk wat morele en politieke steun aan goed ingeligte en ervare reisigers, sendelinge en handelaars gebied het, die Dorslandtrekkers strategies kwesbaar gemaak. Hulle kon nie meeding met die agentskapsrol van invloedryke individuele Britse, Duitse en Portugese pioniers wat ten tyde van die Dorslandtrek reeds met die plaaslike inheemse mense genetwerk het nie.

Vir die genealoog en familiegeskiedkundige is Stassen se werk ’n belangrike bron. Hoewel hy hom nie op die terrein van die prosopografie begewe nie,werp die meerlagige diskouers oor talle Afrikanerfamilies lig op die uitwerking van die grenslewe op die familie-eenheid. Die sterftesyfer was hoog en oorlewingsvermoë is deeglik beproef. Die werk berus op ’n omvattende maar steeds onvolledige versameling familiegeschiedenis en genealogieë van bewoners van die Suid-Afrikaanse binneland. Die voordeel van Stassen se gebruik van familiegeschiedenis is dat dit gewone mense op die voorgrond plaas. Die leser maak kennis met die buitengewone beproewings wat dié mense moes deurmaak in ’n tydperk van groot mobiliteit. Die ontberings van trek deur waterarm streke, die lyding van die lewende hawe, die siektes, honger en dors word verpersoonlik uit individuele narratiewe omtrent lewensverlies en die gevolge daarvan vir huwelike en geboortes.

*Die Dorslandtrek* het ook baie waarde vir enige voornemende besoeker aan Botswana, Namibië en Angola. Vir die Suid-Afrikaanse avontuur- en 4x4-toeris bevat die studie ’n aantal gedetailleerde kaarte van plekke en roetes waar daar nog fisiese oorblyfsels in die strawwe omgewings is waarheen min mense tot onlangs nog gereis het. Veral besoekers aan die Okavango en die Ngamimeer in Botswana, die Etoshapan in Namibië en die suidelike dele van Angola sal by die lees van die boek baat vind.

Stassen ondersoek nie die droogte- en vloedtoestande in Suider-Afrika gedurende die tydperk 1874–81 deurtastend nie, maar die studie gee wel baie insig in die dorheid van die omgewing en die antropogeniese gevolge van waterskaarste. Vir die 21ste-eeuse leser wat vir wêreldwyse klimaatsverandering en menslike aanpassing by heersende toestande sensitiief is, is die studie van enorme belang. Die beskrywing van die wyse waarop mens en dier gely het in klimaatsomstandighede waaraan hulle nie gewoond was nie, maak waardevolle leesstof uit. Daar is toenemend konsensus dat die snelle intrede van klimaatsverandering ongeveer 6000 VHJ ’n diepgaande uitwerking op menslike beskawings in die Midde-Ooste en Noord-Afrika gehad het (Berger et al. 2016).

Stassen gee treffende beskrywings van die manier waarop beeste op die gebrek aan water gereageer het, hoe hulle weggebreek en weggeraak het en dikwels nooit weer lewend gekry is nie. Vroeë reisigers na die binneland is vooraf gewaarsku dat vee in die woestyn water letterlik van ver af kan ruik (Sparrman 1977). Die reuk van reënwater in woestyngebiede het ’n opmerklike uitwerking op mens en dier. Dit word veroorsaak deur osoon, ’n molekule wat gevorm word as gevolg van die elektrisiteit wat in weerlig vrygestel word. In die proses word die twee atome van suurstof in water tot drie afgebreek, wat die kenmerkende reuk aan reën gee (Barnett 2015). Vandag weet ons ook dat bakterieë in die atmosfeer – selfs in stofwolke – opgeneem word en amper soos ’n aërosol ’n verskeidenheid van reuke versprei wat ’n onbewuste uitwerking op mense en diere het (Smets et al. 2016). Stassen beskryf sulke gebeurtenisse uit ’n interessante narratiewe oogpunt.

In die geheel verteenwoordig *Die Dorslandtrek* goeie Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Die feit dat dit ook uitstekend in Engels vertaal is deur dr. Bridget Bushell Theron, een van die voorste Suid-Afrikaanse geskiedenissteksredigeerders, maak die werk vir 'n veel groter lezerspubliek toeganklik: *The Thirstland Trek 1874–1881* by Nicol Stassen. Pretoria:Protea Book House. 2016. ISBN978-1-4853-0036-6. Amazon price: R370.

## BIBLIOGRAFIE

- Barnett, C. 2015. *Rain: A natural and cultural history*. New York: Crown Publishers.
- Berger, J-F, L Lespez, C Kuzucuoğlu, A Glais, F Hourani, A Barra, J Guilaine & B Paolo. 2016. "Interactions between climate change and human activities during the early to mid-Holocene in the eastern Mediterranean basins." *Climate of the Past* 12(9):1847–1877.
- Smets, W, S Moretti, S Denys & S Lebeer. 2016. "Airborne bacteria in the atmosphere: Presence, purpose, and potential." *Atmospheric Environment* 139:214–221.
- Sparrman, A. 1977. *A voyage to the Cape of Good Hope, towards the Antarctic polar circle, round the world and to the country of the Hottentots and the caffres from the year 1772–1776*. Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging.

**JOHANN TEMPELHOFF**

Noordwes-Universiteit

Johann.Tempelhoff@nwu.ac.za

## **Die afbreek van woorde aan reëleindes**

Afrikaans, en spesifiek Standaardafrikaans, het tot die volwaardige kultuur- of wetenskapstaal wat ons vandag ken en gebruik, ontwikkel (a) omdat die spelling en skryfwyse daarvan doelbewus gestandaardiseer is en (b) veral omdat die Afrikaanssprekende gemeenskap aktief deelgeneem het aan die uitbouing en ontwikkeling van die taal en dit gebruik het.

In die huidige politieke en maatskaplike klimaat is dit opnuut van kardinale belang dat ons ons taal op alle vlakke gebruik, dit behoorlik gebruik en die gevestigde norme daarvan handhaaf. Wat (a) hier bo betrek, het die Akademie 'n deurslaggewende rol gespeel deur middel van sy Taalkommissie en die publikasie van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (*AWS*). Daarom wil ek hierdie jaar in die Taalrubriek opsommenderwys en slegs in breë trekke party van die *AWS* se reëls behandel.

As 'n mens skryf, is dit soms nodig of gerieflik om 'nwoord wat nie volledig aan die einde van 'n reël inpas nie, af te breek. Dit gebeur veral as 'n mens met die hand skryf, of as teks wat op watter manier ook al geset en gedruk word, regtig "geblok" of gejusteer word. Nie alle rekenaarprogramme kan egter woorde korrek volgens die Afrikaanse stelsel afbreek nie; daarom sien mens soms in die media die vreemdste afbrekings.

Van die belangrikste afbreekreëls is die volgende:

1. Afrikaans breek by voorkeur volgens betekenisvolle dele af (hier onder verteenwoordig die koppelteken 'n afbreekpunt). Daarom breek ons *biochemie* af as *bio-chemie*, en **nie** byvoorbeeld *bi-ochemie* of *bioch-emie* nie, en *verstewig* as *ver-stewig* en **nie** *vers-tewig* nie.
2. 'n Tweede belangrike reël is dat ons volgens lettergrepe afbreek. Daarom kan *vriendin* as *vrien-din* afgebreek word, en *kluisenaar* op een van twee plekke: *klui-se-naar*.

### **MAAR:**

3. Afbreking volgens betekenisvolle dele geld slegs indien die betekenisvolle dele met die lettergrepe ooreenstem. Daarom breek ons *vriendin* nie af as *vriend-in* nie; laasgenoemde is wel volgens betekenisvolle dele, maar dit stem nie met die lettergrepe ooreen nie. Insogelyks word *handeling* **nie** as *handel-ing* afgebreek nie, maar as *han-de-ling*, omdat laasgenoemde met die lettergrepe ooreenstem.
4. Voorts moet 'n mens probeer om altyd herkenbaarheid te handhaaf, dit wil sê jy moet probeer om die leser nie te laat struikel nie. Daarom moet *herenig* liefs as *her-enig* afgebreek word, en nie as *here-nig* nie, en *bedeling* as *be-deling* en nie *bede-ling* nie.

Bostaande is waarskynlik die afbreekreëls wat die meeste gebruik word, maar ek noem baie kortlik drie ander:

5. Indien 'n vokaalletter (*a, e, i, o, u*) wat nie deel van 'n diftong ofte wel 'n tweeklank uitmaak nie, direk voor of ná 'n diftong staan, word tussen die twee afgebreek, byvoorbeeld *geys* word *ge-ys* en *skouer* word *skou-er*. (Ek het al teëgekom dat skooljuffrouens die kinders leer dat iets soos *-aa-* of *-oo-* 'n tweeklank is, wat natuurlik nie korrek is nie.)

6. Ongeag die uitspraak word altyd tussen 'n *-n-* en 'n *-g-* afgebreek, byvoorbeeld *angel*→*angel*; *angora*→*an-gora*; *anglisisme*→*an-glismē*; *wangedrag*→*wan-gedrag*. Vanselfsprekend geld hierdie reël nie as die *-ng-* aan die einde van die eerste lid van 'n samestelling voorkom nie, byvoorbeeld *slangbyt* of *wangspiere* word *slang-byt* en *wang-spiere*, **nie** *slan-gbyt* of *wan-gspiere* nie!
7. Wanneer 'n *-s-* en 'n *-j-* langs mekaar staan, word tussen die twee afgebreek indien hulle as twee verskillende klanke uitgespreek word, byvoorbeeld *asjas*→*as-jas*; *morsjors*→*mors-jors*. As die twee egter as een klank uitgespreek word, word die twee nie geskei nie, byvoorbeeld *mansjet*→*man-sjet*; *bolsjewiek*→*bol-sjewiek*; *hasjisjpyyp*→*ha-sjisj-pyp*. Terloops, laasgenoemde reël verklaar waarom *brosjure* afgebreek word as *bro-sju-re* en **nie** *bros-ju-re* nie, wat die verkeerde uitspraak sou verteenwoordig.

Hierdie en die ander afbreekreeëls word deeglik met duidelike voorbeeldteks bespreek in hoofstuk 1 van die Spelreëls in die *AWS*. Gebruikers word aangemoedig om dié Akademiepublikasie, waarvan die nuutste (11de) uitgawe ook aanlyn beskikbaar is, te gebruik.

Ek herhaal ook graag die uitnodiging dat lezers vrae oor praktiese gebruikswessies kan instuur, wat ek dan in 'n rubriek sal probeer behandel.

**JD (Tom) McLACHLAN**  
tommcl@whalemail.co.za

## *Uitnodiging*

---

# **Huldigingsbundels: Afrikaanse skrywers/digters/dramaturge**

Verskeie letterkundiges het reeds gereageer op die vorige oproep in die TGW (Desember 2016) om voorstelle vir temas vir bogenoemde huldigingsbundels in die boekeprojek van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in te dien.

Die volgende temas met redakteurs is geïdentifiseer:

Adam Small (Jacques van der Elst)  
 Elsa Joubert (Thys Human en Phil van Schalkwyk)  
 Breyten Breytenbach (Francis Galloway)  
 PG du Plessis (Heilna du Plooy)  
 Johann de Lange (Daniel Hugo)  
 Pieter Fourie (Fanie Olivier)  
 Reza de Wet (Temple Hauptfleisch en Marisa Keuris)

Die eerste publikasie in die reeks onder die titel *Adam Small – Denker Digter Dramaturg* het einde November 2017 by Protea Boekhuis verskyn. Protea sal ook die ander publikasies in die reeks uitgee. Daar word toegespits op Hertzogpryswenners, maar name van ander bekroonde skrywers kan ook voorgelê word.

Die gasredakteur sal 'n honorarium ontvang en ook 'n begrotingsbedrag om navorsing vir 'n betrokke publikasie te onderneem. Skrywers sal vir gekeurde bydraes vergoed word, maar moet die publikasieregte vir die gekeurde bydrae aan die SA Akademie oordra. Hiermee word dan 'n vriendelike uitnodiging gerig aan belangstellendes om moontlike skrywers / digters / dramaturge wat gehuldig behoort te word aan die keurkomitee voor te lê. Voorstelle vir 'n gasredakteur vir 'n betrokke publikasie word ook ingewag.

Dit gaan hier om 'n langtermynprojek wat stelselmatig afgehandel sal word na gelang redakteurs daarin slaag om 'n manuskrip te voltooi.

Nadere besonderhede rakende die huldigingsreeks kan verkry word van die sameroeper van die Spesialiskomitee, Jacques van der Elst ([jvde@absamail.co.za](mailto:jvde@absamail.co.za) of skakel 0828807636).

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

E-pos: [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za)

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronike en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien slegs per pos, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkanlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:
  1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

**1.1 Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

*1.1.1 Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

*Figuur 3: Sistemiese interafshanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhaling wat langer as **drie** reëls is, word gevindanteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeld.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

**Internetbron:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betrek subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000 words**.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:
  1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.
  - 1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.
  - 1.1.1 **Sub-headings** are in italics. Leave a space between the heading and the text.Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

## Table headings:

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

## Captions of figures:

**Figure 3:** Systemic interdependence.

## Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

## Examples:

**Book:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

## Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

## OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

## References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**Copyright:** Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

## Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.











# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook dielewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belang van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikhed, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is  
now indexed  
in Scopus

refine your research  
**SCOPUS™**

Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Engelenburghuis: Gister en vandag